

# DIE ANTIEKE RUIMTEVAARDER-TEORIE

## - 'n Godsdienswetenskaplike studie -

DEUR

GERHARDUS STEFANUS DE BRUIN

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE ANTIEKE RUIMTEVAARDER-TEORIE

## - 'n Godsdienswetenskaplike studie -

DEUR

**GERHARDUS STEFANUS DE BRUIN**

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

**PHILOSOPHIAE DOCTOR (PhD)**

*In die Fakulteit Teologie*

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PRETORIA**

PROMOTOR: PROF P.J. VAN DER MERWE

NOVEMBER 2000

© University of Pretoria

# INHOUDSOPGAWE

**VOORWOORD** .......... 7

**INLEIDING**

Agtergrond van die studie .......... 9

Termopheldering .......... 10

Probleemstelling .......... 12

Metodologiese oorwegings .......... 13

Doelstellings en werkswyse .......... 17

Slotopmerkings .......... 20

***AFDELING A: 'N LITERATUUROORSIG***

**HOOFSTUK 1.1**

**Sleutelkonsepte in die Antieke ruimtevaarder-teorie** .......... 22

1.1.1 Die Antieke ruimtevaarder-teorie as verklaringsmodel .......... 23

1.1.1.1 Die oorsprong van die Aarde as bewoonbare planeet .......... 27

1.1.1.2 Die herkoms van lewe op aarde .......... 30

1.1.1.3 Die ontstaan van Homo sapiens as rasionaliteit op aarde .......... 32

1.1.1.4 Die ontwikkeling van tegnologie op aarde .......... 38

1.1.1.5 Die oorsprong van godsdiens .......... 40

(a) Die oorsprong van godsdienstige oorleweringe en mitologieë .......... 43

(b) Die ware identiteit van "geestelike wesens" .......... 45

(i) Die "engele" .......... 45

(ii) Die "gode" .......... 46

EKSKURS: Die bestaan van God as "Opperwese" .......... 49

(c) Die oorsprong van sentrale godsdienstige dogmas .......... 50

**HOOFSTUK 1.2**

**Substansiëring van die Antieke ruimtevaarder-teorie** ... 55
1.2.1 Die Ongeïdentifiseerde Vlieënde Voorwerp -fenomeen ... 56
1.2.2 "Omstandigheidsgetuienis" ... 58
1.2.3 Argeologiese getuienis en "fisiese oorblyfsels" op aarde ... 60
1.2.4 "Biologiese" argumente ... 63
1.2.5 Nuwere wetenskaplike navorsing ... 65
1.2.5.1 Lewe in die heelal ... 65
1.2.5.2 Buite-aardse intelligensie ... 66
1.2.5.3 Die "geestelike wêreld" in die lig van die moderne Fisika ... 67
1.2.5.4 Ruimtereise deur die kosmos ... 69
1.2.6 Antieke mites en godsdienstige oorleweringe ... 70
1.2.6.1 Die Bybel as bron in die Antieke ruimtevaarder-teorie ... 72
(a) Die Oergeskiedenis van Genesis ... 75
(b) Ander Bybelgedeeltes wat die Ruimtevaarderteorie onderbou ... 85
(i) "Ruimtewesens" in die Bybel ... 85
(ii) Vlieënde voorwerpe in die Bybel ... 86
(iii) Ander tekste ... 88

**HOOFSTUK 1.3**

**Kritiek teen die Antieke ruimtevaarder-teorie** ... 91
1.3.1 Algemene beoordeling uit wetenskaplike perspektief ... 93
1.3.1.1 Omstandigheidsgetuienis ... 97
1.3.1.2 Fisiese oorblyfsels en argeologiese getuienis ... 100
1.3.1.3 Die ontstaan van lewe en intelligensie op aarde ... 104
1.3.1.4 Die bestaan van buite-aardse lewe en intelligensie ... 108
(a) Bewoonbare planete in die heelal ... 109
(b) Lewe elders in die heelal ... 110
(c) Rasionele lewe elders in die heelal ... 112
(d) Ruimtereise deur die kosmos en OVV's ... 116
1.3.2 Kritiek uit Godsdienstige en Teologiese perspektief ... 123

1.3.2.1 Godsdienstige evaluerings ........ 123
1.3.2.2 Skrifgebruik in die Ruimtevaarderteorie ........ 126
1.3.2.3 Die Ruimtevaarderteorie as godsdiens-ontologiese verklaringsmodel ........ 129
1.3.3 Teologiese evaluerings ........ 136

**SAMEVATTING EN KONKLUSIE: AFDELING A** ........ 137

***AFDELING B: 'N GODSDIENSFENOMENOLOGIESE ONTLEDING***

**HOOFSTUK 2.1**

**Diakroniese oorsig en kontekstualisering** ........ 143
2.1.1 Fases in die ontwikkeling van die Antieke ruimtevaarder-beweging ........ 143
2.1.1.1 Oudste spore ........ 144
2.1.1.2 Die vroeë Teosofiste (laat-negentiende eeu) ........ 144
2.1.1.3 Die "wetenskapsfiksie"-tydperk (1910-1947) ........ 145
2.1.1.4 Die "Vlieënde-piering"-fase (1947-1966) ........ 146
2.1.1.5 Die "hoogbloei" (1966-1979) ........ 148
2.1.1.6 Die New Age-fase (1979-2000) ........ 151
2.1.2 Moderne Antieke Ruimtevaarder-studiegroepe ........ 153
2.1.2.1 Die "Ancient Astronaut Society" ........ 153
2.1.2.2 "Archaeology, Astronautics & SETI Research Association" ........ 154
2.1.2.3 Die "Watcher"-groep ........ 155

**HOOFSTUK 2.2**

**Faktore instrumenteel tot die geboorte van die Ruimtevaarderbeweging** ........ 157
2.2.1 Sekularisme en die opkoms van die wetenskap en tegnologie ........ 158
(a) Sekularisme en modernisme ........ 158
(b) Die opkoms van die natuurwetenskap en die tegnologie ........ 159
2.2.2 Postmodernisme en die New Age-beweging ........ 161
(a) Postmodernisme ........ 161
(b) Die New Age-beweging ........ 162

**HOOFSTUK 2.3**

**Verklarings vir die aanhang van die Antieke ruimtevaarder-teorie** ..... 167
2.3.1 Supernaturalistiese verklarings ..... 168
2.3.2 Naturalistiese verklarings ..... 171
2.3.2.1 Psigologiese verklarings ..... 171
2.3.2.2 Sosiologiese verklarings ..... 176

**HOOFSTUK 2.4**

**Die Antieke Ruimtevaarder-teorie as godsdienstige uitdrukkingsvorm** ..... 184
2.4.1 Die Antieke ruimtevaarder-teorie as moderne kulte ..... 187
2.4.2 Die Antieke ruimtevaarder-teorie as nieu-mitologie ..... 190

**SAMEVATTING EN KONKLUSIE: AFDELING B** ..... 198

***AFDELING C: TEOLOGIESE REFLEKSIE***

**HOOFSTUK 3.1**

**Die betekenis van die Ruimtevaarderteorie Christelik-teologies beoordeel** ..... 205
3.1.1 Kreatiewe herinterpretasie ..... 205
3.1.2 'n "Teologie van die natuur" ..... 209
3.1.3 Die herlewing van die mite ..... 213
3.1.4 Die Antieke ruimtevaarder-teorie en die Christelike kerk ..... 215
3.1.5 Slotgedagtes ..... 218

**BIBLIOGRAFIE** ..... 221
Bronne op die Internet ..... 233
Bybelaanhalings ..... 234

**OPSOMMING/SUMMARY** ..... 235

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

The UFO controversy is a microcosm of the universe of ideas that forms our basic concepts of science, religion, politics, and law. Extraterrestrial speculation touches virtually every subject area that man tends to think deeply about. The very idea of Space Gods and UFOs capable of influencing or even *controlling* human society is much more even than an age-old archetype of the human psyche; it serves as the most perfect common denominator of all time, allowing modern interpretations for old-time religion.

(Ronald Story 1980: 151).

# VOORWOORD

Lugvaart en ruimteprojekte het my van kleins af gefassineer. Hierdie belangstelling het later uitgeloop op 'n informele studie van die astronomie en moderne kosmologie - wat oënskynlik nie veel in gemeen gehad het met my vakgebied, naamlik die van die Bybelwetenskappe en die teologie nie. Ek was daarom besonder verbaas toe ek op 'n stadium afgekom het op 'n teorie wat hierdie twee uiteenlopende studievelde op verrassende wyse bymekaar uitgebring het. Ek kon ook nie die versoeking weerstaan om dit juis die tema van 'n doktorale navorsingsprojek te maak nie.

Hoewel die tema van my voorgenome studie oor antieke ruimtevaarders op die oor af baie kontensieus moes geklink het, het my studieleier, prof P.J. van der Merwe, voortydig die meriete van 'n godsdienswetenskaplike ondersoek daarvan ingesien en voor die fakulteitsraad verdedig. Ek erken dan ook met groot dank sy bystand en bekwame leiding tydens die studietydperk.

Een van die grootste aanvanklike uitdagings vir 'n studie van hierdie aard, was om inligting en literatuur oor die onderwerp te bekom. Ek was so bevoorreg om met 'n aantal kenners en aanhangers van die teorie kennis te maak wat my baie behulpsaam was met my aanvanklike navorsing:

- Oom Wallie van der Walt van Kubuta in Swaziland is in Desember 1998 op 96 jarige leeftyd oorlede. Hy het die Antieke ruimtevaarder-teorie reeds sedert die vroeë vyftigers bestudeer en talle boeke oor die onderwerp versamel, wat hy voor sy dood ook aan my geskenk het. Hy was 'n besondere mens en ek is dankbaar dat ek hom vir 'n kort tydjie van sy lewe kon ken.

- Ook oom Kobus en tannie Joan van der Berg van Witrivier was so vriendelik om heelwat van hul boeke oor die teorie aan my te leen vir navorsingsdoeleindes.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- In Tuks se biblioteek het die dominee se soeke na "snaakse" boeke en onderwerpe heelwat kopsere vir personeel veroorsaak wat van heinde en verre interbiblioteeklenings moes bewerkstellig. Ek erken met groot dank die hulp van me Thea Heckroodt, Jacqueline Theunissen en Elsa Gouws.

Die Universiteit van Pretoria se finansiële ondersteuning met 'n meriete beurs word hiermee met dank erken asook die hulp van me Elna van der Walt in dié verband.

Op persoonlike vlak moet ek die volgende persone bedank:

- My vrou, Bridget, en my kinders Romy en Jady, wat lang ure sonder man en pappa moes klaarkom.
- My pa, Jannie de Bruin, wat my van kleins af gestimuleer met sy eie belangstelling in die ruimte. My ouers het my ook van jongs af aangemoedig en gehelp om te studeer.
- Rudolph Malherbe vir sy aansporing om hierdie studie te onderneem.
- My vriend André du Toit vir vele stimulerende gesprekke, proefleeswerk en kommentaar.
- My kollegas ds Eduard Engelbrecht en dr Johann Beukes vir proefleeswerk en teologiese aanbevelings.
- Die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika en my gemeente te Secunda wat altyd verdere studie van sy leraars aanmoedig en geondersteun het.
- Die Hemelse Vader vir al die sterre wat Hy gemaak het en ook vir die voorreg om op 'n stadium deel van die geskiedenis te kon wees wat ons iets daarvan kon begin begryp.

Nols de Bruin
November 2000

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INLEIDING

Toe die mense baie begin word het op die aarde en daar vir hulle dogters gebore is, het die hemelwesens gesien die dogters van die mense is mooi ...en die hemelwesens het na die dogters van die mense toe gekom en kinders by hulle gehad...

(Gen 6:1-4).

In prehistoric and early historic times the Earth was visited by unknown beings from the Cosmos. These beings created human intelligence by a deliberate genetic mutation. The extra-terrestrials ennobled hominids `in their own image'. These visits to Earth... were recorded and handed down in religions, mythologies and popular legends. In some places the extra-terrestrials also deposited physical signs of their presence on Earth.

Erich von Däniken (1977: i).

## AGTERGROND VAN DIE STUDIE

Ek is in 1994 die eerste keer met die teorie gekonfronteer dat "hemelwesens" (ekstra-terrestriële besoekers) die Aarde in Bybelse tye besoek het. Sy blootstelling aan hierdie interpretasie het by 'n gemeentelid baie verwarring geskep en sy gevestigde godsdienstige opvattinge in die fondament geskud. Hy het nogtans gevoel dat dié denkwyse vir hom soveel "teologiese vraagstukke" opklaar, dat hy dit as sy nuwe "geloof" aangeneem en begin verkondig het.

Kort later het ek op 'n nasionale radiosender geluister na 'n geselsprogram waarin dieselfde hipotese toevallig bespreek is. Uit die reaksie van talle luisteraars wat telefonies ingeskakel het, het dit gou duidelik geword dat dit nie alleen baie groter aanhang geniet as wat ek aanvanklik vermoed het nie, maar dat die teorie oënskynlik

ook baie aanklank gevind het. Ek was nie alleen verbaas oor die kreatiewe wyse waarop Bybelse tekste geinterpreteer is nie, maar moes selfs toegee dat die verklaring in eietydse konteks heelwat sin maak.

Die boek van 'n plaaslike outeur was in dié tyd pas gepubliseer en in plaaslike boekwinkels beskikbaar[1]. As uitgesproke aanhanger en verkondiger van die ruimtebesoeker-geloof, het hy 'n goeie oorsig daaroor gebied.

Uit my belangstelling in en agtergrondskennis van die astronomie en moderne kosmologie, was dit my aanvoeling dat die basiese postulate van die ruimtebesoeker-hipotese, hoewel baie kontensieus, nie *per se* absurd is nie[2]. Ek het enersyds gewonder of dit in wetenskaplike kringe enige aanklank kon vind. Dit was ook duidelik dat dié denkwyse vir die Christelike kerk en die Bybelse teologie 'n bepaalde bedreiging inhou. Ek het andersyds gewonder wat die moontlike impak daarvan op tradisionele godsdienstige oortuigings kan wees.

### TERMOPHELDERING

Teorieë wat "ekstra-terrestriële verklarings" aanbied vir kosmologiese vraagstukke en dit dikwels met 'n "tegnologiese interpretasie" van Bybelse tekste begrond, word vir meer as 'n eeu reeds gepropageer. Dit het in die omloop bekend geword as die "Ancient Astronaut Theory" – 'n benaming wat in werklikheid 'n sambreelterm is om 'n *plethora* van denkwyses rondom die tema te beskryf. Die unifiserende postulaat is dat ekstra-terrestriële wesens op die een of ander wyse betrokke was by die antieke geskiedenis van die aarde. Moderne eksponente van die teorie verkies om na hul navorsing te

---

[1] Kyk Filotto (1995).

[2] Gideon Joubert handel oor die nuutste denke in die kosmologie en toon aan dat moderne wetenskaplikes die bestaan van intelligente lewe elders baie ernstig opneem (1997: 28, 29, 251). Barbour (1990: 147) bied uit teologiese perspektief 'n oorsig oor die onderwerp en kom tot dieselfde bevinding.

verwys as "Paleo-SETI[3] research". In navolging van die meer gangbare aanduiding, word die ietwat letterlike vertaling "Antieke ruimtevaarder-teorie" vir die doeleindes van hierdie studie gebruik.

Die Antieke ruimtevaarder-teorie bied 'n "moderne" en 'n "wetenskaplike rekonstruksie" van die wêreld en die mensdom se oergeskiedenis. Advokate van die teorie wend 'n kombinasie van historiese bewysgronde aan wat op antieke ekstra-terrestriële kontak sou dui. Die teorie sny oor 'n groot aantal wetenskaplike studieterreine heen en benut ook die insigte van hierdie dissiplines. Die resultate van die argeologie en antieke godsdienstige tekste (soos die Bybel) word beskou as van die belangrikste bronne wat die teorie ondersteun.

Afgesien van 'n interesse in die Bybel as "historiese bron", het die Antieke ruimtevaarder-teorie definitiewe religieuse dimensies. Dit bied 'n model wat vir die moderne en wetenskaplik-georiënteerde mens "nuwe antwoorde" en 'n "ruimte-eeuse verklaring" wil bied op oeroue eksistensiële- en religieuse vraagstukke: Wat tipies in literatuur oor die onderwerp aangespreek word is sake soos die **wese** en die **herkoms van die mens**, sy **doel en plek** op aarde en ook sy **toekoms**. Hierdie vraagstukke (tradisioneel die eksklusiewe domein van die godsdiens) kan volgens advokate van die teorie nie meer "geloofwaardig" deur gevestigde godsdienste verklaar word nie[4]. 'n Ingewikkelde en omvattende verklaringsmodel word daarom rondom die teorie geweef wat Story (1980: 127) 'n "Exo-teologie" noem. Bullard (1996: 31) toon aan dat hierdie "teologie" so daadwerklik gepropageer is dat dit die "Antieke Ruimtevaarder-**beweging**" genoem kan word.

---

[3] SETI = "Search for Extra-Terrestrial Intelligence".

[4] Erich von Däniken soos aangehaal deur Annable (1997: 627).

**PROBLEEMSTELLING**

Naas talle werke van advokate van die teorie (wat oor soveel as 120 jaar gepubliseer is), is dit die afgelope dekades ook deur verskeie outeurs krities geopponeer. Daar is tans in wetenskaplike- en populêr-wetenskaplike kringe (veral op die Internet) 'n lewendige debat aan die gang oor postulate van die teorie.

Die naam "Antieke ruimtevaarder-**teorie**" is 'n aanduiding dat die propageerders daarvan dit aanbied vanuit die krities-rasionalistiese (natuurwetenskaplike) kenteorie[5]. Dit sou aanvaar moes word dat dit in 'n model wat op "hipotetiese vlak" funksioneer, nie *per se* om die waar/vals vraag gaan nie. Daar kan in 'n debat hoogstens sprake wees van die "bruikbaarheid" van 'n bepaalde hipotese om waargenome data te verklaar[6]. Dit word in eietydse konteks as positivisties en selfs onrealisties beskou om te verwag dat enige wetenskaplike model objektiewe antwoorde sou kon oplewer oor vraagstukke so wesenlik en kompleks as dié wat deur die Ruimtevaarderteorie aangeroer word[7].

Uit 'n literatuurstudie blyk dit egter dat die debat oor die teorie binne en buite wetenskaplike kringe, primer handel oor die (per definisie ongeldige) waar/vals vraag. Advokate van die teorie verdedig dit met byna religieuse fanatisme terwyl kritici (byna uitsluitlik vanuit natuurwetenskaplike- en argeologiese kringe) op hiperkritiese wyse dit summier van die tafel vee. Die debat getuig nie van veel wetenskaplike integriteit nie en word wedersyds met swak en emosioneel-belaaide argumente gesubstansieër (kyk 1.3).

Stanton (1997: 11) dui aan dat wetenskaplikes dikwels "onregverdig skepties" teenoor "sensasionele teorieë" staan en die godsdiensfenomenoloog dr Chrissie Steyn (1994: 303) waarsku dat sodanige teorieë nie getakseer moet word op die "uiterlike

---

[5] Von Däniken stel: "I am submitting hypotheses... Hypotheses are preliminary drafts of a theory *per definitionem*" (1977: 288).

[6] Kyk Alberts (1996: 18), Kruger (1982: 13) en Ferguson (1991: 17).

[7] Kyk Alberts (1996: 71, 21).

baadjie" daarvan nie. Baie belangrike aspekte wat dieper en aan die kern daarvan geleë is, word dan maklik misgekyk. Die resultaat van die debat oor die Ruimtevaarderteorie is dat tot dusver min pogings aangewend is om hierdie "dieper" (funksionele en geestelike) ondertone te eksploreer en die beweegredes daaragter te probeer begryp.

Dit is hierdie studie se uitgangspunt dat 'n belangrike bydrae gelewer kan word tot die verstaan van die Antieke ruimtevaarder-teorie deur 'n **godsdienswetenskaplike invalshoek**. Soos Von Däniken dit saamvat, word die teorie essensieel op oorleweringe van "religions, mythologies and popular legends" gebaseer. Die teorie het dus van meet af aan 'n bemoeienis met die godsdiens en sy bronne. Dit bied selfs 'n godsdiens-ontologiese verklaring vir die ontstaan van godsdiens as sodanig. Dit kan met goeie gronde vermoed word dat die teorie 'n **nieu-religieuse faktor** verteenwoordig in moderne Westerlinge se verstaan van hulself, hul wêreld en hul toekoms.

Dit blyk dat 'n studie van die Ruimtevaarderteorie uit godsdienswetenskaplike perspektief tot dusver nie alleen uitgebly het nie, maar om verskeie redes noodsaaklik geword het. Sonder die bydrae van die godsdienswetenskap, die teologie en die Bybelwetenskappe kan enige evaluering van hierdie hipotese nie op volledigheid aanspraak maak nie. Sonder 'n in-diepte blik op die teorie as "religieuse beweging" kan die belang, aard en moontlike invloed daarvan ook nie bepaal word nie.

## METODOLOGIESE OORWEGINGS

'n Metodologiese raamwerk waarbinne die Antieke ruimtevaarder-teorie bestudeer kan word, lewer eiesoortige probleme op: In die teorie het ons te make met 'n model waarin die breë grense tussen natuurwetenskap en geesteswetenskap nie alleen baie vaag is nie, maar (in postmoderne gees) ook grootliks vervloei:

Advokate van die teorie bied dit aan as 'n natuurwetenskaplike hipotese. Kosmologiese vraagstukke soos die oorsprong van die aarde, die biologiese herkoms van lewe en die ontstaan van Homo sapiens het in resente tye aktuele

natuurwetenskaplike kwessies geword. Dit is egter nie alleen tradisioneel die terrein van die godsdiens en die teologie nie, maar selfs fundamenteel so[8]. Die Antieke ruimtevaarder-teorie handel oor 'n primêre wêreldbeskouing en het soos alle wêreldbeskouinge die vertrekpunt in aprioriese aannames wat niks anders as 'n vorm van "geloof" verteenwoordig nie (vgl Alberts 1996:10 en De Vos 1975: 30). Dit plaas die hele Ruimtevaarderhipotese, ook die "natuurwetenskaplike" aansprake wat dit maak, eintlik binne die kader van die geesteswetenskap.

Waar die Ruimtevaarderteorie funksioneer as verklaringsmodel vir die ontstaan van godsdiens en religieusiteit, asook vir die herkoms van bepaalde universele godsdienstige dogmas en mitologieë, staan dit vierkantig op die terrein van die godsdienswetenskap (spesifiek die godsdiensfilosofie). Terwyl die teorie dan gereeld as't ware op die gebied van die Godsdienswetenskap "oortree", sou dit betwyfel kon word of natuurwetenskaplike metodes van ondersoek vir die evaluering daarvan voldoende is.

Dit bring ons by die metodologie vir 'n studie van hierdie aard:

Kruger (1982: 5) stel in sy boek *Studying religion* dat daar lank in godsdienswetenskaplike kringe onenigheid was oor 'n metodologiese verwysingsraamwerk waarbinne die wetenskap beoefen kon word. Daar was veral verwarring oor die verhouding teologie en godsdienswetenskap. In resente tye is daar konsensus bereik oor die terrein en invalshoek van die godsdienswetenskap teenoor dié van die teologie:

Die godsdienswetenskap wil godsdienstige verskynsels bestudeer, begryp en waardeer as **verskynsels opsigself** en **binne die eie konteks** daarvan. Dit gaan dus vir die godsdienswetenskap nie om 'n evaluering vanuit enige spesifieke verwysingsraamwerk nie want: "Each religious tradition may be seen as a dynamic whole in itself, and the patterns of interaction between... each and its environment,

---

[8] Vergelyk Barbour (1990).

should not be overlooked" (Kruger 1998: 3). Die godsdienswetenskaplike probeer 'n "onbetrokke waarnemer" bly, terwyl die teoloog eksistensieel betrokke is by die geloofstradisie waarmee hy besig is (Van der Merwe 1995: 114). Kruger sê: "Practitioners of this discipline usually distinguish its method from that of theology, in that they take theology to be a normative discipline, deliberately advocating true religion, whereas science of religion describes, understands and explains religious phenomena" (1982: 8).

Een van die vaders van die moderne godsdienswetenskap, Arnold von Gennep, het geglo dat godsdienstige sisteme "**lewend**" is en nie alleen met geskiedenis te make het nie. Die volgende uitlating wat hy gemaak het, was profeties: "There are, at this very moment, religions springing up and religious systems being born... we have to notice their development... we have to observe all the details of their environments with a tireless and sympathetic curiosity..." (aangehaal deur Waardenburg 1973: 300). Von Gennep het geglo dat nuwe godsdienstige tendense tydig geïdentifiseer en volgens 'n daadwerklike metode bestudeer moes word wat 'n navorser sou toelaat om 'n greep daarop as "lewende sisteem" te verkry. Hy stel die **Fenomenologiese metode** voor as die mees paslike een vir sodanige navorsing:

Die Fenomenologiese metode kom **enersyds** voort uit die **Fenomenologiese beweging** en die filosofie van Edmund Husserl (1859 - 1938). Die godsdienswetenskaplike Nathan Söderblom was die eerste persoon wat die beginsels van die Fenomenologie vir die godsdienswetenskap verdiskonteer het. Hy het geglo die godsdienswetenskap verteenwoordig 'n poging wat wil deurdring na die kern of essensie van "**die saak self**" en wat nie alleen wil fokus op hoe 'n (godsdienstige) verskynsel manifesteer nie. Sedert die sestiger jare het die dissipline van die **godsdiensfenomenologie** sterk ontwikkel. Hierdie term gaan terug na die godsdienswetenskaplike PD Chantepie de la Saussaye (1818 – 1874) en die dissipline bekleë tans 'n sleutelposisie binne die raamwerk van godsdienswetenskap (vgl Perkins 1982: 63).

Die Fenomenologiese metode kom **andersyds** voort uit die filosofie van die **Hermeneutiek**. Söderblom het 'n hele nuwe rigting ingeslaan deur die "hermeneutiese beginsel" in te voer waarvolgens die wetenskaplike moes poog om "empaties" met 'n fenomeen om te gaan. Die metode wil die navorser help om te "**hoor**" en te "**begryp**" wat gesê word in 'n wêreld waarin hy eintlik 'n vreemdeling is. Die Fenomenologiese metode is ontwikkel uit 'n anti-positivistiese kenteorie. Dit gaan nie om 'n soeke na objektiewe waarhede nie, maar om **hoe** en **waarom** mense dit waarin hulle glo as waarhede **beleef** - hoe mense hul eie wêreld **sien** en **ervaar**. Om dit te kan peil moet 'n onderwerp **binne die konteks** waaruit dit gebore is, verstaan word. Dit vra van die navorser 'n ingesteldheid waarbinne hy sy eie waardes "in hakies plaas" en probeer kontak bewerkstellig met die bron van menslike belewenis self. As verstaanspoging kies dit die weg van "eksistensiële betrokkenheid" by die studieobjek. Daar is sprake van "insider" en "outsider" verstaan. Die godsdiensfenomenoloog sal as "outsider" poog om die fenomeen te verstaan soos wat 'n "insider" dit sou doen (Perkins 1982: 71; Kruger 1982: 17, 20; Steyn 1994: 14).

Prakties gaan die fenomenologiese werkswyse (wanneer aangewend vir die bestudering van godsdienstige verskynsels) gewoonlik beide **logies-sistematiserend** en **histories-deskriptief** te werk: Essensiële boustene van 'n godsdienstige verskynsel word geïdentifiseer, geklassifiseer en saamgegroepeer onder gesamentlike noemers. Dit word dan in 'n groter sistematiese raamwerk geplaas waarbinne gegewens teen die historiese konteks waaruit dit voortgekom het en funksioneer, geinterpreteer en beskryf kan word. Die godsdiensfenomenologie plaas "**verstaan**" voor "**verklaar**" synde die godsdienswetenskaplike alleen deur te verstaan tot enige verklaring kan kom (Van der Merwe. sa. a: 3, 11).

Godsdiensfenomenologie bestudeer godsdiens ook as 'n skakel in 'n groter funksie-netwerk. Die "**funksionele**" bestudering van godsdiens beklemtoon dat dit belangrik is om vas te stel wat die "**funksie**" (die onderliggende betekenis), van godsdienstige verskynsels is. Die fenomenologie is daarom geneë om die insigte van hulpdissiplines soos die filosofie, sosiologie en psigologie in te roep vir die verstaan van godsdienstige

verskynsels. In die godsdienswetenskap het onderskeibare dissiplines te wete die **godsdiensfilosofie, godsdienssosiologie** en **godsdienspsigologie** dan ook ontwikkel en belangrike bydraes gelewer om die funksionele struktuur van godsdienstige verskynsels te begryp.

Die voordele van die fenomenologiese benadering is dat dit anti-positivisties is. Godsdienste word gesien **soos wat hulle is** sonder dat uitsprake gemaak word oor die **waarde** en **waarheid** daarvan. Die studieobjek word ook **multidimensioneel** en **multidissiplinêr** bestudeer wat die gevaar van reduksionisme (wesenlik aan die sistematiese karakter van die metode) beperk. Sommige geleerdes het dit teen die logies-sistematiserende aard van die godsdiensfenomenologiese werkswyse. Dit is wel so dat alle sistematisering 'n mate van dekontekstualisering en veralgemening meebring. Niemand sou sistematiek egter 'n plek in die wetenskap ontsê nie en daarom word dit aanvaar as 'n swakheid eie aan die fenomenologiese metode. Die gevaar word egter op sy beurt beperk deur gesistematiseerde gegewens altyd binne die historiese konteks daarvan te interpreteer.

## DOELSTELLINGS EN WERKSWYSE

Die studie word met **drie basiese doelwitte** onderneem:

**Eerstens**: Om as godsdiensfenomenologiese studie tot 'n "**innerlike verstaan**" van die Ruimtevaarderteorie te kom (dus soos wat aanhangers en eksponente daarvan dit self sou sien en verduidelik).

**Tweedens:** Om te begryp hoe die teorie "**funksioneer**" (dus die onderliggende betekenis wat dit vir aanhangers inhou) en om 'n antwoord te kry op die vraag waarom dit sodanige betekenis het (dus wat die onbevredigde behoeftes en onderliggende

vraagstukke is wat vir mense deur die teorie aangespreek word[9]).

**Derdens:** Om insigte en gevolgtrekkings van die fenomenologiese ondersoek ook **teologies te verdiskonteer** (dus in terme van 'n Christelik-teologiese waardestelsel en verwagtinge te beoordeel en nuttig te maak).

Elkeen van hierdie doelwitte word in 'n **hoof-afdeling** aangespreek:

**Afdeling A** is 'n **Literatuuroorsig** en **eksplorerend** van aard. Die Antieke ruimtevaarder-teorie is primêr 'n literêre verskynsel en 'n studie daarvan verlaat homself uitsluitlik op gepubliseerde werke. Hierdie afdeling bied 'n oorsig oor die **inhoud** van die Antieke ruimtevaarder-teorie (die postulate wat dit onderbou en die begrondings wat dit ondersteun). Die oorsig is **sinkronies** van aard – daar word dus gefokus op die teorie soos wat dit oor 'n lang tydperk ontwikkel is (en sonder om op hierdie stadium te probeer rekening hou met die kontekste waarin dit gebeur het).

Die vraag kom onvermydelik op die tafel of daar 'n kern van waarheid ingebed kan wees in die postulate van die teorie en of dit hoegenaamd bruikbare hipoteses oplewer. Om hierdie rede word in hierdie afdeling nie alleen gekyk na werke van die segsmanne van die teorie nie, maar ook na die **kritiek** wat die hipotese gekry het. Daar word ook kortliks gefokus op die **huidige debat** oor die postulate van die teorie.

**Afdeling B** is **histories-deskriptief** en **hermeneuties** van aard. 'n Poging word aangewend om **die ontwikkeling** van die Antieke ruimtevaarder-teorie as beweging na te speur en dit **diakronies** teen bepaalde historiese kontekste waaruit dit gegroei het te interpreteer. Verskillende faktore wat instrumenteel was aan die geboorte van die beweging word oorweeg en daar word gekyk na pogings om die ontstaan en aanhang van die teorie te verklaar. Daar word laastens gepoog om die teorie binne die raamwerk

---

[9] Vergelyk Steyn (1994: 15) en Van der Merwe (1985: 514).

van die godsdienswetenskap te plaas.

**Afdeling C** is **normatief-evaluerend** en **teologies-reflekterend** van aard. In hierdie slotafdeling word insigte en gevolgtrekkings van die studie op bondige wyse ook **teologies verdiskonteer.** Opmerkings word gemaak oor wat die Christelike tradisie uit die teorie self- en die aanhang daarvan kan leer.

Enkele verdere opmerkings oor die studie is hier nodig:

- Afdeling A verwerk 'n groot hoeveelheid literatuur oor die onderwerp. Daar word ook na aspekte van die teorie gekyk wat nie noodwendig religieuse duiding het nie. Die poging is hier om 'n **geheelbeeld** te bied - beide as noodsaaklike onderbou vir 'n godsdienswetenskaplike ontleding (Afdeling B) en om as verwysingsbron van waarde te wees vir moontlike toekomstige navorsers.

- Hoewel eksponente van die Ruimtevaarderteorie gebruikmaak van literatuur uit 'n verskeidenheid van wêreldgodsdienste, is hierdie studie gegrond in die Christelike tradisie en is dit veral geïnteresseerd in eksponente se gebruik van **Bybelse tekste** en **Christelik-dogmatiese konsepte**.

- Wat literatuur betref waarin die Ruimtevaarderteorie krities geëvalueer word, is die doel alleen om by die **tipiese kritiek** uit te kom wat teenstanders opper. Die teorie funksioneer binne die raamwerk van die natuurwetenskappe en dit is onvermydelik dat 'n godsdiens-navorser hom sal verlaat op gepubliseerde resultate van natuurwetenskaplikes. Die kenteorie van die fenomenologie laat dit nie alleen toe nie, maar moedig ook so 'n werkswyse aan.

- Ter wille van kontroleerbaarheid word die beginsel van sinkronie voor diakronie toegepas. Wanneer gewerk word met 'n saak wat 'n bepaalde ontwikkelingsgeskiedenis deurloop het, word daar normaalweg eers gefokus op

die saak self. Dit word gedoen ten einde tot 'n ongekompromiteerde verstaan van die bepaalde saak te kom[10]. 'n Historiese oorsig oor die Antieke ruimtevaarder-teorie en kontekstuele invloede wat 'n rol gespeel het daarin (die diakroniese beskouing) word om dié rede eers in Afdeling B ter sprake gebring.

## SLOTOPMERKINGS

Hierdie proefskrif wil 'n onderwerp op die tafel plaas wat in godsdienswetenskaplike kringe nog nie ernstig aangehoor is nie. Die studie wil ook voorspel dat die Antieke ruimtevaarder-teorie in 'n postmoderne konteks sal gedy en as meeloper van New Age-denkwyses al meer invloed sal uitoefen op mense se wêreldbeeld en godsdienstige oortuigings. Die teorie herdefinieer bykans elke aspek van tradisionele godsdienstige opvattinge en veral die Christelike teologie sal deurdagte antwoorde daarop moet kan bied. Die Christelike kerk sal ook nie anders kan as om dit ernstig op te neem nie.

Kruger (1982:8) sê "...science is influenced by, and in turn influences, the society of which it is a part, and it should be aware of its role and place." Dit is uit die aard van die saak so dat 'n wetenskaplike ondersoek soos hierdie, baie mense ten goede of ten kwade kan beïnvloed. Dit is daarom met beskeidenheid en met groot versigtigheid wat 'n navorser homself op so 'n kontensieuse terrein waag en waarmee ek ook hierdie studie aanbied. Min dinge kan egter meer stimulerend wees as om 'n mens se gevestigde oortuiginge te laat konfronteer met werklik revolusionêre alternatiewe. Dit was vir my 'n verrykende en leersame ondervinding. Mag u as leser dit ook so vind.

---

[10] Vergelyk Loader (1979) en Breytenbach (1984).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# AFDELING A

## 'N LITERATUUROORSIG

> The ancient astronaut movement is primarily a literary phenomenon, and its course is easiest to track through books and articles.
>
> (Bullard 1996: 28)

In hierdie afdeling word die Antieke ruimtevaarder-teorie op sinkroniese wyse onder die loep geneem. Daar word fenomenologies en in die breë na die teorie gekyk soos wat dit oor heelwat dekades en deur verskeie advokate ontwikkel en gepropageer is. Sentrale konsepte en postulate word vir dié doel geïdentifiseer. Daar word ook gekyk na argumente wat as begronding vir die postulate van die teorie aangebied word.

Nadat 'n goeie greep op die Ruimtevaarderteorie as sodanig verkry is en vasgestel is hoe eksponente daarvan dit verstaan, word in hierdie afdeling ook gekyk na literatuur wat die reaksie van kritiese outeurs en opponente van die teorie verteenwoordig. Dit word geplaas binne die raamwerk van die groter wetenskaplike debat oor uitgangspunte en postulate van die teorie.

**Die intensie** in hierdie afdeling van die studie is om die propageerders van die teorie aan die een kant en die kritiese opponente daarvan aan die ander, elk as't ware 'n billike "spreekbeurt" te gee en om as "buitestaander" hul argumente aan te hoor alvorens tot enige slotsom gekom word:

b14449389
i14754253

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## HOOFSTUK 1.1

## SLEUTELKONSEPTE IN DIE ANTIEKE RUIMTEVAARDER-TEORIE

...our forefathers received visits from the universe in the remote past...

(Von Däniken 1968: 10).

Deur die eeue het verskeie denkers en outeurs hipoteses gepropageer dat die aarde iewers in sy oergeskiedenis deur een of meer hoogs gevorderde beskawings bewoon is. Hierdie oerbeskawings het oënskynlik in antieke tye reeds oor lugvaart en ruimte-tegnologie beskik. Daar is baie bespiegel wat van hierdie beskawings geword het. Talle legendes uit die antieke wêreld het oorgelewer dat so 'n beskawing in vergange dae deur 'n natuurlike katastrofe (moontlik 'n groot vloed) vernietig is[11]. Verder is gespekuleer oor waar so 'n gevorderde beskawing in die eerste plek vandaan gekom het. Die mees gewilde teorie is dat dit van die sterre was...

Die "Antieke ruimtevaarder-teorie" is 'n kollektiewe benaming vir 'n hele reeks uiteenlopende hipoteses – vanaf simplistiese en oppervlakkige bygelowe tot hoogs gekompliseerde natuurwetenskaplike konsepte. Vir die doeleindes van 'n wetenskaplike studie is dit nodig om 'n gesamentlike noemer te vind wat al hierdie hipoteses saambind as basis vir 'n werksdefinisie:

Bramley (1989: 12) definieer soos volg: "...the 'ancient astronaut theory' postulates that a space age race had **once visited Earth** and had involved itself in human affairs... Such a space age race had either created or conquered human society many thousands of years ago..." (my beklemtoning).

---

[11] Vergelyk Steyn (1994: 213) en Filotto (1995:66). Daar bestaan talle boeke oor die verlore kontinent "Atlantis" waarvan die van W Scott-Elliot (1896) 'n klassieke voorbeeld is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie meer-konvensionele definisie fokus op die ouer weergawes van die teorie waarin gepropageer is dat die Aarde in antieke tye deur ekstra-terrestriële ruimtevaarders **besoek** is. Hoewel dit steeds die meer bekende weergawe van die teorie verteenwoordig, is daar 'n aantal resente hipoteses in natuurwetenskaplike kringe gepostuleer wat baie in gemeen met die basiese uitgangspunt van die Antieke ruimtevaarder-hipotese het. Dit stel hoofsaaklik voor dat lewe vanuit die ruimte en moontlik deur 'n ekstra-terrestriële beskawing op die Aarde "gesaai" of hierheen "geëksporteer" is. Om ook hierdie nuwere (en meer wetenskaplik-gebaseerde) hipoteses in aanmerking te kan neem, word 'n wyer definisie van die teorie vir hierdie studie verkies.

'n Definisie wat deur R.T. Carroll (www.skepdic.com/vandanik.html) voorgestel is, voldoen aan bogenoemde vereiste. Die wyer definisie van Carroll is dat "...intelligent beings from the cosmos were **responsible for** the creation and development of life and the most ancient civilizations on earth..." (my beklemtoning). Dit is dan ook die definisie waarvan in hierdie studie uitgegaan word:

### *1.1.1 Die Antieke ruimtevaarder-teorie as verklaringsmodel*

Die Ruimtevaarderteorie is gebore uit die eg-menslike nuuskierigheid oor ons wêreld en die mensdom se ontstaan en die verloop van die oer-verlede. Dit is 'n "hipotese" en het as sodanig ten doel om 'n bepaalde vraagstuk of (wetenskaplike) onverklaarbaarheid aan te spreek en moontlike oplossings daarvoor aan te bied. Dit is 'n poging om bepaalde waargenome data met 'n konseptuele model te verduidelik (vgl Alberts 1996: 18). Die voor-die-hand-liggende vraag is waarvoor die Antieke ruimtevaarder-teorie dan as verklaringsmodel daargestel is:

Die teorie bied volgens verskillende eksponente daarvan, 'n baie goeie verklaring vir 'n hele reeks onverklaarbaarhede of onvoldoende-verklaarde vraagstukke uit die

oergeskiedenis van die aarde[12]: Dit is fundamentele en gekompliseerde wêreldbeskoulike en kosmologiese vraagstukke soos die herkoms van ons planeet, die oorsprong van lewe en die ontwikkeling van intelligensie en tegnologie op aarde. Die teorie wil 'n bydrae lewer tot die wetenskap en die mensdom se verstaan van sy herkoms, sy wêreld en moontlik ook sy toekoms.

Advokate van die Ruimtevaarderteorie bied "teoretiese rekonstruksies" van die oergeskiedenis van ons planeet. Dit word begrond met beroepe op argeologiese fondse oor die wêreld heen asook argumente uit 'n besonder wye veld van die wetenskap. Feder (1990: 165) som die **sleutelargumente** van die Antieke ruimtevaarder-teorie in drie punte op:

- ...prehistoric pictorial and three-dimensional representations... as well as early written accounts... can be most reasonably interpreted as descriptions by primitive people of actual extraterrestrial visitors to earth.

- The biological evolution of the human species cannot be understood unless we assume the involvement of a scientifically advanced extraterrestrial civilisation.

- Some ancient artefacts and inventions are far too advanced to have resulted from simple, prehistoric human intelligence and ingenuity.

Wat die kernkonsepte van die Antieke ruimtevaarder-teorie vir verskillende eksponente van die teorie is, kan afgelei word uit hul **doelstellings**:

- *Erich Von Däniken* sê dat hy met sy weergawe van die teorie probeer om die antieke geskiedenis van die wêreld en die mensdom te rekonstrueer: "We must

[12] Die behandeling van hierdie vraagstukke dien ook as die voor-die-hand-liggende raamwerk waarbinne die Antieke ruimtevaarder-teorie in hierdie studie aan die woord gestel kan word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

reconstruct the picture of our early history with the tiny pieces of a gigantic jigsaw puzzle" (1977: 310).

- *Zecharia Sitchin* (1976:viii) stel: "It has taken thirty years of research, of going back to the ancient sources... to re-create a continuous and plausible scenario of pre-historic events." Sitchin wil antwoorde hê "...to the specific questions of When, How, Why and Where from. Why did civilisation came about at all?" (1976: 4).

- Die sogenaamde *Ancient Astronaut Society* sê in hul webblad: "We are looking for new answers to old questions because the old answers are altogether unsatisfactory" (www.access.ch/aas).

- Die *Archaeology, Astronautics & SETI Research Association* stel hul doelwit soos volg: "The AAS RA is determined to prove, using scientific methods... whether or not extraterrestrials have visited Earth in the remote past." Hul probleem is dat "...general sciences have a tendency to ignore or underestimate the unexplained..." (Tsoukalos 1999: 4).

Vir hierdie studie van besondere belang, is 'n prominente standpunt onder aanhangers van die Ruimtevaarderteorie dat verskillende **antieke godsdienste** hul oorsprong gehad het in kontak met ekstra-terrestriële wesens:

> Sky People have been visiting our planet for millions of years. Apollo, Hermes, Prometheus and other Greek gods, together with the Egyptian deity, Osiris and the Biblical Angels, were all visitors from Outer Space. They came down to earth and mingled with mortals, bringing much-needed light and wisdom at critical periods in our history. Subsequently, after their withdrawal they were worshipped as 'Gods'....
>
> (Trench 1960: 1).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Behalwe vir die feit dat die Ruimtevaarderteorie alternatiewe oplossings wil voorstel vir eksistensiële en kosmologiese vraagstukke, doen die teorie homself dus ook voor om 'n **godsdiens-ontologiese hipotese** te wees wat 'n verklaring wil bied vir die ontstaan en ontwikkeling van godsdiens as sodanig.

Von Däniken glo: "The visits to Earth (by unknown beings from the Cosmos) were recorded and handed down in religions, mythologies and popular legends...." (Von Däniken 1977: Voorwoord). Die Antieke ruimtevaarder-teorie verklaar daarom ook die oorsprong van sekere antieke **oorleweringe en mitologieë**. Eksponente van die teorie glo dat verskeie antieke **godsdienstige geskrifte** dan ook van ekstra-terrestriële kontak in antieke tye getuig. Die Bybel is een van die bronne waarvan die Ruimtevaarderteorie die meeste gebruik maak:

Jessup (1956:9) sê sy doelwit is: "... to rationalize and substantiate the Bible in the light of modern science and common sense ..." Daar is volgens hom 'n onnodige "oorlog" aan die gang tussen die wetenskap en die godsdiens wat teruggaan na die miskonsepsie dat die twee paradigmas onversoenbaar is (1956: 20). Jessup poog "...to make progress toward getting both Church and Science closer together... in a universal search for Truth..." (1956: 11). Hy wil die volgende probeer aantoon:

"1) "There is a causal common denominator for many of the Biblical wonders;

2) ...this common cause is related to the phenomena of the UFO ..."

Jessup verwys na alledaagse kritiek dat hy "appear to be blaspheming Christianity and the Good Book" (1956: Voorwoord). Hy ontken hierdie bewering ten sterkste[13]. Daar is vir hom ook geen verband tussen "okkultiese en demoniese magte" en

---

[13] Kritiek in dié verband duur vandag steeds voort. Nog 'n persoon wat die standpunt verdedig dat daar geen verband tussen OVV's en demoniese magte is nie, is Eric Stetson in sy webblad: (www.spiritweb.org/Spirit/ufo-and-bible.html).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waargenome vlieënde voorwerpe (OVV's[14]) nie.

Uit 'n literatuurstudie blyk opsommend dat die Antieke ruimtevaarder-teorie vir die volgende sake 'n verklaring wil bied:

- Die oorsprong van die Aarde as 'n bewoonbare planeet.
- Die herkoms van lewe op aarde.
- Die "skepping" van intelligente wesens (Homo sapiens).
- Die herkoms van (onverklaarbare) tegnologie en antieke voorwerpe deur die argeologie blootgelê.
- Die oorsprong van verskeie godsdienste en godsdienstige oorleweringe.

Hierdie sake word nou beurtelings in oënskou geneem:

#### 1.1.1.1 Die oorsprong van die Aarde as bewoonbare planeet

> ... Superior beings have been here longer than mankind has been civilized and forces were at work in those millennia, the magnitude and nature of which are only suspected today.
>
> (Jessup 1955: 24).

Verskeie advokate van die Antieke ruimtevaarder-teorie is van mening dat ons planeet nie sonder intelligente "inmenging van buite" 'n veilige atmosfeer, stabiele klimaat en bewoonbare toestande sou kon ontwikkel nie. So spekuleer Von Däniken (1968: 69) dat

---

[14] Vergelyk 1.2.1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ons planeet millennia gelede deur 'n onbekende ruimteskip met gevorderde intelligensie aan boord "ontdek" is. Soos Genesis 1 dit ook oorgelewer het, was die aarde 'n "woes en leë" (onbewoonbare) planeet. Hulle het die Aarde (en waarskynlik ook die planeet Mars) deur 'n fyn beplande tegnologiese proses "geterraformeer" om 'n planeet te word wat lewe sou kon onderhou. Terraformering is "...the process where an entire planet is engineered to have conditions suitable to sustain humans" (Filotto 1995: 61). Die terraformering van 'n dooie planeet is 'n proses wat van buite geïnisieer word en dan oor 'n lang tydperk vanself ontvou: "...Scout ships with organic bacteria suitable for the manufacturing of oxygen and perhaps some genetically engineered plants, could be sent off from the home planet where they would begin their work..." (Filotto 1995: 61, 164). Veel later is skepe met eksploreerders uitgestuur om die geterraformeerde planete te verken en uiteindelik te koloniseer.

Eksponente van die Antieke ruimtevaarder-teorie teoretiseer oor die vraag waarom ekstra-terrestriële wesens in die eerste plek in die Aarde as planeet belang sou stel:

- Trench het die teorie voorgestel dat die Aarde as 'n "**verversingspos**" gestig is waar ruimteskepe op lang interstellêre reise kon aandoen vir vars voorrade. Dit verklaar ook legendes soos dié oor die Tuin van Eden wat deur die "gode" aangeplant is (1960: 35).

- Von Däniken stel voor dat ruimtevaarders uit die kosmos om een of ander rede **per ongeluk** op die Aarde te lande gekom het. Hulle kon hier soos "skipbreukelinge gestrand" gewees het en moes hulself noodgedwonge hier inrig en vestig (Spencer 1997: 78).

- Trench (1960: 91) sê: "There is a legend that another planet once orbited in the solar system where the Asteroid belt is now between Mars and Jupiter. These asteroids, numbering thousands, are said to be the remains of a planet which blew itself up." Die aarde en lewe daarop kon dan die resultaat wees van 'n antieke "**hervestigingsprojek**". Die legende van Noag en sy ark kon volgens die teorie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sy ontstaan hier gehad het: 'n Groot (ruimte)skip vol diere (alle vorme van lewe en genetiese materiaal aan boord) is die kosmos ingestuur op soek na 'n nuwe vestigingsplek (Trench 1960: 52).

- Jessup (1955: 23, 38) is van mening dat antieke ruimtevaarders vanaf "verafgeleë planete van ons eie sonnestelsel" afkomstig is. Soos wat die son afgekoel het na sy ontstaan, het die **bewoonbare zone** van ons sonnestelsel al nader aan die son beweeg. Intelligente beskawings moes dan ook algaande nader aan die son versit totdat die Aarde 300 millennia gelede geokkupeer is. Verskeie outeurs glo dat die planeet Mars die vorige bewoonde planeet in ons sonnestelsel was (vgl Filotto 1995).

- Filotto (1995: 64, 149, 191) glo dat daar in antieke tye in die omgewing van ons sonnestelsel 'n reuse en vernietigende "**interstellêre oorlog**" gewoed het. Hy stel die hipotese voor dat die aarde deur een of meer van die strydende magte gestig en benut is as 'n "militêre basis" (1995: 166, vgl ook Trench 1960: 62). Bramley (1989: 34, 37, 45) glo dat die aarde deur die eeue gereeld in sulke "Star wars" betrek is en dat die planeet en sy inwoners as "slaweras" deur 'n ekstra-terrestriële beskawing "besit" word. Hierdie "eienaars" moes moontlik hul eiendom van tyd tot tyd verdedig en kon die aarde selfs 'n paar keer in sy geskiedenis van "eienaars verwissel" het.

- Bramley verwys na 'n teorie dat die Aarde ingerig kon gewees het as 'n soort "**banneling-eiland**" of "tronk-planeet". Rebelle of misdadigers van ander planete sou dan hierheen gestuur word vir afgesonderde aanhouding (Bramley 1989: 432).

- Sitchin se gesofistikeerde kosmogonie "explains ... how the solar system could have been formed ... and Earth ... brought into being" (1976: ix:). Uit sy interpretasie van antieke Sumeriese tekste (volgens hom die voorouers van die moderne beskawing) bou hy sy teorie dat daar 'n "twaalfde planeet" met 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gevorderde beskawing bestaan. Hierdie planeet het 'n elliptiese wentelbaan en dit dring ons sonnestelsel soos 'n komeet, slegs elke 3600 jaar binne. Die bewoners van hierdie planeet het die Aarde oor millennia heen in sy verbytog besoek. Hulle het ook die Aarde "ontwikkel", waarskynlik vir die **myn van bepaalde minerale** wat hulle nodig gehad het (Sitchin 1995: 9).

Von Daniken verwys na die "onverklaarbare Nazca lyne" in Peru wat lank reeds as antieke oorblyfsels van 'n gevorderde ekstra-terrestriële beskawing beskou is (vgl 1.2.3). Hy sê "the Nazca region is the largest mine in Peru ... iron, gold, silver, everything". Hy glo dan ook dat mynbou een van die redes vir ekstra-terrestriële belangstelling in die Aarde as planeet was (Annable 1997: 628).

- Die *Ancient Astronaut Society* hou tweejaarliks konferensies en het op hul 1997 byeenkoms 28 moontlike redes gepostuleer vir ekstra-terrestriële interesse in die Aarde. Volgens hierdie studiegroep is die mees waarskynlike rede vir antieke ruimtevaarders se belangstelling in die Aarde dat: "Every intelligent species in the universe has to reach out if it wants **to increase its knowledge**" (in Annable 1997: 628).

### 1.1.1.2 Die herkoms van lewe op aarde

> Current elaborate theories have been presented suggesting that either the human race is a biological experimental programme which aliens are monitoring and updating, or they require something from humans which is absent in their own genetic make-up.
>
> (Spencer 1997: 136).

Die hipotese dat lewe uit die ruimte na die Aarde "geëksporteer" is, word lank reeds deur eksponente van die Antieke ruimtevaarder-teorie verkondig. Die hipotese is dat lewe as sodanig òf deur antieke ruimtevaarders van ekstra-terrestriële oorsprong hier kom "plant" is, òf dat dit op een of ander wyse hierheen gestuur is:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sitchin sê van lewe op die Aarde: "Somehow, it does not belong here... why does life on Earth have but a single source...? And why does all living matter on Earth contain so little of the chemical elements that abound on Earth, and so much of those that are rare on our planet?" (Sitchin 1976: 1; vgl ook 1995: 19).

Teenoor die Evolusieteorie se "ongeloofwaardige" en "gebrekkige" hipotese oor die ontstaan van lewe op die Aarde, glo Von Däniken (1977: 211): "The earth (and probably other planets in other solar systems) were deliberately supplied with germs of life by visitors from spaceships" (vgl ook 1977: 232).

Die ontdekkers van die DNS[15]-helix en genetiese kode asook wenners van die Nobel prys, Francis Crick en Leslie Orgel, was in 1972 die eerste geleerdes wat hierdie hipotese in 'n artikel getitel "Directed Panspermia" in die tydskrif *Icarus* gepubliseer het. Hierin het hulle voorgestel dat 'n "onbekende intelligensie" lewe in die vorm van "mikroskopiese sade" orals in die heelal gesaai het om waar toestande ookal gunstig sou wees, te "ontkiem" en volgens 'n soortgelyke bloudruk te ontwikkel (Von Däniken 1977: 231).

Fred Heeren (1995: 183) dui aan dat verskeie moderne bioloë tans die "Panspermia" of "verspreide sade" hipotese aanhang. Hiervan is Fred Hoyle 'n voorbeeld. Hy glo:

> Life could not have originated here on Earth. Nor does it look as though biological evolution can be explained from within an earthbound theory of life. Genes from outside the Earth are needed to drive the evolutionary process. This much can be consolidated by strictly scientific means, by experiment, observation and calculation.
>
> (Hoyle & Wickramasinghe 1981: 24).

---

[15] Die Afrikaans vir "DNA".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Thomas Gold is nog 'n bioloog wat aanvoer: "...life must have been sent here in a spaceship from a dying civilization...". Die ruimtevaarders kon moontlik self nie so 'n reis oorleef het nie maar: "...perhaps just the astronauts' bacteria survived the journey" (aangehaal deur Heeren 1995: 183).

Daar bestaan 'n hele aantal variasies op die sade-teorie. Antonites (1996: 11) wys daarop dat verskeie mikrobioloë van mening is dat bakterieë en virusse in die aarde se atmosfeer "gedeponeer" word deur veral stof van komete. 'n Korrelasie tussen die voorkomste van kwale soos longontsteking en kinkhoes met die aarde se beweeg deur bane van komete word tans ondersoek en hierdie geleerdes glo dat kosmiese mikrobiologiese aktiwiteit vir miljoene jare reeds aan die gang is (vgl ook Heeren 1995: 183).

### 1.1.1.3 Die ontstaan van Homo sapiens as rasionaliteit op aarde

> ... Human beings might have been seeded here a long time ago and we might be related to certain extra terrestrial races. The implications of that are astounding.
>
> (Kol Robert Dean in Annable 1997: 387).

In 1960 het Trench die hipotese voorgestel dat antieke ruimtevaarders op een of ander wyse verantwoordelik kon wees vir die ontstaan van Homo sapiens as intelligente wesens op aarde. 'n Aantal verwante hipoteses is later hieroor ontwikkel en verskeie Antieke ruimtevaarder-voorstanders handhaaf die hipotese:

- Jessup (1955: 29) was die eerste outeur om te glo: "Space inhabitants created terrestrial intelligence "in their own image...". Hy het hiermee op die verband met die boek Genesis gesinspeel. Outeurs soos Von Däniken sou later baie van dié uitgangspunt maak.

- Filotto (1995: 70) sê: "There seems to be some evidence (in mythology and

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

legend form[16]) that would indicate that the "Gods" were involved in genetic manipulation in respect to the Earthlings".

- Die Ancient Astronaut society (www.access.ch/aas) stel:

> There is substantial evidence that ancient astronauts explain the origin of intelligent human beings on Earth, which appeared upon the scene quite abruptly. Therefore if human intelligence did occur all of a sudden, then surely it did not evolve, but was brought to Earth by intelligent beings from outer space in one form or another. Either we are their product, or we are their descendants.

Eksponente van die Antieke ruimtevaarder-teorie handhaaf meestal dat huidige oergeskiedenismodelle (wat gebaseer is op die Evolusieteorie) "uiters gebrekkige verklarings" bied vir die ontstaan van intelligente lewe op aarde (vgl Von Däniken 1977: 211).

In wat een van sy hoeksteenargumente sou word, glo Von Däniken (1968: 11) dat ekstra-terrestriële kontak millennia gelede die oorsprong van die mens as intelligente wese (Homo sapiens) tot gevolg gehad het: "...Visitors from space mated with human ancestors to create a race with superior intelligence ..." (aangehaal deur Phillips 1987: 13). Von Däniken verkies 'n hipotese wat as die "hibried hipotese" bekend geword het (vgl Greenwell 1980: 153). Hiervolgens sou die eerste ruimtevaarders wat op die Aarde gearriveer het, 'n primitiewe primaatspesie hier aangetref het: "... the "strangers" annihilated part of mankind existing at the time and produced a new, perhaps the first, homo sapiens, ... extra-terrestrials ennobled man "in their own image" (Von Däniken 1977: 211).

Ook Sitchin en Bramley (1989:38-42) ondersteun hierdie hipotese:

---

[16] Hy verwys hiermee na 'n Bybelgedeelte soos Gen 6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sitchin (1976: 2) sê:

> In spite of the passage of more than 2000,000 years between Advanced Australopithecus and Neanderthal, their tools ...were virtually alike and the groups were hardly distinguishable. Then, suddenly and inexplicably, some 35 000 years ago, a new race of Man appeared as if from nowhere – Homo sapiens...

Sitchin glo: "Travellers from the stars arrived eons ago – and planted the genetic seed that would ultimately blossom into a remarkable species called Man ...they used cloning to create beings in their own image on Earth" (Sitchin 1976: 2).

Volgens Von Däniken is dit duidelik uit "antieke godsdienstige mites" (waaronder Gen 3) dat vroulike lede van die spesie in 'n "diep slaap" geplaas is en toe "kunsmatig geïnsemineer" is. Die geneties gemanipuleerde resultaat is op die Aarde agtergelaat om self aan te pas. Soortgelyke eksperimente is moontlik oor millennia herhaal totdat 'n wese intelligent genoeg om die planeet te beheers "geteel" is (1968: 9). Von Däniken glo dat hoewel die mens op aarde kon ontstaan het, "Homo sapiens did not become intelligent until after the visit by the 'gods'!" (1977: 287).

Teenoor die hipotese van outeurs soos Von Däniken, Sitchin en Bramley, glo Filotto dat die mens nie op die Aarde ontstaan het nie, maar handhaaf hy 'n hipotese van "an interstellar origin for the human race" (1995: 37, 165). Filotto sê "... the human race did not originate in this solar system ..." maar dat 'n "interstellar race of beings" ons sonnestelsel in oertye besoek het. Die wesens was van "humanoid origin" (1995: 59-61, 165) en het as die oer-voorvaders van die menslike ras, die "menslike gestalte" in ons sonnestelsel kom vestig. Sulke "humaniede" het na afloop van 'n interstellêre oorlog hulle hier gevestig of die planeet is gebruik om mense te hervestig nadat hul eie planeet (moontlik Mars) verwoes is (1995: 166; vgl ook Trench 1960: 91).

Kol Robert Dean maak in 'n onderhoud sy insae in 'n NAVO-dokument (die "assessment" dokument) "geheime inligting" bekend. Hy beweer dat die bestaan van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verskeie ekstra-terrestriële spesies reeds aan gesagvoerders bekend is. Die groep wat NAVO-offisiere na bewering die meeste kwel, is 'n spesie wat identies soos die mens lyk (Annable 1997: 386).

Richard Mooney (1974: 75) glo ook nie in die kruistelingshipotese nie. Hy stel: "There is only a superficial physical resemblance between the anthropoid apes and man". Volgens Mooney is die mens op die Aarde **geplaas** met klere, vuur, wapens en intelligensie. Dit was so onlangs soos 40 000 jaar gelede.

Die idee dat daar in die geskiedenis "genetiese manipulasie" of 'n vorm van "kruisteling" plaasgevind het tussen primitiewe primate en ekstra-terrestriële besoekers is selfs in wetenskaplike kringe uitgespreek: In 1974 het die antropoloë Max Flindt en Otto Binder die hipotese ondersoek. Nadat 'n enorme hoeveelheid evolusionêre, paleontologiese en anatomiese data versamel is, het hulle tot die volgende bevindings gekom:

- ...man's primate ancestors were brought down from the trees to become bipedal by the artificial introduction of dominant genes for upright walking...

- *Ramapithecus* was genetically 'improved' 12 million years ago, thus explaining the lack of intermediate fossils between it and *Australopithecus*...

- *Homo Erectus* was physically transported to those areas where his remains have been found, being unable to migrate to those locations because of 'fierce predators' of the time...

- ...the demise of *Homo erectus* was planned in order to allow Neanderthal, the new, improved man, to survive.

- ...something went 'wrong' with Neanderthal after a 75 000 year trial-period.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Cro-Magnon (modern man) was finally the 'successful' bioengineering feat of the extraterrestrials.

(Flindt & Binder 1974: 154)

Flindt en Binder konkludeer: "...whenever hominid species in the past made inexplicable leaps ahead, in any area, those leaps had one common cause - the biomanipulations of starmen" (1974: 154).

Nog 'n outeur uit wetenskaplike kringe wat glo dat die mensdom sy herkoms in die sterre gehad het is Dolores Cannon (1993 en 1998). Cannon het as gekwalifiseerde sielkundige wat spesialiseer in hipnoterapie, 'n unieke invalshoek tot die Antieke ruimtevaarder-teorie. Deur middel van "regressiewe hipnose" het sy by talle mense wat sy onder hipnose ondervra het, 'n "bewussyn" van die mens se "ekstra-terrestriële herkoms" gevind. Sy verklaar dit as 'n vorm van "genetiese geheue" wat diep in die menslike onderbewussyn of die "siel" geborge is. Sy glo dat die mensheid slegs op aarde is vir 'n "skolingsperiode" waarna ons na ander planete oorgeplaas sal word.

Nog 'n variasie op dié tema is die teorieë van die vader van die Scientologiese beweging, Ron Hubbard, wat gepropageer het dat die mens afstam van 'n kosmiese ras "gode" bekend as die "Thetane". Die mens se kennis van hierdie "goddelike oorsprong" het deur evolusie (reïnkarnasie) verlore geraak. Die "dianetiek" (Hubbard se psigo-godsdienstige metode) help die mens dan om dit weer te "ontdek" (vgl Larson 1984: 313; Scientology 1998: 17, 24).

Annable (1997: 645) berig dat daar tans 'n groot ambisie onder wetenskaplikes bestaan om "artificially intelligent machines, capable of thought and reason" te skep. Daar is reeds (mikro-) "robot-miere" ontwikkel "which are capable of learning from their mistakes and co-operating as a team to solve simple problems". Die studieveld staan bekend as "nanomeganika" (Annable 1996: 113).

Een van die mees uitgebreide hipoteses in dié verband is ontwikkel deur prof Frank

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tipler, professor in Fisika aan die Tulane Universiteit in New Orleans. Hy postuleer vanuit die rekenaar-teorie dat dit binne dertig jaar tegnologies moontlik sal wees om 'n rekenaar te bou met "menslike-vlak intelligensie". So 'n rekenaar word 'n "finite state machine" genoem (1994: 43). Tipler glo dat 'n futuristiese ruimteprogram van sulke "intelligente robotte" gebruik sal maak wat onafhanklik kan reageer, self kan adapteer en ook kan reproduseer waar dit ookal in die heelal kom. Hy is van mening dat die mens self aan al die vereistes voldoen om te kwalifiseer as so 'n "finite state machine" (1994: 31). Heelwat moderne wetenskaplikes vra dan ook die vraag of dit nie juis die bestaan van lewe op aarde verklaar nie. Lewe op aarde en die mens self, kan daadwerklik die "absolute robot" uit die kosmos wees[17].

Sommige outeurs is oortuig daarvan dat nie alle moderne mense die "direkte nasate" van antieke ruimtevaarders is nie. Hoewel daar deur millennia 'n groot mate van "onderteling" tussen rassegroepe plaasgevind het[18], is die ware nasate van ekstra-terrestriële vandag veral in sommige rassegroepe sigbaar[19]:

- Bramley (1989: 95, 101) beweer dat Adolf Hitler en baie Nazis geglo het dat die **Ariese ras** oorspronklik geskep is deur "goddelike supermense van 'n ander wêreld". Die swastika kom ook dikwels onder antieke beskawings voor wat 'n pre-okkupasie met die sterre gehad het.

- Suid-Amerikaanse Rooihuide het in 1532 die Spaanse veroweraars meegedeel dat "a master race of huge white men had come from the heavens centuries before ..." (Bramley 1989: 95).

- Elizabeth Klarer (1980: 19) vertel van 'n antieke Zulu-legende van die

---

[17] Vergelyk ook Annable (1997: 113, 645, 648).

[18] "Over time the 'Gods' were assimilated into the rest of Earth Humanity" (Filotto 1995: 68).

[19] Vergelyk ook Steyn (1994: 235).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sogenaamde *Abelungu* ("die wit mense wat uit die hemel kom"). Hulle was vir die Zulus die "hemelgode" wat neergedaal het soos "'n spinnekop uit die wolke".

- Ander rasse soos die **Japanese**, het ook mites dat hulle ras gebore is uit ekstra-terrestriële "gode" (vgl Bramley 1989: 96).

- Die **Dogon** stam van Mali in Wes-Afrika glo volgens 'n Franse antropoloog, Griuale, dat hulle voorvaders van die ster Sirius afkomstig was (Von Däniken 1977: 80v; kyk ook 1.2.2).

Trench en Bramley glo nie dat ekstra-terrestriële besoekers aan die Aarde alleen voortleef in die nasate van mense vandag (of sommige rassegroepe dan) nie. Trench (1960: 26) sê: "Visitors to the planet in Biblical times are still with us today". Bramley (1989) is ook oortuig dat lede van 'n ekstra-terrestriële spesie hulself eeue gelede op Aarde gevestig het en vandag steeds hier woon. Hulle leef en werk in gewone menslike gestalte tussen die aardbewoners en sweer in geheimsinnige organisasies saam. Hierdie groep "mense" kan dan ook agter alle oorloë en konflik deur die wêreldgeskiedenis gevind word. Bramley glo: "An alien presence on Earth have conspired to dominate Humankind through violence and chaos since the beginning of time ..." (1989: agterblad).

### 1.1.1.4 Die ontwikkeling van tegnologie op aarde

Van die gewildste argumente vir die Antieke ruimtevaarder-teorie het betrekking op die argeologie. Daar verskyn tans 'n vlaag populêr-wetenskaplike literatuur wat oor antieke ruïnes spekuleer (vgl 1.1.3). Oorblyfsels van antieke beskawings in Suid-Amerika en Egipte se piramides bly gewilde onderwerpe.

Von Däniken voer aan dat daar talle "onverklaarbaarhede" in ons verlede te vinde is – in besonder daardie deel van die geskiedenis wat duisende en selfs miljoene jare in die verskiet lê. Daar is sprake en spore van tegnologie waaroor primitiewe mense nie kon beskik nie. Fisiese oorblyfsels van sulke "antieke tegnologie" is al op verskeie plekke

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

regoor die aarde gevind en dit "verstom" argeoloë steeds.

Om 'n paar voorbeelde van die letterlik honderde te noem wat deur Antieke ruimtevaarder-teorie outeurs bespreek word[20]:

- Die **Groot piramide** en die **Sfinks** by Giza in Egipte.
- Die kolossale standbeelde op **Paas-eiland**.
- Die ruines in die woude van **Guatemala en Yucatan**.
- Die oorblyfsels van die **Majaanse stede** in Suid-Amerika en hul "ongelooflike" astronomiese kalenders.
- Die **Nazca vlaktes** se reuse misterieuse lyne en figure wat slegs uit die lug waarneembaar is.
- Die **Piri Reis-kaarte** uit antieke tye wat inligting oor die aarde opgeteken het wat eers in die moderne tyd bekend geraak het.

Sitchin vra die vraag: "Why did civilization came about at all? There is no obvious reason ..." Hy verwys na primitiewe stamme wat vandag nog op aarde leef soos in die steentydperk en vra:

> Why have they not acquired the same knowledge of sciences and technologies on their own as we supposedly have? It took Man 2000 000 years to advance in his "tool industries" ... Yet here we are less than 50 000 years from Neanderthal Man, landing astronauts on the Moon... Did we really acquire this advanced civilization on our own?

---

[20] Vergelyk Von Däniken (1968: 94-130). Kyk ook 1.2.1 en 1.2.3 vir meer inligting.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Sitchin 1976: 4).

Filotto (1995: 41) sê: "If we were to plot human history starting from about 100,000 BC ... it is interesting to note that technological progress makes a veritable leap over the last 2000 years or so. Something indeed must have happened around this time..." Hy sê ook: "Fire is thought to have been known to early man from about 350 000 BC and yet, written language appears only in 3200 BC. Such a rapid rise in technology over the last 2000 years, would make the theory of gradual evolution suspect" (Filotto 1995: 44).

Von Däniken glo dat antieke ruimtevaarders met aardbewoners 'n "vriendskapsverhouding" wou vestig en 'n soort "opheffingsprogram" hier van stapel gestuur het. Primitiewe aardlinge is oor millennia beskermend bygestaan om hul samelewing, intelligensiepeil en tegnologie te ontwikkel (1977: 317). Trench (1960: 164) deel dieselfde siening. Die skielike tegnologiese ontploffing nadat die mensdom vir duisende jare op primitiewe wyse sonder enige veranderinge in hul fundamentele leefwyse "voortgeploeter het", dui daarop dat "...we are enjoying the fruits of astonishing 'revelations' of some kind ..." Dit is kennis wat, volgens Trench, alleen van ekstra-terrestriële oorsprong kan wees.

### 1.1.1.5 Die oorsprong van godsdiens

> Since UFOs had been seen throughout history, there was a strong possibility that some of our major religions had their origins in contact with these advanced intelligences.
>
> (Robert Dean in Annable 1997: 387).

Vir voorstanders van die Antieke ruimtevaarder-teorie moet die ontstaan van godsdienste en die verering van allerlei gode regoor die antieke wêreld, teruggevoer word na kontak tussen primitiewe aardlinge en ekstra-terrestriële ruimtevaarders. Story (1980: 151) wys uit: "The very idea of Space Gods and UFOs... serves... modern interpretations for old-time religion". Die volgende uitsprake van Antieke

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ruimtevaarder-outeurs bevestig hierdie stelling:

- Filotto (1995: 66) sê: "We find large amounts of 'circumstantial' evidence that support the theory that a more advanced race of humans once roamed the Earth. ...these humans could be the 'Gods' referred to in many of our legends."

- Bramley (1989: 12) sê: "...One outgrowth of an academic debate which has preoccupied historians for over a century is: how did ancient Old and New World civilizations, located on opposites of the Earth, come to resemble one another? Why did peoples of those far-flung civilizations develop such remarkably similar religious beliefs?"

- Sitchin (1995: 27) stel: "Being created in the image, after the likeness, and with the genes of the... Elohim... Humankind saw itself part of the heavens – the other planets, the stars, the universe. It strives to join them in their celestial abode, to gain immortality. To do so, the ancient texts tell us, Man has continued to seek Divine Encounters ..."

Von Däniken verduidelik dat hy by wyse van 'n vergelykende studie bevind het dat antieke godsdienstige oorleweringe wemel van verwysings na "gode uit die hemel" en hul kontak met en invloed op antieke mense. In byna elke antieke godsdiens word melding gemaak van "vlieënde vaartuie" en "vlieënde gode" waarmee mense kontak sou gehad het (1968: 23, 62). Hy het opgemerk dat ons primitiewe voorvaders die grootste respek vir die ruimtevaarders gehad het. Von Däniken sê: "We know that our ingenuous and primitive forefathers did not know what to make of the astronauts ... They worshipped the astronauts as 'gods' who came from the stars ..." (Von Daniken 1968: 46).

Die *Ancient Astronaut Society* is van mening dat die Antieke ruimtevaarder-teorie 'n verklaring bied vir 'n groot verskeidenheid godsdienswetenskaplike vraagstukke:

- The origins of religions

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- The origins of ancient religious symbols
- The original core of global mythologies
- The 'gods' in ancient texts
- The depiction of judgements of the gods in prehistoric times
- The vanishing of religious and mythological beings into the heavens
- The issue of God and the Devil and the ancient symbols of good and evil
- The earliest offerings for the appeasement of the gods
- The origins of related rock carvings around the globe, the origins of figurines of 'gods'
- The promises of a "return" in all religions and the fear mankind has of this event.

(Ancient Astronaut Society: www.access.ch/aas)

Von Däniken glo dat die ekstra-terrestriële nie hul koms na die Aarde geheim wou hou nie: "Extra-terrestrials had no other possibility of leaving traces of their presence and activities except in religions. Only there could they be preserved, discovered at some point in the future and ... understood" (Von Däniken 1977: 204).

Die idee dat ruimtewesens 'n "geheime boodskap" in godsdienstige literatuur "versteek" het om deur komende geslagte "ontdek" te word, is 'n gewilde tema in resente New Age-literatuur. Die idee word wyd gepropageer dat ons "ekstra-terrestriële voorouers" vir die mensdom doelbewus leidrade gelaat het van hul teenwoordigheid op

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aarde. Die leidrade was so "geplant" dat dit millennia later deur 'n meer gevorderde nageslag ontdek en ontsyfer sou kon word[21]:

In sy opspraakwekkende boek *The Bible Code* (1997) "dekodeer" Drosnin die Hebreeuse teks van die Ou Testament met behulp van rekenaartegnologie. Dit word dikwels misgelees dat Drosnin ook uitgaan vanaf die veronderstellings van die Antieke ruimtevaarder-teorie. Hy beweer dat daar 'n "geheime kode" in die teks van die Ou Testament "bewaar" is. Die kode is in antieke tye in die teks "geënkodeer" deur ekstra-terrestriële intelligensie. Die teks het net gewag vir 'n tyd waarin die mensdom 'n hoë genoeg beskawingspeil met die nodige rekenaartegnologie sou ontwikkel om die "ware boodskap" weer te kon dekodeer (Drosnin 1997: 98)[22].

Ons kyk vervolgens na 'n aantal spesifiek-godsdienstige vraagstukke wat volgens Antieke ruimtevaarder-voorstanders effektief deur dié teorie verklaar word:

**(a) Die oorsprong van godsdienstige oorleweringe en mitologieë**

> Countless legends and myths in the folklore, mythologies and sacred books of races everywhere refer to a period ... when the gods came down and mingled with mortals. The myths themselves are but the fairy story coverings these true happenings of a bygone age were wrapped up in to preserve them for posterity.
>
> (Trench 1960: 23, 26).

Van besondere belang vir die verstaan van Von Däniken se teorie oor die ontstaan van godsdiens is sy uitgangspunt dat "**myths are historical memories**" (1977: 92). Hy sê:

---

[21] Rudolf Gantenbrink het 'n soortgelyke teorie ontwikkel dat die "geheime geskiedenis" en moontlik ook die toekoms van die aarde vir nageslagte bewaar is onder 'n poot van die Sfinks te Giza in Egipte (vgl Hancook & Bauval 1998; Annable 1997: 23, 627).

[22] 'n Soortgelyke teorie as die van Drosnin word deur M. Cotterell in sy boek *The Supergods* (1997) voorgestel.

"It is my ... conviction that traces are to be found in age-old myths; to be sought in the originally oral scriptures of ancient religions ..." (Von Däniken 1977: 285).

Hierdie vertrekpunt is die hermeneutiese sleutel vir Von Däniken se verstaan van antieke godsdienstige literatuur. Dit gaan van die veronderstelling uit dat talle godsdienstige mitologieë binne hul "fantasie-omhulsel" 'n kernelement bevat wat sy oorsprong gehad het in en teruggevoer kan word na die werklikheid. Von Däniken sê: "I resist the interpretation which say that it is all pure imagination that has made itself at home in mythology. The imagination, too, needs something to spark it off; it has to be animated" (Von Daniken 1977: 174).

Elke mite was volgens Von Däniken, in sy oorsprong bedoel as 'n "ooggetuie verslag" van 'n werklike gebeurtenis in die antieke verlede: "... the content of a myth may be history transformed into fable" (1977: 107).

Von Däniken bou sy hipotese oor antieke mitologieë op die werk van die filosoof Karl Jaspers wat sou gesê het: "If we take the core of myth's content as the beginning of historical consciousness, the door to our early history lies open" (aangehaal deur Von Däniken 1977: 94). Von Däniken se hipotese lei soos volg: "Onverklaarbare" en "epogmakende" gebeurtenisse van die verlede (soos die waarneming of landing van 'n ruimtetuig) sou deur primitiewe mense as "godsdienstige ervaringe" beleef gewees het. Hulle sou dit ook op 'n lomp wyse mondeling probeer oordra het[23]. Mettertyd sou die oorleweringe "heilige" status verkry en in 'n "kokon van fabelagtigheid" toegeweef word. Maar 'n "kern van die waarheid" sou in talle mites en legendes behoue gebly het. Die oorspronklik mondelinge mitologieë is later in literatuur gefikseer en verder as "godsdienstige" en "heilige" tekste oorgelewer (Von Däniken 1977: 79).

Von Däniken pas hierdie hipotese ook op die Bybel toe en sê: "... The Bible has

---

[23] Von Däniken sê: "The grotesque thing is that the essence of the stories was not understood by the narrators themselves. For lack of suitable (e.g. technical) words, it was hidden in a desert of words and abstruse images" (1977: 94).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

undergone many transcriptions... Clouds of dogma ... have increasingly obscured the true and original meaning ..." (1968: 46) maar: "Within this "welter of words" there is an illuminated core of something which has captured the imagination..." (Von Däniken 1968: 49). Hy glo: "With modern technological knowledge we can sift out the hard core of truth from the traditions" (1977: 108).

Na wye navorsing en sy vergelykende godsdienshistoriese ondersoek konkludeer Von Däniken: "To me the core of the messages is in the exact description of "the 'gods' arrival and behaviour, factual references to the origin of the universe and the first life on earth, as well as the "birth" of the first being ... and every clue to the beginning of human civilisation" (Von Daniken 1977: 174).

**(b) Die ware identiteit van "geestelike wesens"**

***(i) Die "engele"***

> We can understand and rationalise "angels" with little difficulty...
>
> (Jessup 1956: 102).

In talle godsdienstige oorleweringe kom verwysings voor na sogenaamde "hemelwesens" (*binei Elohim*) en "engele" (*zophim* of *malakhim*). Trench sê: "In the Old Testament there are many examples of divine messengers (Angels) meeting ... with mortals" (1960: 26). Hy meen: "So-called Angels, Man-like beings who are capable of flight and who live somewhere in the sky, are another religious idea with a concrete basis in fact" (Trench 1960: 151).

Vreemde "hemelse wesens" het hulself gereeld in die antieke verlede aan aardlinge "geopenbaar" nadat hulle dikwels uit die "hemel neergedaal" het. Hulle het as "gesante" en as "boodskappers" van die gode gekom. Dit is oorgelewer dat hulle "vlerke" gehad het (bv. Jes 6:2v) as verwysing na die vermoë om te kon vlieg. Details soos dat hulle "wit klere" gedra het (Dan 10:5), "blink van voorkoms" en soos "weerlig" was (Matt

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

28:3) kom ook plek-plek voor. Hulle is gereeld op die toneel wanneer "bo-natuurlike gebeurtenisse" plaasvind (bv. Ex 23:20 en Gen 19). Al hierdie verwysings ondersteun vir voorstanders van die Ruimtevaarderteorie die feit dat die engele 'n "mitiese" manier was om na reële figure (antieke ruimtevaarders) te verwys. Pre-eksiliese weergawes van engele legendes word as die meer historiese weergawes beskou synde daar beslis 'n ontwikkeling in post-eksiliese verwysings waarneembaar is (Robinson & Wilson 1976: 18).

Steyn (1994: 189) wys uit dat daar by New Age-denkers 'n hernude belangstelling ontwikkel het in "angels, the spiritual hierarchy and space brothers". New Agers glo ook dat engele "visits from extra-terrestrials to this planet..." verteenwoordig. New Agers noem hulle ons "...brothers who is trying to help us" (Steyn 1994: 191). Juriaanse (1985: 166) verduidelik: "The Supreme being is said to have surrounded Himself with a vast executive organisation to administer and consummate His Will". Volgens die New Age-wêreldbeeld het "Each galaxy, star and planet in the universe ... its own designated... guide or god under whose supervision the evolutionary process unfolds. On Earth this process was set in motion 18 million years ago by 'the Great Lords of Light' who came from Venus" (Steyn 1994: 191).

Ter wille van volledigheid verdien enkele verwysings na **die duiwel** as "engel van die bose" en **demone** ook vermelding. Daar is in talle godsdienste verwysings na wesens wat die bose verteenwoordig of "vyande" en "teenstanders" van die "goeie gode" was. In Bybelse literatuur verteenwoordig derglike idees 'n veel later invloed uit die Persiese wêreld (Robinson & Wilson 1976: 20).

Filotto (1995: 161) glo dat wesens van die kosmos in antieke dae in 'n interstellêre oorlog gewikkeld was. Die Aarde is deur strydende magte besoek wat by primitiewe mense oorsprong kon gegee het aan die idee van die stryd tussen goeie en slegte "gode".

- ***(ii) Die "gode"***

The whole concept of mythology – tales of gods and goddesses who came

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> down from the sky and mingled with mortals – lends itself to the hypothesis that they were indeed actual Sky People.
>
> (Trench 1960: 26)

'n Belangrike uitgangspunt van die Antieke ruimtevaarder-teorie is dat die "gode" van religieuse tekste nie verwys na "geestelike wesens" nie, maar in werklikheid fisiese wesens van ander planete was. Die besoekers uit die kosmos is bloot uit onkunde deur primitiewe mense as "gode" beskou.

Daar word in talle godsdienste melding gemaak van "vlieënde vaartuie" waarmee die "gode" sou gereis het (Von Däniken 1968: 62)[24]. Indien hierdie beskrywings verwys na ruimteskepe van ekstra-terrestriële oorsprong, vra Von Däniken: "What would the primitive beings on this planet think about a monstrosity that has just landed ...?" Hy argumenteer: "... Our forefathers did not know what to make of the astronauts ... They must be gods!" (1968: 24).

'n Vergelykende studie van verskeie antieke mitologieë wek vrae by Von Däniken. Hy stel:

> I want to know all about the mythological gods, the meaning of the circumstances under which they appeared and acted. What sort of personalities had they ... If they were spirit, how could people see and talk to them? Why did gods appear at all ... What was their purpose in showing their power, their knowledge ... Why did they always return to their heavenly home ...?
>
> (Von Däniken 1977: 94)

---

[24] Vergelyk ook Trench (1960: 26) en Moore (1987: 12) wat bondige oorsigte bied oor Chinese, Indiese en Bybelse mitologieë en waarin verwys word na "winged chariots", "flying carts" ens.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Von Däniken konkludeer dat die gode waarna in godsdienstige tekste verwys word, oorspronklik nie as "geestelike wesens" verstaan is nie en sê: "The confusion is the result of centuries of indoctrination by all religions, in which it was suggested to every earthling that... he was watched by God even in the most secret places. This... bilocation required a god/spirit who had to be omnipresent and omniscient" (Von Däniken 1977: 206). Die **panteïsme** is 'n godsdienstige opvatting wat glo in 'n onpersoonlike godheid wat een is met alles en almal in die skepping. Von Däniken sê: "Even in Christianity... there is a good dose of pantheism, otherwise the Christian God could not be omnipresent. God must be spirit" (1977: 207).

As bewys vir sy hipotese dat die "gode" oorspronklik "fisiese wesens" was, sê Von Däniken dat hy in talle godsdienstige tekste by die sogenaamde "gode" 'n goeie dosis "menslike eienskappe" gevind het (1977: 156, 206): Bybelse tradisies (veral die Genesis oergeskiedenis) weerspreek die algemene dogmatiese opvatting van God as alomteenwoordige, alwetende en almagtige "geestelike wese". Volgens Von Däniken kan die "god" waarna Ou Testamentiese gedeeltes verwys, nie "alwetend" wees nie. Hy weet by voorbeeld self nie waar Adam wegkruip toe hy na hom in die tuin gaan soek het nie (Gen 3:9). God is ook nie "foutloos" nie synde hy in Genesis 1:31 alles "goed" maak en in Genesis 6:6 weer "spyt" is oor sy handewerk. Hy verwoes selfs sy eie handewerk met 'n vloed! Na die vloed erken hy dat hy 'n fout gemaak het (Gen 8:11), maar met Sodom en Gomorra doen hy dit weer (Von Däniken 1977: 207).

Von Däniken sê:

> A divine figure is portrayed who made mistakes, felt regrets and was capable of bloody acts; a god is shown who experiences such terribly human passions as anger, partisan love, and heartlessness. ... At least they do not fit in with the conception of an imaginary omniscient being, standing above material things... The fact is that the gods in myths behave exactly the same. ... The myths of the world of antiquity describe the gods as sympathetic human figures...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Von Däniken 1977: 209)[25].

Filotto (1995: 50) gebruik 'n soortgelyke argument in sy weergawe van die Antieke ruimtevaarder-teorie. Hy sê: "We are faced with a vast number of Gods which seem to go about their business in very human-like ways. The Gods of old went around fighting wars and feuds against each other, having sexual encounters... and generally behaving suspiciously more like humans than divine beings".

Von Däniken konkludeer: "Not in vain did they create us in their own image. ... The gods were of flesh and blood" (1977: 210,155; vgl ook Annable 1997: 627).

**EKSKURS: Die bestaan van God as "Opperwese"**

> The fact that there may be many gods need not alter anyone's belief in one universal God or (supreme) Spirit who created everything and both sustains and nourishes all life now and eternally ...
>
> (Trench 1960: 30).

Hoe Antieke ruimtevaarder-eksponente oordeel oor die bestaan van 'n Opperwese as al die gode van religieuse oorleweringe dan eintlik ekstra-terrestriële wesens was, is 'n belangrike vraag om die godsbeeld van aanhangers van die teorie te verstaan. Uitlatings in dié verband kom dan ook dikwels in hul werke voor. Dit word ter wille van volledigheid by wyse van 'n ekskurs hanteer:

- Filotto (1994: 218) sê: "The existence of an alien race that genetically "evolved" mankind ... in no way threatens the position of God".

- Sitchin (1976: ix) sê: "We are not alone in our solar system. Yet it may enhance rather than diminish the faith in a universal Almighty. For, if the *Nefilim* created

---

[25] Von Däniken verwys na die Griekse en Romeinse mitologieë (1977: 210). Sien ook Trench (1960: 26).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Man on Earth, they may have only been fulfilling a vaster Master Plan."

- Bramley (1989: 436) sê: "... a 'Supreme being' of some kind probably exists as a common source of all spiritual existence. ... The potential scope of a Supreme Being extends far beyond the boundaries of this small universe..."

As die opinie gehuldig word dat gevestigde godsdienste uiteindelik maar gepraat het oor gode wat op hul beurt ook fisiese skepsels was, sê 'n outeur soos Von Däniken dat dit hom nie 'n agnostikus maak nie. Hy is oortuig daarvan dat 'n wese wat ons "God" noem (by gebrek aan 'n beter naam) vir ewig bestaan het en vir ewig sal bestaan (1968: 68). Die vraag oor wie dan die werklike Skepper was van alles wat is (die antieke ruimtevaarders inkluis), wil die Ruimtevaarderteorie nie beantwoord nie. Dieselfde geld vir kosmologiese vraagstukke soos hoe intelligente lewe dan elders in die ruimte ontstaan en ontwikkel het (as dit nie op Aarde gebeur het nie).

Heeren (1995: 184) se kommentaar oor die Panspermia-hipotese is: "...(it) begs the question of how life originally began. If natural laws cannot explain how life began on this ideal planet, how can they explain the formation of life at any location?" Von Däniken (1977: 233) haal die Sweedse chemikus Svante Arrhenius (1859-1927) aan wat gesê het: "Life must have begun somewhere. ... With all respect, we must put a creator at the beginning of the circle, of even what we generally describe as God."

**(c) Die oorsprong van sentrale godsdienstige dogmas**

'n Vergelykende studie van universele temas en dogmas wat by verskillende godsdienste oor die wêreld voorkom, bring advokate van die Ruimtevaarderteorie by talle sake uit waarvan die herkoms deur die teorie verklaar word. Enkele prominente voorbeelde word hier genoem:

- **Die skepping**

Daar is verbasende raakpunte in verskillende godsdienste se kosmogoniese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oorleweringe. Dit kom universeel voor, ook in die oergeskiedenis van Genesis, dat die gode (*Elohim*) die Aarde aangetref het in 'n toestand van chaos. Die aarde word dikwels in godsdienstige skeppingsmites beskryf as 'n onvrugbare massa water en modder. Die godheid/gode het orde kom skep deur water en grond te skei[26], plante te vestig en diere (uit die hemel) te stuur. Later is die eerste mense op aarde gemaak (Von Däniken 1977: 100).

- **Liefde van die gode**

Die idee dat die gode die wêreld en die mensdom "liefhet" en goedgesind is teenoor hulle, is 'n universele tema in verskeie wêreldgodsdienste: "The 'Gods' are generally referred to as being helpful to mankind on Earth ..." en "...helped mankind to rise from their ashes by educating them and leading them" (Filotto 1995: 67; kyk ook Von Däniken 1968: 117). Hierdie godsdienstige konsep het in New Age-kringe weer na vore gekom. Steyn (1994: 189, 191) wys daarop dat talle New Agers glo dat ons "space brothers" die mensdom uit sy verknorsinge wil "red" en dat hulle vir ons omgee en ons wil help.

- **Die "hemel"**

Godsdienste praat universeel van "die hemel" as die woonplek van die engele en die gode. Die hemel word dan ook sonder uitsondering met die sterrehemel in verband gebring. Die gode kom uit die "hemel" (dus die hemelruim) en manifesteer dikwels in rook en lig (vergelyk die sg teofanie of verskynings van Jahweh in die Ou Testament). In die meeste godsdienste sal mense volgens antieke beloftes van die gode uiteindelik ook weer na die "hemel" terugkeer (Von Däniken 1968: 101; 1977: 104, 114, 74, 95, 343).

---

[26] Die konsep van "terraformering" wat oënskynlik onderliggend is aan dié oorleweringe is in 1.1.1.1. verduidelik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jessup (1956: 105) stel: "From the inception of the word 'Heaven' it has meant a region 'overhead', beyond the clouds." Aanvanklik het antieke waarnemers met hul beskrywinge probeer aandui vanwaar hulle "die gode" sien kom het. Mistiek is deur die eeue in die interpretasie van antieke oorleweringe ingedra (Jessup 1956: 106). As Jesus in Markus 13:31 sê dat die "hemel en die aarde verby sal gaan", het Hy volgens Jessup (1956: 116) duidelik nie 'n "metafisiese hemel" in gedagte nie. Hy praat gewoon van die aarde en die sterrehemel wat onderskei moet word van die "concept of an everlasting 'Heaven', which is the home of God and the souls which have departed from the carnate body" (Jessup 1956: 116).

Trench (1960: 72) bied 'n interpretasie vir die konsep van 'n "Nuwe hemel en 'n nuwe aarde". Hy is van mening dat die planeet Aarde slegs as 'n sone gebruik word waar Homo sapiens "onder kwarantyn" gehou word en dat die "gode" van tyd tot tyd sekere mense "oorplaas" na ander planete - 'n "Nuwe hemel en nuwe aarde"[27]. Vir hom verklaar dit die mitologiese oorleweringe van Bybelse tekste soos dié in Openbaring.

- **Lewe na die dood**

Die idee van 'n "lewe na die dood" is ook 'n universele godsdienstige gedagte wat aanhangers van die Ruimtevaarderteorie herinterpreteer. Met verwysing na die Egiptiese praktyk van mummifikasie vra Von Däniken: "... Where did the idea of immortality come from and how did people get the concept of corporeal reawakening in the first place? ... Did unknown intelligences already know the methods with which to treat bodies so that they could be revived ...?" (1968: 103). Hy vra ook: "Why ... did the ancients think that bodies prepared in this way achieved a state which would make reawakening possible?" (1968: 107). Von Däniken se hipotese is dat antieke mense die mediese tegnologie van antieke ruimtevaarders waargeneem, en dit op primitiewe wyse probeer naboots het.

[27] Daar is aangedui dat die New Age hipnoterapeut Dolores Cannon (1993, 1998) 'n soortgelyke hipotese propageer (vgl. 1.1.1.3).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Fisikus prof Frank Tipler, bied ook 'n ruimte-eeuse interpretasie van die "ewige-lewe konsep". In sy boek *The Physics of Immortality* postuleer hy 'n teorie wat dit moontlik sou maak vir intelligente lewe om fisies vir "ewig te leef". Hy glo "...life goes on forever if machines of some sort can continue to exist forever". Daar is reeds gewys op sy hipotese dat 'n futuristiese ruimteprogram van "intelligente robotte" gebruik sou kon maak wat die heelal kan "koloniseer" (vgl 1.1.1.3). Wanneer hierdie "robotte" deur die heelal begin versprei sou hulle as "draers van menslike intelligensie" in wese die menslike intelek "vir ewig laat leef". Tipler is van mening dat verskeie godsdienste waaronder die Bybel en Christelik-filosofiese opvattinge in dié verband, 'n soortgelyke idee verkondig, hoewel in baie primitiewe taal. Hy sê:

> There is actually an astonishing similarity between the mind-as-computer-program idea and the medieval Christian idea of the "soul". Both are fundamentally "immaterial": ... For Aquinas, a human soul needed a body to think and feel, just as a computer program needs a physical computer to run.
>
> (Tipler 1995: 127).

- **Die wet, sonde en gehoorsaamheid**

Respek en "vrees" vir die gode is nog 'n algemene godsdienstige oortuiging. Die "gode" het nog altyd "gehoorsaamheid" geëis en ook wette neergelê vir die mens. Von Däniken verklaar die oorsprong van hierdie dogma soos volg: "When (the gods) started their return flight, they told the natives that they would come back ... to punish anyone who did not obey the orders they had given ... Fear of what might come down from heaven drove people ..." (1977: 317).

Die gedagte kom wyd onder eksponente van die Antieke ruimtevaarder-teorie voor dat allerlei sondes, godsdienstige regulasies, wette en taboes antieke ruimtevaarders se "tegniek" was om die mensdom te manipuleer en onderdanig te hou (Trench 1960: 150; Bramley 1989: 3). Daar is in godsdienstige legendes sprake van pogings deur die gode

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"to block human access to important knowledge" en "to reduce human intelligence and intellectual vision"[28] (Bramley 1989: 124, 178).

- **Die wederkoms**

Die dogma dat die "gode" weer eendag na die Aarde sou terugkeer, dikwels met gepaardgaande oordeel oor die mensdom, is ook 'n tema wat wyd onder godsdienste verkondig word. Dit sluit vir sommige outeurs aan by die gedagte dat die ruimtevaarders die mensdom onderdanig wou hou. Outeurs soos Von Däniken (1977: 317), Filotto en Sitchin is egter oortuig dat daar meer agter die legendes skuil en dat ekstra-terrestriële besoekers die Aarde vir etlike millennia met bepaalde tussenposes besoek het en die een of ander tyd ook weer sal terugkeer na die Aarde.

Die wederkoms-konsep is in resente tye veral in New Age-kringe ontwikkel in 'n goed uitgewerkte nieu-eskatologie. Talle New Agers koester dan ook volgens Steyn (1994: 189, 191) se navorsing, 'n "wederkomsverwagting" en "redding" deur ekstra-terrestriële ruimtewesens (die "Space brothers").

Hiermee sluit ons dan hierdie bondige oorsig oor die uitgangspunte en postulate van die Antieke ruimtevaarder-teorie af. Ons fokus nou op die **bewysgronde** wat vir hierdie hipoteses aangebied word:

---

[28] Kyk bv. Genesis 2:16 en 3:24.

## HOOFSTUK 1.2

## SUBSTANSIËRING VAN DIE ANTIEKE RUIMTEVAARDER-TEORIE

Advokate van die Ruimtevaarderhipotese bied stawing vir hul uitgangspunte met bewyse en argumente uit 'n besonder wye veld[29]. Vroeëre advokate soos Jessup en Trench bou hul teorieë grootliks op die sogenaamde OVV-fenomeen[30]. Hulle glo dat die Bybel as "historiese bron" van OVV-waarnemings getuig. Eietydse outeurs soos Von Däniken en Filotto streef in 'n postmoderne gees na "multidissiplinêre navorsing" en na 'n meer holistiese siening. Hul argumente word daarom uit 'n heelwat wyer en meer "wetenskaplike" veld begrond wat die fisika, astrofisika, astronomie, biofisika, argeologie en die godsdienswetenskappe insluit.

Dit blyk dat die volgende argumente gebruik word as substansiëring vir die Antieke ruimtevaarder-teorie:

- Die OVV-fenomeen.
- "Omstandigheidsgetuienis".
- Argeologiese fondse en "fisiese oorblyfsels" op aarde.
- "Biologiese" argumente.

---

[29] In die natuurwetenskappe sou dit meer korrek wees om te praat van die **waargenome data** of **verskynsels** wat deur 'n bepaalde teorie verklaar word. In die geval van die Antieke ruimtevaarder-teorie bied outeurs hierdie data egter aan as "bewyse" vir hul teorie.

[30] **OVV = Ongeïdentifiseerde Vlieënde Voorwerp**: Die essensie van die term "UFO" (Unidentified Flying Object) is die feit dat waargenome voorwerpe "onidentifiseerbaar" was. Die gebruiklike afrikaanse afkorting "VVV" ("Vreemde Vlieënde Voorwerp") laat nie reg geskied aan hierdie onderskeid nie. 'n Meer letterlike vertaling word daarom in hierdie studie gebruik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Nuwere wetenskaplike navorsing.

- Antieke mites en godsdienstige oorleweringe.

Hierdie hoofpunte word nou onderskeidelik onder die loep geneem:

### *1.2.1 Die Ongeïdentifiseerde Vlieënde Voorwerp-fenomeen*

> ... The human race is as a flock of sheep, tended, carefully at times, and not so carefully at others, by a space dwelling race ... it has been our purpose to show that there is nothing new in UFO presence over and around our planet.
>
> (Jessup 1956: 53, 27)

"Ongeïdentifiseerde Vlieënde Voorwerpe" (OVV's) word gereeld in allerlei vorme rondom die aarde waargeneem. Daar was veral so 'n vlaag van waarnemings in die vroeë vyftigs. Verskeie Ruimtevaarderteorie-advokate het dan ook in hierdie tydperk hul werke gepubliseer. Omdat daar besliste patroonmatighede in OVV-waarnemings te bespeur is, verwys literatuur oor die algemeen na die OVV-aangeleentheid as 'n "fenomeen" (vgl Spencer 1997: 12).

Dit blyk dat OVV's reeds vir eeue waargeneem en gerapporteer is, maar dat daar tot op hede nog geen konsensus bestaan oor wat hierdie waarnemings presies verteenwoordig nie. Jessup (1955: 176) bied 'n historiese oorsig oor OVV-oorleweringe wat so ver teruggaan as 1504 vC[31]. Annable (1997: 386) sê hieroor: "The earth and the entire human race is, and has been, the subject of an intensive, ongoing survey by ET civilizations ... this extraterrestrial study had been going on for a very long time, possibly thousands of years ..."

---

[31] Phillips (1987) en Spencer (1997) bied beide volledige oorsigte oor OVV-waarnemings deur die eeue.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is vir OVV-advokate talle bewyse wat daarop dui dat ons voorvaders bewus was van OVV's as vreemdeling-besoekers. Daar is byvoorbeeld 'n skildery van Jesus se doop wat in die 15e eeu gemaak is deur 'n ene Piero Della Francesca. Op hierdie skildery word 'n "OVV" oënskynlik tussen die wolke uitgebeeld (Annable 1997: 387, sien ook Phillips 1987: 17).

Volgens Ruimtevaarderteorie-voorstanders verwys talle Bybelse tekste ook na OVV-belewenisse: Jessup (1956: 11) sê: "There is a causal common denominator for many of the Biblical wonders. ... This common cause is related to the phenomena of the UFO." Phillips (1987: 11,12) sê: "Some students of UFO history, claim that the most impressive UFO stories are found in the Bible – called by one writer "the greatest flying saucer book of them all."

Die algemene interpretasie is dat OVV-waarnemings deur die eeue niks anders as aktiwiteite van ekstra-terrestriële intelligensie verteenwoordig nie. Die OVV-fenomeen is daarom baie verwant aan die basiese postulate van die Antieke ruimtevaarder-teorie. Beide veronderstel ekstra-terrestriële aktiwiteit in en sedert die antieke verlede. Dit is daarom ook nie verbasend dat OVV's vir talle eksponente van die Ruimtevaarderteorie 'n belangrike aanhaakplek en vertrekpunt sou bied nie.

Von Däniken (1977: 289) sê dat min mense, waaronder selfs prominente wetenskaplikes, nog die bestaan van die OVV-fenomeen ontken. Aanvanklik was hy baie versigtig om OVV's as begronding vir sy teorie aan te wend. Hy sê in sy 1977 publikasie: "I am no UFO fan ... no one knows what the Unknown Flying Objects are" (1977: 289). Von Däniken beklemtoon: "I do not say that they ... belong to unknown intelligences ..." (1968: 141; vgl ook 1977: 19).

In sy 1997 publikasie *The Return of the Gods* is Von Däniken baie meer uitgesproke oor OVV's. Hierin herinterpreteer hy Bybelse gedeeltes om 'n nieu-eskatologie uit te werk waarin ekstra-terrestriële wesens ons planeet deur die geskiedenis op 'n gereelde basis besoek het (elke 3000-3500 jaar). Hy beweer ook dat so 'n besoek binnekort weer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te wagte kan wees. Volgens Von Däniken word daar "toesig gehou" oor die mensdom se ontwikkeling. In 'n onderhoud met die tydskrif *Xfactor* sê Von Däniken: "It might be that the UFO sightings of today are the ... 'gods' returning to earth" (Annable 1997: 626, 627).

Trench huldig ook dié teorie. Hy sê:

> ... The earth is going through another critical period in its chequered history. We are approaching most momentous times, and our extra-terrestrial visitors are coming back here once more in their space craft. Indeed, during the last twelve years hundreds of thousands of people all over the world have sighted these ships of light. They have been photographed, filmed and tracked on radar innumerable times.
>
> (Trench 1960: Inleiding).

Trench (1960: 145) vra waarom OVV's in die verlede slegs sporadies waargeneem is, maar dit in ons eie tyd "kommerwekkend" toeneem. Hy is van mening dat die tegnologiese ontploffing van ons tyd iets daarmee te doen het. In die laat veertigs was die ontwikkeling van die kernbom dikwels geblameer vir die toename in OVV-besoeke.

### *1.2.2 "Omstandigheidsgetuienis"*

> We find large amounts of 'circumstantial evidence' to support the theory...
>
> (Filotto 1995: 49).

Daar is heelwat voorbeelde van argumente wat advokate van die Antieke ruimtevaarder-teorie klassifiseer as "omstandigheidsgetuienis":

- Von Däniken begin deur 'n wye reeks "onverklaarbare verskynsels" te noem wat vir hom aantoon dat daar "ernstige gebreke" in ons huidige geskiedenisopvatting is en waarvoor die Antieke ruimtevaarder-teorie 'n beter verklaring bied. Enkele van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

prominentste voorbeelde wat hy as rede hiervoor noem is:

- Die **eiland "Elephantine"** in die Egiptiese Nyl wat so genoem is in die "mees antieke tekste", maar slegs soos 'n olifant lyk wanneer dit vanuit die lug waargeneem word. Dit is alleen verklaarbaar indien die vliegkuns eeue gelede reeds bestaan het en die eiland toe deur antieke mense vanuit die lug waargeneem was (Von Däniken 1968: 82).

- Die **"Piri Reis-kaarte"** van die wêreld is "eeue oud", maar onverklaarbaar akkuraat vir die tegnologie wat volgens ons huidige kennis op daardie tydstip vir kartograwe beskikbaar was. Die buitelyne van die kontinent Antarktika (wat eers onlangs onder die ys ontdek is) word volgens Von Däniken (1968: 82) reeds daarop aangedui.

- Daar is kolossale strepe en figure uit die lug waarneembaar op die **Nazca-vlaktes** in Peru, Suid-Amerika. Volgens Von Däniken het die antieke inboorlinge van Nazca geglo dat die lyne gemaak is deur "fiery chariots of the sky gods." Hulle het daarom ook die lyne met religieuse nougesetheid bewaar. Die reuse-tekeninge van menslike figure en diere is van antieke oorsprong en was volgens Von Däniken ongetwyfeld bedoel om uit die lug waargeneem te word (1968: 27).

- Die sogenaamde **"Sirius misterie"** word dikwels deur Ruimtevaarderteorie-outeurs opgehaal: 'n Franse antropoloog, Griuale, het in 1950 genotuleer dat hy vroeër by 'n primitiewe stam wat in Mali in Oos-Afrika woon (die Dogon) "onverklaarbare kennis" raakgeloop het oor die bestaan van die onsigbare metgesel van die ster Sirius. Hierdie ster (genaamd Sirius B) is 'n "wit dwerg" wat eers laat in die negentiende eeu deur astronome ontdek is. Volgens Dogon legendes was dié ster die plek van "herkoms" van hulle voorvaders. Hulle het dan ook 'n komplekse mitologie rondom die onsigbare ster geweef. Hoe 'n primitiewe Afrikastam kennis sou dra van die feit dat Sirius eintlik deel van 'n binêre stelsel is waarvan een 'n heeltemal onsigbare ster is, word vir aanhangers

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

goed deur die Ruimtevaarderteorie verklaar (Von Däniken 1977: 80v; kyk ook Temple 1999).

Filotto noem ook enkele voorbeelde van wat hy as "omstandigheidsgetuienis" beskou:

- 'n Perfekte **kubus van staal** wat ongetwyfeld van intelligente oorsprong is, is in 1885 in Oostenryk in 'n stuk steenkool gevind (Filotto 1995: 295; ook Jessup 1955: 28v, 88).

- Daar is talle antieke **kunswerke, hiërogliewe en rotstekeninge** waarop afbeeldings van vlieënde voorwerpe voorkom waarvan die betekenis oor die eeue steeds onverklaarbaar gebly het (Filotto 1995: 41, 42).

- Filotto (1995: 19) bou sy weergawe van die Ruimtevaarder-hipotese ook op so 'n "omstandigheids-argument" naamlik die sogenaamde **"gesig" en "piramides" op Mars**. Hierdie strukture op die planeet is in 1971 deur die Viking 1 interplanetêre ruimtetuig gefotografeer. 'n Struktuur met die trekke van 'n menslike gesig is later deur wetenskaplikes waargeneem in die omgewing van, wat lyk na, 'n aantal piramides. Naas Filotto is outeurs soos Hancock en Bauval (1998) ook voorstanders van die teorie dat hierdie strukture "kunsmatig" van oorsprong is en dat dit dui op die werk van intelligente wesens wat Mars in antieke tye besoek of bewoon het. Dit was moontlik dieselfde wesens wat die piramides op ons eie planeet opgerig het.

Ons volstaan met hierdie voorbeelde van dié groep bewysplaatse.

### *1.2.3 Argeologiese getuienis en "fisiese oorblyfsels" op aarde*

> In some places the extra-terrestrials deposited physical signs of their presence on Earth.
>
> (Von Däniken 1977: 36).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aanhangers van teorieë wat glo dat ruimtewesens die Aarde in vergange tye besoek het, verwys dikwels na "**wondere van die antieke wêreld**" en **argeologiese fondse** wat moderne wetenskaplikes sou "verstom". Verskeie boeke is geskryf waarin outeurs aanvoer dat sommige argeologiese fondse nie verklaarbaar is volgens huidige opvattinge oor die tegnologiese vermoëns van antieke mense nie. Daar is sprake van "Past technology which is superior or at least equal to our present one" (Filotto 1995: 48). James (1992: 138) sê: "...every now and then an object turns up that completely surpasses all previous estimates of an ancient culture's technical skill". Jessup (1955: 87) sê: "We cannot forever ignore the immense antiquity of some archaeological items ... These things prove either or both ... there was a vast and advanced civilization on earth in those distant times; or those articles have come from space via ships, or from scattering of debris in space."

Uit die talle wat outeurs noem, word slegs enkele van die prominentste voorbeelde hier bespreek:

- Die **piramides by Giza in Egipte** kom dikwels in literatuur na vore[32]. Steyn (1994: 164) stel: "The Great Pyramids, have long served as the beacon for remembrance of our starry origins and contain the key for our homeward journey." Wat vir outeurs veral merkwaardig is, is die ongelooflike akkurate uitleg van die piramides en die feit dat dit duidelik volgens astronomiese oorwegings gedoen is. Die Groot piramide te Giza getuig oënskynlik van konstruksiemetodes en tegnologie waaroor mense drie millennia gelede nie kon beskik nie (Von Däniken 1968: 95-101; kyk ook Filotto 1995: 75, 78). Verskeie skrywers meen dat die mensdom selfs met huidige tegnologie beswaarlik die Groot piramide sou kon nadoen (vgl James 1992: 139). Die verklaring is dat die piramides nie deur gewone mense gebou kon gewees het nie of dat hulle hulp van 'n gevorderde ekstra-terrestriële beskawing moes gehad het.

---

[32] Sien die boeke deur R. Bauval (1997), G. Hancock, R. Bauval & J. Grigsby (1998), Charles Berlitz (sa) se *Mysteries from Forgotten Worlds* en Filotto (1995) oor die piramides te Giza.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die teorie wat dikwels gepropageer word is dat die piramides by Giza, asook die Sfinks, heelwat ouer as die algemeen aanvaarde 4500 jaar is. Outeurs soos Peter Lemesurier en Robert Bauval (1994) bereken op grond van die astronomiese plasing van die drie Giza-piramides (wat ooreenkom met die sterrebeeld van die Orion[33]) die ouderdom op rondom 10500 jaar. Dit wil sê dat die Egiptenare dit nie self kon gebou het nie, maar dit bloot as reeds antieke strukture aangetref het tydens hul volksmigrasie na Egipte. Die oudste piramides was ook nie bedoel as grafkelders vir Egiptiese konings nie (dit is moontlik veel later eers daarvoor aangepas), maar was oorblyfsels van 'n ekstra-terrestriële beskawing – moontlik 'n lanseerplatform of 'n monument van hul teenwoordigheid op die Aarde (Filotto 1995: 132). In New Age-kringe word selfs gepropageer dat die piramides "kosmiese hekke" (stargates) is wat op misterieuse wyse toegang verleen tot ander tyd-ruimtelike dimensies (Steyn 1994: 164).

- Die antieke mensdom se **kennis van metale en allooie** (waarvan 'n paar voorbeelde die toets van tye oorleef het), is nog 'n gewilde argument: In die 1970's het argeoloë in Bulgarye 'n opspraakwekkende reeks ontdekkings gemaak van die neolitiese Karanovo kultuur wat rondom 4500 vC hier geleef het. In 'n tydperk waarin wetenskaplikes van mening was dat die mensdom nog geen kennis van metale gehad het nie, het Karanovo grafte die suiwerste goud- en koper-juwele asook wapens opgelewer (James 1992: 138).

  Nog 'n voorbeeld is 'n roesvrye "vleklose staal-allooi" pilaar (die Kulb Minar pilaar) wat na bewering ouer as 4000 jaar is, in die voorhof van 'n tempel in Delhi (Von Däniken 1968: 43, 92; vgl ook Filotto 1995: 295).

James (1992: 139) konkludeer oor hierdie voorbeelde van gevorderde antieke tegnologie:

---

[33] Die bekende sterre bekend as die "drie konings" wat die Boogskutter se gordel uitmaak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ...much of the advanced knowledge we proudly believe is peculiar to our modern world may have been available...even thousands of years ago- including sophisticated metallurgy, surgical operations, the use of electricity and heavier-than-air-flight. If we take into account the myths of the "gods" who taught Man the arts and sciences, then the case for extra-terrestrial intervention in Man's early history almost begins to look plausible.

### *1.2.4 "Biologiese" argumente*

> Where did man get his exceptional abilities from? ... Extra terrestrials had brought to the earth the knowledge ... and ... they made our ancestors become intelligent by manipulations of the genetic code.
>
> (Von Däniken 1977: 263).

Terwyl die meeste advokate van die Ruimtevaarderteorie baie versigtig vir hierdie standpunt is, beskou Von Däniken die mens as "skepsel van die gode" as fundamentele bewys vir sy teorie. Hy sê: "Man himself as the only intelligent organism on this planet is the proof of extra-terrestrial intervention in evolution on earth" (1968: 286).

Die argument begin by die blote bestaan van lewe as sodanig. Na ingewikkelde matematiese berekeninge konkludeer Von Däniken oor die "toevallige ontstaan" van lewende selle soos evolusioniste dit propageer:

> ... It is not only the chemical and physical laws that contradict the chemical reactions in the primal sea ... Mathematical probability, or more accurately improbability, also precludes them. Each individual coupling by molecules would be the purest chance. But if in addition molecules combined with each other – and that is the necessary sequence, the series of chances would be raised to the nth power. ... Belief in miracles is incompatible with science.
>
> (Von Däniken 1977: 219).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die bestaan van organiese molekules in die ruimte is reeds sedert 1973 bekend en dit maak die hipotese dat lewe uit die ruimte na die Aarde "geïmporteer" is, volgens Von Däniken baie waarskynlik. Vir hom verteenwoordig dit 'n "intelligente plan" agter die bestaan van lewe op aarde wat baie meer oortuigend is as die "toeval-teorie" van die evolusionisme.

Von Däniken ontken nie die geldigheid van evolusie as 'n proses nie. Hy sê: "Once they have planted such germs, evolution – without the help of chance! – unfolds almost automatically" (1977: 232). Dit kan nie anders wees nie, omdat alle lewe op aarde voortplant, ontwikkel en sterf volgens dieselfde genetiese kode.

Von Däniken is egter ook skepties oor die Evolusie-teorie se verklaring dat nuwe spesies uit die basiese mikroörganismes kon ontstaan het (1977: 236). Die vooruitgang vanaf mikroörganisme na vis, na amfibiër, na reptiel en na soogdier was met net te groot spronge. Von Däniken is ook onseker oor evolusie se hipotese dat mutasies die oorsprong van nuwe spesies verklaar en vra: "All the hundreds of species ...stemmed from one and the same family but they could not mate with one another!" (1977: 246). Hy voer teenargumente aan soos dat uit meer as 20 000 spinnekop-spesies nie een met die ander kan paar nie (1977: 242).

Von Däniken se konklusie is die volgende:

> Since neither animals, nor plants, nor even man can have originated from a total vacuum, and since a real event must have real originators, all that remains is the hands of extra-terrestrials, whom people called "gods" in the oldest traditions. A planned creation can only have become from thinking brains of intelligent beings with a standard of knowledge far above our own. ... I consider that this much is certain: we did not originate by ourselves and by chance!"
>
> (Von Däniken 1977: 280).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### *1.2.5 Nuwere wetenskaplike navorsing*

Die vooronderstellings waarby die Antieke ruimtevaarder-teorie staan of val, is **enersyds** die aanname dat die Aarde nie die enigste planeet in die kosmos is waarop lewe in die algemeen en intelligente lewe in die besonder voorkom nie. Trouens, vir ruimtevaarders om in prehistoriese tye reeds die wêreld te kon besoek, moes hul beskawing toe reeds die mensdom van vandag tegnologies millennia vooruit gewees het. **Andersyds** veronderstel die teorie dat die skynbaar onmoontlike lang afstande tussen die Aarde en selfs die naaste van sy naaste buursterre waar ander intelligente beskawings sou kon ontwikkel, wel deurreisbaar moet wees en dat dit in ons oerverlede reeds so was.

Terwyl antwoorde op hierdie vrae vir die mensdom so min as 50 jaar gelede nog heeltemal duister was, voer advokate van die Antieke ruimtevaarder-teorie aan dat tegnologiese en wetenskaplike vooruitgang die afgelope dekades, die vooronderstellings van die teorie al hoe meer ondersteun[34]. Ons kyk vervolgens afsonderlik na hierdie vooronderstellings:

#### 1.2.5.1 Lewe in die heelal

In 1956 het Jessup oor lewe buite die Aarde se biosfeer opgemerk: "In this regard science has been more dogmatic than the Church." (1956: 54). Trench (1960: 33) sê dat die wetenskap van sy tyd glo "... protoplasmic life exists naturally nowhere else in the universe".

Hierdie persepsie het begin verander sedert die vroeë sewentigs. In 1972 is "organiese" molekules (molekules met een of meer koolstofatoom) in die ruimte ontdek. Hierdie molekules is die basiese boustene van lewende wesens. Von Däniken argumenteer dat primitiewe blou alge wat kon fotosinteer reeds voorgekom het in

---

[34] Dit blyk dat die meeste moderne wetenskaplikes ook met hierdie stelling saamstem (kyk 1.3.1).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

rotsformasies wat 3.5 miljard jaar oud is. In daardie tyd het die aarde se atmosfeer bitter min suurstof bevat, wat die gehardheid en aanpasbaarheid van lewe demonstreer (1977: 231, 235). As organiese molekules hier kon ontwikkel, sou dit ook elders in die kosmos kon gebeur. Meteoriete wat mikroskopies ondersoek is, het teen 1977 bewys dat die boumateriale vir lewe ook op ander hemelliggame teenwoordig moet wees. Die Amerikaanse biochemikus Cyril Ponnaperuma van NASA het 17 aminosure in 'n meteoriet ontdek waarvan die spirale na regs draai. Aminosure wat op Aarde voorkom se spirale draai almal na links, wat bewys dat dit van ekstra-terrestriële oorsprong moet wees (Von Däniken 1977: 24).

### 1.2.5.2 Buite-aardse intelligensie

> When and how did it become unrespectable to accept life and intelligence in the celestial vault around us ...?
>
> (Jessup 1956: 54).

Von Däniken (1977: 22) sê dat, terwyl die meeste wetenskaplikes in 1955 dit nog nie sou oorweeg het nie, talle wetenskaplikes in 1977 oortuig was dat die ontdekking van intelligente lewe in die kosmos voor die deur was. Hy verwys na die bekende uitlatings van dr Frank Drake, die vader van die SETI-projek, wat beweer het: "It is almost certain that radio messages from extra terrestrial civilisations are reaching earth at this minute." Prof Carl Sagan se berekeninge dat daar omtrent een miljoen "highly developed civilisations" in ons melkwegstelsel alleen moet wees, het die verwagtinge verder aangevuur. As lewe op aarde in enkele miljard jaar kon ontwikkel tot op die intelligensievlak van die mens, sou dit ook elders in die kosmos kon gebeur waar galaktiese sisteme drie keer ouer as ons sonnestelsel bestaan[35]) (Von Däniken 1977: 22).

[35] Ons sonnestelsel is volgens geleerdes slegs sowat 5 miljard jaar oud terwyl die ouderdom van die heelal op ongeveer 15 miljard jaar geskat word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.2.5.3 Die "geestelike wêreld" in die lig van die moderne Fisika.

> Nothing is supernatural, for nothing that exists can be outside nature ...
>
> (Jessup 1956: 10).

Alle godsdienste propageer as uitgangspunt dat daar 'n werklikheid bestaan wat nie deel van ons fisiese werklikheid is nie. Die bestaan van "entiteite" wat van "buite-aardse" oorsprong is, word ook algemeen in godsdienste aanvaar. In godsdienstige taal word na hierdie bestaansvorme as "geestelike wesens" verwys. Eksponente van die Antieke ruimtevaarder-teorie glo dat moderne kennis, veral die Fisika, nuwe lig op hierdie sake werp (kyk Steyn 1994: 204; ook Tipler 1995).

Jessup sê dat "bo-natuurlike verklarings" vir die wetenskap onaanvaarbaar is. Die "bo-natuurlike" is vir die wetenskap bloot 'n vorm van "fisiese verskynsels" wat volgens "onbekende fisiese wetmatighede" funksioneer (Jessup 1956: 10, 30, 45). Jessup glo dat die Bybel dit self presies so in primitiewe taal aan die mens probeer oordra (1956: 54).

Trench (1960: 166) gebruik 'n soortgelyke argument om te oordeel oor die "wonderwerke" waarvan die Bybel getuig. Hy stel: "The definition of a miracle is a setting aside of the laws of Nature." Dit is volgens Trench 'n onmoontlikheid waarin hy nie glo nie. Hy sê: "I do believe in unsuspected natural laws of which we know little or nothing ... Religion and science are really one. The laws of life are scientific and scientific laws are fundamentally spiritual" (1960: 194). Trench is daarom oortuig dat die moderne natuurwetenskap een van die basiese postulate van die teorie ondersteun naamlik dat die "gode" en "hemelse wesens" waarvan godsdienstige tekste gewag maak, bloot fisiese wesens uit ander tyd-ruimtelike dimensies was.

By latere eksponente (veral dié uit New Age-kringe) kom die opvatting dat die moderne Fisika die idee van 'n geestelike wêreld ondersteun en dat geestelike en fisiese wette fundamenteel dieselfde is, weer dikwels voor (kyk Steyn 1994: 116-121, 124,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

209). Die sogenaamde "Watcher"-groep bou hul weergawe van die Antieke ruimtevaarder-teorie daarop dat Genesis 6:2 se "hemelwesens" demone was. Hierdie demone het met antieke mense gemeenskap gehad het om 'n "bose geslag" (die *Nefilim*) tot stand te bring. Ons vind hier 'n eienaardige "vermenging" van "geestelike" en "fisiese" wêrelde wat blyk in New Age-kringe nie ondenkbaar te wees nie:

In die Watcher-groep se webblad word gestel:

> The Bible says that the b'nai Elohim (Genesis 6:2) (angels, sons of God) were ministers of creation, from before the worlds (Job 38:7). Before a third of the heavenly host rebelled, they were stewards of creation, building civilizations on the terrestrial planets of our solar system. Because of his rebellion, Satan was destroyed from the planets, where he had reigned over literal material kingdoms.
>
> (www.mt.net/~watcher).

John Day se artikel getiteld *Messages from Above* (in Annable 1997: 505) handel oor die "paranormale". Hy sê: "The late 20th century has seen an explosion in communications from spirit entities who 'channel' cosmic wisdom from higher realms ..." Sogenaamde "channellers" (of "mediums") sê onder andere dat hulle gereeld kommunikeer met "extraterrestrials from far off star systems". In New Age-denke (veral waar dit deur Boeddhistiese opvattinge beïnvloed is) word die "vermenging van dimensies" dikwels aangetref. In 'n boek oor "Astrale reise" word 'n Boeddhis, A. Prabhupada, byvoorbeeld soos volg aangehaal:

> The yogi can transfer himself to any place in the material world ... If the yogi is curious to know what the moon is like, he can transfer himself there, or if he is interested in higher planets, he can transfer himself there, just as travellers go to New York or other cities on earth.
>
> (Prabhupada 1972: Inleiding).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.2.5.4 Ruimtereise deur die kosmos

Tot en met die begin van die vyftigs was die moontlikheid van reise in die ruimte as "wetenskapsfiksie" en 'n "onmoontlike droom" beskou. Die suksesvolle ruimteprojekte van die VSA en Rusland het sedertdien hierdie persepsies laat verander. Die verwagting is aangemoedig dat die mens binnekort oor die tegnologie sou beskik om selfs interstellêre reise te onderneem. Von Däniken wy 'n groot gedeelte van sy boek van 1977 aan argumente waarin die moontlikheid en waarskynlikheid van lang interstellêre reise bespreek word (kyk 1977: 43, 48, 283). Hy glo dat moderne ruimte-tegnologie verskeie moontlikhede bied vir hoe moderne ruimtevaarders (en daarom ook antieke ruimtevaarders) die skynbaar "onmoontlike lang afstande"[36] deur die kosmos sou kon aflê. Von Däniken voer aan dat:

- Snelhede naby die van lig bereikbaar is met kernvuurpylmotore (waarvan die tegnologie reeds grootliks in die VSA ontwikkel is).

- Selfonderhoudende "ruimtekolonies" in reusagtige "vlieënde stede" vir baie lang tydperke reisend deur die kosmos sou kon bestaan.

- Ruimtereise in die konteks van "tydsrekking" ('n konsekwensie van Einstein se teorie van relatiwiteit) 'n al groter waarskynlikheid word (1977: 28, 201).

Filotto (1995: 4-18, 343) bied 'n oplossing vir interstellêre ruimtereise uit die teoretiese fisika. Hy spekuleer oor die moontlikheid van "anti-gravitasie" as aandrywingsmoontlikheid. Die konsep word, volgens hom, beslis deur OVV's (en oer-ruimtevaarders) gebruik. Volgens Filotto het die Russiese wetenskaplike, Nikola Tesla, byna 'n eeu gelede in geheimhouding met anti-gravitasie geëksperimenteer en dit volgens ooggetuies ook bemeester.

---

[36] Joubert (1997: 129, 130, 162,164, 255) dui aan dat wetenskaplikes van mening is dat dit steeds die grootste belemmering vir toekomstige ruimte-eksplorasie in die heelal is (vgl ook Filotto 1995: 7).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Zecharia Sitchin se Antieke ruimtevaarder-model is een van min waarteen die beswaar oor afstand nie ingebring sou kon word nie. Soos genoem (vgl 1.1.1.1) is Sitchin van mening dat antieke ruimtevaarders nie van naburige sterrestelsels afkomstig was nie, maar vanaf 'n planeet wat deel van ons eie sonnestelsel uitmaak ('n "twaalfde planeet" genaamd *Marduk*). Die wentelbaan van hierdie planeet is egter so ellipties dat dit slegs elke 3 600 jaar in ons deel van die sonnestelsel inbeweeg. Hy begrond sy teorie met 'n interpretasie van antieke Sumeriese geskrifte (Sitchin 1976: 173, 249).

Jessup (1955: 95, 175) glo ook in 'n hipotese wat bestand is teen die afstand-beswaar. Hy sê:

> ... Some very early race, 200 000 years ago ... developed space flight, and after the cataclysm of 12 000 years ago may have chosen to stay in space ... Such a hypothesis relieves us of having to assume the UFO's of today must necessarily come from another planet or another star.

### *1.2.6 Antieke mites en godsdienstige oorleweringe*

> Points which would substantiate or disprove this general theory can be found mainly in: Legends, myths and ancient scripts of such a `mythological' nature. Enough of this evidence exists that it cannot be ignored ...
>
> (Filotto 1995: 68).

Die godsdienstige oorleweringe en geskrifte van talle kulture is eeue oud. Von Däniken het hom daarop toegelê om die "heilige geskrifte" van kulture om die wêreld heen te ondersoek (1977: 170). Die Bybel is vir hom 'n belangrike voorbeeld van 'n antieke versameling "mites, legendes en verhale". Hy beweer dat daar vele "onverklaarbaarhede" in godsdienste se oorleweringe voorkom. Godsdienstige literatuur maak dikwels melding van vlieënde "waens" en "-skepe" (dikwels metaal-kleurig) waarmee die gode sou "gereis" het. Hierdie vaartuie, word berig, is deur "wind" en "vuur" aangedryf (Von Däniken 1968: 73; 1977: 162). Von Däniken meen dat hy orals

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

blyke gevind het van sulke "heavenly vehicles ... which... suddenly appear in the ancient books of mankind in all four corners of the world" (1977: 170).

Trench het in 1960 reeds tot dieselfde bevinding gekom. Hy sê: "The Chinese are convinced their ancestors arrived on the back of a Fiery Dragon from the direction of the Moon. ... The Japanese say they are descended from people who came from the Sun. ... The Egyptians learned their civilisation from divine kings whose symbol is a disc with wings..." (Trench 1960: 203).

In 1997 is antieke Indiese tekste vir die eerste keer ontsyfer aan die Calcutta universiteit. Daarin word klaarblyklik, in geen onduidelike taal nie, vertel van reusagtige "skepe" wat die Aarde millennia gelede "omsirkel" het. Die skepe het nooit geland nie, maar het kleiner vaartuie (genaamd *vimanas*) uitgestuur, wat baie soos moderne vliegtuie beskryf word. Volgens dié tekste was die mense van die tyd vreesbevange oor die skaduwees van hierdie skepe oor hul valleie (Annable 1997: 626).

Naas berigte van vlieënde vaartuie, is daar in antieke tekste ook sprake van kennis waaroor primitiewe mense nie veronderstel was om te beskik nie. Dit blyk dat antieke skrywers byvoorbeeld bewus was daarvan dat die aarde 'n ronde planeet is en dat dit om die son wentel. Hierdie verskynsels sou eers eeue later ontdek word (kyk Von Däniken 1968: 73, 1977: 162).

Von Däniken vind ooreenstemmende oorleweringe by die Eskimos, die Amerikaanse Rooihuid-sages, die Majaanse *Popol Vuh*-tekste, die Inkas, Noorweegse, Nordiese en Germaanse sages, Sumeriese, Akkadiese, Babiloniese en Egiptiese tekste, in die antieke Indiese *Mahabharata* en *Ramajana*, die Tibetaanse *Tantyua* en *Kantyua*, Griekse en Romeinse mitologieë, mites uit Guatemala en Yucatan, godsdienstige tekste van die Sumeriërs, die apokriewe en apokaliptiese literatuur van die ou Nabye Ooste en die Dooie See-rolle en laaste, maar nie die minste nie - die Bybel. Von Däniken agiteer dat as oorleweringe regoor die wêreld in soveel opsigte ooreenkom, sy gegewens nie almal op vertaal- en interpretasiefoute kan berus nie, maar dat daar bepaald

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarheidselemente in die Ruimtevaarderhipotese moet steek (1968: 79, 87-88).

Von Däniken sê: "With modern technological knowledge we can sift out the hard core of truth from the traditions" (1977: 108)[37]. Hy identifiseer 'n aantal "universele kernwaarhede" wat in die meeste mitologieë en godsdienstige volksoorleweringe voorkom en sê:

> The creation myths of people all over the world resemble each other closely. The oldest gods responsible for creation always come from space. The early gods have flying apparatuses ... The gods of creation make the blue planet inhabitable. They provide ... flora and fauna and produce intelligent men ... teached the first intelligent men ... Ancient gods always return home to the universe when their work is done and promise to come back again.
>
> (Von Däniken 1977: 289).

### 1.2.6.1 Die Bybel as bron in die Antieke ruimtevaarder-teorie

> ... We have drawn on innumerable old records in which data were recorded objectively but with no knowledge as to their meaning. Chief and most authoritative source for this information is the Holy Bible ...
>
> (Jessup 1956: 27, 28).

In 'n artikel *UFOs and the Bible* skryf dr R. Ellwood: "...more emphasis in this connection has been placed on the Christian Bible than any other source" (Story 1976: 121). Dat die Bybel die enkele mees gewilde bron uitmaak in die soeke na begronding vir die Ruimtevaarderteorie, blyk daaruit dat byna elke eksponent van die teorie in

---

[37] Die "tegnologiese interpretasie" van antieke tekste word dikwels deur Ruimtevaarderteorie-eksponente so genoem. Bramley (1989: 36) sê dat 'n nuwe term uitgevind moes word om hieroor te kon skryf en praat ook van die "high tech gods" van ouds.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meerdere of mindere mate daarvan gebruik maak:

- Von Däniken (1968: 49) glo: "(The Bible) ... is the nearest thing which we have to an encyclopedia of those written memories which have trickled through the time barrier ..."

- Filotto (1995: 303) sê: ".... the Bible is in fact ... a collection of older "myths". And ... I do feel that there may be more truth to these "myths" than has perhaps ever been supposed before."

- Phillips (1987: 12) sê: "Some students of UFO history, claim that the most impressive UFO stories are found in the Bible – called by one writer 'the greatest flying saucer book of them all'".

Jessup (1956) reageer in sy boek *UFO and the Bible* op talle suggesties dat Bybelse verwysings en verwante beskrywings van wonderwerke en bo-natuurlike gebeurtenisse, histories akkuraat is en verband hou met die OVV-fenomeen. Hy ondersoek ook die moontlikheid dat sodanige verklarings die "ware agtergrond" van die Bybelse geskiedenis verteenwoordig: "The Bible is filled with events which are commonly called miracles ... because it could not be "explained". ... At what time in history has there existed enough background knowledge to make a ... rational interpretation of the Bible?" (1956: 10, 125). Jessup stel: "The theme of bright lights... and the appearance of paranormal entities runs profusely through the Bible ... God, Angels, Messengers, Voices, appeared as, in or with brilliant lights" (Jessup 1956: 32). Jessup poog " ... to rationalize and substantiate the Bible in the light of modern science and common sense ... It is my purpose to show that: (1) There is a causal common denominator for many of the Biblical wonders, (2) this common cause is related to the phenomena of the UFO ... (1956: 9,10).

Von Däniken sê: "The Bible can be considered a physical record ..." en "... the Bible means literally and physically exactly what it says!" (1968: 45). "There has recently

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

been a trend toward a revived belief that the Bible could and should be interpreted literally. The trend develops with the growth of our enlightenment about our cosmic environment ..." (1968: 126). Von Däniken sê ook: "... I believe that a great deal of what has been called "miraculous" in the scriptures ... is open to rational and physical explanation ..." (1968: 49). Al wat volgens hom nodig is, is "... a reinterpretation of straightforward statements in the Bible, based on reasonable postulates of space-life and space-intelligence ..." (1968: 49).

Sitchin is ook oortuig van die "historiese akkuraatheid" van Ou Testamentiese tekste. Hy stel: "Archaeological finds and the deciphering of Sumerian, Babylonian, Assyrian, Hittite, Canaanite and other ancient texts ... confirmed the accuracy of the biblical references to the kingdoms, cities, rulers, places, temples, trade routes, artefacts ... and customs of antiquity" (1976: vii). Sitchin glo daar is "a sound foundation of fact, not myth, under the related tales of Divine Encounters" (1996: 24). Hy bou sy weergawe van die Ruimtevaarderteorie grootliks op 'n interpretasie van antieke Sumeriese bronne van die Bybelteks:

**Die Sumeriërs** is 'n volk wie se naam meer as een keer opduik in werke oor die Antieke ruimtevaarder-teorie[38]. Volgens Sitchin (1976: 23, 40, 49) is die Sumeriërs die oudste gevorderde beskawing aan ons bekend (5000-3500 vC) en nie alleen die voorvaders van die Semitiese volke nie, maar ook van ons moderne beskawing. Sitchin sê: "... To this day scholars have no inkling who the Sumerians were, where they came from, and how their civilization appeared ... suddenly, unexpected, and out of nowhere" (1976: 49).

Die Sumeriërs se godsdiens (gebaseer op "gode van die hemele") was volgens Sitchin die oer-oorsprong van latere Semitiese godsdienste, waaronder ook die wat neerslag gevind het in die Ou Testament (Sitchin 1976: 88v). Klassieke Hebreeus het afgestam van Akkadies (die eerste "Semitiese" taal) wat op sy beurt weer van Sumeries

---

[38] Vergelyk Von Däniken (1968: 39, 58, 62-67), Filotto (1995: 285, 302) en Bramley (1989: 36v).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afkomstig was (1996: 28). Die konsep van "hemelse gode" is tot vandag toe 'n predominante tema in godsdienste oor die wêreld heen, en afkomstig van die Sumeriërs. Die naam van die hoofgod van Sumer "*ENLIL*" (die kommandeur) was ook die oorsprong van die latere Semitiese naam vir "God" (*IL*) wat ook in die Ou Testament gebruik word (1976: 97). Die verwysing in Genesis 11: 2 na die land "*Sinar*" is volgens Sitchin (1996: 7) 'n latere variant van die oorspronklike "*Sumer*" (Sumerië)[39]. 'n Reeks antieke Sumeriese spykerskrif-tablette genaamd *Die Epos van die Skepping* (*Enuma Elish*) is duidelik die oerbron waarvan die Bybel se skeppingsverhale en die oergeskiedenis van Genesis1-9 ook afkomstig is (Sitchin 1976: 41, 44; 1996: 7; vgl ook Von Däniken 1978: 110).

Sitchin konkludeer: "It is to ancient Sumer that we have to go to understand the Biblical tale of Creation and the ancient Near Eastern record of Divine Encounters; for it was there, in Sumer, that the recording of those events began" (Sitchin 1996: 7).

Dit is dan juis ook die skeppingsverhale en die oergeskiedenis van Genesis (en vir Sitchin die oerbronne daarvan) wat baie belangrike ("historiese") insigte bied en as van die gewigtigste begrondings vir die Antieke ruimtevaarder-teorie beskou word:

**Die Oergeskiedenis van Genesis**

- Die Skeppingsverhaal (Gen 1)

Die oergeskiedenis van Genesis begin met 'n verhaal van **die skepping van die wêreld**. Hoewel die taal primitief is, laat die "absolute geologiese, biologiese en evolusionêre akkuraatheid" agter die storie, dit onwaarskynlik klink dat primitiewe mense (wat geen benul van die kosmos en die werking van die natuur gehad het nie) dit sou kon uitdink (Von Däniken 1977: 211v.). Sitchin glo dat daardie "kennis" in die Genesis-verhaal van

---

[39] Die Hebreërs se oeroorsprong lê volgens Bramley (1989: 73) by 'n groep ('n "clan") wat in die Sumeriese stad Ur gewoon het (vgl Gen 11:31).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Sumeriese oerbronne stam.

Die Sumeriërs het vele interessante "tegnologiese" feite oor die skepping, biologie, evolusie en die werking van die kosmos oorgelewer (vgl ook Filotto 1995: 285v). Sitchin verwys na die Sumeriërs se kennis van "...celestial bodies that make up our solar system ...". Hy glo "the so called Sumerian myths ... are, in fact, precise and scientifically plausible cosmologic concepts regarding the creation of our solar system" (Sitchin 1976: 88, 302).

- Die Tuinverhaal (Gen 2-3)

Verskeie Antieke ruimtevaarder-propageerders werk uitgebreide interpretasies van die Genesis oergeskiedenis uit. **Trench** was van die eerste persone wat so 'n "tegnologiese interpretasie" van Genesis 1-3 gemaak het. Dit word kortliks hier saamgevat:

Trench meen dat Genesis 1 en 2, as twee aparte skeppingsverhale, na die skepping van heeltemal verskillende soorte "mense" verwys. In Genesis 1:27 word vertel dat God (*Elohim*) (wat Trench die "Universal Spirit" noem) die mens as sy verteenwoordiger in die kosmos gemaak het. Hy noem hierdie "mens" (wat ook na die Skepper se "beeld" gemaak is) "Galactic Man". Laasgenoemde is volgens Trench 'n spesie "hemelse wesens" wat hulle op planete regdeur die kosmos gevestig het. Dit het gebeur lank voordat *Adam* in Genesis 2:7 "geskep" is met sy "earth-animal body" en wie Trench "Animal Man" noem (1960: 24, 32).

Uit die feit dat God in Genesis 2 "*Jehova*" genoem word, lei Trench af dat "Animal Man" (*Adam*) nie deur dieselfde God as die een waarna in Genesis 1 verwys word naamlik "the Universal Spirit" (*Elohim*) geskep is nie. "Animal man" is geskep deur 'n rebelse lid of lede van "Galactic Man" bekend as "*Jehova*". Dit het gebeur tydens 'n besoek aan die Aarde. Die Aarde was 'n "woestyn" (Gen 2:5) en "Galactic Man" is hierheen gestuur om **'n landbouprojek** van stapel te stuur. Hulle het met besproeiing 'n groot tuin ("'n artificially prepared park" en 'n "agricultural reserve") geskep (vgl Gen 2:8) (Trench 1960: 38, 44). "Animal Man" is "teen die beleid in", deur die rebel *Jehova*

geskep (met genetiese manipulasie) om as arbeider om die tuin te werk (Gen 2:15). Die werkers het later probleme begin gee en "... in the belief that association with them would relieve their boredom and keep them happy ..." is vroulike maats uit weefsel van die *Adam* "gekloon" (Gen 2:18-20). Hier is volgens Trench duidelik sprake van 'n "genetiese eksperiment" (1960: 41).

Die primitiewe wese wat die *Jehova* gekloon het was nie veronderstel om te kon voortplant nie (vgl Gen 3:1-3). Ander lede van "Galactic Man" wat buite die Tuin gewoon het, was nie ten gunste van die eksperimente wat aan die gang was in die tuin nie. Hulle was bekend as die "Slangmense". Trench sê: "The Serpent People have always had compassion for humanity, and as a result brought them light and knowledge, even in the days when humanity were little more than helpless animals in the Garden of Eden" (Trench 1960: 67). 'n Vrou van die *Adam* het 'n reël van isolasie verbreek en met lede van die Slangmense kontak gehad (Gen 3:1). Sy het ook gesien dat hulle klere gedra het.

Die *Adam* moes gereeld oor die verloop van sake in die tuin rapporteer. Toe hy 'n tyd lank nie opdaag nie het *Jehova* suspisieus geraak en hulle kom soek. Hy het hulle gekry waar hulle wegkruip tussen bosse. Toe hy sien dat Adam en sy vrou klere aan het, het hy dadelik geweet dat hulle kontak met die mense buite die tuin gehad het (Gen 3:11). Die resultaat van die eksperiment wat verkeerd geloop het, was dat "Animal Man" begin voortplant het, uit die tuin verjaag is, en die voorvaders van die moderne mens geword het (Gen 4:16-17) (Trench 1960: 43, 46, 186v).

**Sitchin** werk later (1976) en in oneindig meer detail nog as Trench, sy interpretasie van die skepping van die mens uit. Hy beredeneer eers die vraag **wie** die *Elohim* (die "gode"[40]) van die Genesis oergeskiedenis sou wees: Genesis 3:8 veronderstel vir Sitchin

---

[40] Die Semitiese term "Elohim" wat in Genesis gebruik word is 'n meervoudsvorm – letterlik "die gode". Dit is volgens Sitchin (1996: 25) so oorgeneem uit die Sumeriese bronteks waarin verskeie gode meegewerk het aan die skepping van die mens.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die fisiese teenwoordigheid van "die gode". Adam en Eva het volgens Genesis 3:10 agtergekom dat hulle kaal was. Terwyl al die ander diere in die tuin naak was, waarom sou die eerste mense oor hul naaktheid skaam wees? Dit kon alleen so wees omdat die "gode" (na wie se beeld hulle geskep was - dus die *Elohim*) self klere gedra het (Sitchin 1996: 2-4)[41]. Die *Elohim* was volgens Sitchin dus ongetwyfeld lede van 'n groep ekstra-terrestriële ruimtevaarders.

Volgens Sumeriese oerbronne van die Genesis teks het 'n groep "*ANNUNAKI*" (hulle wat van die hemel gekom het) op die planeet Aarde aangekom om die eerste "ekstra-terrestriële kolonie" op hierdie planeet te vestig. Die *ANNUNAKI* het ook later as "die goddelikes" bekend gestaan[42]. Die aarde is "*ERIDU*" (ook die oorsprong van die woordstam "aarde") gedoop. Dit beteken "die huis wat ver gebou is" (Sitchin 1996: 8). Die aarde is beset vir die myn van grondstowwe. Die *ANNUNAKI* moes self die harde arbeid verrig. Een van hul leiers, 'n "god" genaamd *Enki*, het aan sy kollegas voorgestel om 'n "primitiewe werker" te skep wat die harde werk sou kon doen[43] (vgl Gen 1:26 en 2:15). Uit 'n verdere interpretasie van die Sumeriese bronne blyk dat 'n "diersoort" wat op aarde geëvolueer het ('n primaat uit suid-oos-Afrika) toe met die genetika van die *ANNUNAKI* vermeng is en dat "die beeld van die gode" (Gen 1:26) sodoende op hierdie skepsel "geplaas" is. Hierdie "primitiewe wese" het volgens die Sumeriese tekste nie geweet van klere nie en het "plante geëet soos skape" terwyl hulle in 'n park aangehou is (die Tuin van Eden[44]) (Sitchin 1996: 11).

Die "menslike hibried" kon soos alle hibriede nie voortplant nie. Die Bybelse

---

[41] Bramley (1989: 49) sê dat die mens kaal moes loop as teken van die feit dat hy 'n "slaaf" was (hul oppassers sou ten volle geklee wees).

[42] Die naam van die "goddelikes" (of die "gode") was die "*DIN.GIR*" ("hulle wat met die vuurskepe gekom het"). Die Sumeriese spykerskrif simbool vir die naam herinner aan 'n vuurpyl. Die Sumeriese simbool vir "die hemele" is 'n ster en 'n sterteken beteken ook 'n "god" (kyk Sitchin 1996: 25).

[43] Bramley (1989: 36, 47) propageer met verwysing na antieke legendes soos hierdie, die teorie dat die mens 'n "slawerас" is wat vir 'n ekstra terrestriële beskawing 'n bron van arbeid was (en dalk steeds is).

[44] "Eden" stam van 'n Sumeriese woord "*E.DIN*" af ("woonplek van die goddelikes") (Sitchin 1996: 19).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weergawe van die "boom van die lewe"[45] is in die oorspronklike bronne 'n verwysing na hoe die wese tot die "geheime kennis" gekom het om voort te plant. Die "slang" was die een wat hierdie kennis aan die wese ontbloot het. In Sumeries hou die woordstam wat Genesis vir "slang" gebruik (*nahash*) verband met die naam van een van die "goddelikes" wat 'n medikus was[46]. Hy was gekant teen die eksperimente van sy kollegas (Sitchin 1996: 10-14, 1978: 286v.).

Die "kennis" wat die "mens" opgedoen het, het volgens Genesis die *Elohim* laat uitroep: "Die mens het nou soos een van ons geword deurdat hy alles kan ken" (Gen 3:22). Om te "ken" is 'n Semitiese uitdrukking vir geslagsgemeenskap – dus om te kan voortplant. Hierdie kennis het ook daartoe gelei dat die menslike wese uit die tuin geban is en die voorvaders van die mensdom geword het.

- Die Hemelwesens en die Reuse (*Nefilim)* (Gen 6:1-4)

Filotto (1995: 307) noem dat Sitchin nie die eerste taalhistorikus is wat op die "foutiewe tradisionele interpretasie" van die Genesis oergeskiedenis wys nie:

> Malbin, a noted Jewish biblical commentator of the nineteenth century, had recognised these errors of translation already some time ago ... and he stated that in very ancient times, the rulers of Earth's countries, were the sons of the deities which had descended from the Heavens and copulated with human females to produce, the much mentioned demi-gods of old.

Dit bring ons by die veelbesproke mitologie in Genesis 6:1-4 waarin vertel word van

---

[45] Die Sumeriese gode "*Ea*" en "*Anu*" word gewoonlik as gekrulde slange in twee mitologiese bome uitgebeeld. Hulle was die bewakers van die "boom van die kennis" en die "boom van die lewe". Die Sumeriese god wat die boom van kennis bewaak het, was volgens Bramley (1989:52v) die simbool van 'n organisasie wat vandag nog "agter die skerms" opereer en ten doel het om die mens "onkundig te hou" oor sy ekstra-terrestriële oorsprong en sy posisie as "slaweras" (1989: 70v).

[46] Die twee gekrulde slange wat vandag nog as mediese logo bekend is, is van Sumeriese oorsprong. Volgens Sitchin dui dit op die dubbelhelix van DNS – dus genetiese ingenieurswese (1996: 10-14).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die "hemelwesens" (letterlik "godeseuns") (*ben Elohim*) wat met die "dogters van die mens" (*binot ha-Adam*) gemeenskap gehad en kinders by hulle verwek het. Genesis stel dat die *Nefilim*[47] (meestal vertaal met "reuse") toe nog op die aarde was en dat hulle kinders die "sterk mense" van ouds was – die manne van "naam" (*shem*).

Volgens Jessup is Genesis 6:1-4 'n verwysing na die OVV-fenomeen en is verwysings na "hemelwesens" 'n bewys dat die Bybel nêrens impliseer dat die mens die enigste intelligente skepsels van God in die heelal is nie: "On the contrary, there are many references to visitors of human-like characteristics coming from space" (Jessup 1956: 52).

Von Däniken vra oor die "hemelwesens": "Does not this seriously pose the question whether the human race is not an act of deliberate 'breeding' by unknown beings from outer space?" (1968: 114). Wie kon die "hemelwesens" anders wees en waar anders sou hulle vandaan gekom het? Oor die *Nefilim* sê hy dat in byna alle antieke godsdienste se literatuur verwysings aangetref word na sogenaamde "reuse" wat op een of ander stadium op die aarde bestaan het. Hy verwys ook na argeologiese bewyse dat die aarde op 'n stadium deur buitengewone groot wesens bewandel is[48] (Von Däniken 1977: 257).

Volgens Filotto was die *Nefilim* die produk van die vermenging tussen die "godeseuns" en die "dogters van die mens". Dié woord hou oënskynlik verband met die Semitiese woordstam "*nafal*" wat "neerdaal" of "neerwerp" beteken[49]. Die meer korrekte vertaling sou dan volgens Filotto wees "hulle wat neergedaal het" (1995: 305).

---

[47] Hierdie woord is 'n "*hapax legomenon*" (die oorspronklike betekenis daarvan is onbekend).

[48] Trench sê die moderne mens self veel kleiner van gestalte is as die (primate) waarvan ons afstam. Dit dui vir hom op ekstra-terrestriële "inteling" (1960: 118, 46).

[49] Filotto wys daarop dat "Jared" ('n voorvader vermeld in Gen 5:18) se naam weer verband hou met die Semitiese woord "*jarad*" wat ook "neerdaal" beteken. Die Jordaan rivier se naam beteken letterlik "die plek van die neerdaling". Dit alles verwys vir Filotto na kontak met antieke ruimtevaarders.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Uitdrukking wat in die konteks min sin maak is die sogenaamde "manne van [die] naam" (*anoshi ha-shem*). Die taalkundige GM Redslob het aan die begin van die vorige eeu aangetoon dat die Hebreeuse "*shem*" verkeerdelik vertaal word met "naam" en dat dit na dieselfde woordstam teruggaan as die woord "*shamaim*" (hemel). Die Sumeriese stam is "*SHAMAH*" (dit wat bo is) (Filotto 1995: 286).

Sitchin is van mening dat die woord *shem* vertaal moes gewees het met "hemelskip" of "ruimteskip". Die verhaal van die toring van Babel in Genesis 11:4-8 verwys na 'n poging van die mensdom om 'n "*shem*" te bou wat hulle sou neem tot in die "hemel". Teen hierdie onderneming was "die gode" gekant. Sitchin vra waarom hulle so kwaad sou wees as die mensdom net vir hulle 'n "naam" wou maak? Dit gaan beslis hier oor iets waaroor die "gode" alleen wou beskik (lugvaart?). Indien die woord *shem* in Genesis 6:4 met "ruimteskip" vertaal word, sou die sin soos volg lei: "Hulle was die manne wat neergedaal het – die manne van die ruimteskip" (Sitchin 1976: 128; vgl ook Filotto 1995: 306 en Trench 1960: 68, 71, 146).

Filotto (1995: 306) konkludeer: "Considering that we are dealing with ancient texts – which no doubt have undergone some considerable editing – surely they were meant to be read in a far more literal manner than that attributed to them today..."

- Die Groot Vloed (Gen 6:5-9)

> The legend of the flood... is one so widespread in human cultures that it is difficult to find a group of people ... that does not incorporate it into either their mythology, religion or history.
>
> (Filotto 1995: 44)

Die verhaal van die groot vloed is nog 'n deel van die Genesis oergeskiedenis waarvan Antieke ruimtevaarder-eksponente dikwels gebruikmaak:

Filotto wys daarop dat talle geologiese en ander bewyse gevind is van antieke kata-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

strofes soos meteoriete wat die aarde getref het, en die watervlak van die see wat met tye dramaties gestyg het. Die legende van die groot vloed hou beslis historiese feitlikhede in.

Von Däniken haal buite-Bybelse bronne aan waarin van 'n "groot vloed" vertel word (1977: 135). Hy meen dat die verhaal, soos dit in die Bybel verwoord is, ernstige dogmatiese vrae skep sou dit op 'n tradisionele wyse verstaan word. Dit is moeilik verklaarbaar waarom God by voorbeeld daaroor "berou" sou hê dat hy die mens gemaak het (Gen 6:6). Dit is ewe moeilik verklaarbaar waarom God mense met so 'n vloed skynbaar "sonder gevoel" uitmoor (Gen 6:7, 13).

Trench maak die volgende stelling aangaande die vloedverhaal: "Working back through the levels of association that have been piled up on the Noah story is like reading a history of mankind in reverse ... It would take a strong plot with a solid foundation in some cataclysmic fact to survive all this emendation and addition of detail without becoming lost or distorted beyond recognition" (Trench 1960: 50). Daar is volgens Trench verskillende verhale verweefd in dié een "... handed down by a people of later generations as they understood it ..." Hy handhaaf die teorie dat die sogenaamde "Ark" 'n ruimteskip was wat moontlik **van 'n ander planeet gekom het** met 'n vrag menslike wesens en diere "teelmateriaal" aan boord waarmee die aarde bevolk moes word (1960: 51, 55)[50]. Ander outeurs is van die oortuiging dat die Ark 'n ruimteskip was waarmee 'n gevorderde beskawing van ouds probeer het om **vanaf die aarde weg te vlug** (moontlik na 'n ander planeet) nadat die dreigende katastrofe van die vloed bekend geword het (Trench 1960: 62).

Daar is verskeie opinies oor **wat die groot vloed veroorsaak** het

[50] Dié teorie kom ooreen met die van Filotto dat skepe met eksploreerders in antieke tye gestuur is om die geterraformeerde planete te kom koloniseer (Filotto 1995: 61, 164) (vgl 1.1.1.1)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jessup verwys na aangetekende gevalle waar massas water uit 'n wolklose hemel op die aarde geval het - moontlik afkomstig van ys-meteore soos komete. Soortgelyke insidente is toevallig ook in Suid-Afrika by Colesberg, Morreesburg en Prieska aangeteken (Jessup 1955: 96v). Die groot vloed van antieke legendes, kan volgens Trench, sy verklaring hierin vind: "...This world wide culture was cataclysmically and instantly wiped out all over the world. Remnants of humanity escaped, and it is our suggestion that at least one space ship ... escaped the disaster ..." (Jessup 1955: 153).

Filotto (1995: 46v) glo dat 'n groot vloed water deur 'n meteoriet veroorsaak is wat iewers in die see geval en laagliggende gebiede met die gepaardgaande vloedgolf oorspoel het.

Sitchin is van mening dat gegewens daarop dui dat die vloed vir 'n lang tyd verwag is en sê: "...the events of the Deluge relate to Earth's last ice age and its catastrophic ending" (1976: 401). Volgens Antarktiese navorsing het die vorige ystydperk sowat 13 000 jaar gelede geëindig met gepaardgaande stygings in seevlakke rondom die wêreld. Sitchin glo "...an avalanche of water originating in the Antarctic would reach Mesopotamia via the Indian ocean ..." (1976: 404).

Bramley (1989: 45) interpreteer die vloedverhaal vanuit die Sumeriese ekwivalente bronne (waaronder die sg "Gilgamesh Epos") en meen dat dit iewers tussen 10 860 en 8 700 vC plaasgevind het.

Sitchin verwys na verskeie argeologiese fondse in Mesopotamië wat 'n strata modder sonder enige tekens van inwoning toon en sê: "The Deluge was no local occurrence ... It was ... an Earthshaking event of unparalleled magnitude ..." (Sitchin 1976: 388).

Sitchin interpreteer ook die vloed-legende vanuit die Sumeriese bronne. Volgens dié verhaal het "die gode" verneem van die komende vloed en hulself reggemaak daarvoor. Hulle het egter gesweer om dit geheim te hou en nie die mense daarvan te vertel nie (Sitchin 1976: 390). Die "slanggod" (*Ea*) was egter weereens betrokke daarby om die mens te red en het hulle daaroor ingelig (1976: 395). Die Sumeriese eweknie vir Noag is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"*Atra-Hasis*" genoem. Hy het instruksies gekry om 'n "groot skip" te bou om die mense te red. Voor die ramp aangebreek het, het die *Annunaki* hul skepe "soos fakkels laat opgaan" en van die aarde ontsnap (Sitchin 1976: 397).

- Die Toring van Babel (Gen 11:1-8)

Volgens Bramley (1989: 49-51) het hierdie verhaal ook sy oorsprong in antieke Mesopotamiese geskrifte. Soortgelyke verhale en legendes uit ander dele van die wêreld ondersteun die Bybelse legende. Die Japanese, Eskimos, Suid-Amerikaanse Indiane en Egiptenare het almal tradisies dat die "gode" mense op 'n stadium oor die wêreld versprei het en vir elkeen 'n eie taal gegee het. Bramley glo dit was die bekende oorlogstrategie van "verdeel-en-heers" wat die "gode" hier toegepas het. Hy glo die ekstra-terrestriële "besitters" van die aarde beheer vandag steeds die planeet deur oorlog onder mense aan te blaas en groepe teen mekaar op te stook. Hy sê: "Humans were treated as livestock and were frequently butchered when they became too numerous or troublesome" (1989: 51). Dit is ook wat met die groot vloed gebeur het.

Nog 'n interessante interpretasie van die Toring-verhaal is die van Sitchin wat die Toring as 'n "ruimteskip" interpreteer wat mense probeer bou het om soos die "gode" na die hemele te "reis". Daar is in die bespreking van Genesis 6:1-4 op hierdie hipotese ingegaan.

- Sodom en Gomorra (Gen 18-19)

Die verhaal van die verwoesting van Sodom en Gomorra nadat "engele" enkele inwoners gewaarsku het om te vlug, is nog 'n deel van die Genesis-geskiedenis wat aanhangers van die Ruimtevaarderteorie op hulle eie manier interpreteer. Die vraag is wie was hierdie "engele" en wat het werklik by Sodom gebeur?

Trench is ook suspisieus oor die "engele". Hy vra waarom hulle soveel "menslike eienskappe" vertoon het. As hulle dan "geestelike wesens" was, waarom sou hulle byvoorbeeld honger wees en by Lot wou eet? (Gen 19:3). Trench is van oordeel dat die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

engele in werklikheid besoekers uit die ruimte was (1960: 74-79).

In 1960 het die tydskrif *Time* 'n artikel *Enoch & other Cosmonauts* deur twee Russiese navorsers, Valentin Rich en Mikhail Chernenkov, gepubliseer. Hulle het voorgestel dat die Bybel se weergawe van Sodom en Gomorra 'n letterlike beskrywing van 'n kernbom-ontploffing was (Story 1980: 33). Vir outeurs soos Von Däniken het die beskrywings beslis verrukkende raakpunte met wat ons weet van soortgelyke verwoestings van stede in ons eie atoom-eeu! As Sodom in werklikheid deur 'n kernbom verwoes is, het die vreemde ekstra-terrestriële besoekers beslis iets daarmee te doen gehad (1977: 193; vgl ook Filotto 1995: 290).

**(b) Ander Bybelgedeeltes wat die Ruimtevaarderteorie onderbou**

***(i) "Ruimtewesens" in die Bybel***

> There are many references to visitors of human-like characteristics coming from space.
>
> (Jessup 1956: 52).

Bybelse verwysings na "engele" en "hemelwesens" is vir talle Ruimtevaarderteorie-voorstanders 'n "primitiewe" of "mitologiese" verwysing na wat in werklikheid ruimtewesens was. Vele Bybelgedeeltes word gewoonlik in dié verband genoem.

- 'n Teks soos **1 Sam. 28:13** ("Ek sien 'n wese uit 'n ander wêreld opkom…") dui vir Trench (1960: 79) beslis op primitiewe aardlinge se kontak met ekstraterrestriële.

- Verskeie Bybelse beskrywings van **wonderbaarlike kindergeboortes** dui ook op "ekstra-terrestriële inmenging". Bramley stel: "Several researchers believe that stories of "virgin births" may be based upon instances of artificial insemination…". Hy stel: "Artificial insemination by an "angel" helps guarantee control over the physical characteristics of a baby" (1989: 122-123). Rondom die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geboorte van Jesus was daar byvoorbeeld "...high-tech phenomena such as the so-called 'Star of Bethlehem...'". Verskeie outeurs glo ook "...that it was an aircraft which led the three wise men ..." (Bramley 1989: 125, vgl ook Trench 1960: 79, 90, 99v).

- Een van die belangrikste Bybeltekste vir aanhangers van die Ruimtevaarderteorie is Jesus se uitlating: "Ek het nog skape wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei..." (Joh 10:16). Vir iemand soos Von Däniken word hier beslis verwys na ander intelligente wesens elders in die heelal (Story 1980: 43)

***(ii) Vlieënde voorwerpe in die Bybel***

Indien die Bybel met die regte bril bestudeer word, wemel dit vir aanhangers van die Ruimtevaarderteorie van verwysings na "vlieënde skepe" en "ekstra-terrestriële vaartuie" (vgl von Däniken 1968: 62v; 1977: 153, 148):

- *Verskynings van Jahweh (Eks 19:16-19, 21; 13: 21-22)*

Bramley (1989: 74) stel: "Old Testament descriptions of Jehovah have provided a good field day for UFO writers." Orals waar Jahweh in die oerverhale van die Ou Testament voorkom of verskyn "... he travelled through the sky in what appears to have been a noisy, smoking aircraft." 'n Beskrywing van "Jehovah landing on a mountaintop" kom volgens Bramley in Eksodus 19:16-19 voor: "Sinaïberg het begin rook toe Jahweh in vuur daarheen afkom..." en "...die geluid van 'n ramshoring het al hoe harder en harder geword." Bramley wys daarop dat baie van Jahweh se verskynings gepaard gegaan het met rookwolke, vuur en 'n "geraas soos die van 'n ramshoring" wat hy as die landing van 'n ruimtetuig met fluitende vuurpylmotore interpreteer. Beskrywings soos in Eksodus 13:21-22 laat dit lyk of Jahweh in 'n bewegende voorwerp moes gereis het. Hy het bedags met 'n wolkkolom ('n voorwerp wat met ontbranding rook gemaak het) voor hulle uit gegaan om vir hulle die "pad te wys" en snags met 'n vuurkolom (wanneer die rook nie sigbaar was nie, maar alleen die vuurpylmotore) om "lig te verskaf", sodat hulle dag en nag kon trek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Jahweh wou oënskynlik nie hê iemand moes naby die landingsterrein kom nie. Slegs Moses is toegelaat om naby te kom, maar hy mag nooit na Jahweh gekyk het nie. Mense is selfs met die dood daaroor gedreig (Eks 19:21). Bramley (1989: 74-78) glo dat die rede daarvoor was dat die ruimtevaarders nie die geheim van hul ware identiteit wou verraai nie. Hy sê: "To enforce human obedience, (Jahweh) appears to have been a succession of Custodial management teams operating... to enforce human obedience, those teams used their aircraft to perpetrate the lie that they were 'God'..."

- *Esegiël se "ruimteskip"*

Vir 'n "akkurate beskrywing" van die landing van 'n ruimteskip is Esegiël 1 seker een van die mees aangehaalde Bybeltekste: Bramley verduidelik dat dit duidelik blyk uit Esegiël se primitiewe beskrywings dat die "gesig" wat hy gesien het 'n bewegende voorwerp was wat van metaal gemaak en rond was "soos 'n wiel". Dit het vensters rondom gehad waaruit lig geskyn het (beskryf as "oë"). Die voorwerp het met 'n groot geraas, vuur en rookwolke te lande gekom. Verskeie mensagtige wesens het daaruit te voorskyn gekom met ruimtepakke en blink stewels ("hoewe") aan en deursigtige vlieghelms op. Hulle het ook "vlerke" gehad waarvan die motore geluide gemaak het en waarmee hulle kon vlieg (1989: 77).

Verskeie aanhangers van die Antieke ruimtevaarder-interpretasie haal die werk van 'n NASA-ingenieur, Josef Blumrich, aan wat na bewering 'n "lewensvatbare ruimtetuig" ontwerp het deur gebruik te maak van die beskrywings van Esegiël 1 (vgl Phillips 1987:14 en Story 1980: 39).

- *Hemelvaart-verhale*

> ...daar was skielik 'n wa van vuur... en Elia is in 'n stormwind op, die hemel in ...
>
> (2 Kon 2:11)

Hierdie verwysing is vir eksponente van die Ruimtevaarderteorie 'n belangrike

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorbeeld van 'n gebeurtenis in antieke tye waarby 'n vlieënde vaartuig betrokke was (vgl Phillips 1987: 12 en Jessup 1956: 38). Von Däniken meld dat in die antieke Indiese *Mahabharata* en *Ramajana* ook parallelle voorkom vir die hemelvaart-verhale van Elia en Enog (1968: 76, 1977: 111).

Jessup (1956) glo dat die volgende hemelvaart-verhale almal na OVV-aktiwiteit en vlieënde voorwerpe in antieke tye verwys: 2 Konings 6:17, Psalm 18:10, Jesaja 60:8, Matteus 24:30, Markus 13: 26-34 en Lukas 21:25; 21:10-11.

Vir Trench (1960: 81) is verwysings na komste "op die wolke" (Mark 13:26-27, Eks 19:9) aanduidings van vlieënde voorwerpe wat uit die ruimte gekom het of daarheen op pad was. Ander deurslaggewende tekste vir sy hipotese is 2 Konings 2:10-11 en 6:17, Jesaja 9:8 en Psalm 118: 17, 33.

***(iii) Ander tekste***

- *Die verbondsark en ander tegnologiese voorwerpe*

Verskeie Ruimtevaarderteorie-advokate heg 'n tegnologiese interpretasie aan Ou Testamentiese gegewens soos die **ark van die verbond** (2 Sam 6: 6-7). Vir Trench moes die ark waarvoor Moses in Eksodus 25 gedetailleerde aanwysings kry, "gevorderde tegnologie" ('n tipe radiosender) bevat het waarmee kommunikasie met "die gode" kon plaasvind (Trench 1960: 57; vgl ook Jessup 1956: 56v; Von Däniken 1977: 113, 188, 296v, 313v en Story 1980: 42). Von Däniken is van mening dat dit 'n "elektriese kondensator" was met die vermoë om 'n sterk elektriese stroom uit te stuur - vandaar die waarskuwing dat niemand daaraan mog raak nie.

Von Däniken interpreteer die "manna" wat tydens die woestyntog vir die Israeliete as voedsel gedien het, ook op tegnologiese wyse. Hy verwys na die *Kabala* waarin 'n beskrywing van 'n "tegnologies-gevorderde mannamasjien" gegee word. Hierdie masjien was tydens die woestyntog aan die volk voorsien (1977: 302v).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Ou testament verhaal ook van talle bonatuurlike "wonderwerke" van Moses[51]. Dit laat proponente van die Antieke ruimtevaarder-teorie wonder hoe hy dit anders sou kon vermag as met die hulp van ekstra-terrestriële tegnologie (Jessup 1956: 40).

- *Onthullingstekste (Op 4:1-6, Mal 4:1-6, Sag 14:1-2, Hag 2:20)*

Bramley interpreteer die boek Openbaring as die "ontmaskering" van 'n eeuelange "toesmering" van die mens se werklike herkoms en sy status as ekstra-terrestriële" slaweras" (1989: 111). Die "dag van die Here" in die Ou Testament (vgl Mal 4:1-6) verwys na hierdie "ontmaskering" van 'n "derde mag" (1989: 85, 116). Bramley verwys in dié verband ook na tekste soos Sagaria 14:1-2 en Haggai 2:22:

> Bible believers still think that a Supreme being is behind the vicious ... intentions described in the Bible. The ancient astronaut theory seems to provide a true breakthrough by pointing to a brutal technological society, not a Supreme Being, as the more likely source of such machinations.
>
> (Bramley 1989: 117)

Bramley is ook van mening dat 'n teks soos Openbaring 4:1-6 'n verwysing daarna is dat Johannes in 'n vlieënde voorwerp opgeneem is en met die insittendes daarvan gekommunikeer het. Hy glo "... Ezekiel and John had been drugged and mentally tampered with so that the message would be firmly implanted in his mind" (Bramley 1989: 152, 135). Om hierdie rede het hulle ook hul ekstra-terrestriële ervarings as "drome" en "visioene" beleef.

- *Jesus*

Hoewel die idee dat Jesus 'n ekstra-terrestriële besoeker was selde by aanhangers van die Antieke ruimtevaarder-teorie voorkom, is daar tog enkele ouer advokate wat die

[51] Vergelyk Eksodus 3:2, 4:3, 7:20, 8:6, 8:17, 8:24, 9:10, 9:24, 10:13, 10:22, 16:13 en 40:34.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hipotese voorgestel het. Jessup (1956: 116) sê byvoorbeeld: "I hope that you will be hospitable to the idea that Jesus Christ may have come from this 'heaven' as a representative of a higher or more advanced race..." Trench huldig ook hierdie opinie. Hy sê: "... Jesus Christ may have come from 'heaven' as a representative of a higher or more advanced race – as a Mentor of mankind ..." (1960: 102).

Hierdie voorbeelde behoort genoegsaam te demonstreer hoe die Bybel deur Antieke ruimtevaarder-eksponente geïnterpreteer word as begronding vir hul teorie. Ons sluit ook hiermee die oorsig oor die Antieke ruimtevaarder-teorie af.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## HOOFSTUK 1.3

## KRITIEK TEEN DIE ANTIEKE RUIMTEVAARDER-TEORIE

In hierdie hoofstuk gaan ons oorsigtelik kyk na hoe die Ruimtevaarderteorie (die postulate en premisses daarvan asook die bewysgronde daarvoor) in die algemeen ontvang en ook krities beoordeel is. Vir 'n godsdiensfenomenologiese ondersoek is dit enersyds belangrik om te weet wat die aanklank was wat die teorie by verskillende tipes lesers ontvang het om die invloed daarvan te probeer peil. Andersyds wil ons ook vasstel hoe die teorie beoordeel is, veral in wetenskaplike kringe, en wat die stand van die huidige debat oor die basiese postulate en voorwaardes vir die hipotese is. Wat hierdie afdeling in die oog het, is wat ons die "resepsiegeskiedenis"[52] van die Ruimtevaarderteorie sou kon noem.

Dat die Antieke ruimtevaarder-teorie die verbeelding van miljoene mense oor die wêreld heen aangegryp het, groot aanklank gevind het en talle toegewyde "gelowiges" gemaak het, word nie alleen gou duidelik nie, maar is binne ons tydskader selfs begryplik. Nuwe publikasies verskyn gereeld oor die onderwerp. Slegs een outeur, te wete Erich Von Däniken, het al meer as 56 miljoen kopieë van sy boeke verkoop en internasionale bekendheid verwerf as "die wêreld se mees suksesvolle skrywer van nie-fiksie" (Tsoukalos 1999: 9). Die 1995 herdruk van *Chariots of the Gods* dui aan dat daar reeds 11 miljoen kopieë in Engels alleen verkoop is. Die boek is in 1995 twee keer herdruk wat bewys dat boeke oor die teorie geweldig populêr is.

Story (1974: xv) vertel dat 'n Amerikaanse wetenskaplike, P.H. Abelson, navorsing gedoen het oor die "kommerwekkende groei en aanhang" van die Antieke ruimtevaarder-teorie onder studente en op kampusse. Ter plaatse het dr Chrissie Steyn

---

[52] Die term is afkomstig uit die moderne literatuurwetenskap te wete die "Reader-response criticism" en lewer baie bruikbare insigte op vir 'n fenomenologiese studie (kyk De Bruin 1988, 1989: 12v).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se deeglike studie van die New Age-beweging in Suid-Afrika bevind dat die opvattinge van die Ruimtevaarderteorie in die groeiende New Age-tydsgees toenemende aanhang geniet (kyk Steyn 1994: 1, 22, 45; 232). Dat die teorie in voor-wetenskaplike kringe baie aanklank gevind het en vandag byna as kwasi-godsdiens aangehang word, ly geen twyfel nie. Maar hoe sou die situasie in meer kritiese en wetenskaplike kringe daar uitsien?

Die **Ancient Astronaut society** is van mening dat die Ruimtevaarderteorie al hoe meer in wetenskaplike kringe aanvaar word en roem daarop dat minstens 25% van hul lede wetenskaplikes is (White 1997: 319). Die volgende "prominente wetenskaplikes" word as aanhangers van die teorie aangehaal:

- Prof Pasqual Schievella, voorsitter, National Council for Critical Analysis, VSA: "It is possible that our home planet was visited by extraterrestrials in the past."

- Prof Harry Ruppe, professor in ruimte-tegnologie, Tegniese Universiteit, München, Duitsland: "If one investigates the Ancient Astronaut hypothesis with an unbiased and open mind, one soon recognises that nothing in this hypothesis conflicts with even the strictest rules of science or our understanding of the universe."

- Prof Luis E. Navia, professor in filosofie, New York Institute of Technology: "The AA hypothesis will have an increasing influence on society, science, literature and art. Furthermore, it is instrumental in solving earthly problems. The search for extraterrestrial intelligence is a matter which concerns all of mankind."

- Dr Vladimir Ivanovich Avinsky, Geoloog, Kuibyschew, Rusland: "It can be clearly proved from ancient Indian writings that the earth was visited and influenced by extraterrestrials in ancient times."

- Prof Dileep Kumar Kanjilal, buitengewone professor in Sanskrit en Indologie,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sanscrit College, Kalkutta, Indië: "Up to now we have managed quite well without ETs. However, considering the abundance of literary and archaeological material which our ancestors collected thousands of years ago, we would do well to prepare ourselves..."

Die stelling van die **Ancient Astronaut society** dat al meer wetenskaplikes die Antieke ruimtevaarder-teorie ernstig opneem, word vervolgens ondersoek. Kritiese literatuur word in twee hoofkategorieë behandel: Eerstens word gekyk na kritiek uit **(natuur)wetenskaplike perspektief** en tweedens na dié uit **godsdienstig-teologiese perspektief**:

### *1.3.1 Algemene beoordeling uit wetenskaplike perspektief*

> Modern philosophies have this in common: they all begin with something monstrously illogical. After that they proceed rationally enough.
>
> (G.K. Chesterton soos aangehaal deur Stanton 1997: 54)

Die uitgangspunte van die Antieke ruimtevaarder-teorie wat as "natuurwetenskaplik" aangedui kan word, word onder hierdie hoof ter sprake gebring. Aangesien die vraagstukke ter sprake uiters komplekse natuurwetenskaplike aangeleenthede verteenwoordig[53], het 'n geesteswetenskaplike alleen die gepubliseerde resultate van natuurwetenskaplikes om hom op te verlaat. Dit is dan ook die doel van die onderhawige uiteensetting:

Dat 'n opspraakwekkende en onkonvensionele hipotese soos dié uit verskeie oorde ernstige kritiek sou kry, kan seker te verwagte wees. Die verwysing na Chesterton se uitlating vat die hele saak saam: Die kernprobleem is die algehele vreemdheid van die Ruimtevaarderhipotese:

---

[53] Alberts (1996: 21) verduidelik die kompleksiteit van dié vraagstukke treffend.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Stanton (1997: 11) verduidelik dat wetenskaplikes vanweë hul kritiese ingesteldheid ongenaakbaar skepties staan teenoor onkonvensionele en sensasionele teorieë. Sheaffer (1994) sê: "Established science has always shied away from remarkable claims..." (www.hugin.imat.com). Story (1974: xv) glo dat die Antieke ruimtevaarder-teorie 'n "algemene aanval" teen beide akademiese wetenskap en die wêreld se godsdienste verteenwoordig. Hy dui aan dat die meeste antropoloë, argeoloë, astronome, teoloë en filosowe swyg oor die aangeleentheid omrede hulle dit as "benede die waardigheid van ernstige navorsing" beskou (Story 1974: xvi).

Hierteenoor haal Ferguson (1991: 18) die teoretiese fisikus Stephan Hawking aan wat oor natuurwetenskaplike teorieë gesê het: "A good theory can be a wild theory, a great leap of imagination". Antonites (1996: 5) stel dat dit dikwels in die wetenskap gebeur dat 'n nuwe insig of teorie aanvanklik in wetenskaplike kringe geen aandag trek nie en selfs as absurd beskou word, maar dan mettertyd meer aanvaarbaar en bruikbaar begin word. Dieselfde lot het Mendel se **Genetika** en ook die **Kwantum-teorie** getref. Stephan Hawking se teorie oor **Swart gate** (black holes) in die ruimte was aanvanklik in wetenskaplike kringe as "onfatsoenlik" beskou. Vandag word dit as 'n bewese astronomiese feit aanvaar. Ruimtereise en maanlandings was enkele dekades gelede as so onwaarskynlik geag dat dit nie in "sober" kringe bespreek is nie. Vandag word bemande reise na ons naaste planete reeds beplan. Die natuurwetenskap is dus nie as sodanig onbekend met onkonvensionele en spekulatiewe teorieë nie.

Die bekende "hoofpriesters" van die Antieke ruimtevaarder-beweging te wete **Erich von Däniken** en **Zecharia Sitchin** se werke word veral in kritiese literatuur aangespreek. Story wy twee boeke aan die analisering van Von Däniken se werke (kyk 1976 en 1980). Daar is ook verskeie webbronne waarin elkeen van dié outeurs se werke behandel, krities beoordeel en ook fel veroordeel word[54].

---

[54] Kyk Hafernik (1996) oor Sitchin se *Twelfth Planet* en Sheaffer (1974) oor Von Däniken se werke

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kritici voer dikwels aan dat Ruimtevaarderteorie-aanbieders primêr daarin geïnteresseerd is om boeke verkoop te kry en as wetenskaplikes "onbetroubaar" is: "...Ancient Astronauts have become big business. ...Erich von Däniken cashed in on the popular obsession with space exploration and life on other planets with a series of books and films that made him a multimillionaire..." (Fagen sa.: www. discoveringarchaeology.com). **Von Däniken** as persoon word as ongeloofwaardig beskou en selfs openlik van bedrog beskuldig. Sheaffer noem hom "one who knows the art of deception" en 'n "slippery trickster" (www.hugin.imat.com) en kritici gaan sover om sy werk "...the most humorous, unscientific, and outrageous speculation in the realm of cult archaeology" te noem (www.usd.edu/anth/cultarch/astro.html; kyk ook James 1992: 135 en Story 1974: 6).

Kritici het dit ook teen eksponente se argumentvoering, bronnegebruik en interpretasie van feite. Die uitgangspunt in wetenskaplike kringe is dat wanneer **die werksmetode** onder verdenking is, sal nog meer so **die resultate** wees. Carroll ontleed Von Däniken se werkswyse en konkludeer: "...most of von Däniken's evidence is in the form of specious and fallacious arguments... He begins with the ancient astronaut assumption and then forces all data to fit the idea..." (www. skepdic.com/vandanik.html).

Story (1980: 53) wys op enkele foutiewe wyses van argumentvoering waarvan Von Däniken graag gebruikmaak: 'n Retoriese tegniek bekend as die *argumentum ad ignorantiam* (die appèl tot onkunde) lei meestal soos volg: "Synde X nie onbewysbaar is nie, moet dit waar wees". Hierdie argumentstyl kom neer op wensdenkery: As mens iets graag wil glo, ignoreer jy bloot al die feite wat dit weerspreek. Die onus vir bewyslewering word dan na die leser verskuif, wat logies onaanvaarbaar is. Daar is ook geen kontroleerbaarheid in die metode ingebou nie. Von Däniken kom verder gereeld tot konklusies sonder dat dit voortvloei uit sy premisses – die sogenaamde *non sequitur* (dit volg nie) argumentstyl.

Sheaffer (www.hugin.imat.com) meen dat Von Däniken se werke wemel van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"inaccuracies". Hy sê: "Enough of Von Däniken's claims have... been examined to reveal his method of operations: to dazzle the reader with a skilful blend of half-truths..." Brian Fagen, professor in Antropologie aan die Universiteit van Kalifornië, sê: "The Von Dänikens and Hancocks weave superficially complex hypotheses, stitched together from a mishmash of "scientific" evidence that appeals to those who like exotic explanations of the past and are impatient with the slow ways of science" (www.discoveringarchaeology.com).

James (1992: 134) sê in dieselfde verband oor Von Däniken:

> His success is particularly amazing as hardly a single thought contained in his books is original. Every link in the Von Däniken argument can be found in the work of earlier, often far sounder, exponents of the ancient astronaut theme. ...Most of his evidence is a mish-mash of half-truths, cooked up with insinuations made in the form of questions. The argument is sometimes so thin that von Däniken has used the vagueness of his own question-without-answer style of writing... when critics have caught him out.

Sheaffer gaan in groot detail in op leemtes en misverstande in Von Däniken se argumente: Hy handel oor Von Däniken se stellings oor die herkoms van die maan, sterrekundige uitsprake, die Egiptiese en Majaanse sterre-kalenders, wiskundige berekeningsfoute in sy weergawe van dimensies van die Groot piramide en so meer (1974: www.hugin.imat.com).

Kritiek teen **Zecharia Sitchin** het ook nie uitgebly nie: Hafernik (1996: www.geocities.com/area51/corridor/8148/hafer) sê: "Sitchin's work is a masterpiece of linguistic manoeuvring and allegorical interpretation." Hy stel in die konklusie van sy artikel waarin die boek *The twelfth planet* van Sitchin breedvoerig gekritiseer word:

> Sitchin...weaves a complicated tale from the bits and pieces of evidence that survive from ancient Sumeria to the present day. Just as clearly, Sitchin is capable of academic transgressions (fracturing quotes, ignoring

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> dissenting facts), theft of intellectual property and flights of intellectual fancy (the whole book, really). Worst of all, he is almost utterly innocent of astronomy and other assorted fields of modern science.

Naas kritiek teen die algemene werkswyse en argumentstyl van Antieke ruimtevaarder-outeurs, het kritici dit veral teen die begrondings wat vir die teorie aangebied word. Ons kyk vervolgens kortliks na detail-argumente wat aangevoer word teen die begrondings van die Ruimtevaarderhipotese (kyk 1.2).

### 1.3.1.1 Omstandigheidsgetuienis[55]

In die bespreking van begrondinge wat vir die Ruimtevaarderteorie aangebied word, is daar op allerlei argumente gewys wat as "omstandigheidsgetuienis" aangedui is:

- Die **eiland Elephantine** in die Nyl wat soos 'n olifant lyk wanneer dit vanuit die lug waargeneem word: Story (1976: 91) se navorsing het opgelewer dat die eiland nooit (soos Von Däniken beweer) in antieke dae as "Elephantine" bekend gestaan het nie, maar as "Yeb". Die eiland was bekend daarvoor dat daar met ivoor uit Afrika handel gedryf is en het so sy latere naam "elephantinos" (wat "ivoor" beteken) verkry. 'n Kaart van die eiland maak dit ook duidelik dat dit geensins soos 'n Olifant lyk nie.

- Die **"Piri Reis-kaarte"** van die wêreld wat "eeue oud" is, maar "onverklaarbaar akkuraat" vir die tegnologie wat volgens ons kennis op daardie tydstip vir kartograwe beskikbaar was: Story (1976: 27) het ook 'n ontleding gemaak van hierdie kaart van Admiraal Piri Reis van die Turkse vloot uit 1513. Hy bevind: "(Von Däniken's) ...statements that 'The maps were absolutely accurate' and that 'the contours of the Antarctic were also precisely delineated on Piri Re'is maps' are not just matters of interpretation; they are strictly false" (Story 1976:

---

[55] Vergelyk 1.2.2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

29, kyk ook Story 1980: 90).

- Die misterieuse lyne en figure op die **Nazca-vlaktes in Peru** waaroor Von Däniken aanvoer dat dit bedoel was om uit die lug waargeneem te word en dat dit "landingstroke" vir Antieke ruimtevaarders se vaartuie kon wees. Die argeoloog prof Brian Fagen reageer in 'n artikel wat op die Internet gepubliseer is (www.discoveringarchaeology.com) baie heftig op Von Däniken se Nazca-teorie, maar bied ongelukkig self nie veel redes vir waarom hy van Von Däniken se interpretasie verskil nie.

Story (1976: 40) voer aan dat dit hoogs onwaarskynlik sou wees dat ekstra-terrestriële ruimtevaartuie "landingstroke" nodig sou hê, en ondersteun 'n ander hipotese vir die figure wat uit die lug waarneembaar moes wees. In 1975 het twee argeoloë 'n primitiewe lugballon gekonstrueer met materiale wat aan die oorspronklike inwoners van die gebied bekend sou wees (en ook daar opgegrawe is). Hulle het daadwerklik daarmee oor die Nazca vlaktes gevlieg om te bewys dat dit vir antieke Peruviane moontlik kon gewees het om eeue gelede reeds die lugvaartkuns te bemeester. Dit sou ook verklaar waarom hulle tekeninge sou maak wat uit die lug waargeneem kon word (kyk ook Story 1980: 60).

Die Duitse wetenskaplike en argeoloog Maria Reiche, bied egter 'n meer waarskynlike verklaring nadat sy meer as vier dekades lank navorsing ter plaatse gedoen en tot die slotsom gekom het dat Von Däniken se teorie nie steek hou nie. Die Nazca figure het volgens haar, beslis religieuse betekenis gehad en al was dit bedoel om uit die lug waargeneem te word, bied dit nie genoeg rede om 'n "OVV-verklaring" daarvoor te soek nie. Die vroeë Peruviane het ook geglo dat hul gode se woonplek in die "hemel" is en is die figure eenvoudig vir die gode geteken (Antonites 1996: 26, Story 1976: 37). In 'n artikel op die web stel Reiche: "The precise meaning of the Nazca lines will probably always elude us, but there is no question they are linked to ancient Andean religious beliefs that forged close ties between the living and spiritual worlds" (www nazca3b html)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die **"Sirius misterie"**- die Dogon stam van Mali se "onverklaarbare kennis" van die onsigbare metgesel van die ster Sirius (kyk 1.2.2): In sy 1980 studie wy Story 'n hoofstuk aan die oplossing van die "misterie". 'n Astronoom met die naam van Alvan Clark het in 1862 deur 'n 18 duim teleskoop die dowwe neutronster Sirius B vir die eerste keer waargeneem nadat die teenwoordigheid daarvan sedert 1844 vermoed en ook voorspel is. Dit is vir Story duidelik dat die Dogon stam nooit Sirius B aanbid het nie, maar die ster Sirius self (die helderste ster in die hemelruim). Die Dogons se kennis van Sirius B is eers in 1931 vasgestel. In 1920 het Sir Arthur Eddington heelwat populêre boeke oor astronomie geskryf waarin hy ook die bestaan van Sirius B feitlik algemene kennis gemaak het. Die voor-die-hand-liggende oplossing vir die "misterie" is dat iemand die Dogons daarvan vertel het (Jesuïete priesters het in Mali gewerk lank voordat die Franse antropoloog Griuale die Dogons se kennis van Sirius B die eerste keer "ontdek" het). Dit is ook vanselfsprekend dat die Dogons hierdie brokkie kennis oor hul gunsteling ster by hul mitologieë sou inkorporeer (Story 1980: 119).

- Die onverklaarbare **kubus van staal** wat in 1885 in Oostenryk in 'n stuk steenkool gevind is en ook talle **antieke kunswerke, hiërogliewe en rotstekeninge** waarop "onverklaarbaarhede" soos vlieënde voorwerpe uitgebeeld word: Story stel oor hierdie tipe bewysstukke: "...the archaeological 'wonders' that von Däniken has selected and offered as 'proof' of Space-Gods are largely a collection of interesting finds, superficially described and taken out of context..." (1980: 54).

- Die **"Mars misterie"** (die "gesig" en "piramides" op Mars): 'n Outeur soos Feder (1990: 188) ondersoek hierdie "misterie" en konkludeer: "To scientists, the Face... are just rare, but by no means unique, images of landscape features on a planetary body; the images look artificial, but are entirely natural... an interesting and coincidental play of light and shadows..." (1990: 189, 190). In die mees resente geskiedenis het die "Mars Global Surveyor" intussen weer die strukture gefotografeer en duidelik bewys dat die 1971 fotos bloot 'n optiese illusie was

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat veroorsaak is deur die invalshoek van lig op die spesifieke rotsformasies (Robinson 1998: 20)[56].

### 1.3.1.2 Fisiese oorblyfsels en argeologiese getuienis[57]

Outeurs wat glo dat ruimtewesens die aarde in die verlede besoek het, verwys dikwels na "wondere van die antieke wêreld" en argeologiese fondse wat moderne wetenskaplikes sou "verstom" en nie verklaarbaar is vir die tegnologiese vermoëns van primitiewe mense nie. Dit blyk dat kritici dit veral ook het teen Ruimtevaarderteorie-voorstanders se negering van die antieke mensdom se vermoëns (vgl Story 1974: xii):

> Most critics of von Däniken's theory point out that prehistoric peoples were not the helpless, incompetent, forgetful savages he makes them out to be... It is true that we still do not know how the ancients accomplished some of their more astounding physical and technological feats. ...Of course, it is possible that visitors from outer space did land on earth a few thousand years ago... But it seems more likely that prehistoric peoples themselves were responsible for their own art, technology and culture. The evidence to the contrary - that prehistoric or 'primitive' peoples were (and are) quite intelligent and resourceful - is overwhelming.
>
> (Carroll: www.skepdic.com/vandanik.html).

'n Onbekende skrywer op die Internet beweer: "...these approaches are extremely harmful, not only to the conduct of science, but more importantly, to humanity's view of itself and its own stunning accomplishments" (www.usd.edu/anth/cultarch/astro.html)

Oor "prehistoric drawings or sculptures of aliens from outer space and... their visits" sê Feder: "I am sure you are familiar with "inkblots" used in psychological testing...

---

[56] Daar verskyn 'n mooi foto van die "gesig" in die tydskrif *Sky & Telescope* van Julie 1998: 20.

[57] Vergelyk 1.2.3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Since there are no specific, identifiable images in the random inkblot pictures, the image that you recognize comes entirely from your imagination. Von Däniken's approach is analogous to an inkblot test" (Feder 1990: 167). Hy sê: "When you are unfamiliar with the culture, you can make just about anything you want out of these images, but you are most decidedly not practising science" (1990: 170).

Kritiese outeurs noem die volgende voorbeelde:

- Die **Piramides by Giza** in Egipte waarvan die uitleg en konstruksiemetodes van "tegnologie getuig waaroor mense drie millennia gelede nie kon beskik nie":

  In 'n onderhoud met dr Christiana Kohler, 'n egiptoloog verbonde aan die Macquarie Universiteit wat in 1997 deur die *Australian Broadcasting Corporation* uitgesaai is, is sy uitgevra oor die teorie dat die Groot piramide deur ekstra-terrestriële gebou is. 'n Transkripsie van die onderhoud is op die Internet gepubliseer (www.abc.net.au/science/correx/archives/lies.htm). Dr Kohler betoog dat dit gladnie te betwyfel is dat die piramides deur gewone mense met vindingrykheid, genoeg mannekrag en baie tyd gebou is nie. Studies wat sy onderneem het, het bewys dat so min as agt mans met die hulp van enkele osse, 'n klipblok van 2.5 ton gemaklik op primitiewe rollers kon skuif en dat geen hulp van "buite" nodig sou wees nie. Sy voer aan dat die Groot piramide in 'n tydperk van so min as twintig jaar en deur so min as 300 werkers gebou kon gewees het. Hierdie berekeninge verskil dramaties van dié van Antieke ruimtevaarder-outeurs soos Filotto[58] (kyk 1.2.3).

  Dr Kohler wys daarop dat talle ander feite die teorie van ekstra-terrestriële inmenging in die bou van die piramides weerspreek:

[58] Filotto bereken dat daar elke twee minute een van die 2.3 miljoen boublokke geplaas moes word om dit in twintig jaar te kon bou. Dit blyk opsigself hoogs onwaarskynlik te wees. Hy glo ook dat minstens 100 000 man dan aan die bou vir die Groot piramide moes meegewerk het (1995: 75, 78).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> We know that in some cases they (the ancient builders) just didn't manage the weight. The unfinished obelisk in Aswan... was really a large piece and they couldn't handle it and it broke at some point and they had to give up this idea. This also shows that, if they had assistance from outer space, they would have known how to fix it or... to get it out of this quarry.
>
> (Kohler: www.abc.net.au/science/correx/archives/lies.htm).

Story (1976: 61) het die aansprake van Ruimtevaarderteorie-eksponente ook nagegaan. Von Däniken postuleer dat "...ancient Egypt appears suddenly and without transition with a fantastic ready-made civilisation." Story wys daarop dat dit glad nie die konsensus onder oudheidkundiges is nie en dat daar 'n duidelik-waarneembare ontwikkeling in die bou van die piramides aangetoon kan word (kyk ook Story 1980: 77; De Camp 1960: 28-52 en Feder 1990: 174).

Feder (1990: 179) konkludeer: "All evidence, both archaeological and historical, supports our original hypothesis: the ancient Egyptians built the pyramids and developed their civilisation without help from ancient astronauts."

- Die antieke mensdom se **kennis van metale en allooie** waarvan bepaalde voorbeelde die toets van die tye oorleef het (die bekendste voorbeeld is die roesvrye staal **Kulb Minar pilaar** in Delhi): Ook hierdie argument is deur Story (1976: 88) ondersoek. Volgens hom is die pilaar beslis nie 4000 jaar oud (soos Von Däniken beweer nie) maar gedateer op 1500 jaar. Dit is ook nie van 'n "eksotiese allooi" nie, maar van suiwer yster - daarom is dit ook roesvry. Dat dit wel getuig van "hoogs-gevorderde tegnologie" is waar, maar dit is nie tegnologie wat vir antieke gieters onbekend was nie. Story konkludeer: "The job need not ... be attributed to an outer-space technology" (1976: 89).

- Hafernik (1996: www.geocities.com/area51/corridor/8148/hafer) lewer kommentaar oor Sitchin se argeologiese navorsing en stel: "...His work conflicts... with mainstream archaeological opinion. ...we find Sitchin glossing over the way his opinion disagrees

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

with the rest of the archaeological community and stating his case as if it were generally accepted". Hy noem as voorbeeld een van Sitchin se grondargumente:

> ...Why did civilization come about at all? For, as most scholars now admit in frustration, by all data Man should still be without civilization. None of the other books about Sumeria or general archaeology bring up this question at all and Sitchin offers no support for his claim about academic frustration.

Hafernik sê verder oor een van Sitchin se argeologiese begrondings:

> ...we lowly humans have built all of the cities of the earth and all other human works of engineering and construction in a mere 5,000 years or so. Evidently Nippur (die stad wat die *Nefilim* op aarde gebou het) was quite a feat of engineering. Of course, nothing of any Nephilim engineering survives to this day. The mud-brick ziggurats of the ancient Sumerians survive, but not the great engineering feats of the Nephilim.

Sitchin dui aan waar die stad van die *Nefilim* sou gewees het (noord van die hedendaagse Bagdad) en Hafernik wys daarop dat dié terrein volgens argeologiese kennis toe nog nie bestaan het nie: "Sitchin claims the Nephilim selected this region more than 400,000 years ago as their base - when it was underwater!" (www.geocities.com/area51/corridor/8148/hafer).

Story (1976: 92) konkludeer soos volg oor Antieke ruimtevaarder-verklarings vir argeologiese fondse: "As we have now seen, without denying the possibility of von Däniken's thesis, archaeologists have offered so many more plausible and more substantial explanations for man's physical and cultural development that there is really no reason to bring extra-terrestrial "gods" into the picture." Hy sê ook dat dit opvallend is dat: "...the 'evidence' claimed by von Däniken to represent the science and technology of the ancient gods falls short of what might be expected from an advanced race of beings capable of interstellar space travel" (1976: 92).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.3.1.3 Die ontstaan van lewe en intelligensie op aarde[59]

Een van die hoeksteenargumente van die Ruimtevaarderhipotese is dat lewe op aarde in die algemeen, en menslike intelligensie in die besonder, beide in 'n relatief kort tydperk ontstaan het – te kort vir die tydsamige proses van evolusie om homself te voltrek. Die toedoen van Antieke ekstra-terrestriële besoekers bied 'n alternatiewe verklaring hiervoor:

Greenwell verwys kortliks na die "Panspermia-hipotese" (die idee dat mikro-organismes deur ekstra-terrestriële op aarde "geplant" is of miljoene jare gelede deur die heelal hierheen versprei is) (kyk 1.1.1.2). Hy glo dat daar tot op hede nie genoegsame wetenskaplike navorsing gedoen is om tot enige afdoende konklusie oor dié hipotese se bruikbaarheid te kom nie (hoewel dit nie onmoontlik is nie). Hy stel: "With minimum data to work from, little can be stated about the spore hypothesis, other than to speculate on its likelihood" (1980: 165).

Antonites (1996: 11) wys daarop dat die hipotese dat aminosure 'n buite-aardse oorsprong het, al hoe sterker onder wetenskaplikes figureer. Mikrobioloë is ook al meer van mening dat bakterieë en virusse in die aarde se atmosfeer gedeponeer is (en steeds word) deur veral die stof van komete. Hulle ondersoek tans 'n korrelasie tussen die voorkomste van kwale soos longontsteking en kinkhoes na die aarde se beweging deur bane van komete en dat kosmiese mikrobiologiese aktiwiteite moontlik vir miljoene jare reeds aan die gang is. Hoewel daar geen afdoende bewyse voor bestaan nie, blyk dit dat hierdie "moderne" weergawe van die Ruimtevaarderteorie in wetenskaplike kringe minstens ernstig oorweeg word.

Story gaan in die lig van die moderne antropologie in op die postulate van Von Däniken dat die moderne mens deur genetiese manipulasie tot stand gekom het. Hy sê:

[59] Vergelyk 1.1.1.1 – 1.1.1.3.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

On the face of it, this may sound like a good argument. But it fails to take into account more than 15 million years of fossil evidence extending from a now-extinct population (whose teeth resembled those of later hominids more than apes), including a whole series of other hominid remains, culminating in modem man. In other words, the human form can be traced back to the *Australopithecines* over five million years ago and perhaps much earlier than that to primates whose features indicate they were probably precursors of our own.

(Story 1980: 47).

Story stel dat antropoloë in redelike ooreenstemming is dat voorgeslagtelike primate ("hominiede") 10-15 miljoen jaar gelede deur aanpassings by hul veranderende omgewing te voorskyn gekom het as *Homo sapiens* (Story 1980: 45). Daar is ook genoegsame en gefundeerde feite oor die ontwikkeling van intelligensie by die mens. Die Amerikaanse antropoloog Loren Eiseley is deur Von Däniken aangehaal in sy *Return to the Stars* as om te gesê het dat breinontwikkeling by die mens "plotseling" plaasgevind het. Vir Von Däniken het dit die hipotese ondersteun dat breinvermoë byna oornag met ekstra-terrestriële hulp deur genetiese manipulasie ontwikkel het. Eiseley het kort voor sy dood in 'n brief aan Story (1980: 48) hierop gereageer. Hy skryf dat hy beslis buite konteks aangehaal is. Die kern van sy betoog (in 'n boek getiteld *Darwin's Century*) was dat die primate 'n kapasiteit vir taalvermoë ontwikkel het (iets wat ook by moderne primate waarneembaar is) en dat dit verdere ontwikkeling van die breinkorteks gestimuleer het: "Organisms capable of learning through speech or sign language can adjust their own behaviour more quickly and easily as demanded by changing environment" (Eiseley soos aangehaal deur Story 1980: 49).

Volgens Story (1980: 50-51) blyk alle feite huidiglik tot ons beskikking die tradisionele evolusionêre hipotese genoegsaam te ondersteun en is alternatiewe teorieë, veral swak gefundeerde postulate soos die van die Ruimtevaarderteorie, as verklaringsmodel oënskynlik oorbodig. Hy konkludeer: "What von Däniken refuses to recognise is that the human way of life... still took untold millennia to evolve. Traces of

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

its evolution are all too obvious to be denied."

In sy artikel *Tiptoeing beyond Darwin* ontleed Greenwell (1980) 'n aantal "onkonvensionele teorieë" oor die oorsprong van die mens. Hy gaan in op die teorie dat lewe in die algemeen en die mens in die besonder na die Aarde "oorgeplaas" is uit 'n ekstra-terrestriële omgewing asook Von Däniken se hibried-hipotese. Greenwell stel dat geen sodanige bewyse nog ooit gevind kon word nie (1980: 156). Hierteenoor is daar vele belangrike bewyse "that clearly demonstrate the intimate evolutionary linkages man has with his primate relatives". Volgens Greenwell het die genetiese biologie bevind dat die mens geneties so naby aan die sjimpansee is dat dit korrespondeer met die verhouding tussen sibbe-spesies van dieselfde genus:

- Menslike polipeptides is meer as 99% identies aan die van die sjimpansee.

- Studies van die spysverteringstelsels van primate en die mens en die ligging van die lewer het aangetoon dat dit grootliks ooreenstem.

- Die mens en primate deel meer ooreenstemmende parasiete as wat die mens met enige ander spesie deel.

- Die dentale patrone en formule tussen dié van die mens en die primate is treffend-ooreenstemmend.

- Studies het aangetoon dat daar groot ooreenkomste tussen die visuele vermoëns van primate en die mens is. Kleurvisie, stereoskopie, detail-akkuraatheid en sigbaarheidskurwes is besonder ooreenstemmend.

- Ouditiewe en olfaktiese vermoëns (gehoor en reuk) by die mens en by primate dui ook op 'n baie nabye verwantskap. Beide hierdie vermoëns neem as gevolg van verminderde evolusionêre noodsaak, toenemend by die hoëre primate af met 'n laagtepunt in die mens.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Natale studies het aangetoon dat daar by menslike en primaat-babas ooreenstemmende reflekse soos die "klou-respons" voorkom.

- Vergelykende studies van die brein by mense en primate het bevind dat die agterste lobbe ooreenstem daarin dat dit verklein het terwyl die frontale lobbe toenemend ontwikkel het en by die groot ape 'n hoogtepunt bereik het – in besonder by die mens.

- Daar is in verskeie onafhanklike studies bevind dat die ape die mees intelligente van die nie-menslike primate is. Sjimpansees is geleer om suksesvol met 'n rekenaarkonsole te kommunikeer en verskeie aapsoorte demonstreer 'n verstommende vermoë in die aanleer van taal – een van die laaste bastionne wat vir die mens alleen gereserveer was.

(Greenwell 1980: 157–164).

Greenwell se konklusie is: "Having reviewed some important features shared by man and the non-human primates, particularly the great apes, it can reasonably be concluded that all descended from common progenitors" (1980: 164).

Oor hoe hierdie proses verloop het, het wetenskaplikes egter steeds geen duidelikheid nie. Die Neanderthal hominiede is vir baie lank beskou as 'n belangrike ketting in die menslike evolusieproses. Uit baie onlangse navorsing wat oor die onderwerp gedoen is, het 'n aantal interessante nuwe feite aan die lig gekom. In 'n artikel *In search of life* (1997) verwys Andrew Locher na die algemeen aanvaarde hipotese dat die moderne mens van die Neanderthals afstam. Genetici van die Universiteite van Munich en Penn State het daarin geslaag om DNS uit 'n Neanderthal fossiel te onttrek. Die DNS struktuur is met dié van die moderne mens vergelyk en die resultate is in Julie 1997 in die joernaal *Cell* gepubliseer. Substansiële verskille (minstens 27 "mutasies") is waargeneem. Hulle konklusie was: "Humans didn't descend from Neanderthals" (aangehaal deur Locher 1997: 11).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.3.1.4 Die bestaan van buite-aardse lewe en intelligensie[60]

Dit is uitgewys dat die basiese voorwaardes vir die oorweging van die Antieke ruimtevaarder-teorie die bestaan van lewe en intelligensie buite die Aarde is. Hierdie basiese premisses is tans onder hewige bespreking in die wetenskaplike wêreld:

Prof A. Antonites neem in 'n reeks artikels (1996) die hele problematiek van ekstra-terrestriële rasionaliteit in oënskou en beredeneer vanuit filosofies-metodologiese perspektief die voorwaardes vir die wetenskaplike oorweging daarvan.

Die bekende vergelyking van prof Frank Drake van die Cornell Universiteit, wat deurslaggewend vir die motivering van die SETI projekte was, bied die logiese voorwaardes in die korrekte volgorde om die waarskynlikheid van beskawings in ons galaktika (die melkweg) wat in staat sou wees om met ons sonnestelsel te kommunikeer, te bereken (vgl Antonites 1996: 21 en Schilling 1998). Dit sluit in:

- Die aantal sterre (sonne) in minstens ons galaktika.
- Die hoeveelheid van daardie sonne wat planete het.
- Die hoeveelheid van daardie planete wat geskik is om lewe te onderhou.
- Die getal planete waarop lewe inderdaad ontwikkel het.
- Die getal planete waar rasionaliteit en beskawings ontwikkel het.
- Die aantal beskawings wat met ons sou kon kommunikeer.
- En laastens die tyd waarop 'n tegnologiese beskawing sou kon bestaan.

---

[60] Vergelyk 1.2.5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie voorwaardes sou ook vir 'n evaluering van die Antieke ruimtevaarder-teorie van toepassing wees met die kompliserende uitbreiding dat die beskawings nie alleen met ons sonnestelsel sou wou kommunikeer nie, maar ook die tegnologie ontwikkel het om interstellêre reise te onderneem en die Aarde te besoek.

Ons oorweeg nou hierdie voorwaardes ten opsigte van die huidige stand van die debat daaroor:

**(a) Bewoonbare planete in die heelal**

Die debat begin by die basiese voorwaarde dat ons eers sekerheid oor **die bestaan van sonnestelsels met bewoonbare planete buite ons eie** moet hê. Die tegnologie was tot onlangs nog nie verfynd genoeg om totaal onsigbare massas oor etlike ligjare heen te kon waarneem nie. Die sterrekundiges Langage en Pantin het egter in 1994 hul ontdekking bekendgemaak van 'n planeet wat wentel om die ster *Beta Pictoris*. Infrarooistudies is aangewend vir hul navorsing. Kort later is aanduidings van planete by die ster *Vega* gevind en het prof A. Wolzen van die Pennsylvania State University vasgestel dat die Pulsarster PSRB 1257 + 12 (wat 1200 ligjare van die Aarde af is) ongetwyfeld twee planete het. Hy kon selfs die massa daarvan bereken as twee keer dié van die Aarde. Hy het ook 'n maan by een van die planete ontdek.

Sedert 1995 het rapporte van astronome se ontdekkings van planete in ander sonnestelsels begin toeneem. Teen die middel van 2000 is meer as 50 "eksoplanete" reeds gedokumenteer en word nuwe planete nou vinniger ontdek as wat dit moontlik is om hulle te ondersoek[61]. Dit blyk dat dit heel algemeen is dat daar talle planete in wentelbane om sterre bestaan. Volgens Antonites (1996: 17) het wetenskaplikes gerustheid daaroor dat aan hierdie basiese voorwaarde voldoen is.

---

[61] *Beeld* van Dinsdag 8 Augustus 2000 (bl 7) bied 'n uitgebreide SAPA berig hieroor.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**(b) Lewe elders in die heelal**[62]

Die volgende voorwaarde in die debat is die vraagstuk oor **die bestaan van lewe** op planete elders in die kosmos:

In die biologiese wetenskappe geld die evolusie-teorie, alhoewel baie gewysig sedert Darwin dit oorspronklik gepostuleer het, vandag as goed gevestigde wetenskaplike paradigma. Die ontstaan van organiese lewe uit anorganiese chemiese molekules was vir dekades 'n moeilike probleem. Biochemici Keete, G. Newton en S. Miller het 'n oplossing gevind in drie eenvoudige organiese molekules wat in die "oersop" sou kon saamsmelt om 'n molekuul "pantetein" te vorm wanneer dit teen 40 grade Celsius verhit word. Dit is 'n temperatuur wat algemeen op die oer-aarde voorgekom het. Anorganiese materie in die oer-oseane sou volgens hulle in beginsel kon kombineer om aminosure te vorm wat 'n bepalende rol speel in biologiese evolusie (Antonites 1996: 9).

Die oortuiging dat biologiese lewe wydverspreid in die heelal voorkom, figureer al hoe sterker in wetenskaplike kringe. Lewe, soos wat ons dit ken, het 'n koolstof en waterbasis. Wetenskaplikes soos Carl Sagan stel dat koolwaterstof so universeel in die heelal is, dat 'n redelike persoon nie anders kan as om te aanvaar dat lewe elders sal bestaan nie. Antonites (1996: 11) sê dat 'n groot aantal (indien nie verreweg die meeste) wetenskaplikes wel op een of ander wyse die realiteit van, ten minste, biologiese lewe in die heelal aanvaar. Hy haal prof Raup van die departement Geofisiese Wetenskappe aan die Universiteit van Chicago aan wat sê dat daar redelike konsensus onder bioloë en biochemici is dat minstens primitiewe lewe in ander planetêre sisteme nie alleen moontlik is nie, maar selfs waarskynlik is. Daar is selfs 'n nuwe wetenskap gegrondves met biologiese lewe buite die aarde as studieobjek, te wete die **Exobiologie**.

In sy bekroonde boek *Die groot gedagte* (1997: 27, 85, 271, 266, 279, 287) bied

[62] Vergelyk 1.2.5.1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gideon Joubert 'n oorsig oor die nuutste wetenskaplike denkwyses oor die onderwerp van lewe in die heelal en bevestig die konklusie van Antonites. Hy bespreek ook die resente ontdekking van gefossileerde spore van primitiewe organismes op 'n meteoriet wat waarskynlik vanaf Mars afkomstig is en in Antarktika gevind is. Dié bewysstuk word tot dusver as die beste nog vir die bestaan van organiese lewe elders in die kosmos beskou. In wetenskaplike kringe duur die debat egter voort oor hoe afdoende dit bewysbaar is dat dit wel gefossileerde organismes is wat op die meteoriet waargeneem is (kyk Joubert 1997: 267 en Locher 1997: 10).

Al sou die bestaan van lewe elders in die kosmos al meer waarskynlik blyk te wees, bly dit egter 'n voorwaarde dat ander planete gunstige omstandighede vir die ontwikkeling van lewe moet hê. In 1996 ontdek G. Marcy van die Universiteit van San Francisco en P. Butler van die Universiteit van Kalifornië 'n planeet met drie keer die massa van Jupiter by die ster *47 Ursa Majoris*. Volgens Marcy is die omstandighede daarop ideaal vir die vorming van lewe soos ons dit ken synde die planeet beskik oor reën en oseane wat heelwaarskynlik uit vloeibare water bestaan (Antonites 1996: 17).

In Sitchin se weergawe van die Ruimtevaarderteorie word veel gemaak daarvan dat lewe op aarde sy oorsprong gehad het by 'n twaalfde planeet in ons eie sonnestelsel (genaamd Marduk). Die teorie dat planete en mane buite die "bewoonbare zone" van die son ook lewe sou kon onderhou, word tans deur wetenskaplikes herondersoek. Hemelliggame het ook bronne van interne hitte waarop lewe sou kon staatmaak. In 'n artikel *Habitable Moons* in die tydskrif *Sky & Telescope* (1998: 51) word die nuutste feite in dié verband bespreek en word gespekuleer dat die bestaan van lewe selfs in ons eie sonnestelsel al meer as 'n waarskynlikheid geag word.

Hafernik (1996) het in sy artikel oor die werk van Sitchin die Marduk-teorie krities oorweeg en bevind: "Marduk, having an orbital period of 3,600 years must swing out about 230 AU from the Sun (about 6 times further than Pluto). It seems to me that any body in such an orbit (receiving almost no solar radiation) would be dark and frozen most of the time... nothing like earthly life could evolve there". Hy sê:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Think a little about Marduk... Here is a planet out past the orbit of Mars at its closest. All of the other planets in this range are composed mostly of liquid hydrogen, frozen methane and so on. No planet in this range will evolve an Earthly form of life. None of the outer planets have liquid water, none have free oxygen (necessary for most earthly life), none have carbon or nitrogen in any large amounts (necessary for earthly life), none receive enough solar radiation for photosynthesis... the chance of highly evolved organic molecules being present seems slight.
>
> (Hafernik 1996: www.geocities.com/area51/corridor/8148/hafer).

Dat die teorie van Sitchin uit wetenskaplike perspektief nie baie bruikbaar is nie, lyk onafwendbaar. Hafernik konkludeer: "...While it is true that organic molecules can be found in space (as Sitchin suggests), there is no suggestion... that DNA has evolved anywhere else."

**(c) Rasionele lewe elders in die heelal**[63]

Die laaste voorwaarde vir die oorweging van die Antieke ruimtevaarder-teorie, is dat lewe elders in die heelal ook sou ontwikkel tot op die vlak van rasionaliteit en 'n tegnologie om die ruimte te deurkruis. Schilling (1998: 36) vat die nuutste sieninge van wetenskaplikes in dié verband saam. Antonites (1996: 12) bied ook 'n uiteensetting oor die debat en wys uit dat daar twee hipoteses bestaan oor die ontwikkeling van rasionele lewe elders in die kosmos:

- Die sogenaamde **"divergensie-hipotese"** gaan uit vanaf die evolusie-teorie en word aangehang deur wetenskaplikes wat glo dat die evolusie-proses eenmalig, onomkeerbaar en onherhaalbaar was. Evolusie was 'n "deurmekaar" aangeleentheid wat met toevallighede en stampe-en-stote verloop het. Daar is geen deterministiese lyn vanaf die oorsprong van lewe na die rasionele mens nie.

[63] Vergelyk 1.2.5.2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die matematiese kans dat die evolusieproses, sou dit van voor af op aarde kon begin, weer op rasionele lewe sou uitloop, is vir voorstanders van die divergensie-hipotese tegnies nul. Dieselfde argument sou dan ook geld vir die ontstaan van rasionele lewe elders in die heelal (Antonites 1996: 12).

Robert Rood en James Trefil in hul boek *The Possibility of Extraterrestrial Civilizations* (1981: 247), is voorbeelde van aanhangers van die divergensie-hipotese. Hulle konklusie oor rasionele lewe elders in die kosmos is: "...the evidence we have at present clearly favours the conclusion that we are alone. From the formation of the sun as a single G star to the evolution of the earth's atmosphere to the conditions of the earth's recent climate, everything points to the same conclusion – we are special."

Antieke ruimtevaarder-advokate soos Von Däniken en Sitchin argumenteer dat die evolusie-teorie nie die ontstaan van intelligente wesens soos die mens kan verklaar nie. Homo Sapiens sou te vinnig op die toneel verskyn het om voorsiening te maak vir die miljoene jare wat die proses van evolusie daarvoor nodig sou hê. Dié outeurs postuleer daarom ekstra-terrestriële "inmenging" in die "skepping" van menslike rasionaliteit.

Hafernik dui hierteenoor aan dat huidige wetenskaplike opinie dit egter redelik eens is dat daar wel genoegsame bewyse vir die evolusionêre uitgangspunt oor menslike ontwikkeling bestaan: "We do know... that evolution proceeds in fits and starts, goaded by conditions that leave niches open... man has evolved steadily from proto-humans to Homo Sapiens... (1996: www.geocities.com/area51/corridor/8148/hafer).

Antonites (1996: 13) wys ook daarop dat die uitgangspunt van divergensie talle probleme oplewer en juis vanuit die evolusie-teorie self. Dit word as 'n baie eensydige perspektief beskou. Divergensie hou nie rekening met van die belangrikste determinante van die evolusieproses nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die sogenaamde "**konvergensie-hipotese**" (wat eweneens uit die evolusie-teorie na vore kom), bereik lynreg die teenoorgestelde resultate: Volgens hierdie hipotese sal soortgelyke omgewings neig om konvergensie voort te bring. Die omgewing neig om daardie lewensvorme te selekteer wat die beste daarby aangepas het en giet lewe sodoende in soortgelyke kanale – gegewe dat soortgelyke omgewings sou bestaan. Antonites (1996: 13) stel dat rasionaliteit meer waarskynlik 'n konvergente eienskap as 'n divergente eienskap is. Evolusie sal homself altyd in breë trekke herhaal om die beste oorlewingstrategie te bereik. Rasionaliteit is 'n hoogs suksesvolle (indien nie die beste) oorlewingskenmerk in die natuur en die evolusieproses sou neig om weer daarop af te stuur onder soortgelyke omstandighede.

'n Goeie voorbeeld van konvergente ontwikkeling in die natuur is dié van vlerke. Vlerke het onafhanklik van mekaar (en miljoene jare uitmekaar) by verskillende spesies te wete insekte, reptiele, voëls en soogdiere (vlermuise) ontwikkel. Dit is so omdat die vermoë om te kan vlieg 'n baie suksesvolle oorlewingseienskap is. Dieselfde het met die oog gebeur. Dit is moontlik en selfs waarskynlik dat lewe elders in die kosmos ook op rasionaliteit as effektiewe oorlewingseienskap sou afstuur. Tewens, 'n nuwe hipotese in die paleobiologie toon dat die vroegste mens nie noodwendig op een kontinent (nl. Afrika) ontwikkel het nie, maar dat dit juis volgens konvergensie in evolusie waarskynlik is dat mensagtiges op verskillende kontinente en onafhanklik van mekaar ontwikkel het[64] (Antonites 1996: 14).

Marvin Minsky van die Massachusetts Institute of Technology (MIT) toon volgens Antonites oortuigend aan waarom objekte van rasionaliteit voorkeur geniet en universeel in die heelal moet wees. Hy konkludeer dat daar op grond van die meer-waarskynlike konvergensie-hipotese sterk gronde voor bestaan om

---

[64] Vergelyk die bevinding uit die Genetika dat moderne mense nie van die Neanderthal-spesie afstam nie. Hierdie oerspesie blyk dus moontlik so 'n uitgestorwe "mensagtige" te wees (kyk Locher 1997: 11).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lewe met selfs herhaalbare ooreenkomste ten opsigte van struktuur en gedrag ook op ander planete te verwag (Antonites 1996: 15).

Die mening dat daar grootliks aan wetenskaplike voorwaardes voldoen is om die bestaan van rasionele lewe elders in die kosmos as legitieme opvatting te oorweeg, is volgens Antonites (1996: 17) heeltemal aanvaarbaar. Hy sê:

> Dit alles is nog nie finale getuienis vir die bestaan van biologiese lewe elders nie. Dit is egter wel baie duidelik dat die moontlikheid nou nie net baie groter as voorheen is nie, maar dat dit as noodsaaklike voorwaarde reeds sterk wetenskaplike rugsteun het. 'n Definitiewe beweging weg van wetenskapsfiksie het dus gerealiseer wat aan wetenskaplikes voldoende grond bied om nou verder te soek na bevestiging...
>
> (Antonites 1996: 12).

Die huidige SETI-projekte hoop om binnekort meer eksplisiete bewyse te vind deur moderne tegnologie. Schilling (1996) en Antonites (1996: 20) bied oorsigte oor die nuutste stand van die SETI-projekte:

Met die koms van radioteleskope wat natuurlike seine vanaf Jupiter en veraf sterre kon opvang, het die gedagte by sterrekundiges en later ook by ander wetenskaplikes posgevat dat, indien rasionele-tegnologiese beskawings elders in die heelal bestaan, hulle radioseine op mikrogolf behoort uit te saai. Dit word beskou as 'n aantreklike middel vir kommunikasie. Nie-natuurlike seine uit die heelal sou ook ligjare ver tussen sterre en gasnewels deur opgevang kon word.

Morrison en Cocconi het in 1959 reeds met die voorstel gekom dat radio-teleskope gebruik kan word vir die soeke na kunsmatige seine uit die kosmos. Frank Drake was die eerste wetenskaplike wat die daad by die woord gevoeg en met 'n 26 meter radioteleskoop begin soek het na seine uit die kosmos. Verskeie belowende seine is tot in 1965 ontvang, maar dit het telkens met nadere studie geblyk natuurlike seine te wees

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Antonites 1996: 23). Terwyl persone soos Drake en Sagan aanvanklik baie optimisties oor die potensiaal van die SETI-projekte was en Drake selfs voorspel het dat dit net enkele jare sou neem om bevestiging van rasionele lewe in die kosmos te vind, het die optimisme mettertyd begin taan. By die vyfde internasionale bio-astronomiese konferensie in 1996 het Drake bely: "Maybe I was a little too optimistic. Success can't be predicted" (Schilling 1998: 42, 44).

Vandag is honderde miljoen dollar hoogs gesofistikeerde gerekenariseerde SETI-projekte nogtans op dreef – die mees prominentste is dié van die Universiteit van Kalifornië (Berkeley) en dié van NASA. Belowende resultate is reeds gedokumenteer.

Sedert 1992 word die wêreld se grootste radioteleskoop te Arecibo in Puerto Rico[65] gekoördineerd met teleskope op verskeie ander vastelande aangewend deur NASA se SETI-spanne. Hul rekenaarsisteme voer 106 biljoen operasies per sekonde uit met ongeëwenaarde intensiteit en sensitiwiteit. Daar word gefokus op die naaste 1000 sterre binne 80 miljoen ligjare van die aarde. **NASA se Ames SETI-projek** toets 29 miljoen kanale en **NASA se JPL-projek** 'n verdere 16 miljoen kanale. Die **Universiteit van Berkeley** in Kalifornië toets 106 miljoen kanale. Binne een jaar is uit sowat 30 triljoen seine 164 nie-natuurlike seine gedokumenteer. Die **Ohio Universiteit** toets vanaf 1993 sowat 10 miljoen kanale en die **Planetêre Vereeniging se MEGA-projek** toets 160 miloen kanale. Hulle het reeds een definitiewe nie-natuurlike sein gedokumenteer (Antonites 1996: 20).

**(d) Ruimtereise deur die kosmos en OVV's[66]**

As al meer wetenskaplikes positief is oor die moontlikheid van intelligente lewe elders in die kosmos, is die moontlikheid dat ons hulle ooit sou ontmoet (soos wat klassieke weergawes van die Ruimtevaarderteorie aanvoer) 'n heeltemal ander saak.

---

[65] Hierdie teleskoop het 'n deursnee van 305 meter.

[66] Vergelyk 1.2.1 en 1.2.5.4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Joubert (1997: 354) dui aan dat die meeste moderne wetenskaplikes van mening is dat die grootste belemmering vir toekomstige ruimte-eksplorasie die onbevatlik-enorme afstande in die ruimte is. Sedert die sterrekundige Edwin Hubble die afstande tussen sterrestelsels meer akkuraat begin bereken het, het die wetenskap se besef van die werklike omvang van die heelal geweldig toegeneem. Dit sou 'n ruimtetuig teen hedendaagse ruimte-snelhede byvoorbeeld nagenoeg 180 000 jaar neem om na die naaste ster aan die aarde (4.3 ligjare) te reis. Oor die moontlikheid dat 'n tegnologiese beskawing (binne of buite die aarde) ooit die tegnologie sou kon ontwikkel om hierdie enorme afstande te deurkruis, is wetenskaplikes baie skepties (vgl Joubert 1997: 129,162,164, 255 en Filotto 1995: 7). Dit bly egter die laaste voorwaarde vir die oorweging van die Antieke ruimtevaarder-hipotese[67]:

Enkele wetenskaplikes het met die afstand-problematiek geworstel. Prof Frank Tipler is 'n voorbeeld van 'n geleerde wat 'n unieke aanslag in sy beredenering daarvan volg. Hy redeneer vanuit die resente Rekenaarteorie dat dit teen die huidige ontwikkelingstempo binne dertig jaar tegnologies moontlik behoort te wees om 'n rekenaar te bou met "menslike-vlak intelligensie". So 'n rekenaar word 'n "finite state machine" genoem (Tipler 1994: 43). Volgens Tipler sal die mensdom nie sonder so 'n "intelligente robot" in staat wees om sy horisonne veel verder in die kosmos uit te brei nie. So 'n robot sou die essensiële vrag van 'n interstellêre ruimtetuig kon uitmaak om die melkweg te gaan eksploreer. 'n Ruimtetuig met die vermoë om teen 'n snelheid van 90% die van lig te reis, sou fisies moontlik wees. Dit sou versnel kon word tot op hierdie snelheid deur 'n laserstraal vanaf die aarde daarop te fokus. Om dit te kan doen, sou die vrag egter so min as 100gram moes weeg en dus met nano-tegnologie gekonstrueer word. Wanneer sulke robotte met die vermoë om onafhanklik te ageer en selfs te reproduseer, deur die heelal begin versprei, sou "menslike intelligensie" in effek

[67] Sitchin se argument dat ruimtevaarders vanaf 'n twaalfde planeet in ons sonnestelsel afkomstig was, sou die enigste weergawe van die Ruimtevaarderhipotese wees waarteen die afstand-beswaar nie geld nie. Sy hipotese is egter as hoogs-onwaarskynlik uitgewys (Hafernik 1996).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die heelal begin "koloniseer"[68]. Die meeste van hierdie tegnologie is volgens Tipler reeds binne die mens se bereik. Indien so, sou dit ook die postulate van die Antieke ruimtevaarder-teorie ondersteun.

Die vraag oor die moontlikheid van interstellêre ruimtereise hou verband met dié oor OVV's[69]: Indien daar enige wetenskaplik-gefundeerde aanduidings gevind kon word dat die OVV-fenomeen enigsins met ekstra-terrestriële aktiwiteite verband hou, sou dit ook die waarskynlikheid van interstellêre ruimtereise bevestig en sodoende die Antieke ruimtevaarder-teorie se postulate ondersteun (Antonites 1996: 24, 30). Larson (1984: 345) stel: "The most commonly accepted theory regarding the origin of UFOs is that of ETI's (extraterrestrial intelligences). Unofficially, the U.S. government also presumes that such craft must come from other planets."

Spencer (1997) gee in sy boek *Fifty years of UFO's* 'n baie goeie en kritiese oorsig oor die OVV-fenomeen[70]. Hy verdeel en evalueer OVV-waarnemings deur die eeue in die volgende groepe:

- **"LITS" — (Lights in the Sky)**

Hierdie is die mees algemene verskyningsvorm van OVV's. Spencer (1997: 170) sê:

> ... One part of the UFO phenomenon has stability: LITS have been reported consistently for centuries. They are probably there for "real." They are widely seen and in the modern era they register on radar; they interact with aircraft ...

- **"Objects in the Sky"**

---

[68] Daar is gewys op Tipler se teorie dat die mens self ook aan al die vereistes voldoen om te kwalifiseer as so 'n "finite state machine" - moontlik van 'n buite-aardse beskawing (vgl 1.1.1.3, Tipler 1994: 31).

[69] Vergelyk 1.2.1.

[70] Annable (1997) bied in 'n reeks artikels ook 'n baie goeie en neutrale oorsig oor die OVV-debat.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie kategorie behels waarnemings van allerlei oënskynlik fisiese voorwerpe, dikwels metaalkleurig in allerlei vorme en vlieënd in patrone en selfs formasies.

- **"Contactees" en "Abductees"**

Talle persone[71] het gerapporteer dat hulle fisies kontak gehad het met 'n OVV en die bemanning daarvan. Sommiges beweer dat hulle ontvoer is deur OVV's[72]. Spencer (1997: 172) merk op dat OVV-ontvoerings 'n lang geskiedenis het maar "their experiences have usually been interpreted through religion or spiritualism rather than through the newly emerging UFO phenomenon."

- **"Crash retrievals"**

Daar is talle gerugte dat OVV's wat iewers sou neergestort het, se oorblyfsels in die geheim versamel is. Dit gaan gewoonlik gepaard met bewerings van toesmering en sameswerings deur regerings, omdat "amptelike" bewyse vir sodanige OVV-ongelukke oënskynlik nie bestaan nie (vgl Birdsall 1997:337v; Brooksmith 1997: 523v).

Antonites (1996: 24) wys uit dat moderne wetenskaplikes (selfs persone soos prof Carl Sagan, wat die soeke na buite-aardse rasionaliteit entoesiasties ondersteun het) baie skepties oor OVV's is. Prof Frank Drake skryf in 'n artikel *UFO's – A Scientific Debate*: "The first fact we learned was that a witness's memory of such exotic events fades very quickly. After one day, about half of the reports are clearly erroneous... later they were reconstructing in their imagination an event based on some dim memory of what happened..." (aangehaal deur Tipler 1994: 311). Daar is heelwat voorbeelde uit psigologiese literatuur hoe foutiewe waarnemings en selfs bedrog aanleiding gegee het

---

[71] Twee voorbeelde van persone wiese werke vir hierdie studie geraadpleeg is was George Adamski (1958) en Elizabeth Klarer in haar Suid-Afrikaans gepubliseerde werk *Beyond the light barrier*.

[72] Die onderwerp van OVV "ontvoerings" het die afgelope aantal jare heelwat belangstelling gewek. Fuller (1966) en Bullard (1987) het studies van die onderwerp gemaak. Kyk ook Annable (1997:365v).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tot kollektiewe misleiding - selfs by groepe mense. Dit is veral algemeen in OVV-waarnemings: "A few people report seeing UFO's, these reports cause other people to look at the sky and misidentify natural objects, thereby generating further reports; for some reason other people think it amusing to fake UFO's, thereby generating UFO sightings of the fakes. There is an enormous amount of fraud in reports of strange events" (Tipler 1994: 311). Tipler gee toe: "Occasionally we scientists are wrong, and the illiterate peasants reporting observations of exotic events correct. The classic example of this is the existence of meteors themselves. Before 1800, almost all educated people believed 'there are no stones in the sky, ergo no stones can fall from the sky'" (Tipler 1994: 312).

Dit is redelik om te verwag dat wetenskaplikes eers "binne-aardse" verklarings vir OVV-waarnemings sou soek. So het talle verskynings ook geblyk te wees. "LITS" en "Objekte in die lug" het meestal geblyk weerbalonne, satelliete, vliegtuie (veral geheime militêre tegnologie onder ontwikkeling), planete en metereologiese aktiwiteite te wees. Kunstige foto en videobedrog het ook nie weggebly nie (kyk Spencer 1997: 171-172). Veral OVV-ontvoerings is op sielkundige en neurologiese wyse verklaar as patologiese toestande en hallusinasies:

Navorsers soos Laeffen en Persiger sien OVV's nie as 'n realiteit nie, maar as deel van 'n sterk sosiale beweging wat basies 'n reaksie is teen die wetenskap en die rede – dus 'n interne kwessie sonder enige eksterne korrelaat (Antonites 1996: 27; Spencer 1997: 173).

Die beroemde sielkundige Carl Jung het ook 'n boek geskryf *Flying Saucers A Modern Myth of Things Seen in the Skies*. Hierin bied hy 'n psigologiese verklaring vir die OVV-fenomeen (kyk 2.3.2.1).

Die Britse parapsigoloog dr Susan Blackmore het vir baie lank navorsing gedoen oor bonatuurlike verskynsels. Haar verklaring vir 'n verskeidenheid "paranormale" aangeleenthede waaronder OVV-kontakte en –ontvoerings was dat dit met 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

psigologiese verskynsel te wete "slaap paralise" te make het (Blackmore 1997: 521).

'n Beduidende persentasie van samehangende waarnemings wat op geen alternatiewe wyse verklaar kon word nie, bly egter staan. Dit is veral oor hierdie waarnemings wat 'n kritiese navorser soos Spencer (1997: 9) sê: "I would not have spend one additional moment on the subject of UFOs if I didn't seriously feel that the UFO phenomenon is real..." Die bekende OVV-navorser Arthur C. Clarke skryf: "A small proportion of UFOs have never been satisfactorily explained, and the theory that they are visitors from outer space is a perfectly reasonable one..." (aangehaal deur Story 1980: 139). Ook 'n baie kritiese outeur soos Story sê: "I do feel that a genuine UFO mystery exists... There is no question but that UFOlogy has become more respectable in recent years, both among scientists and the general public" (Story 1980: 139-140).

Antonites (1996: 28) haal 'n aantal werke van gerespekteerde wetenskaplikes aan waaruit dit blyk dat OVV's beslis al hoe meer ernstig opgeneem word. Hy noem as voorbeeld die werk van 'n aanvanklik-skeptiese prof J.E. Mack van die Mediese Fakulteit aan die Universiteit van Harvard. Mack het begin om persone wat 'n OVV-ontvoering berig het, onder gekontroleerde omstandighede psigiatries te ondersoek. Die resultate van sy navorsing het hom tot 'n totaal nuwe opinie daaroor gebring: Hy kom tot die gevolgtrekking dat sy pasiënte nie alleen psigiatries baie gesond was nie, maar dat die ervarings reëel moes plaasgevind het. Hy voel so sterk hieroor dat hy sê: "If I'm wrong... I'll tear up my diploma" (Birdsall 1997: 339).

Baie klein en vreemde metaalvoorwerpies ("alien implants") is ook in pasiënte wat ontvoerings gerapporteer het, onafhanklik van mekaar en op plekke duisende kilometer uitmekaar opgespoor. Hierdie voorwerpies is aan element-analise, elektronies-mikroskopiese fotografie en koolstof-isotoop-analise onderwerp. Dr David Pritchard - 'n fisikus van die Massachusetts Institute of Technology, het van hierdie inplantings ondersoek en was nie in staat om dit te identifiseer nie. Prof Mack sê van sy navorsing dat dit hom oortuig het dat ons met 'n fenomeen te make het wat nie psigiatries verklaarbaar is nie, maar ook nie fisies binne die Westers-wetenskaplike wêreldbeeld

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moontlik is nie (Antonites 1996: 28; kyk ook Randles 1997: 365v).

Prof Leo Spinkle, 'n psigoloog verbonde aan die Universiteit van Wyoming, het 'n soortgelyke studie as Mack geloods en 50 verskillende OVV-ontvoeringsgevalle gehipnotiseer. Hierdie persone kon hul reise in fyn besonderhede onthou en groot ooreenkomste is in die gevalle waargeneem[73] (Larson 1984: 345).

Tydens die koue-oorlog in die vyftigerjare is alle beriggewing van OVV's "buite sirkulasie" gestel. Dit het onfatsoenlik geword om oor OVV's te praat. In die laaste aantal jare het 'n skielike en onverwagse verskuiwing plaasgevind toe veral wetenskaplikes (wat respektabele persone soos prof R. Trundle (van die Northern Kentucky Universiteit), drr R. Lazar en A. Holt (fisici van NASA) en prof Mack (waarna verwys is) OVV's openlik as 'n werklikheid begin aanvaar het.

Die twee wetenskaplikes van NASA, drr R. Lazar en A. Holt, het albei verklaar dat hulle in die 1980's by 'n hoogs geheime tru-ingenieurswese navorsingsprojek van die Amerikaanse regering betrokke was. Hulle het gewerk aan wat duidelik 'n ekstra-terrestriële vaartuig was. Lazar stel dat die vaartuig gefunksioneer het op beginsels van tegnologie en kennis van die fisika wat, dié aan ons bekend, ligjare vooruit was. Holt dui aan dat besoeke van ekstra-terrestriële moontlik gemaak is deurdat hul vaartuie oor die vermoë beskik om ruimte en tyd te transendeer. Dit is algemeen bekend dat NASA tans 'n afdeling het wat navorsing doen oor soortgelyke transportasie-sisteme wat nie onderworpe sou wees aan die beperkinge van ruimte en tyd nie en dat hulle dit as dié wyse beskou waarop interstellêre reise binne die afsienbare toekoms moontlik sou wees (Antonites 1996: 30).

Story noem dat die rekenaarwetenskaplike Jaques Vallee van die Stanfordse

---

[73] 'n Navorser, Martin Cannon, se verklaring hiervoor is dat 'n geheime been van die Amerikaanse CIA agente wat ondergrondse take vir dié agentskap uitgevoer het, na afloop daarvan programmeer met post-hipnotiese suggesties van die klassieke E.T-ontvoeringsondervinding as 'n "skermgeheue". Dit maak die persoon ongeloofwaardig indien hy ooit ondervra sou word (kyk Randles 1997: 369).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Universiteit 'n hipotese verdedig "...that there is a control system for human consciousness... a monitoring system that might have been set up to keep track of our progress, of which the UFOs may be a part" (1980: 148-149). Die OVV-kundige dr J. Allan Hynek, voormalige voorsitter van die Astronomie departement van die Northwestern University en betrokke by die Amerikaanse regering se projek "Blue Book" (wat die OVV-verskynsel ondersoek het), stel sy opinie soos volg: "I am...inclined to think in terms of something meta-terrestrial – a sort of parallel reality... I have the impression that UFOs are announcing a change that is coming soon in our scientific paradigms. ... Many people... feel that it might be a conditioning process" (Story 1980: 149; kyk ook Larson 1984: 347).

Antonites (1996: 31) is van mening dat navorsing van geleerdes soos Mack op deeglike en gekontroleerde toetse gebaseer is en dus meer as net 'n hipotese is, teenoor "interne" verklarings soos dié van Persiger wat hoogstens op hipotetiese vlak funksioneer. Sou die wetenskaplikes se bewerings dat OVV's wel onder gekontroleerde (maar hoogs-geheime) omstandighede ondersoek is, die waarheid wees, beteken dit dat daar op alle vlakke aan genoegsame voorwaardes voldoen is om die bestaan van ekstra-terrestriële rasionaliteit (en ook die postulate van die Antieke ruimtevaarder-teorie) ernstig op te neem. Die kritiese vraag bly egter vir Antonites waarom die omvang van enige gekontroleerde gevalle so beperk is.

Story (1976: 117) as uiters kritiese outeur, konkludeer soos volg oor die OVV-fenomeen: "Many reports came from people of unquestionable integrity whose professional qualifications should not be taken lightly. ... But while keeping an open mind on the subject of UFO's, a certain degree of scepticism should be maintained."

### *1.3.2 Kritiek uit Godsdienstige en Teologiese perspektief*

#### 1.3.2.1 Godsdienstige evaluerings

Dit sou te verwagte wees dat eksponente van die Ruimtevaarderteorie hulself veral die argwaan van die godsdienstige wêreld op die hals sou haal. Uit 'n literatuurstudie blyk

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dit egter nie werklik die geval te wees nie. Daar is min bronne waarin teoloë of outeurs uit godsdienstige kringe hulself oor die Antieke ruimtevaarder-teorie en die OVV-fenomeen uitgelaat het:

Story (1976: xv) glo dat die Antieke ruimtevaarder-teorie 'n "algemene aanval" teen die wêreld se godsdienste verteenwoordig. Hy dui aan dat die meeste wetenskaplikes en teoloë egter swyg oor die aangeleentheid omrede hulle dit nie as "ernstige navorsing" of as 'n "bedreiging" beskou nie. 'n Voorbeeld hiervan is die werk van die teoloog prof Robert Ellwood van die Universiteit van Suid-Carolina in die VSA wat sê: "Frankly, the general level of scholarship is so low... my general impression was of a hopeless mass of woolly theories and garbed facts by authors obviously innocent of most of what is known of the language and cultural background of the ancient books, and of the canons of rational thinking" (aangehaal deur Story 1976: 122).

Andrew Locher (1997: 7-11) ondersoek in 'n artikel *In Search of Life* die moderne wetenskap se obsessie met ekstra-terrestriële lewensvorme. Hy is van oordeel dat dit 'n desperate poging verteenwoordig om ondersteuning te kry vir die "onbewysbare evolusieteorie". Locher behandel verskeie huidige projekte ter waarde van miljoene dollar om te soek na lewe of oorblyfsels van lewe op die planeet Mars en sê: "...every single mission to find life outside of Earth has returned the exact same result – emptiness, no life!" Hy meen dat Bybelgedeeltes soos Romeine 8:19-23 dit beklemtoon dat die ruimte rondom die Aarde heeltemal leweloos is en sê: "The only life humans will ever find outside the confines of the Earth is God..." (Locher 1997: 11).

Nog 'n voorbeeld van 'n godsdienstige evaluering van die Ruimtevaarderhipotese is die apologetiese boek van Stanton (1997) waarin die teorie van Drosnin gekritiseer word. Stanton is 'n teoloog uit Bybels-metodistiese kringe en sy kritiek is vol sterk bewoorde retoriek. Daar is nogtans baie bruikbare insigte in sy werk opgeneem.

Stanton kategoriseer die tipe literatuur waarvan die Antieke ruimtevaarder-teorie deel uitmaak as "sensationalism" en sê dat die teorie oorleef op "a carefully controlled diet of

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

information that confirms their view" (1997: 13). Stanton wys daarop dat dié tipe literatuur dikwels soek na sinistere motiewe en sameswerings dat "...a small group of powerful people are deceiving us for their evil ends" (1997: 13). Ironies genoeg bou hy dan self so 'n samesweringsteorie oor die werk van sensasionalitiese outeurs wat daarop uit sou wees om die gesag van die Bybel te ondermyn.

Stanton verwys na werke van outeurs soos Velikovsky, Von Däniken en Drosnin wie se teorieë die "waarhede en feite" van die Bybel oënskynlik "bevestig", maar glo dat dit juis beplan was om dit te ondermyn: "In each case, suppressed evidence has been revealed to challenge our society's rejection of the Bible. Is it not reaffirming the Bible in a sensational fashion? It seems to, but it doesn't... In fact it is part of the suppression of the Bible" (1997: 14, 15). Stanton sê:

> Western society is determined to live without the Bible. The underlying policies of government are mostly anti-biblical. Those in power know that they would lose their power if the Bible were accepted by the people. How could they get rid of this irrepressible book? ...they use propaganda. Schools, universities, television – even some theologians – have projected a false idea of the Bible.
>
> (Stanton 1997: 16).

Stanton wys die foutiewe argumente en uitgangspunte in Drosnin se Skrifgebruik korrek uit waarna hy vra na Drosnin se motivering vir die teorie dat daar 'n "geheime kode" in die Bybel is. Drosnin het aangedui dat hy self nie godsdienstig is of in God glo nie. Nogtans gee hy toe dat geen mens daartoe kon bydrae dat die "geheime kode" in die Bybel opgeneem is nie. Hy wend hom daarom tot antieke ruimtewesens (kyk 1.1.1.5). Dit is volgens Stanton dieselfde weg as wat outeurs soos Von Däniken gevolg het: "They are simply a useful cop-out: they are sufficiently supernatural to explain miracles... but they were also human enough that we have no need to think about God ...living up in some far-off galaxy" (1997: 22, 23). Dit herinner Stanton aan die afgode van die heidendom: "They were far enough to be unlike the true God who fills all

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

things, yet powerful enough to take the place of God in people's minds ..." (1997: 23).

Antieke ruimtevaarder-outeurs se standpunt is dat die Bybel se feite toe wel korrek was: "Von Däniken proved that supernatural events of the past really happened. Ezekiel's vision was reality, but it had nothing to do with God. It was really alien spacemen..." (Stanton 1997: 67). Daar word dus 'n vorm van "geloof" in die betroubaarheid van die Bybel se feite herontdek. Maar die interpretasie van die feite is so radikaal verskillend van die ortodokse interpretasie daarvan, dat die vraag gevra moet word of dit nie meer skade as goed doen nie. Dit dra wel daartoe by dat moderne mense op sensasionele wyse aan die Bybel herinner word maar "...meanwhile, no one is bothering to read the Bible" (1997: 32). Stanton is bekommerd daaroor dat teorieë soos die Antieke ruimtevaarder-teorie die mensdom op sò 'n wyse met die Bybel voed, dat dit die aandag heeltemal van die Bybel self en die ware boodskap daarvan, aflei: "...the people begin to crave true spirituality, they are fed an endless diet of irrationalities - New Age revelations and superstitions..." (1997: 74).

#### 1.3.2.2 Skrifgebruik in die Ruimtevaarderteorie

Enkele outeurs het die Skrifinterpretasies van Antieke ruimtevaarder-eksponente krities ondersoek en ernstige foute en leemtes daarin teëgekom. Ellwood (in Story 1976: 121) meen dat Ruimtevaarderteorie-advokate se vertalings, Skrifgebruik, "onkritiese werkswyse" en "onwetenskaplike metodologie" veel te wense laat. Hy verklaar dat hy as wetenskaplike nie eers daaroor kommentaar wil lewer nie. Hafernik (1996: www.geocities.com/area51/corridor/8148/hafer) fokus op Sitchin se vertaling van oud Sumeriese tekste en konkludeer:

> While he's well-read, he lives in his own little world when it comes to translation of ancient texts. He takes certain liberties in his translations and interpretations that are not usually allowed by the scientific community. ...Instead of quoting standard translations for Biblical verses, Sitchin makes up his own translations, based on his interpretation of 'the parallel Sumerian and Akkadian texts/tales'. Unfortunately, he is using those verses

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> to support his interpretation of those texts... (and) ...twist the translations around to support his thesis... Sitchin rarely tells you exactly what parts of the epics he's quoting and mixes them all together as needed to make his point.

Hafernik noem as voorbeeld een van Sitchin se grondargumente naamlik die sogenaamde *Nefilim* van Genesis 6 as "people of the fiery rockets" (Sitchin se vertaling van die Hebreeuse woord *shem*). Hy verwys na die studie van 'n ene Arno Poebel waarin die betekenis van dié woord nagevors is en stel:

> From "traditional" authorities, we see that shem is generally translated to mean "name"...it perhaps comes closer to "reputation". Originally, it may also have meant "monument", a physical artefact that bore the name of something to be remembered. Sitchin argues that... the monuments were copies of the rockets used by the ancient gods... To buck this up, he goes through a paragraph that relates the names given these pillars to the idea of fire or "going up". "The Sumerians called them NA.RU, stones that rise. We talk about high-rise buildings all the time, but we don't mean they fly into the air. The Akkadians, Babylonians, and Assyrians called them naru (objects that give off light). ... (in Hebrew, ner still means a "candle"). All of these objects did indeed look like stone candles, even if they didn't glow... If you think of "name" in it's older meaning of "monument", this all works fine, no need to resort to "skyborne vehicles" at all.

Hafernik konkludeer: "This shem business is central to Sitchin's arguments, yet it's some of his poorest scholarship".

Naas talle ander voorbeelde van foutiewe vertalings en geforseerde interpretasies, noem Hafernik ook voorbeelde soos Sitchin se vertaling van die Toring van Babel in Genesis 11: "Of course, he wants us to read this as 'let us make a skyborne vehicle'. If you read the quote in context... it's hard to see how they would be using burned bricks to make a rocket or how they could even talk in the same sentence about mud brick towers and rocket ships".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit blyk dat Ruimtevaarderteorie-voorstanders hulle primêr toespits op Bybelse tekste van etiologiese aard – dus waarin 'n bepaalde onverklaarbare saak verklaar word. Daarom is die oergeskiedenis van Genesis 1-11 vir hulle van groot belang. Die tekste word nie werklik grondiglik geeksegetiseer nie, maar dien dikwels net as "aanhaakplek" om 'n bepaalde standpunt te ondersteun. Hierdie werkswyse waardeur tekste bloot aangewend word om 'n voorafopgestelde idee te substansieer, is uit die aard van die saak onkontroleerbaar en wetenskaplik onder verdenking.

Dit blyk dat eksponente meestal van die **histories-letterlike** metode van teksuitleg gebruikmaak. Bybeltekste word as historiese tekste soos enige ander menslike geskrifte gelees. Die voorveronderstelling is dat die tekste historiese feite en ware gebeurtenisse wat letterlik plaasgevind het, weergee (hoewel in primitiewe en versluierde taal). Von Däniken se interpretasie van Esegiël 1 is 'n goeie voorbeeld. Esegiël het werklik 'n ruimteskip sien land en was getuie van 'n historiese gebeurtenis. Hy het egter nie oor die taalvermoë en woordeskat beskik om dit wat hy gesien het te beskryf nie. Von Däniken hou gladnie rekening met die literêre vorm van die teks en die historiese konteks daarvan nie. Sy verouderde eksegetiese benadering word daarom ook as onwetenskaplik beskou synde die resultate as onkontroleerbaar en onbetroubaar beskou word. Die voorveronderstelling dat die tekste van historiese gebeurtenisse getuig is nie *per se* problematies nie, mits die spesifieke teks se histories-literêre konteks geanaliseer is en na die geheelbeeld van die teks se betekenis op alle vlakke gekyk word (vgl Deist & Burden 1980: 54, 86).

Hoewel dit skyn of 'n outeur soos Sitchin gebruikmaak van die meer wetenskaplik-verantwoorde **histories-kritiese** metode (veral die sg bronne-kritiek), val hy uiteindelik ook terug op 'n letterlike interpretasie. Sitchin vra na die bronne onderliggend aan die voorgeskiedenis van die teks, wat normaalweg help om die teks self beter te verstaan. So sal hy met reg die **Gilgamesj-epos** as 'n historiese oerbron van Genesis 3 beskou[74].

[74] Kyk Von Rad (1972: 25) oor die onderliggende "mites" wat deur die Jahwis as bron gebruik is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ongelukkig neem hy glad nie in ag hoe die Bybelskrywer die oerbron aangewend het en wat sy intensie daarmee was nie. As sodanig dra dit nie by tot die verstaan van die historiese konteks van die teks nie (vgl Deist & Burden 1980: 93, 118). Trouens Sitchin gaan voort en interpreteer die teks op letterlike wyse. Dit is daarom nie verbasend dat dit juis ook die **interpretasies** van Sitchin is wat die meeste onder verdenking is nie.

Antonites (1996: 46) beredeneer die vraag of Ou- en Nuwe Testamentiese tekste werklik na buite aardse rasionaliteit verwys. Sy konklusie is dat die meeste tekste wat gewag maak van sogenaamde "hemelwesens" dit metafories aanwend, en dus nie relevant is nie. 'n Moontlikheid is Esegiël se visioen (beskryf in Esegiël 1) waarin na vreemde wesens verwys word. Dié verklaring dra egter nie by tot die verklaring van die visioen nie, aangesien dit in samehang met profetiese visioene as sodanig en die boodskap van die boek as geheel verstaan moet word. Antonites konkludeer met reg dat die Bybel nêrens blyk 'n geldige bron vir die Antieke ruimtevaarder-teorie te wees nie en dat interpretasies van dié aard op bedenklike verklaringswyses gebaseer is. Ellwood (in Story 1976: 123) konkludeer ook: "...the Bible and the UFO problem are both important, but ...the former has no more to do with the latter than it does with the scientific study of stellar atmospheres".

### 1.3.2.3 Die Ruimtevaarderteorie as godsdiens-ontologiese verklaringsmodel[75]

> Since UFOs had been seen throughout history, there was a strong possibility that some of our major religions had their origins in contact with these advanced intelligences.
>
> (Robert Dean in Annable 1997: 387).

'n Verklaring vir die ontstaan van godsdiens as verskynsel en van godsdienstige oorleweringe, is een van die belangrikste boustene in die argument van die

[75] Vergelyk. 1.1.1.5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ruimtevaarderteorie. Ter wille van volledigheid, en om die Antieke ruimtevaarderteorie se godsdiens-ontologiese verklaring binne die breër godsdienswetenskaplike debat te posisioneer, staan ons kortliks hierby stil: Die ontologiese vraag word volgens Van der Merwe (sa. b: 11) in die godsdienswetenskap as 'n belangrike maar tegelyk erg frustrerende vraag beskou. Dit is belangrik omdat dit insig verleen in die wese van godsdiens as verskynsel, maar frustrerend omdat dit feitlik onmoontlik is om enige verklaringspoging in 'n laboratoriumsituasie te toets.

Die ontologiese vraag is wesenlik 'n filosofiese vraag: Dit is die vraag na die ontstaan en wese van 'n fenomeen – vir die "godsdiensfilosofie" (op wie se terrein die vraag tuishoort) dan die verskynsel godsdiens en religieusiteit as sodanig. In die godsdiensfilosofie gaan die begrippe "ontstaan" en "wese" meestal hand aan hand. Die term "oorsprong" dui op die "oer-begin" of die oorspronklike oorsake en omstandighede waaronder 'n fenomeen (godsdiens) sou ontstaan het. Die term "wese" pretendeer om die saak as sodanig (*an sich*) weer te gee. Die uitgangspunt is dat 'n antwoord op die vraag na die oorsprong van godsdiens ook insig sal bied in die wese van godsdiens self.

'n Antwoord op die vraag waar godsdiens vandaan kom, word tradisioneel op een van twee plekke gesoek: òf **binne die mens (immanentistiese** of **naturalistiese** verklarings) òf **buite die mens (transendentalistiese** of **supernaturalistiese** verklarings). Die hedendaagse godsdienswetenskap maak veel van die sogenaamde "funksionele benadering" (wat wesenlik 'n immanente verklaring vir godsdiens bied). Ter wille van die inleidende waarde daarvan is van die belangrikste tradisionele verklarings vir die ontstaan van godsdiens die volgende (vgl. Oosthuizen 1977 en Van der Merwe sa. a, b):

- Die godsdienswetenskaplike Rudolf Otto het dit in die sogenaamde **"numineuse ervaring"** (die ervaring van die heilige) gesoek. Uit die basiese ervaring van die "misterie van eie kreatuurlikheid en beperktheid" groei alle godsdienstige

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

houdings en sisteme[76].

- Die godsdienswetenskaplike Gerhard van der Leeuw het die oorsprong van godsdiens in die **"ervaring van mag"** gesoek: Die mens se gevoel van kwesbaarheid in 'n gevaarlike wêreld en van die teenwoordigheid van groter magte in die natuur waarmee hy ter wille van oorlewing 'n bepaalde *modus vivendi* moet probeer bereik, is die ontstaansgrond van godsdiens.

- Die **Eksistensiefilosofie** het na die Tweede Wêreldoorlog die aandag op die absurditeit en futiliteit van die lewe gevestig. Rudolf Bultmann en Paul Tillich het vanuit hierdie bewussyn geglo dat godsdiens sy ontstaan gehad het in die basiese menslike soeke na sin in hierdie gebrokenheid.

- Wetenskaplikes soos Ludwig Feuerbach, Sigmund Freud en Carl Jung het 'n **psigologiese oorsprong** vir godsdiens voorgestel. Sommige godsdienspsigoloë het die oorsaak vir godsdiens in "droomervarings" gevind. Die mens het deur sy drome tot die insig gekom dat daar 'n "geestelike" bestaan los van die fisiese is. Die droomervaring het die oertipiese, instinkmatige wetes en kategorieë by wyse van metafore aan die mens aangebied - dieselfde metafore en beelde wat later ook in die mitologie aangetref word[77].

- Filosowe soos Hume en Marx het godsdiens beskou as 'n simptoom van die materiële stryd tussen klasse. Godsdiens is die middel wat die mens in staat stel om hom met sy onderdrukte posisie te versoen. Wanneer genoeg van die faktore wat dit help konstitueer verander, sal godsdiens vanself ophou om te bestaan.

- Auguste Comte, Durkheim en Malinowski het 'n **sosiologiese verklaring** vir die

---

[76] Die godsdienswetenskaplike Ninian Smart het ook baie van dié konsep gemaak (vgl Barbour 1990: 47v). Dit is veral 'n bruikbare model om die Ruimtevaarderteorie self te evalueer (kyk 2.3.2.2).

[77] Kyk 2.3.2.1 en 2.4.2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oorsprong van godsdiens gevind in die feit dat die primitiefste mens sy ervaring van transendensie kry in gemeenskapsverband. Hy maak kennis met 'n taal en kultuur waarvan hy die oorsprong nie kan raai nie en met sosiale eenheid en identiteit wat individuele identiteit transendeer.

Die basiese grondslag van godsdiens is vir eksponente van die Ruimtevaarderteorie daarin geleë dat verskeie antieke godsdienste almal teruggaan na kontak met ekstra-terrestriële besoekers aan die aarde. Godsdiens in sy primitiefste vorm het die "verering" van antieke ruimtevaarders as "gode" behels.

Veral Von Däniken maak veel van die teorie dat elke mite (godsdienstige oorlewering) sy oorsprong in 'n feitelike historiese gebeurtenis gehad het (in die geval van die Ruimtevaarderteorie, dan kontak met ekstra-terrestriële ruimtevaarders en hul vlieënde vaartuie). Slegs een kritiese outeur maak oënskynlik enige opmerking oor hierdie uitgangspunt: Carroll: (www.skepdic.com/vandanik.html) sê: "There is little evidence to support the notion that ancient myths and religious stories are the distorted and imperfect recollection of ancient astronauts..." Carroll bied ongelukkig geen stawing of verdere beredenering vir sy standpunt aan nie.

In sy Genesis kommentaar skryf die gesaghebbende Ou Testamentikus, Gerhard von Rad, oor die etiologiese sages wat die Genesis oergeskiedenis onderlê: "At the beginning, the saga in most cases certainly contained a 'historical' fact as its actual crystallizing point" (1972: 34). Dit blyk in ooreenstemming te wees met Von Däniken se basiese uitgangspunt dat mites en legendes as onderliggende bronne aan Bybelse tekste na historiese kerne kan teruggaan. Von Rad sê: "Of course, both its form and its content changed a great deal as it was handed down. Thus one may reckon correctly with subsequent expansion of old traditions by means of material, even by means of fairy-tale motifs" (1972: 35). Dit impliseer natuurlik nie dat Von Rad hoegenaamd met Von Däniken se konklusie sou saamstem nie. Inteendeel - Von Rad sê oor die "historisiteit" van gebeurtenisse waaroor Genesis sou getuig: "...the ancient narrators were simply not aware of this question that so often troubles modern man. ... the old,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

naïve idea of the historicity of these narratives as being biographically reliable stories... must be abandoned" (1972: 40).

Die krediet moet aan die Ruimtevaarderteorie se godsdiens-ontologie gegee word dat dit binne die raamwerk van die algemene godsdienswetenskap beslis 'n unieke plek bekleë. Die hipotese is oorspronklik en vir 'n nie-werklik wetenskaplike verklaringsmodel besonder wyd begrond. Die onderliggende uitgangspunt kan egter binne erkende godsdienswetenskaplike kringe beskou word as 'n verouderde benadering bekend as die "Comparative religion". Hierdie denkstroom wou aantoon dat daar **'n ooreenstemmende basiese grondslag** is wat alle godsdienste ten grondslag sou lê. Godsdienste en godsdienstige fenomene is dan in 'n rangorde van ontwikkeling geplaas. Met die opkoms van die Evolusieteorie is pogings dikwels aangewend om aan te toon dat godsdiens ook, net soos die natuur, deur verskillende fases van ontwikkeling beweeg het (en steeds beweeg). Die teorie aanvaar onkrities dat daar altyd beweging is vanaf laer na hoër vorme, ook in godsdiens as verskynsel. Op dié wyse kom dit dikwels uit by 'n subjektief-gekonstrueerde godsdiensmodel van wat dan die basiese grondslag van alle godsdienste sou wees (Van der Merwe sa. b: 12).

Outeurs soos Bramley en Sitchin gaan duidelik van 'n evolusionistiese godsdiens-ontologie uit in dat hy glo dat die groot monoteïstiese godsdienste (soos die Judaïsme en die Christendom) voorafgegaan is deur 'n meer primitiewe politeïsme wat direk teruggevoer kan word na kontak met antieke ruimtereisigers[78].

Volgens die evolusionêre-godsdiensbenadering, sou die politeïsme soos volg ontwikkel het: Waar verskeie gode eers naas mekaar vereer is, sou dit later lei tot die identifisering van 'n hoofgod. Op hierdie stadium staan dit bekend as "henoteïsme" (die

---

[78] Die teorie het vroeër in die godsdienswetenskap gegeld dat politeïstiese stelsels (met meer as een godheid) op sy beurt ontwikkel het uit 'n meer basiese geloof in gepersonifiseerde magte of geeste (animisme) (kyk Oosthuizen 1977: 248).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bestaan van verskeie gode word erken, maar slegs een god word aanbid[79]). Later verdwyn die erkenning (van die bestaan) van ander gode en bly die verering van slegs een godheid oor – dus monoteïsme.

Wetenskaplikes soos Wilhelm Schmidt (1912) het teenoor die evolusionistiese godsdiens-teorie aangevoer dat monoteïsme eerder die oorspronklike vorm van godsdiens verteenwoordig en dat ander vorme godsdienstige devolusie of degenerasie verteenwoordig. Sy argument is daarop gebaseer dat die meeste primitiewe godsdienste 'n skeppergod aanbid het wat as opperwese vereer word (Oosthuizen 1977: 251-3). Selfs hierdie uitgangspunt word deesdae nie meer ondersteun nie.

Hoewel die term "Comparative Religion" nog gebruik word (nou met 'n nuwe betekenis), word dié benadering nie meer in die godsdienswetenskap nagevolg nie. Uit die aard van die meer fenomenologiese werkswyse van eietydse godsdienswetenskap, laat dit net nie reg geskied aan die eie aard en ontwikkeling van elke godsdiens as unieke sisteem nie. Dit is dikwels deur godsdienswetenskaplikes aangetoon dat daar net soveel degenerasie of devolusie by godsdienste waarneembaar is (iets wat ook in die natuur voorkom). Hoewel dit nie ontken kan word dat daar by godsdiens ontwikkelingsaspekte waar te neem is nie, word daar vandag nie meer in godsdienste na ontwikkelings gesoek wat mekaar soos verdiepings van 'n gebou opvolg nie (kyk Oosthuizen 1977: 248v; Van der Merwe sa. a: 15). In die moderne godsdienswetenskap word terme soos "hoër" en "laer"-godsdienstige verskynsels nie meer as toepaslik beskou nie en is evolusionistiese verklaringswyses onder verdenking. Ontwikkeling in godsdienstige fenomene word eerder beskou as iets wat heen en weer plaasvind sonder enige bepaalde volgorde (Van der Merwe sa. a: 20; Oosthuizen 1977: 48).

Daar is gewys op die feit dat verklarings vir godsdiens as verskynsel tradisioneel as

---

[79] Dit is bekend dat die Ou Testament dikwels deur henoteïstiese opvattinge onderlê word. Juis die Ou-Testamentiese voorbeeld het godsdiensfenomenoloë laat glo dat henoteïsme 'n tussenfase tussen politeïsme en monoteïsme verteenwoordig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**immanentisties** (uit die mens self) of **transendentalisties** (van buite die mens) getipeer is. Die moderne godsdienswetenskap sou volgens hierdie indeling sterk steun op immanente verklaringswyses – al is dit net uit metodologiese oorweging[80]. 'n Meer resente indeling vir godsdienstige benaderings is die van die godsdienswetenskaplike Peter Beyerhaus. Hy praat van **monopolêre** en **bipolêre** benaderingswyses. Die monopolêre benadering is een waar godsdiens as menslike verskyningsvorm beskou word. Bipolêre benaderings verklaar godsdiens uit die relasie tussen immanensie en transendensie (Van der Merwe sa. b: 15).

Die Ruimtevaarderteorie bied 'n unieke **transendentalistiese** of, meer akkuraat, 'n **bipolêre verklaring** vir die oorsprong van godsdiens. In die bipolêre benadering word die transendente dimensie in godsdiens ernstig opgeneem. Die Ruimtevaarderteorie verteenwoordig 'n teruggrype na die transendente (bowe-aardse magte of wesens - in dié geval ekstra-terrestriële[81]). Dit sou selfs beredeneer kon word dat daar in die teorie van 'n "tripolêre" benadering[82] sprake kan wees, te wete die wisselwerking tussen **die mens, God** (as "Opperwese") en die **ruimtevaarders** (kyk Ekskurs 1.1.1.5).

As verdere godsdienswetenskaplike kategorisering is dit interessant om daarop te let dat die "Ruimtevaarderteorie-skeppingsleer" baie ooreenkom met uitgangspunte van die **deïsme**. (Die opvatting dat die skepper die wêreld "selfonderhoudend" gemaak en daarna aan sy eie lot oorgelaat het). In die meeste weergawes van die Ruimtevaarderteorie het die ekstra-terrestriële "gode" gekom, geskep en gegaan en die mens grootliks aan sy eie lot oorgelaat. Die beginsel van 'n goddelike skepper word dus

---

[80] Daar word geoordeel dat die wetenskap nie iets sinvols kan sê oor transendente assosiasies nie. Immanuel Kant se "verbanning" van die metafisika as nie-behorende tot die terrein van die wetenskap nie, geld nog sterk in die humane wetenskappe (vgl Van der Merwe sa. b: 21).

[81] Daar is min konsensus oor die betekenis van die term "transendent". In die populêre gebruik as "buite die grense van die ervaring" (vgl HAT) sou ekstra-terrestriële besoekers as transendent beskou kon word.

[82] Beyerhaus het dié term gebruik vir benaderings waarin vir die verklaring van godsdiens met drie werklikhede rekening gehou word nl. die mens, God en die bose (vgl Van der Merwe sa. b: 24).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

erken, maar dit word ontken dat daar enige voortgaande goddelike ingrype of voorsienigheid in die wêreld is. Die implikasie is dat die mens aan homself oorgelaat en met eie insig en kreatiwiteit, die beste van sy wêreld moet maak. Hierdie godsdiensuitkyk het na vore gekom na die Aufklärung met sy klem op die mens en sy vermoëns. Meer resent herleef die deïsme in New Age-denkwyses waar die mens se inherente "goddelikheid" en "unlimited human potential" beklemtoon word (vgl Steyn 1994: 10, 160, 237).

### 1.3.3 Teologiese evaluerings

Daar is min literatuur waarin pogings aangewend is om die Antieke ruimtevaarder-teorie of enige postulate wat dit onderbou, in diepte teologies te evalueer. Antonites (1996: 38-46) maak 'n aantal opmerkings oor die teologiese implikasies van buite-aardse rasionaliteit. Teenoor die baie kritiese uitgangspunte van outeurs soos Hafernik, Story en Stanton, is Antonites baie gematigd in sy siening van die saak. (Daar is reeds gewys op sy standpunte rondom die genoegsaamheid van voorwaardes om die bestaan van ekstra-terrestriële rasionaliteit minstens ernstig te oorweeg).

Antonites bedink die teologiese implikasies vir die Christelike Skeppingsleer, Christologie en Eskatologie en stel: "Die verhouding geloof-wetenskaplike kennis, asook teologie-wetenskap kom opnuut hier ter sprake". Hy konkludeer: "Teologies gesproke kan en mag buite-aardse rasionele wesens nie bestaan nie, is 'n terugval na die ou geosentriese-heliosentriese benadering. In werklikheid gaan dit die grootste uitdaging ooit wees om hierdie moontlikheid teologies en filosofies te hanteer" (Antonites 1996: 46).

Ons sluit dan hiermee ons oorsig oor kritiek op die uitgangspunte en begrondings van die Antieke ruimtevaarder-teorie af.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SAMEVATTING EN KONKLUSIE: AFDELING A

Ons kan nou die resultate van hierdie afdeling van die studie saamvat:

Die Antieke Ruimtevaarder-**teorie** pretendeer om 'n (natuur)wetenskaplike verklaringsmodel vir ontologiese vraagstukke daar te stel. Die vraagstukke wat aangeraak word is dieselfde as wat in resente natuurwetenskap baie op die voorgrond getree het en die aanbieding van postulate en begrondings daarvoor is dan ook in 'n natuurwetenskaplike styl[83]. Dit is verstaanbaar dat lesers en wetenskaplikes die teorie tot dusver op sy "wetenskaplike baadjie" sou takseer. Terwyl advokate van die teorie byna irrasioneel-opgewonde oor die moontlikhede daarvan is en dit entoesiasties verkondig, lewer die kommentaar van opponente sterk bewoorde aanvalle op:

- Fagen (www.discoveringarchaeology.com) sê: "Anyone with a critical scientific eye can tear the ancient astronauts to shreds in minutes..." en "The Von Dänikens of this world create commercially attractive, adventurous scenarios that masquerade as science, when they are pure fiction..."

- Sheaffer (1974: www.hugin.imat.com) sê: "Sensational hypotheses such as these generate such levels of interest that they tend to become self-sustaining, quite apart from the question of whether they are true".

- Willis (1997: www.abc.net.au/science/correx/archives/lies.htm) sê oor die werk van Erich von Däniken: "In the information age it is depressing when misinformation is spread without comment or qualification... There are so many lies in *Chariots of the Gods* its hard to know where to start".

---

[83] Vergelyk Barbour (1990: 95, 31 v).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Hafernik (1996: www.geocities.com/area51/corridor/8148/hafer) sê oor die werke van Sitchin:

> Intellectual honesty... prevents anyone with common sense, access to archaeological and astronomical data and the ability to read from taking his books seriously. In the end, he's just another nut making a living selling books that treat folks to a tale they want to believe in...

'n Belangrike vraag vir wetenskaplikes is of die Antieke ruimtevaarder-teorie as natuurwetenskaplike model enige bydrae maak tot die verklaring van kosmologiese vraagstukke[84]: Enkele opponente van die hipotese meen dit ontduik op slinkse manier die grootste en moeilikste vraagstukke in die kosmologie: Vrae oor die oorspronklike kosmologiese "wonderwerke" soos die ontstaan van lewe as sodanig, word byvoorbeeld bloot na 'n ander deel van die heelal verskuif. As sodanig lewer die Antieke ruimtevaarder-teorie geen werklike bydrae tot die oplossing van hierdie vraagstukke nie:

- Greenwell (1980: 156) sê oor Von Däniken se hipotese: "A careful review of the questions he raises... finds them all perfectly soluble within the framework of conventional theory..."

- Feder (1990: 193) sê: "The source of that intelligence could have been extremely advanced civilisations right here on earth... Why does superior intelligence have to come from some other world?".

- Carroll (www.skepdic.com/vandanik.html) vra: "Why concoct such an explanation... especially when one's theory seems inconsistent with what we already know about the world." Hy konkludeer: "The ancient astronaut

---

[84] Die kenteorie van die natuurwetenskap (kriticse-rasionalisme) beklemtoon die rol van teoretisering. Die vraag na die "korrektheid" van 'n teorie is nie ter sprake nie. Daar word hoogstens gevra na die **bruikbaarheid of effektiwiteit** daarvan vir die verklaring van waargenome data (vgl Alberts 1996: 18; Kruger 1982: 13; Ferguson 1991: 17).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hypothesis is unnecessary."

Hoewel Alberts (1996: 71, 21) aantoon dat dit positivisties en selfs onrealisties is om te verwag dat die wetenskap antwoorde kan oplewer oor vraagstukke wat wesenlik so gekompliseerd is soos dié wat die Ruimtevaarderteorie wil antwoord, is daar heelwat outeurs wat toegee dat daar al meer wetenskaplike gronde bestaan om minstens sommige Antieke ruimtevaarder-uitgangspunte ernstig op te neem. Hierdie sake vorm dan ook die kern van die voortgaande debat.

Dit het uit die studie geblyk dat vir heelwat postulate wat aanvanklik as suiwer fiksie beskou is, die situasie begin beweeg het na 'n wetenskapsgegronde een[85]. Enkele outeurs se konklusies getuig van die aanvoeling dat die basiese postulate van die teorie nie *per se* onmoontlik of ondenkbaar is nie:

Sagan (in Story 1976: xi) sê: "There is nothing *a priori* absurd in this contention (Von Däniken's thesis): it is absurd only *a posteriori*. The possibility of extraterrestrial intelligence is something I and many other scientists take very seriously..." Story (1980: 9) sê self: "I have no objection to honest speculation. Nor do I find anything impossible about the basic idea that alien beings could have visited the Earth in ancient times".

Wat vir die meeste outeurs egter onaanvaarbaar is, is nie die **postulate** nie, maar die **begrondings** wat eksponente vir hul uitgangspunte aanbied. Daar is nie genoeg data of enige gekontroleerde bewyse beskikbaar om die postulate van die teorie bo enige mate van twyfel te bewys en die wetenskaplike wêreld daarvan te oortuig nie:

> I (do not) find anything impossible about the basic idea that alien beings could have visited the Earth in ancient times. But I have found that if you take von Däniken's 'indications' or 'proofs' ...and subject them to the

---

[85] Vergelyk Antonites (1996: 9).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

normal rules of evidence – and generally accepted canons of logic – they fall apart.

(Story 1980: 9).

Ook Sagan (in Story 1976: xi) konkludeer: "There is nothing *a priori* absurd in this contention (Von Däniken's thesis) ... But unfortunately there is no such evidence ..."

Dat daar in **(natuur)wetenskaplike kringe** wel kennis geneem is van die Antieke ruimtevaarder-teorie en dat dit ook goed geëvalueer is, ly geen twyfel nie. Konklusies soos die van Story en Sagan blyk gebalanseerd en verantwoordelik te wees. Hierdie konklusies word ook as basis vir die res van hierdie studie aanvaar.

Hoewel daar wel in **godsdienstige en teologiese kringe** enkele kritiese evaluerings van die Antieke ruimtevaarder-teorie gemaak is, blyk hierdie perspektief nog grootliks onontgonne te wees.

Steyn (1994: 202) wys korrek uit dat "sensasionele hipoteses" dikwels (ten onregte) so fel gekritiseer word op grond van die "uiterlike baadjie" daarvan, dat sake wat aan die "hart" daarvan lê heeltemal misgekyk word. Ons literatuurstudie van kommentaar en kritiek op die teorie het hierdie waarskuwing bevestig: Die teorie is dikwels (veral deur natuurwetenskaplikes) so "ernstig opgeneem" dat die baba as't ware saam met die badwater uitgegooi is. Weinig kritiese outeurs het werklik 'n poging aangewend om "dieper" te kyk na wat aanhangers van die teorie se harte as't ware laat klop en min moeite is tot dusver gedoen om die teorie ook op 'n dieper (funksionele) vlak te verstaan.

Dit is dikwels aangetoon dat daar op die heel basiese vlak weinig verskille bestaan tussen die "konstruksie" van natuurwetenskaplike- en godsdienstige modelle (vgl Barbour 1990: 31v, 95; Alberts 1996: 18; Kruger 1982: 13; Ferguson 1991: 17). Beide die godsdiens en die wetenskap werk met bepaalde gegewenhede wat in die natuurwetenskap "waargenome data" en in die godsdiens "natuurverskynsels" genoem

word (kyk Tigue 1994: 14). Beide die godsdiens en die natuurwetenskap postuleer ook modelle om hierdie gegewenhede te verklaar. Beide vertrek vanuit onbewyste (dikwels onbewysbare) of *aprioriese* aannames (die wetenskap noem dit die "inisiële verwagting"[86]). Die natuurwetenskap postuleer teorieë (soos die evolusieteorie) en die godsdiens postuleer mitologie as verklaringsmodel vir die bestaan of oorsprong van die waargenome data of verskynsels. Hierdie toedrag van sake lei dat dit dikwels (soos in die geval van die Antieke ruimtevaarder-teorie) baie moeilik onderskeibaar is of daar wesenlik met 'n natuurwetenskaplike- of met 'n religieuse model gewerk word (kyk Alberts 1996: 13; Van Wyk 1999: 85).

Terwyl die Antieke ruimtevaarder-teorie vir die natuurwetenskap dan nie slaag as bruikbare natuurwetenskaplike model nie, moet die vraag gevra word of dit hoegenaamd as 'n natuurwetenskaplike hipotese verstaan moes gewees het. Het dit nie lank reeds "ongemerk" die grense na mitevorming oorgesteek en uiteindelik meer kenmerke van 'n **nieu-religie** begin vertoon nie? Die vermoede dat die teorie eerder op 'n religieuse vlak funksioneer is by verskeie outeurs gevestig (kyk Story 1976, 1980 en Ellwood in Story 1976). Indien die teorie nie werklik 'n **natuurwetenskaplike hipotese** is nie, is dit ook te betwyfel of 'n natuurwetenskaplike invalshoek die korrekte metodologie behels om dit te verstaan vir wat dit is (en nie vir wat dit pretendeer om te wees nie)[87].

In die volgende afdeling sal hierdie tese uit 'n godsdiensfenomenologiese hoek ondersoek word:

---

[86] Kyk Kruger (1982: 13).

[87] Kruger (1982: 11) wys uit waarom die Krities-rasionalistiese- en Logies-empiristiese kenteorieë nie gepaste metodes is om vrae te beantwoord wat eintlik op die terrein van die godsdienswetenskappe lê nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# AFDELING B

## 'N GODSDIENSFENOMENOLOGIESE ONTLEDING

In die fenomenologie word beklemtoon dat dit dié dissipline se ambisie is om nie alleen te fokus op hoe 'n fenomeen "manifesteer" nie, maar te probeer deurdring na die kern of essensie van "**die saak self**"[88]. In die vorige afdeling van die studie is gekyk na wat die Antieke ruimtevaarder-teorie **pretendeer** om te wees (die "oënskynlike manifestasie van die fenomeen") en hoe geleerdes op daardie pretensie gereageer het In hierdie afdeling van die studie word nou 'n poging aangewend om deur te dring na die "**die saak self**" – die nuanses in die dieptestruktuur. Daar word gekyk na die Ruimtevaarderteorie uit 'n **funksionele perspektief** – dus die onderliggende betekenis (oënskynlik op religieuse vlak) en die "funksie" wat dit vervul deur:

- **Eerstens** 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van die Ruimtevaarderbeweging te bied (kyk 2.1).
- **Tweedens** verskillende faktore te oorweeg wat instrumenteel was aan die geboorte van die Ruimtevaarderteorie (kyk 2.2).
- **Derdens** die ontstaan en gewildheid van die teorie te probeer verklaar (kyk 2.3)
- **Laastens** te poog om die funksionering van die teorie aan die hand van enkele godsdienswetenskaplike noemers te beskryf (kyk 2.4).

[88] Kyk "Metodologiese oorwegings" onder "Inleiding".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 2.1

## DIAKRONIESE OORSIG EN KONTEKSTUALISERING

Om as studie in die fenomenologie van godsdiens tot 'n verstaan te kom van die onderliggende betekenis van 'n (religieuse) verskynsel vir die aanhangers daarvan, moet dit binne die konteks verstaan word waaruit dit in die eerste plek na vore gekom het. Ons begin derhalwe met 'n oorsig oor die historiese wortels van die Ruimtevaarder-teorie en volg die ontwikkeling deur tot in die moderne uitlopers daarvan:

### *2.1.1 Fases in die ontwikkeling van die Antieke ruimtevaarder-beweging.*

Die propagering van die Antieke Ruimtevaarder-teorie het geskied in 'n aantal duidelik onderskeibare "belangstellingsfases". Dit is opmerklik dat hierdie fases dikwels deur 'n spesifieke sneller afgevuur is. Om hierdie rede kan van die ontwikkeling van die teorie gepraat word as 'n "beweging"[89]. Die fases van die beweging wat onderskeibaar is, is die volgende:

- Die vroeë Teosofiste (laat-negentiende eeu).
- Die "wetenskapsfiksie"-tydperk (1910-1947).
- Die "Vlieënde-piering"-fase (1947-1966).
- Die "hoogbloei" (1966-1979).
- Die New Age-fase (1979-vandag).

[89] Kyk Bullard (1996: 31).

### 2.1.1.1 Oudste spore

Antonites (1996: 6-7) wys daarop dat die oudste spekulasies oor buite-aardse intelligente wesens reeds by die antieke filosowe voorgekom het. Aristoteles (384-323 vC), Lucretius (89-55 vC) en Plutarchus (100 nC) was oortuig dat rasionele wesens elders in die kosmos bestaan en dat die menslike wêreld nie uniek is nie. Lucretius het op sistematiese wyse aan die probleem aandag gegee en was van mening dat ontelbare wêrelde almal toevallig bestaan en dat ander wêrelde ook hul inwoners sou hê waarvan sommige meer soos ons, en andere weer anders sou wees.

In die Renaissance het filosowe soos Nicolas Cusanus en veral Giordano Bruno en Campanella daaroor gespekuleer. Die kerk het die uitdaging van 'n "veelheid van wêrelde" (met inwoners daarop) aanvaar in die vorm van die brandstapel vir Bruno! Later het John Locke, Lambert en Immanuel Kant hulle aangesluit by die filosowe wat oor die onderwerp nagedink het. Natuurwetenskaplikes soos Gassendi, Christiaan Huygens en William Whewell het ook buite-aardse rasionele lewe as 'n realiteit beskou.

Vir eeue hierna is omtrent geen aandag aan die saak gegee nie, tot die sterrekundige Schiaparelli verklaar het dat hy met sy teleskoop "kanale" op die planeet Mars waargeneem het. Dit was in die jaar 1877. Die idee dat hierdie "kanale" kunsmatig was, is deur Percival Lowell in 1884 ontwikkel. Dit was ook die jaar waarin H G Wells sy klassieke wetenskapsfiksiewerk *The War of the Worlds* geskryf het. Schiaparelli se waarnemings het 'n hernude belangstelling in die moontlikheid van ekstra-terrestriele lewe afgevuur. Dit het ook aanleiding gegee tot 'n vlaag wetenskapsfiksie oor sogenaamde "Marsbewoners" (Story 1976: 101).

### 2.1.1.2 Die vroeë Teosofiste (laat-negentiende eeu).

Die idee dat gevorderde beskawings vanaf die "sterre" menslike vooruitgang in die verre verlede beïnvloed het kom, ironies genoeg, van 'n godsdienstige skool. Dit kan teruggevoer word na die laat negentiende eeu - lank voor die aanbreek van die ruimte-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


eeu. Lede van Helena Blavatsky (1831 – 1891) se "Teosofiese vereniging" het 'n alternatiewe geskiedenis vir die mensdom voorgestel. Sy het geglo dat die mens nie 'n "egte inboorling" van hierdie wêreld is nie. Van die vroegste verwysings na die moontlikheid van ekstra-terrestriële inmenging in die geskiedenis van die mensdom kan by hierdie godsdienstige groep gevind word (Annable 1997: 319). Blavatsky self sê in haar *The Secret Doctrine* (1885) dat die bron van haar kennis "lost wisdom encompassing the origin of mankind and religion" was (Bullard 1996: 27).

Blavatsky se opvolger, Annie Besant, word gekrediteer met die teorie dat beskawings op Aarde ontwikkel het met die hulp van leermeesters vanaf Venus (Story 1980: 21). Ook Frederick Spencer Oliver se *A Dweller on Two Planets* (1886) en William Scott-Elliot (kyk 1896) het die hipotese verkondig dat mense van Atlantis reeds in gevorderde vaartuie rondgevlieg het. Die Teosofiste het gesoek na "forgotten wisdom of the ancients" en 'n fassinasie met die romantiek van verlore beskawings gehad (Bullard 1996: 27). Die Teosofiese vereniging sou die Ruimtevaarderteorie sedertdien in hul geledere koester tot in die moderne uitloper daarvan naamlik die New Age-beweging.

### 2.1.1.3 Die "wetenskapsfiksie"-tydperk (1910-1947)

Die Oxfordse professor en Nobelpryswenner F. Soddy het in 1910 'n teorie gepubliseer wat hy soos volg opsom: "Some of the beliefs and legends bequeathed to us by Antiquity are so universally and firmly established and ... have so many features in common ... we are tempted to inquire whether the similarity between them may not point to the existence of an ancient, totally unknown and unsuspected civilization of which all traces have disappeared" (aangehaal deur Bramley 1989: 13).

Soddy se teorie het 'n ideale aanhaakplek vir een van sy tydgenote, Charles H. Fort (1867-1932) gebied en 'n hernude reeks wetenskapsfiksie-publikasies oor die onderwerp gestimuleer. Fort het twee boeke gepubliseer: *The Book of the Damned* (1919) en *New Lands* (1923). Hierin het hy op Soddy se teorie voortgebou en voorgestel dat "...Extraterrestrial societies were involved in Earth's prehistory." Fort het geglo:

"Human beings appear to be a slave race languishing on an isolated planet in a small galaxy ..." en "...we are property ...we belong to something: once upon a time, this earth was No-man's land, other worlds explored and colonized here, and fought among themselves for possession..." (Bramley 1989: 13, 14, 34). Fort het 'n lojale groepie volgelinge opgebou en verskeie wetenskapsfiksie-skrywers soos Eric Frank Russel se novelle *Sinister Barrier* (1943) (waarin vertel word van parasitiese ekstra-terrestriële wat op die mensdom geteer het) het Fort se teorie aangegryp. Nog skrywers wat Fort se teorie as onderbou het was H.P. Lovecraft se rillerboek (met ruimtemonsters wat eers die aarde beheer het en nou onder die see woon vanwaar hul hul terugkoms beplan) en Richard Shaver se bydraes in die tydskrif *Amazing Stories*. Verhale in hierdie tydskrif het voorgegee om op die waarheid gebaseer te wees (Bullard 1996: 28).

### 2.1.1.4 Die "Vlieënde-piering"-fase (1947-1966)

Kort na die Tweede Wêreldoorlog (in 1947) het 'n Amerikaanse vlieënier gerapporteer dat hy nege helder voorwerpe wat soos "pierings" lyk tydens 'n vlug waargeneem het. Die term "Vlieënde pierings" het na hierdie opspraakwekkende insident gebruiklik geword (Story 1976: 109). Dit is gevolg deur waarnemings van 'n groot aantal soortgelyke "ongeïdentifiseerde vlieënde voorwerpe" (OVV's) in 'n kort tyd hierna. 'n Wye debat het ontstaan oor die wese en die egtheid van hierdie waarnemings. In die VSA het die staat, en veral die weermag, waarnemings afgemaak as bedrog en ander oorsake daarvoor gesoek. Ondersoeke het ook getoon dat talle waarnemings in werklikheid lugbalonne, vliegtuie, metereologiese effekte en hallusinasies was. 'n Aansienlike persentasie waarnemings kon egter nooit op dergelike wyse verklaar word nie (kyk Antonites 1996: 7).

Die Vlieënde piering-manie het teen die middel van die twintigste eeu 'n hernude ontploffing van wetenskapsfiksie asook nie-fiktiewe literatuur (wat grootliks met OVV's verband hou), laat sien. In heelwat van hierdie boeke is die Antieke

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


ruimtevaarder-teorie weer gepropageer en het verskeie outeurs wêreldwyd daaroor begin skryf[90]. Literatuur oor die onderwerp het gewissel van sensasionele en populêre wetenskap tot meer ernstige werke. Slegs enkele eksponente uit hierdie tyd was uit wetenskaplike kringe. MK Jessup (1900 – 1959) is 'n voorbeeld van 'n persoon met legitieme akademiese kwalifikasies wat die "Ruimte-God teorie" as "werkbare wetenskaplike hipotese" gepropageer het:

Jessup het gepoog om die Ruimtevaarderteorie op wetenskaplike bene te plaas. Hy was 'n dosent in astronomie en wiskunde aan die universiteite van Michigan en Drake en voltooi sy doktorale studie in astrofisika aan die Universiteit van Michigan. Hy werk ook vir 'n tyd in Suid-Afrika waar hy die grootste refraksie-teleskoop in die suidelike halfrond destyds vir die Universiteit van Michigan oprig en bedryf. Hy doen lank navorsing oor die OVV-fenomeen en publiseer in 1955 sy eerste boek *The Case for the UFO*. Die boek het internasionale erkenning gekry as 'n objektiewe studie van die fenomeen. Jessup werk ook as amateur-argeoloog en doen navorsing by die Maja- en Inka-ruïnes in Sentraal-Amerika en Peru waar hy as kenner van megalitiese klipwerke 'n bydrae lewer. In 1956 publiseer hy sy opspraakwekkende boek: *UFO and the Bible*. Jessup (1956) was saam met VF Brasington (1963) en BH Downing (1967) van die eerste outeurs wat ook die Bybel as bron en begronding vir die Antieke ruimtevaarder-teorie ingespan het[91]. Jessup het op die voetspoor van prof Soddy geglo: "All the centre's of civilization ...are but the reviving remnants of an empire and civilization which colonized the world a 100 000 years ago... all present cultures are traceable to a common origin" (Jessup 1955: 144).

---

[90] Eksponente van die Antieke ruimtevaarder-teorie uit hierdie tyd (1950-1966) was M.K. Jessup, A.K. Bender, G. Adamski, J. Guieu, H.J. Wilkens, L. Pauwels en J. Bergier, R. Charroux, P. Kolosimo, J. Sendy, Y.J. Matsumura, Posnasky en Kiess, Epstein, A. Kazantsev, B. Steiger, W.R. Drake, P. Misraki, F. Thomas, D. Leslie, B. Downing, V. Zaitsev, R. Collyns, A. Landsburg, R. Mooney, R. Noorenbergen, W. Smith, A. Thomas en G.H. Williamson in 'n verskeidenheid publikasies en artikels (kyk Spencer 1997: 79 en 181, Bullard 1996: 28 en Story 1980: 22).

[91] Al drie genoemde outeurs se boeke was ook getiteld "Flying Saucers/UFO and the Bible".

Die laat veertigerjare van die vorige eeu het die Ruimtevaarderteorie ook weer sterk na vore laat tree in Teosofiese kringe. Twee Kaliforniese studiegroepe te wete die *Borderland Sciences Research Associates* en Mark Probert se *Inner Circle* het 'n sintese bewerkstellig tussen die Teosofiese geloof in "ascended masters" en die nuutgebore OVV-fenomeen. Dit het geboorte gegee aan die begrip "Space brothers". Teosofiste uit dié tyd het gepropageer dat vlieënde pierings die Aarde vir millennia reeds besoek het (Bullard 1996: 28). Ander Teosofiese skrywers uit hierdie tydperk was Franklin Thomas (kyk 1955) en Brinsley Le Poer Trench (kyk 1960).

Trench se boeke: *Men among mankind* en *The Sky People* (1960) bied een van die vroegste weergawes van die Antieke ruimtevaarder-teorie wat reeds so uitgebreid was dat min werklik oorspronklike idees ná hom geopper is. Ten tye van die publikasie van sy boeke was Trench redakteur van 'n Britse tydskrif *Flying Saucer Review*. Sy boeke bied "...a new picture of mankind's history during the last ten thousand years ..." (1960: voorwoord). Trench bou sy teorie op 'n interpretasie van Bybelse en ander antiek-godsdienstige literatuur en dan veral ook die OVV-fenomeen.

Die sieninge van Teosofiste het nooit veel aandag getrek buite hul eie kringe nie. M.K. Jessup meld in 1956 (17, 30) oor die Teosofiste se poging om die Ruimtevaarderteorie te propageer: "... this school of thought has not attained respectability and may never attain it. Theosophy has been too unscientific and lax in its accumulation of unproven knowledge, and it has not been able to demonstrate the dependability of its channels."

### 2.1.1.5 Die "hoogbloei" (1966-1979)

Die "sneller" van die fase wat Bullard (1996: 25, 29) "die hoogbloei" noem in die laat sestigs afgevuur het, word raak deur Story (1980: 18) saamgevat:

> In the United States, plans were being made, and publicised heavily for the first manned lunar voyages... When Apollo 8 and its crew of three American astronauts were brought into millions of living rooms all over the

world through the miracle of satellite-television, no one could dispute this historic event. Voyagers into space – a modern-day miracle that had formerly been limited to the science-fiction realm – were no longer a dream.

NASA se ruimteprojekte wat gekulmineer het in die Apollo-maanlandingsprogram in die sestigs van die vorige eeu het volgens Spencer (1997: 77) 'n nuwe belangstellingsfase in die Antieke ruimtevaarder-beweging ingelei. In dieselfde tyd het astronome Carl Sagan en I.S. Scklovskii se populêre wetenskapsboek *Intelligent Life in die Universe* (1966) en Arthur C. Clarke se wetenskapsfiksie werk (wat later ook verfilm is) *2001 – A Space Odyssey* (1968) verskyn. Clarke het met die idee gespeel dat ekstra-terrestriële ruimtereisigers die Aarde drie miljoen jaar gelede besoek het – 'n besoek wat uitgeloop het op die "skepping" van die menslike ras uit primitiewe wesens wat op die planeet geleef het (Spencer 1997: 80). Hierdie gedagte sou in werke van latere advokate dikwels weer opduik[92].

Spencer kontekstualiseer die ontwikkeling van Antieke-ruimtevaarderteorieë in hierdie tyd binne die tydskader van die "God is dood"-beweging (1966). In Engeland en die VSA het die revolusie van die "sestigs" die jeugkultuur getransformeer en was daar 'n soeke na nuwe lewensin en –betekenis: "... (The) youth was searching for new meanings. Many of the young ... were looking for a 'cosmic saviour', a replacement for conventional religion, which many thought had failed them" (Spencer 1997: 55, 78). Baie tydig was die verskyning van die eerste werk van 'n Switserse skrywer wiese naam sinoniem met die Antieke ruimtevaarder-teorie sou word en wie die beweging ook volgens Bullard (1996: 25, 29) tot sy hoogbloei in die sewentigs sou lei. Hierdie outeur was **Erich von Däniken**[93].

---

[92] Daar word selfs beweer dat Erich von Däniken hierdie hipotese by Clarke "geleen" het.

[93] Biografieë van Von Däniken kom voor op die webblad www.aas-ra.org/evd in Story (1980: 15) en in die eerste uitgawe van die tydskrif *Legendary Times* (1999).

Von Däniken het in 1968 sy eerste boek, *Erinnerungen an die Zukunft*, gepubliseer. Dit is in 1969 in Engels uitgegee as *Chariots of the Gods*. Hy sou later 'n hele reeks publikasies oor die onderwerp die lig laat sien (25 boeke waarvan meer as 56 miljoen kopieë verkoop is) en het hiermee internasionale bekendheid verwerf. Sy bekendste boeke sluit in: *Return to the Stars* (1970), *The gold of the gods* (1973), *In Search of Ancient Gods* (1974), *According to the evidence* (1977), *The Eyes of the Sphinx* (1996) en *The Return of the Gods* (1997). Von Däniken ('n eertydse hotellier) het geen spesifieke opleiding in die oudheidkunde gehad nie. Hy het ook ernstige kritiek gekry oor die wetenskaplikheid en feitelike houdbaarheid van sy werk (Spencer 1997: 97).

In die vroeë-sewentigs van die vorige eeu publiseer Josef Blumrich ('n ingenieur by NASA), Vaughn Greene, Irwin Ginsburgh, Marc Dem en Gerhard Steinhauser ook oor die onderwerp (vgl Bullard 1996: 29). Outeurs uit hierdie tydperk wat ook baie bekend sou word is Zecharia Sitchin en Immanuel Velikovsky. Velikovsky se bekende boek was *Worlds in Collision* (sa). 'n Film is ook met dieselfde titel vervaardig. Daar bestaan selfs 'n Afrikaanse vertaling van die boek getiteld *Botsende wêrelde*.

Heelwat meer tegnies van aard, het **Zecharia Sitchin** se werke baie in gemeen met dié van Von Däniken. Sitchin doen hom voor as 'n "Semitiese historikus en taalkenner". Sy navorsing van antieke Semitiese mitologieë en literatuur by name Hebreeuse, Sumeriese, Assiriese, Babiloniese en Hetitiese tekste, lei hom tot sy teorieë oor die gebeure aan die dagbreek van die moderne geskiedenis. Sy teorieë is grootliks begrond op 'n interpretasie van antieke Sumeriese tekste. Sy boeke vorm 'n reeks bekend as *The Earth Chronicles* en sluit in: *Genesis Revisited* (sa), *The 12th Planet* (1976), *The Stairway to Heaven* (1980), *The Wars of Gods and Men* (1985), *The Lost Realms* (1990), *When Time Began* (1993) en *Divine Encounters* (1995).

Teen die einde van die sewentigs van die vorige eeu het belangstelling in- en boekverkope oor die onderwerp begin taan. Die tema van Antieke ruimtevaarders was oorontgin en skrywers het so oor en weer by mekaar geleen dat selfs ooglopende foute gedupliseer is. In hierdie tyd het 'n skeptiese reaksie ook begin momentum kry. Van die

mees uitgebreide kritiek op die ruimtevaarderteorie is in die twee boeke van Ronald Story uitgewerk (1974 en 1980).

### 2.1.1.6 Die New Age-fase (1979-2000)

Die einde van die sewentigs van die vorige eeu het die begin van die bloeitydperk van 'n heelwat ouer lewensopvatting bekend as die "New Age-beweging" gesien. Bramley (1989: 427) noem die beweging 'n "loosely-knit religious movement that seeks the dawn of a New Age on Earth in which spiritual freedom, physical health and world peace will prevail". Die beweging bevat talle elemente van Boeddhisme en Oosterse mistiek en verteenwoordig 'n algemene denkkader van holisme (Steyn 1994: 6) As moderne uitloper van die ou Teosofiese vereniging, het skrywers wat as "New Agers" getipeer word in eietydse konteks 'n hernude belangstelling in die Ruimtevaarderteorie en die OVV-fenomeen laat ontketen[94] (Spencer 1997: 55, 96; Antonites 1996: 8).

Heelwat erkende New Age outeurs het in resente tye oor die Antieke ruimtevaarder-teorie begin publiseer. Voorbeelde is W Bramley (*The Gods of Eden*, 1993), M Drosnin (*The Bible code*, 1997), Alan Alford (*The Gods of the New millennium*, 1997), M Cotterell (*The Supergods*, 1997) en G. Hancock, R. Bauval & J. Grigsby (*The Mars mystery*, 1998). Ook die latere werke van outeurs soos Von Däniken en Sitchin toon baie ooreenkomste met tipiese New Age-perspektiewe.

Uit eie bodem het Guiseppe Filotto een van min lokaal gepubliseerde boeke oor die Antieke ruimtevaarder-teorie geskryf (*The face on Mars*, 1995). Filotto beredeneer sy weergawe van die teorie vanuit die aanname dat die sogenaamde gesig en piramides wat in 1976 op die planeet Mars gefotografeer is, kunsmatig van oorsprong is. Hy bied sy begrondings uit moderne ruimtenavorsing, antieke tegnologie en 'n herinterpretasie van

---

[94] Dit word onder 2.2.2 aangetoon dat die opkoms van die New-Age lewensopvatting op sy beurt die nuutste denke in die Antieke ruimtevaarder-beweging aangevuur het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Ou Testamentiese tekste. Nog 'n plaaslike outeur wat oor die Antieke ruimtevaarder-teorie gepubliseer het is Elizabeth Klarer. Haar boek *Beyond the light barrier* (1980) (wat eintlik haar outobiografie is) was 'n internasionale verkoper. Hierin vertel sy van haar kontak met ekstra-terrestriële wesens en "geheime kennis" wat op die wyse aan haar openbaar gemaak is.

Die werke van gemelde outeurs kombineer die Antieke ruimtevaarder-teorie met beginsels wat algemeen deur die New Age-beweging gepropageer word. Ironies genoeg, bied die omvangryke werke van New Age-skrywers nie juis nuwe perspektiewe bo die van outeurs uit vorige generasies nie. Hulle werke vertoon eerder kenmerke van 'n herontdekking van die ouer (Teosofiese) vorme van die Ruimtevaarderteorie. By New Age-outeurs is daar duidelik ook 'n nieu-religieuse toepassing van die teorie waarneembaar. Bramley stel:

> The ancient astronaut theory with its postulate that some ancient religious events were the doings of a space age extra-terrestrial society... has caused the veil of myth that once surrounded UFO's to partially fall. Perhaps as a result, an effort has been made through the New Age movement to re-establish the old religious beliefs that the E.T. race seen flying about our skies ... should be looked to as a source of salvation.
>
> (Bramley 1989: 428).

Wat Bramley na verwys is 'n soort "ekstra-terrestriële eskatologie" en "nieu-soteriologie" wat by New Age-outeurs voorkom. Dit hou dikwels verband met "geheime ontdekkings" oor die toekoms van die aarde en die "wederkoms" van Ruimtevaarders wat op een of ander wyse sal bydrae tot die totstandkoming van die nuwe "goue eeu".

Volgens Steyn (1994: 170) is 'n internasionale organisasie bekend as die "Academy of Future Science" wat deur dr J.J. Hurtak gestig is, een van die prominente propageerders van die Antieke ruimtevaarder-teorie onder New Agers in Suid Afrika.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


### *2.1.2 Moderne Antieke Ruimtevaarder-studiegroepe*

Enkele groepe bestudeer in resente tye die Ruimtevaarderteorie en publiseer van tyd tot tyd daaroor. Hiervan is die "Ancient Astronaut Society", 'n groep bekend as die "Archaeology, Astronautics & SETI Research Association" (AAS RA) en die fundamentalistiese "Watcher"-groep voorbeelde:

#### 2.1.2.1 Die "Ancient Astronaut Society"

Hierdie vereniging (gestig in 1973) het voortgevloei uit die werk van Erich von Däniken. Die groep hou hulself besig met sogenaamde "Paleo-SETI Research" en "the quest for the truth about mankind's past". Hulle stel hul doelwitte soos volg:

> ... To collect, exchange and publish evidence to determine whether Earth was visited in the remote past by intelligent beings from outer space, and whether a highly developed, technological civilization existed on Earth before our recorded history.
>
> (www.access.ch/aas).

Die volgende inligting word in die vereniging se webblad aangedui as sake waaroor intens navorsing gedoen word:

- The origins of life on Earth.
- The origins of intelligence on Earth.
- The origins of religions and the original core of global mythologies.
- The construction and motivation of structures from prehistoric times for which there is as yet no explanation.
- The origins of worldwide giant ground drawings and hill figures which are

designed in such a way that they can only be seen from the air.

(www.access.ch/aas)

Die vereniging is van mening dat die Antieke ruimtevaarder-teorie al hoe meer in wetenskaplike kringe aanvaar word en roem daarop dat minstens 25% van hul lede wetenskaplikes is (Annable 1997: 319).

### 2.1.2.2 "Archaeology, Astronautics & SETI Research Association"

Hierdie betreklik nuwe groep bestaan sedert 1999 en kom op sy beurt voort uit die Ancient Astronaut Society. Volgens hul inligtingsblad is hul doelwit die volgende[95]: "The AAS RA is determined to prove, using scientific methods... whether or not extraterrestrials have visited Earth in the remote past." Hul kwelling is dat "general sciences have a tendency to ignore or underestimate the unexplained..." Hulle soek antwoorde op die volgende vrae:

- Could it be that extraterrestrials have visited Earth a long time ago?
- Could the knowledge of apparently highly advanced technology in ancient civilizations be related to alien contact?
- Did extraterrestrial visitors interfere with or even guide human and cultural evolution?
- What traces do we currently find on Earth or in our planetary system that might indicate such visits?
- What are the implications and consequences of proving 'we are not alone – and never have been'?

---

[95] Kyk ook hul webblad (www.aas-ra.org).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


- Are we humans really the pinnacle of creation?

(AAS RA Inligtingsblad).

Die vereniging gee 'n maandelikse publikasie *Legendary Times* uit. Daarin word berig oor die nuutste navorsing op die gebied. Op die voetspoor van 'n ene dr Vladimir Avinsky word die term "Paleo-SETI" deur die vereniging verkies as "...scientific term for the revolutionary theory which maintains that extraterrestrials have visited Earth in ancient times and, in whatever form that may have been, had an influence on the development of mankind" (Tsoukalos 1999: 4).

### 2.1.2.3 Die "Watcher"-groep

Die "Watchers" (ook bekend as die "Sky-watchers"[96]) is 'n New Age-georiënteerde groep Christen-fundamentaliste in die VSA wat op die Internet publiseer om die wêreld te "waarsku teen die misleidings van die eindtyd". Die groep het oënskynlik ontstaan na publikasie van 'n boek *The Watchers* van 'n ene Raymond Fowler wat handel oor die OVV-ontvoeringssaak van Betty Andreasson. In hierdie boek maak sy die "geestelike aard en oorspronge" van ekstra-terrestriële besoekers aan die wêreld bekend (Stetson 1995: www.spiritweb.org/Spirit/ufo-and-bible.html).

Terwyl die meeste Christen-groepe die sieninge van die Antieke ruimtevaarder-teorie summier verwerp, het hierdie groep die teorie in hul teologie ingeweef. Hulle doen dit deur 'n direkte verband tussen ekstra-terrestriële ruimtevaarders en demoniese magte te trek[97]. Hulle meen dat die Antichris en Satan met sy demone agter sowel antieke ekstra-

---

[96] Larson (1984: 350) behandel hierdie groep in sy boek as 'n "kultiese beweging".

[97] Die beskuldiging dat OVV's verband hou met die demoniese, bestaan lank reeds (vgl Jessup 1956: voorwoord en Stetson 1995: www.spiritweb.org/Spirit/ufo-and-bible.html.).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


terrestriële besoekers en moderne OVV's skuil: "The UFO manifestations seem to be, by and large, merely minor variations of the age-old demonological phenomenon ..." (www.mt.net/~watcher/).

Die volgende uittreksel uit hul webbladsy illustreer hoe die Watcher-groep die postulate van die Ruimtevaarderteorie in hul teologie ingebou het:

> **UFOs, Aliens & Antichrist, The Angelic Conspiracy & End Times Deception**: Many Christians recognize UFO's, ancient astronauts (Genesis 6:2) and extraterrestrials as being under the authority of the Prince of the Powers of the Air, Lord of those that fly ... Satan. We are warned not to believe them, for they have an agenda ... to mislead the world.
>
> (www.mt.net/~watcher/).

Ons sluit dan hiermee die diakronies-historiese oorsig oor die Antieke ruimtevaarder-teorie af. As deel van die proses om die denke wat die teorie onderlê te kontekstualiseer, word verskillende faktore nou oorweeg wat uit hierdie konteks instrumenteel was aan die geboorte en ontwikkeling daarvan:

- In eietydse konteks blyk die **"postmodernisme"** en gepaardgaande **New Age-denkwêreld** 'n nuwe tuiste vir dié denke te bied en stimuleer dit tans 'n heropbloei van die Ruimtevaarderbeweging, hoewel in ietwat nuwe gedaante.

## 2.2.1 Sekularisme en die opkoms van die wetenskap en tegnologie

### (a) Sekularisme en modernisme

Terwyl die Westerse samelewing vir eeue deur die Joods-Christelike wêreldbeeld onderbou is, sou daar sedert die Verligting 'n dramatiese paradigma-verskuiwing kom. Die ganse Westerse beskawing is wesenlik beïnvloed deur 'n beweging wat die outonomie van die menslike rede en sy vermoë om die werklikheid volledig en finaal te ken, beklemtoon het. Die wêreld is in hierdie proses geontmitologiseer en geontdemoniseer. Die resultaat was 'n toenemende ontkerstening van die wêreld en die uiteindelike ontkenning van die betrekking tussen God en wêreld en God en mens. Die weg is gebaan tot volle mens-en-wêreldgerigte denke. Hierdie proses van "sekularisasie" het gemanifesteer in en grootliks bygedra tot die ontwikkeling van die wetenskap, die tegnologie en die natuurwetenskaplike wêreldbeeld van die Weste (Van der Merwe sa. b: 59, Heyns & Jonker 1977: 119-121)

Antonites (1996: 41) wys daarop dat die desakralisering van die wêreld en die daarmee-gepaardgaande strewe na wetenskaplike denke aanvanklik deur die Bybel self[99] en die Joods-Christelike lewens- en wêreldbeskouing (wat teen die ontokratiese gestry het), aangemoedig is. Die sekularisasieproses het egter verword en die verabsoluteerde verloop daarvan het 'n "sekularisme" geword (Viljoen sa. c: 2.1). Die resultaat hiervan was enersyds dat Westerlinge by die dag meer vervreemd van godsdiens geraak het en dat die wetenskap en die tegnologie andersyds veel meer

---

[99] Die O.T. toon dikwels iets van 'n nuuskierigheid om meer te wete te kom van die natuur en sy geheime deur middel van die rede te beheers. Boeke soos Genesis het eintlik 'n "ontmitologiseringsproses" van die wêreld begin: Die skeppingsgeloof was daarop gebaseer dat die heelal nie gepersonifiseerde magte verteenwoordig nie en self ook nie goddelik is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geword het as net 'n wêreldbeeld. Die "wetenskap" het toenemend die plek van godsdiens in die denke van Westerlinge ingeneem - in so 'n mate dat daar gepraat kon word van die wetenskap en tegnologie as nieu-mitologie en kwasi-godsdiens (Alberts 1996: 13; Van Wyk 1999: 85).

Hierdie verworde wêreldbeeld is ook die een wat in eietydse gesprek aangedui word as "modernisme" – 'n wêreldbeeld wat ontwikkel het uit die mensdom se bykans afgodiese beheptheid met wetenskap. Hierdie idioom is van nature teësinnig om te praat oor godsdienstige of "metafisiese" aangeleenthede (kyk Beukes 1998: 1081) en wou sodanige sake eerder "ontmitologiseer" of herformuleer in die begripswêreld van die wetenskap. Die poging van die modernisme was om iets universeels tussen "bekende" (natuurwetenskaplik toetsbare) en "onbekende" (metafisiese) dinge te vind wat dit logies aanmekaar sou bind (Beukes 1998: 1077). In hierdie poging het die Antieke ruimtevaarder-teorie sy ontstaan gehad as 'n poging om metafisiese (godsdienstige) konsepte te verbind met eietydse fisiese en natuurwetenskaplike konsepte in 'n poging om godsdiens in lyn te bring met die wetenskap[100].

**(b) Die opkoms van die natuurwetenskap en die tegnologie**

Die Sekularisme kan beskou word as die onderbou en stimulant vir die opkoms van die wetenskap en tegnologie (Van der Merwe sa. b: 59). Denke wat die Antieke ruimtevaarder-teorie onderlê, is beslis gevoed deur wetenskaplike vooruitgang in die twintigste eeu – veral op die gebied van die astronomie en die ruimte-tegnologie[101] (Steyn 1994: 63, 114).

Kruger (1982: 11) verduidelik hoe wetenskaplike vooruitgang tradisionele godsdienstige opvattinge in hul fondamente geskud het. Die Newtonse meganistiese

---

[100] Vergelyk Story 1980: 18.

[101] In 1.2.5 is aangetoon hoe Von Däniken byvoorbeeld nuwe fisiese konsepte soos "tydsrekking" en kernvuurpyltegnologie gebruik om die waarskynlikheid van sy teorie te substansieer.

wêreldbeeld is dramaties verander met ontdekkings van die nuwe fisika wat gelei het tot die formulering van die Relatiwiteits- en kwantumteorieë. Hierdie teoriee deur bekendes soos Max Planck, Albert Einstein, Niels Bohr en Erwin Schrödinger het die fondasie van realisme, reduksionisme en determinisme laat krummel. Moderne natuurwetenskaplike ontdekkings was aan die een kant baie belangrike stimuli in die ontwikkeling van "alternatiewe" godsdienstige opvattinge (Steyn 1994: 63, 114). Aan die ander kant is talle ruimte-eeuse vorderinge in kennis en tegnologie teoreties en prakties hierdeur moontlik gemaak.

Volgens Story (1980: 18) het die tegnologiese vooruitgang in die vorige eeu gekulmineer in die maanlandings- en ruimte-eksplorasieprogramme. Die ideale klimaat is geskep waarin die Antieke ruimtevaarder-teorie kon gedy. Dit het die weg gebaan vir "tegnologiese interpretasies" van Bybelse en ander religieuse tekste. Die gedagte onderliggend was dat ons ons nou werklik in die ruimte-eeu bevind en dat dit daadwerklik moontlik is om na ander wêrelde te reis. As óns dit kan doen, waarom sou intelligente wesens van ander wêrelde (wat moontlik veel langer as die mensdom bestaan) dit nie vir eeue reeds kon doen nie? Story sê: "...a feat accomplished by von Däniken was seemingly to reconcile modern science with a literal interpretation of the Bible" (1980: 19) en "Everything we've ascribed to God, in our religions of the past, we could equally well ascribe to extremely advanced superbeings from 'out there' in the far reaches of space" (1980: 18).

Die kenteorieë van die **empirisme** en die **rasionalisme** het die praktyk van die fisiese wetenskappe ontwikkel in die ideaal van alle wetenskap. Kritiese-rasionalisme beklemtoon die rol van teoretisering in die wetenskap en die waarde van 'n inisiële verwagting (die "hipotese") as basis vir verdere navorsing (Kruger 1982: 13). Die Ruimtevaarderteorie het opportunisties die geleentheid en populêre openheid tot teoretisering aangegryp om die ruimtevaarder-filosofie as wetenskaplike "hipotese" te legitimeer en te propageer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


### 2.2.2 Postmodernisme en die New Age-beweging

**(a) Postmodernisme**

Die mees resente paradigmatiese verskuiwing, wat tans ook die middelpunt van bespreking in wetenskaplike kringe uitmaak[102], is die sogenaamde **postmodernisme**. Hierdie steeds ietwat onverstaande paradigma, kan eintlik net begryp word as 'n reaksiebeweging teenoor die voorafgaande wêreldbeeld. Steyn (1994: 7, 8) som haar indrukke van die postmoderne paradigma soos volg op:

> In recent years the term 'modern' has become laden with derogatory implications. It is no longer a term of admiration or synonym for 'contemporary'. Modernity is now regarded as a worldview which has developed from people's infatuation with science, characterised by rationalism, individualism, materialism and secularism... Modernity, with its negative forces, has failed to satisfy some of the deepest needs of humankind. There is a vision that what humanity needs for survival on this planet is to transcend modernity and enter into a postmodern world... There is no consensus on what the postmodern worldview constitutes...

Dit blyk dat postmodernisme in godsdienswetenskaplike sin, primêr te make het met 'n wegbeweeg van die kille rasionalistiese en natuurwetenskaplike wêreldbeeld van die voorafgaande (modernistiese) tydperk en 'n herontdekking en herwaardering van menslike spiritualiteit verteenwoordig. Steyn sê dat die postmoderne wêreldbeeld op soek is na "a comprehensive and inclusive worldview which will do justice to the inherent spiritual nature of humankind" (1994: 311) en: "...the emergence of a new spirituality represent a postmodern approach inasmuch as they are rejections of the modern worldview in favour of something radically new" (Steyn 1994: 313). Thomas Luckmann (soos aangehaal deur Steyn 1994: 9) wys uit dat die oorgang vanaf modernisme na postmodernisme 'n agteruitgang in geformaliseerde kerk-georiënteerde

---

[102] Kyk Beukes (1996, 1998, 2000).

godsdiens verteenwoordig, maar nie noodwendig in godsdiens *per se* nie.

Waar die idioom van die modernisme teësinnig was om te praat oor godsdienstige of "metafisiese" aangeleenthede (kyk Beukes 1998: 1081) het die postmoderne idioom begin deur die werk van revolusionêre denkers soos Adorno, wat beweer het dat dit juis die filosofie se opgaaf geword het om die "onsêbare te sê en die ondinkbare te dink" (Beukes 1998: 1076).

Ninian Smart (1989: 135) stel dat die postmoderne houding jeens godsdiens drie reaksie-patrone toon: **reaffirmasie, eksperimentering** en **sinkretisme**. Die Ruimtevaarderteorie word goed geakkommodeer in 'n postmoderne ambisie om konsepte te oorweeg en geestelike dimensies op te soek wat in die modernistiese tyd as onsinnig beskou sou gewees het (Beukes 1998: 1081).

Verskeie "herlewingsbewegings" het in resente tye vanuit die postmoderne wêreldbeeld en as reaksie teen die sekularisme en modernisme na vore gekom[103]. Hierdie bewegings word deur etlike moderne godsdienswetenskaplikes beskou as pogings om te kompenseer vir die leemte wat in die Weste ontstaan het deur die verval van godsdiens (Coleman & Baum 1983: 2, Van der Merwe sa. b: 60). Uit die vergane godsdienste en in die rommel van die geontmitologiseerde wêreld van die sekularisme, verrys nuwe godsdienstige en pseudo-godsdienstige opvattinge, ideologieë en kwasi-godsdienste (Kruger 1982: 2). Hierdie bewegings (wat meestal alternatiewe interpretasies van tradisionele godsdienstige opvattinge behels) kan as pogings gesien word wat as't ware tot die "redding" wil kom van godsdiens en dit weer "nuwe lewe" wil gee. In hierdie milieu kom 'n ou bekende skielik weer na vore, hoewel in effens gemodifiseerde vorm: Die Antieke ruimtevaarder-teorie!

**(b) Die New Age-beweging**

---

[103] Oosthuizen (1977: 355) meen dat die charismatiese beweging 'n reaksie is teenoor die sekularisme met die nadruk op die rede. Steyn (1994: 7, 50, 314) dui ook aan dat dié beweging vele New Age kenmerke vertoon.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


> The search for meaning in the modern world is pervasive and the core of the New Age movement can be seen as a popular manifestation of a new postmodern perspective that is currently being exposed by some of our foremost philosophers, theologians, sociologists and scientists.
>
> (Steyn 1994: 311)

Die New Age-beweging deursuur tans die Westerse samelewing (Brockway et al. 1987: 3). Tekens van die beweging se invloed is nie net waarneembaar op godsdienstige front nie, maar ook in verskillende sektore van ons samelewing soos die opvoeding en die wetenskap (Steyn 1994: 1). Die beweging het 'n belangstelling aangevuur in 'n groot verskeidenheid onderwerpe wat op die oog af niks met mekaar in gemeen het nie. Boekwinkels weerspieël hierdie belangstelling in literatuur oor menslike potensiaal ontwikkeling, ekologie, astronomie en "esoterica" soos Oosterse filosofieë, astrologie en OVV's. Dit verteenwoordig 'n reuse paradigma-verskuiwing waarin nuwe betekenis gegee word aan konsepte soos "God", "menswees", "die skepping", "waarheid", "goed en kwaad" en so meer. Dit het ook 'n direkte impak op moderne Westerlinge se wêreldbeeld en lewenstyl (Steyn 1994: 1).

Steyn (1994: 8) dui aan waarom die New Age-beweging 'n **postmoderne fenomeen** is[104]. Soos die sekularisme die opkoms van die wetenskap en tegnologie in die modernistiese tyd as geestelike onderbou gehad het, blyk die postmodernisme op sy beurt die onderbou te verteenwoordig van die New Age-lewensopvatting.

Daar bestaan reeds vir eeue 'n godsdienstige subkultuur in die Christendom wat die "alternative tradition" en die "perennial philosophy" genoem word (Steyn 1994: 5). Die kontemporêre kontinuering van hierdie tradisie vind ons in 'n baie wye geestesstroming wat onder die oorkoepelende term as die "New Age Movement" beskryf word (Steyn

---

[104] Kyk ook Griffen (1988), Laszlo (1972) en Von Bertalanffy (1968).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1994: 63; Le Bar 1989: 152v). Steyn sê oor hierdie beweging: "It contains ideas and practices which have existed on the fringes of Christianity ever since its inception" (1994: 5). 'n Uitloper van hierdie eeuoue tradisie was die Teosofiese vereniging, waar die Antieke ruimtevaarder-teorie ook oorspronklik geopper is (kyk 2.1.1.2). Die New Age-beweging is op sy beurt 'n moderne uitloper van die ou Teosofiese tradisie en die Teosofiese vereniging vorm vandag nog die ruggraat van New Age-denke (Steyn 1994: 96). Behalwe vir genoemde New Age-outeurs wat oor die onderwerp publiseer (kyk 2.1.1.6), is die verband tussen die Ruimtevaarderteorie en New Age-denke veral sigbaar in die gesamentlike historiese wortels daarvan.

Die oorspronklike doel van die Teosofiese vereniging was "...to collect and diffuse knowledge of the laws which govern the universe" (Campbell 1980: 28). Die vereniging is kort na sy stigting na Indië verskuif as die nuwe hoofkwartier daarvan. Blavatsky (die stigter van die vereniging) sê dat hulle 'n "ancient wisdom religion" aanhang wat ontstaan het in 'n "ancient civilisation in which there was a unity between science and religion" (Steyn 1994: 97). Vandag nog is die bevindinge van die moderne wetenskap (veral die fisika) vir New Agers van bykans religieuse belang. Die leerstellinge van die Teosofiese vereniging word soos volg deur Steyn (1994: 98) opgesom: "Within the Absolute there are vast numbers of universes and within each universe many solar systems, all in a process of evolution". Dit is uit hierdie **"kosmiese wêreldbeeld"**[105] duidelik waar die hoekstene van die Antieke ruimtevaarder-teorie gemessel is.

Steyn (1994: 45) wys daarop dat OVV's en ekstra-terrestriële van vroeg af 'n integrale deel van New Age-denke uitgemaak het. Sy sê "In general, New Agers regard extra-terrestrial contact in a positive light..." en "...the belief in visitations from other galaxies has a substantial following in certain sectors of the (New Age) movement" (1994: 232, 170). Heelwat moderne Ruimtevaarderteorie-aanhangers word dan ook as "New Agers" getipeer.

---

[105] Kyk Steyn (1994: 155).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die opvattinge van die Antieke ruimtevaarder-teorie, spesifiek die "genetic interference by extra-terrestrials" (Steyn 1994: 232) het by New Agers 'n **antropologie** gevestig wat as "unlimited human potential" verkondig word (Steyn 1994: 240, Coleman & Baum 1983: 1). MacLaine (1983: 437) sê: "Maybe the tragedy of the human race was that we had forgotten we were each Divine". Spangler (1977: 59) sê in dieselfde verband: "...the true revolution now taking place is the redefinition of the true nature of man... For centuries we have worked and struggled under a short-sighted view of what we are. We have set our sights at too low a level of defining the nature of man". Dit is nie 'n lang pad vanaf die opvatting dat ons deur die gode "geskep is" na die New Age-antropologie van die "inherent divinity of human beings" nie (vgl Steyn 1994: 255)[106].

Dat verskeie Antieke ruimtevaarder-eksponente sterk beïnvloed is deur veral New Age-opvattinge oor die **eskatologie**, is duidelik. New Agers handhaaf die beskouing dat die wêreld en die mensheid op die rand van 'n nuwe (goue) era staan wat radikaal van dié van die vorige millennium sal verskil. Hierdie "New Age" sal gekarakteriseer word deur 'n "fundamentele transformasie van menslike bewussyn" wat uiteindelik sal lei tot die fundering van 'n nuwe beskawing (Steyn 1994: 155). Dit is volgens Steyn (1994: 149) veral outeurs wat deur die Teosofiese tradisie en die Christendom se apokaliptiek beïnvloed is, wat "die wederkoms" van die Ruimtevaarders beskou as wesenlik tot die totstandkoming van die nuwe "goue eeu" (vgl Story 1976: 119).

Dit blyk dus dat die Antieke ruimtevaarder-teorie in eietydse konteks in die New Age-opvatting 'n nuwe teelaarde gevind en tans as onlosmaaklike meeloper van die beweging verkondig word. Dit moet nogtans nie misgekyk word dat daar ook wesenlike verskille tussen die twee bewegings bestaan nie: Die mees noemenswaardige is die feit dat die New Age neig tot mistiek in hul denke (Steyn 1994: 85, 116) terwyl Antieke

---

[106] Kyk ook die leerstellinge van Ron Hubbard se Scientologie wat glo dat die mens 'n afstammeling van 'n kosmiese ras "gode" is wat op die Aarde kom woon het. Die "dianetiese metode" wil die mens hierdie herkoms en sy inherente potensiaal laat ontdek (vgl Larson 1984: 313).

ruimtevaarder-konsepte godsdiens juis op tipies modernistiese wyse probeer rasionaliseer en herinterpreteer. Die Ruimtevaarderteorie sou as die meer rasionele uitloper van die New Age-beweging beskou kon word.

Oor die toekoms van die New Age-beweging sê Steyn:

> ...it can be stated that ... the New Age movement will have a significant influence on all the societies in which it is active... The debate on the new, postmodern paradigm is intensifying in many diverse disciplines and this will probably remain a topic of unabated concern for some years to come... It can therefore be concluded that the new consciousness is here to stay even if the New Age movement, in much the same way as its precursors (the subcultures of the fifties and sixties), fades into oblivion.
>
> (Steyn 1994: 313-314).

HOOFSTUK 2.3

## VERKLARINGS VIR DIE AANHANG VAN DIE ANTIEKE RUIMTEVAARDER-TEORIE

Noudat 'n beter perspektief verkry is van die historiese ontwikkeling en die denkwêreld waaruit die Ruimtevaarderteorie gebore is, word gekyk na pogings om die ontstaan en gewildheid van die Ruimtevaarderteorie te verklaar. Die hoop is dat dit 'n aanduiding sal gee van die **funksie** wat die teorie vervul: 'n Godsdienswetenskaplike navorser kan nie anders as om te vra na die onbevredigde behoeftes wat mense aantrek na aanvaarding van spesifieke godsdienstige oortuigings in 'n soeke na antwoorde en geestelike vervulling nie (Van der Merwe 1985: 514). Dus, wat is **die funksionele plek** van die Antieke ruimtevaarder-teorie?

Steyn (1994: 138) sê dat daar twee belangrike vrae is waarop 'n godsdiensnavorser 'n antwoord moet kry:

- Eerstens die "**waarom?**"-vraag: Wat laat mense glo wat hulle glo.
- Tweedens die "**waarom nou?**"-vraag: Wat in eietydse konteks laat mense hierdie bepaalde oortuiginge glo?

Ellwood (in Story 1976: 123) vra die vraag: "Why is it important to some people to see UFO's in the Bible and in ancient myths and symbols around the world?" Carroll (sa.) vra: "Why... such an explanation as von Däniken's?" en Fagen: "Why does anyone take von Däniken seriously. ... Why does the ancient astronaut cult flourish while serious, scientific investigations... provoke almost no popular attention?" (www.discoveringarchaeology.com).

Hafernik sê in sy konklusie oor die werk van Sitchin: "...he paints a picture that is very attractive. One wants to believe it, for it explains so many things" (1996: www.geocities.com/area51/corridor/8148/hafer). Die vraag is egter waarom die

Ruimtevaarderteorie so aantreklik is? Waarom sou mense dit graag **wou** glo? Dus - watter innerlike vrae en behoeftes word daardeur aangespreek of bevredig?

Verskeie outeurs teoretiseer oor die aanhang wat "esoteriese teorieë" soos OVV's en die Ruimtevaarderteorie geniet en probeer 'n verklaring daarvoor vind. Dit word meestal in een van twee hoofrigtings gesoek:

- Een groep bied die ekwivalent van wat in die algemene godsdienswetenskap 'n "**transendentalistiese verklaring**" genoem sou word. (Daar sou ook van 'n "**supernaturalistiese verklaring**" gepraat kon word). Die uitgangspunt is dat die OVV-fenomeen "bo-natuurlik" van oorsprong is en dat **eksterne faktore** mense daartoe bring om oortuigings in dié verband te handhaaf.

- Die ander groep bied wat in die godsdienswetenskap "**naturalistiese verklarings**" genoem sou word. (Daar sou ook van "**funksionele verklarings**" gepraat kon word). Die oortuiging is dat **interne faktore** mense lei tot 'n bepaalde geloof.

### *2.3.1 Supernaturalistiese verklarings*

Hierdie verklaring soek die oorsaak vir godsdienstige verskynsels "buite die mens" (Van der Merwe sa. a: 13). Die transendentalistiese (of "bipolêre") verklarings vir godsdiens wat vir lank nie prominent fungeer het in die godsdienswetenskap nie, blyk in eietydse godsdienswetenskap weer in heroorweging geneem te word: Van der Merwe (sa. b: 21) stel dat dit vandag al meer erken word dat 'n ervaring van die transendente in alle godsdienste wesenlik is – al is dit so dat daar 'n groot verskeidenheid opvattinge bestaan oor die aard van die transendente. In hierdie opsig is die Ruimtevaarderteorie nie "oudmodies" as ontologiese verklaringsmodel nie:

Die teoloog Friedrich Schleiermacher was van die eerste godsdienswetenskaplikes wat die transendentalistiese verklaring gepropageer het. Hy het in reaksie op die sieninge van Kant, godsdiens en teologie weer "respektabel" probeer maak. Hy het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


aangevoer dat godsdiens die gevolg van die mens se "intuïtiewe bewussyn" van die transendente werklikheid is. Rudolf Otto het by Schleiermacher aangesluit. Hy het geglo die mens erken die transendente omdat 'n "oertipiese Godsbewussyn" by hom ingeskape is. Die meer resente teoloog, Wolfhart Pannenberg, is van mening dat die moderne ateïsme op swak fondamente berus. Hy glo dat daar eers bewys moet word dat- en waarom die legio getuienis wat oor duisende jare aangaande die transendente werklikheid versamel is, ongeldig sou wees. Die mensdom het dit vir millennia makliker gevind om godsdienstig te wees as ateïsties. As die kollektiewe ervaring van die mensdom oor duisende jare in aanmerking geneem word, is dit meer voor die hand liggend om 'n transendente werklikheid ernstig op te neem as om dit nié te doen nie (Van der Merwe sa. b: 22).

Toegepas op die Ruimtevaarderhipotese verteenwoordig dit die uitgangspunt dat wetenskaplike ontwikkeling, voortgaande navorsing en moderne ontdekkings self daartoe meewerk om navorsers en volgelinge te oortuig dat (supernaturalistiese) sake soos die OVV-fenomeen 'n realiteit is:

Daar is gewys op die feit dat al meer wetenskaplikes byvoorbeeld die realiteit van die OVV-fenomeen aanvaar (kyk 1.3.1.4). Selfs baie kritiese outeurs soos Story sê: "I do feel that a genuine UFO mystery exists... There is no question but that UFOlogy has become more respectable in recent years, both among scientists and the general public (Story 1980: 139-140; kyk ook Spencer 1997: 9). Die bekende OVV-navorser Arthur C. Clarke het geskryf: "A small proportion of UFOs have never been satisfactorily explained, and the theory that they are visitors from outer space is a perfectly reasonable one..." (aangehaal deur Story 1980: 139).

Antonites wys daarop dat die wetenskaplike wêreld nog altyd gemotiveer is deur ontdekkings en vindingryke visionêre wat onkonvensionele teorieë oorweeg en met alternatiewe opvattinge geëksperimenteer het. Sonder kreatiewe denkers soos Albert Einstein en Stephan Hawking, sou die wetenskap byvoorbeeld steeds sonder die insigte van die Relatiwiteits- en kwantumteorieë moes klaar kom. Antonites is een van 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



groeiende aantal wetenskaplikes wat van mening is dat die nuutste rigting van die natuurwetenskap ons dwing om die moontlikheid van buite-aardse intelligensie ernstig op te neem. Hy sê:

> Die ontologiese posisie van die VVV kan nie sonder meer gereduseer word tot die heersende godsdienstig-kulturele situasie... nie. Ons kan konkludeer dat daar grootliks voldoen is aan die noodsaaklike voorwaardes... Dit hou weer die konklusie in dat buite-aardse rasionele bestaanswyses nie meer op die vlak van fantasie bestaan nie, maar inderdaad reeds 'n uitdaging vir filosofie en teologie konstitueer.
>
> (Antonites 1996: 16, 18).

In 'n onderhoud bied Von Däniken sy eie (modernistiese) verklaring vir die vraag waarom sy teorie in gewildheid toeneem. Hy glo dat dit vir moderne mense nie meer om "geloof" gaan nie maar om "wetenskap": "The great religions can't give satisfactory answers any more. People don't want just to believe - they want to know " (aangehaal deur Annable 1997: 627). Sy teorie bied 'n "ruimte-eeuse" verklaring vir oeroue eksistensiële vraagstukke soos: Wat is die mens nou eintlik? Waar kom ons vandaan? Waarvoor is ons hier? Die moderne wetenskap is gebaseer of "feite" en bied vir moderne mense veel meer geloofwaardige antwoorde.

Steyn (1994: 311) glo dat die postmoderne mens op soek is na nuwe antwoorde en begrondings vir ou godsdienstige en lewensbeskoulike vraagstukke. Sy het die "Waarom?"- en die "Waarom nou?" vraag oor die opkoms en bloei van New Age-denke in 'n gevallestudie aan verskeie New Agers gevra (1994: 138). Die antwoorde wat sy gekry het bied 'n goeie insig in en ook moontlike antwoorde op vrae oor die aanhang van die Ruimtevaarderteorie[107]: Steyn (1994: 147) bevind dat dit 'n algemene opvatting in die "alternatiewe denkstroom" is dat die aarde op 'n kritiese tyd en plek in sy bestaan

---

[107] Soos in 2.2.2 aangetoon, is daar 'n noue verwantskap tussen dié twee denkrigtings.

gekom het. Die nuwere tegnologie en wetenskap noop die mensdom om alternatiewe verklarings soos die Ruimtevaarderteorie te oorweeg. New Agers voer aan "...it was mostly through space travel that we are beginning to understand our world..." (Steyn 1994: 147).

Hoewel die moontlikheid nie uitgesluit kan word dat dit ook 'n rol kon speel nie, bestaan daar (soos ook in Afdeling A gekonkludeer is) nog geen afdoende bewyse vir enige supernaturalistiese verklaring nie.

### *2.3.2 Naturalistiese verklarings*

Die tweede groep verklarings wat vir die aanhang van die Antieke ruimtevaarder-hipotese gebied word (die **naturalistiese** of **immanentistiese** verklaring) glo dat die oorsaak vir godsdienstige verskynsels binne die mens of sy wêreld gesoek moet word (Van der Merwe sa. a: 13). Antonites (1996: 7) sê: "Die vraag kan met reg gevra word of die aandag-gee-aan- en soeke na buite-aardse rasionele wesens nie 'n simptoom is van die godsdienstige, kulturele, sosiale en psigologiese situasie... nie".

Ons sou vir sistematiek hierdie verklarings in twee hoofgroepe kon verdeel (hoewel die grense tussen die twee dikwels vervloei en dit soms juis in kombinasie funksioneer): Die **eerste** verteenwoordig die opinie dat dit iets in die mens self is (**psigologiese faktore**) wat die primêre rol speel om die mens te laat soek en gryp na antwoorde soos dié wat die Ruimtevaarderteorie aanbied. Die **tweede** stel dat **sosio-maatskaplike faktore** (uit die mens se wêreld) die primêre rol speel:

#### **2.3.2.1 Psigologiese verklarings**

Die uitgangspunt hier is dat daar **innerlik menslike behoeftes** is wat **psigologies** inwerk en moderne mense laat soek na alternatiewe verklarings soos die Ruimtevaarderteorie:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die beroemde sielkundige Carl Jung is bekend vir sy navorsing oor die psigologiese oorsprong en betekenis van mitologieë[108]. Hy het in 1958 in boekie geskryf *Flying Saucers - A Modern Myth of Things Seen in the Skies*. Jung bied hierin 'n psigologiese verklaring vir die OVV-fenomeen. Volgens sy godsdiens-psigologiese teorie is daar "psigiese oerbeelde" (argetipes) in elke mens se "kollektiewe onderbewuste" afgedruk. Toegang kan verkry word tot hierdie onderbewustelike vlak deur die ontleding van mites, drome, fantasieë en psigoses. Volgens Jung objektiveer mites hierdie psigiese beelde as die onderbewuste se poging om uitdrukking te gee aan hierdie argetipes (kyk Tigue 1994: 1; Segal 1987: 221).

Jung (soos aangehaal deur Story 1980: 128) skryf oor OVV's: "...this symbol leads us to the heavenly spheres... there would be nothing against the interpretation of the UFOs as... an involuntary archetypal or mythological conception... If the round shining objects that appear in the sky be regarded as visions, we can hardly avoid interpreting them as archetypal images... projections based on instinct..." Volgens Jung se immanentistiese verklaring bestaan OVV's dus slegs in die gedagtes van die waarnemer as die manifestasie van 'n psigologies-gewortelde verskynsel (meer hieroor in 2.4.2.).

Story handhaaf 'n godsdiens-psigologiese verklaring vir die Antieke ruimtevaarder-teorie wat aansluit by dié van Jung. Hy sê:

> ...dreams, myths, and religions are means by which all peoples of the world can cope with conflicts through wish-fulfilment... religious man does not easily accept the conclusion that his prayers have gone unanswered. Therefore he invents (unconsciously) the 'gods' he needs. ... Wish-fulfilment is a way of coping with a real world that may be somewhat more harsh than we would like.
>
> (Story 1980: 129).

---

[108] Kyk H.N.W. Tigue (1994).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Story glo (1980: 129): "The human mind... requires 'psychic balance' ... kept partly in dreams, myths, and religion. ... One such element is humankind's age old need for wonder, and striving for supernormal companionship in this vast and lonely universe".

Steyn (1994: 311) wys uit dat "mystery and wonder" die essensie van godsdiens konstitueer. Die ortodokse Christendom het volgens haar, die intellektuele en dogmatiese dimensies van godsdiens so geaksentueer, dat dit 'n verlies aan die wonder van geloof by moderne mense veroorsaak het. Die Antieke ruimtevaarder-teorie gee iets hiervan aan mense terug.

Ellwood (in Story 1976: 123) meen ook aanhangers van die Ruimtevaarderteorie is "desperaat" in hul soeke na vervulling van 'n eg-menslike behoefte na die "ervaring van wonder". Die OVV het die waarde dat dit iets van die "wonder" bewaar en beskerm. Die "wondere" van die Bybel het regtig plaasgevind. Die "wederkoms" is steeds iets om te verwag - ruimtevaarders met OVV's het net nou die agente daarvan geword. "Godsdienstige wonder" word nou net "tegnologiese-" en "wetenskaplike wonder" - die OVV word 'n moderne "numineuse ervaring".

Ook Antonites (1996: 7) glo dat psigologiese faktore 'n bepalende rol speel in die belangstelling in ekstra-terrestriële lewe: Hy stel dat dit "...eie aan die mens is om sinstrewend te wees: hy wil in iemand of iets glo, anders verloor hy sin. Mense soek soms krampagtig na iets om in te glo".

Van der Merwe (sa. b: 48) sê dat alle godsdienste en godsdienstige verskynsels op een of ander wyse die inherent-menslike soeke na sin vir die lewe en die futiliteitsvraag wil beantwoord. Die mens het 'n grondige behoefte om te verstaan - veral die doel en funksie van die lewe asook sy eie plek daarin. Enersyds is hierdie drang gebore uit 'n ingebore nuuskierigheid by alle mense. Andersyds hou dit verband met individuele vrymatigheid. Daar is in die wese van elke mens 'n element van inisiatief ingeskape wat dit vir hom onmoontlik maak om nie die "waarom-vraag" te vra nie. Die moderne sinkrisis gaan terug na die opkoms van agnostisisme en 'n anti-metafisiese tendens in

die Weste. Die Antieke ruimtevaarder-teorie sou kon inpas by pogings om die probleem van lewensfutiliteit met menslike vindingrykheid te probeer oplos[109].

Ellwood (in Story 1976: 123) stel dat dit 'n wesenlike funksie van godsdiens is om vir die mens sy eie "toestand" te verklaar. Die Ruimtevaarderteorie is 'n poging om in die lig van OVV-ervaringe presies dit te doen. 'n Psigologiese eienskap van die mens is sy bewussyn van "**twee nature in homself**" - soms voel hy sterk en magtig en soms dom en hopeloos. Die tipiese oortuiging is dat 'n mens 'n "swak" aardse liggaam het met 'n "goddelike siel". In die Ruimtevaarderteorie word dit verklaar deur die mens se oorsprong as "primitiewe aardling" met die "bloed" (siel) van 'n kosmiese ras waarop hy weer trots kan wees.

Hafernik (1996: www.geocities.com/area51/corridor/8148/hafer) glo dat 'n (psigologiese) **soeke na sekerheid** die moderne Westerse mens met sy diepgewortelde eksistensiële vraagstukke na antwoorde laat soek. Volgens hom verklaar die Antieke ruimtevaarder-teorie baie dinge. Sommige van die moderne mensdom se diepste en grootste vraagstukke is onverklaard- of ontoereikend-beantwoord gelaat deur konvensionele wetenskap, teologie en/of godsdiens.

Verskeie geleerdes is van mening dat die moderne mens soek na iets "rasioneels" om in te glo. Die moderne wetenskap word as geloofwaardig beskou. Volgens Van der Merwe (sa. b: 51, 53) het die moderne mens 'n diepgaande wantroue in abstrakte, metafisiese denke en antwoorde soos dié van die godsdiens. Mense is daarenteen geïnteresseerd in dit wat werk en word daar met optimisme en selfs messiaanse verwagting gekyk na wetenskap en tegnologie. Fagen sê: "...people ...yearn for entertainment, epic adventure, and escapism. The Von Dänikens of this world ... spin their elaborate fantasies to cater to a natural human desire for easy, romantic answers"

---

[109] Volgens die tipering van Van der Merwe (sa. b: 51, 53) sou die wyse waarop 'n benadering soos die Ruimtevaarderteorie die sinsvraag beantwoord as 'n "nie-godsdienstige hantering van futiliteit" beskryf kon word en meer presies 'n vorm van "funksionele idealisme".

(sa.: www.discoveringarchaeology.com).

Stanton (1997: 16, 66, 67) glo: "Western society is determined to live without the Bible... Belief in science is fundamental to modern society" en "Mankind loves to be logical... There are some people who don't accept that anything exists unless they can test it in a laboratory. Something had to be found which would satisfy common sense". Volgens hom voldoen die benadering van die Ruimtevaarderteorie aan hierdie vereistes. Dit bied 'n verklaring vir godsdienstige en eksistensiële vraagstukke wat oënskynlik op "wetenskaplike navorsing" berus en heelwat logiese sin maak in eietydse konteks.

Teenoor mense wat 'n as't ware 'n "godsdiens" van wetenskap maak en daarom aanklank vind by die Ruimtevaarderteorie, sê Stanton: "The other extreme is the highly religious person, who uses no logic at all in his beliefs" (1997. 66, 67). Hierdie meer fundamentalistiese persone wil graag (psigologiese) bevestiging hê dat wat hulle in glo, en alles wat in die Bybel staan, die **waarheid** is en word daarom deur die Antieke ruimtevaarder-teorie aangegryp. Stanton noem dit die "science-proves-the-super-natural approach" (1997: 67). Die benadering van Von Däniken "...proved that supernatural events of the past really happened. Ezekiel's vision was reality, but it had nothing to do with God. It was really alien spacemen... the book satisfied an inner need. It seemed to bring the logical world of science into the world of spiritual things." (1997: 67). Ook Steyn (1994: 312) sê dat 'n belangrike aspek van die nuwe wêreldbeeld is dat "...it facilitates a synthesis of religion, philosophy and science".

Oosthuizen (1977: 376) haal die godsdienswetenskaplike Hendrik Kraemer aan wat veel gemaak het van die idee dat die mens 'n natuurlike behoefte het aan "mitologiese denke en godsdienstige simbolisme". Stanton sluit hierby aan. Hy meen dat dit uit godsdiens-psigologiese perspektief so geïnterpreteer kan word dat alle mense 'n inherente (psigologiese) behoefte het om in God te glo. Die antieke ruimtevaarders is suksesvol daarin "...to take the place of God in people's minds" (1997: 23).

Daar word ook ander (psigologiese) verklarings voorgestel vir die aanhang van die

Ruimtevaarderteorie: Die godsdienswetenskaplike Mircea Eliade glo dat die mens konstant probeer "ontsnap" uit sy eie tyd en die afgesaagdheid en verwarring van 'n profane wêreld – veral in tye van verhoogde emosie. In argaïese samelewings is hierdie behoefte aangespreek deur die tyd van oorspronge te herskep in mites. Die moderne mens probeer nie tyd herskep nie, maar bloot ontvlug. Volgens Eliade is die twee primêre wyses waarop moderne mense uit hul wêreld ontsnap, visuele vermaaklikheid en deur te lees. Die leesproses bied 'n wyse om van die sintuiglike te onttrek (Eliade 1987: 96). Die Antieke ruimtevaarder-teorie sou goed hierdeur verklaar kon word.

Story is van mening dat die groei en ontwikkeling van die Ruimtevaarder-beweging ook te doen het met "the perennial problem of boredom" en sê: "Throughout history, man has sought new ways of alleviating his boredom, from casual amusements and distractions to arduous journeys and colossal construction projects. This problem is with us today as strongly as ever. Certainly beings from other worlds would be interesting" (Story 1976: 119).

Dat verskeie psigologiese faktore 'n bepalende rol speel in die aanhang van die Ruimtevaarderteorie ly dan geen twyfel nie. Larson (1984: 19) vra met reg: "Can the innate spiritual hunger in man's heart be blamed for pursuing escapist solutions to desperate dilemmas?"

### 2.3.2.2 Sosiologiese verklarings

Die tweede hoofgroep van naturalistiese verklarings (wat ook in samehang met die voorafgaande verstaan moet word) is die standpunt dat **sosio-maatskaplike faktore** 'n primêre rol speel om mense te laat soek na alternatiewe religieuse denk- en geloofsisteme:

Larson (1984: 19) dui aan dat navorsing wat in die VSA gedoen is, bevind het dat die volgende faktore verantwoordelik is daarvoor dat die "mite van die kulte" so aantreklik geword het vir die moderne Westerling:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


- disillusionment with American political life
- dehumanisation by science
- advent of the drug culture
- future fright
- breakdown of the family
- popular culture (music and literature)
- psychology
- decline of the church
- the ecology crisis.

Le Bar (1989: 37) meen die beginsels van politieke- en godsdiensvryheid in die Weste het die klimaat geskep vir die ontwikkeling van allerlei nuwe godsdienstige bewegings. Hy haal die godsdiens-sosioloog Thomas Robbins aan wat glo dat die toename in kultes ("cults") "...a natural progression in a secular world..." is (Le Bar 1989: 20).

Peter Berger (1974: 8) dui aan dat die moderne mens in 'n "semi-permanente identiteitskrisis" verval het. Hy meen dat as gevolg van die interaksie tussen verskillende sosiologiese en ekonomiese faktore in die moderne samelewing, die mensheid 'n "sekularisasie van bewussyn" ondergaan. Die probleem van die postmoderne mens is 'n probleem oor betekenis[110]. Terwyl objektiewe strukture en tradisionele geestelike huisvestings rondom hom verkrummel, soek die mens desperaat

---

[110] Vergelyk Neill (1984: 220v).

na alternatiewe sekuriteite vir sy bestaan. Berger beskryf dit as 'n "loss of home" - 'n geestelike tuisteloosheid as intrinsieke kenmerk van die moderne samelewing.

Steyn het bevind dat talle New Agers van mening is dat **sosiale omstandighede** mense dwing om te soek na alternatiewe godsdienstige uitinge. Hierdie faktore sluit in "... psychological, social, economic and ecological aspects ... an unspecified unease that 'something was seriously amiss' in contemporary Western society and that 'we cannot go on as we are'..." (1994: 142).

'n Belangrike faktor wat moderne mense laat gryp na hipoteses soos die Ruimtevaarderteorie is wat Steyn (1994: 311) "a spiritual void" en "social malaise and spiritual malnutrition" by moderne mense noem. Sy is 'n voorstander van die verklaring dat hierdie "leegheid" roep om vervulling.

Antonites (1996: 7) verklaar die soeke en belangstelling na ekstra-terrestriele ook aan die hand van sosiologiese faktore. Hy sê:

> ...'n groot persentasie van die Westerse mens in Europa het godsdienstige ankers van die Joods-Christelike geloof weggeval. Indien opnames as betroubaar beskou kan word, is daar tans 'n geringe persentasie wat ... gelowig is. ... Meer as een navorser het verwys na die identiteitskrisis van die Europese mens, naamlik dat hy na die Tweede Wêreldoorlog begin het om alle waardestelsels te betwyfel en so lewensrigting verloor het. Hy het dus in 'n krisis beland waartydens spanningsituasies ontstaan het.

Story (1980: 16) wys uit dat: "To this day, Erich (von Daniken) cites 'religious uncertainty' as a major reason for the success of his books, and 'religious doubts' as his primary motivation for writing them." Hy meen: "One perennial need of humankind has always been to feel a sense of belonging, which religion satisfies by bringing together like-minded people to wonder and worry in unison. Fears of an uncertain future are not nearly so great when one can share those fears with others" (Story 1980: 130).

Verskeie sosio-maatskaplike faktore word deur outeurs genoem om 'n bydrae te gelewer het tot hierdie "geestelike tuisteloosheid" by Westerlinge:

- Steyn sê: "The marginalization of religion and the concomitant neglect of the interior life, together with the repression of transcendence in our culture, have left many people dissociated and alienated from the religious structures and conventional values of the society" (1994: 311).

- Capra (1990: 14) meen dat die vinnige veranderinge in die wêreld die mat as't ware onder die voete van moderne mense uitgeruk het: "...the rate of change in our age is faster than ever before... the changes are more extensive, involving the entire globe..." Alvin Toffler (1970: 118) het gepraat van 'n "future shock" ("...the shattering stress and disorientation that we induce in individuals by subjecting them to too much change in too short a time"). Die mens het gewoonlik eeue gehad om kultureel "op te vang", wat in ons eeu nie meer die geval was nie. Dit het mense geestelik ontwortel en desperaat laat gryp na enige (godsdienstige) grashalms.

- New Agers is van mening dat materialisme, rasionalisme en scientisme 'n verdere oorsaak is vir die "verlies aan spiritualiteit" van ons tyd en ons gebroke samelewing (Steyn 1994: 146). Ook Harman (1988: Inleiding) sê: "The scientific paradigm with its objectivism, positivism and reductionism has ousted the spiritual, leaving people with spiritual needs that cannot be satisfied by the materialism that has ensued. It has also failed to account for important aspects of human experience such as... the search for meaning."

- Godsdienstige faktore wat Steyn (1994: 311) "stifling orthodox religious practices" noem, het beslis ook 'n belangrike rol gespeel:

> In addition, orthodox Christianity has on the whole accentuated the acceptance of intellectual doctrines to the exclusion of inner religious experience. This emphasis on the cognitive dimension that strips religion of

the mystery and wonder that constitute its essence has often brought about a loss of faith

(Steyn 1994 311)

Ook Spencer verklaar die opkoms van Antieke-ruimtevaarderteorieë uit hierdie perspektief Hy sê " (The) youth was searching for new meanings Many of the young were looking for a 'cosmic saviour', a replacement for conventional religion, which many thought had failed them" (Spencer 1997 55, 78)

Oosthuizen huldig die opinie dat die kerk 'n bydrae gelewer het om moderne mense van hom te vervreem en na alternatiewe godsdienste laat gryp het

Die jeugreaksie van die laaste dekade reflekteer 'n soeke na die geestelike as alternatief vir die moderne uitinge wat in die siklus van produksie en konsumpsie vasgevang is Hier is 'n soeke na kwaliteit van lewe teenoor 'n beskawing wat veel met uiterlike vernis wil uitrig maar sy siel verloor het Dikwels het die kerk op sy eie eilandjie beweeg te midde van die see van veranderinge[111] en dit is hier, weg van die eilandjie, waar die jeug sy heil kom soek..

(Oosthuizen 1977 355).

Steyn sê "The essence of the problem was held to be the state of religion in contemporary Western society They felt that people were on the whole 'disillusioned with religion', and that this had led to a loss of spiritual values" Sy verwys daarna dat sommige New Agers openlike vyandigheid toon teenoor Christelike kerke wat "according to them, had distorted the original message of Jesus and the essence of Christianity . people were 'being bogged down by dogma and prescription" (Steyn 1994 143, 167) Die "vyandige" tendens het ons

[111] Kyk ook Alvin Toffler (1970)

inderdaad ook by enkele Antieke ruimtevaarder-outeurs waargeneem waaronder Bramley (1989) en in mindere mate ook Von Däniken.

Steyn (1994: 145) stel dat verwant aan die ontnugtering met godsdiens 'n ander kenmerk van modere mense die kwessie van "vrees" is: "This was mostly attributed to the influence of the Christian churches in which... fear was used to 'retain control' over people".

Le Bar (1989: 26) glo dat gevestigde ortodokse kerke nie meer daarin slaag om entoesiasme en aktiewe deelname by lidmate te kweek nie: "We can get people to cheer and chant at a football game..., but we have generally been unable to get average Sunday congregations to be enthusiastic in prayer and song." Hy sê: "The basic premise that I put forth as the underlying reason for the success of cults is simple but vital: IN LARGE PART THE CURRENT GENERATION OF YOUNG PEOPLE HAVE NO FAITH" (sy beklemtoning).

- Kruger (1982:11) voeg by die oorsake vir die "geestelike leegte" wat Steyn noem die wetenskaplike vooruitgang wat tradisionele godsdienstige opvattinge in sy fondament geskud het:

> Science plays an important yet ambiguous role in modern society. Its achievements are beyond doubt. But there are grounds for thinking that it has become a mere instrument of technology which does not contribute anything to the burning questions of man concerning the meaning of life...
>
> (Kruger 1982:11).

Volgens Kruger het godsdiens moderne mense met "wetenskaplike verwagtinge" nie meer realistiese antwoorde kon bied nie en het talle mense na die wetenskap begin opsien vir hul heil. Hulle het in die wetenskap 'n nuwe rede gekry om in ou waardes te glo. Daar is reeds gewys hoe die "tegnologiese interpretasie" van Bybelse gegewens die Bybel weer "geloofwaardig" probeer maak het as 'n bron

wat oënskynlik getuig van ware gebeurtenisse in die verlede.

Harman (1988: 4) toon ook aan hoedat die dualistiese wetenskaplike wêreldbeeld van die Westerse kultuur daartoe gelei het dat 'n groot deel van die menslike ervaringswêreld nie meer verantwoord kon word nie en ontken moes word om 'n rasionalistiese perspektief te kon handhaaf. Steyn stel: "The proposed and emerging new perspective (die New Age-beweging) can accommodate the new discoveries in science, provide answers to existential questions of life, and accept religious pluralism" (Steyn 1994: 311).

Larson (1984: 18) sê: "Established religion, the legitimizer of the status quo, suffers today from the moral vacuum created in part by technology's triumph. In this setting, the myth of the cults helps to steady men's nerves and placate their fears".

Ellwood (in Story 1976: 123) glo dat die moderne wetenskap met sy prestige die gesag van die Bybel en respek vir die Bybelse geskiedenis gediskrediteer het. Daar is 'n gevoel onder aanbieders van die Ruimtevaarderteorie dat antieke mense ook "iets moes geweet het". Die Antieke ruimtevaarder-teorie is gebore uit **'n konfrontasie tussen godsdiens en wetenskap** wat dan vir aanhangers van die teorie opgelos word deur die idee dat die Bybel wel letterlik die waarheid is. Ou mites vertel net van gebeurtenisse waarvan primitiewe mense die betekenis nie kon begryp nie.

Watter ander faktore ookal vir die ervaring van 'n "geestelike tuisteloosheid" by moderne Westerlinge verantwoordelik is, hierdie "vakuum" wat geskep is, roep om vervulling. Steyn sê: "Out of this void there has emerged... a search for spiritual healing and fulfilment." (1994: 311). Alternatiewe opvattinge soos die Antieke ruimtevaarder-teorie het dit tydig kom bied.

Antonites vra of die verskyning van "buite-aardse wesens" nie 'n vorm van "verligting" bring in die spanning wat geskep is uit die sosiale krisisse waardeur

Westerlinge hul lewensrigting verloor het nie. Hy meen dat dit selfs nuwe ankers en wel as substituut vir Christelike waardes, bied (1996: 7-8).

Kruger (1982:11) sê: "The question 'what is the true character of science?' is essentially linked with the questions 'what is the true nature of man?' and 'what is the true nature of the world?' As traditional religious answers to these last questions are eroded, science is often looked upon by many as redeemer..."

Sagan (in Story 1976: xiii) spekuleer oor die populariteit van Von Däniken en sê: "Our times are very perilous. The immediate relevance of traditional religions to contemporary problems is not so obvious as was once the case. At just this moment arises the beguiling doctrine that all-powerful, all knowing, and benevolent creatures have in the past and will one day in the future come out of the sky and save us from ourselves" (Sagan in Story 1976: xiii).

Story (1976: 118) sê:

> Man's inability to rise to a high moral plane... is all too evident in the present world situation... we are facing bad times and fears of the future... What could be more appealing than the modern Space Brothers – the ancient astronauts... who are godlike in their knowledge and in their wisdom, and who could direct us in the use of advanced knowledge for the ultimate good of mankind? Since the gods may be our salvation, we want to believe in them...
>
> (Story 1976: 118).

Dat verskeie sosio-maatskaplike faktore 'n bepalende rol speel in die aanhang van die Ruimtevaarderteorie ly eweneens nie twyfel nie. Geen enkele immanente faktor (psigologies of sosiologies) sou egter uitgelig kon word as die bepalende nie. 'n Kombinasie van hierdie faktore, moet eerder beskou word as bydraend tot die skep van 'n klimaat waarin die Ruimtevaarder-denkwyse kon gedy.

## HOOFSTUK 2.4

## DIE ANTIEKE RUIMTEVAARDER-TEORIE AS GODSDIENSTIGE UITDRUKKINGSVORM

Daar is vroeër in hierdie studie betoog dat die Antieke ruimtevaarder-teorie nie as wetenskaplike model verstaan en geëvalueer behoort te word nie, maar as godsdienstige uitdrukkingsvorm. 'n Aantal kritiese outeurs het dit dan ook in die evalueringsgeskiedenis van die teorie so voorgestel[112] Ons eksploreer nou hierdie uitgangspunt verder

Die geskiedenis van die godsdienswetenskap het bewys dat 'n algemeen-geldende definisie van die begrip "**godsdiens**" geleerdes nog altyd ontglip het (kyk Smith 1991 17v) Verskeie definisies is en word in die godsdienswetenskap aangewend Kruger (in Vorster 1981: 2) dui aan dat daar binne die Fenomenologiese metode nie met baie beperkende definisies gewerk word wat uiteindelik die verleiding inhou om die studieobjek voor te skryf in wat dit moet wees nie Waar die definisie waarmee gewerk word aan die ander kant te breed is, word 'n definisie *per se* betekenisloos (kyk Neill 1984. 14).

Dat die Ruimtevaarderteorie nie aan die hand van alle definisies as 'n volwaardige "godsdiens" sal kwalifiseer nie, is nie te betwyfel nie 'n Voorbeeld is die definisie van Neill (1984. 14): "... religion ... is based on a refusal to believe that the visible universe is ultimately self-explanatory ..." Hierdie definisie sou alle materialistiese godsdienstige sisteme (waaronder die Antieke ruimtevaarder-teorie) uitsluit Aan die anderkant sou 'n breër definisie soos die van Thrower (1980 1) naamlik dat 'n godsdiens "'n geloofsisteem" is, die Ruimtevaarderteorie goed akkommodeer[113]

---

[112] Vergelyk Story (1980. 129), Steyn (1994: 311), Stanton (1997: 66, 67) en Larson (1984 19, 343)

[113] Dit hou soos alle godsdienste vas aan apriories aannames en konstitueer dus 'n "geloofsisteem"

Godsdienswetenskaplikes poog vandag om "...ethically neutral definitions consisting of elements which came to be recognised as constituting religion, regardless of the substance of the beliefs..." te gee (Wilson 1995: 96). Dat die Antieke ruimtevaarder-teorie vele kenmerke met algemeen aanvaarde godsdienstige denkwyses deel, is die uitgangspunt van hierdie studie:

Die godsdienshistorikus Joachim Wach het vorme van godsdienstige uitdrukking in drie hoofkategorieë verdeel:

- **Teoretiese vorme van godsdienstige uitdrukking** (gelowe, doktrines, mites en uitsprake oor 'n bonatuurlike werklikheid).

- **Praktiese vorme van godsdienstige uitdrukking** (rites, godsdienstige handelinge en gebruike).

- **Sosiologiese vorme van godsdienstige uitdrukking** (organisasies, kerke en vorme van geloofsgemeenskappe).

Wach se indeling word vandag steeds gebruik om 'n greep op godsdiens as geestesaktiwiteit te kry en die ontwikkeling van nuwere godsdienste en godsdienstige verskynsels te monitor (Scientology: 1998: 4; Wilson 1995: 98). Volgens hierdie indeling is die Antieke ruimtevaarder-teorie steeds grootliks 'n **teoretiese uitdrukkingsvorm** wat Neill (1984: 16) 'n **"religion of ideas"** noem. Uit 'n ontleding van die teorie (soos dit veral in Teosofiese en New Age-kringe aangewend word), blyk dat dit in hierdie kringe ook op meer as net ideologiese vlak funksioneer en reeds **praktiese** en selfs **sosiologiese** kenmerke begin toon:

Story (1980: 136) verwys na basiese eienskappe wat 'n denksisteem, volgens hom, as 'n religie laat kwalifiseer. Die kenmerke wat hy noem kom ooreen met wat Wach **praktiese uitdrukkingsvorme van godsdiens** sou noem. Dit is die volgende:

- "Kontak" met die godheid en 'n **voortgaande kommunikasieverhouding**.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- **'n Visie op die doel van die menslike bestaan.**

- **Reëls om volgens te lewe.**

Om te illustreer hoe die Antieke ruimtevaarder-teorie reeds as **praktiese uitdrukking** van godsdiens manifesteer, word 'n voorbeeld van elk genoem

Een van die mees beroemde "OVV-kontaklinge" te wete George Adamski (1891-1965) het as "lektor oor OVV's en kosmiese filosofie" bekendheid verwerf (Story 1980: 131). Volgens Adamski (1958) het hy kontak met 'n ekstra-terrestriële ruimtereisiger genaamd Orfeo gehad. Hierdie kontak is op gereelde basis voortgesit – 'n proses wat "OSC" (Outer Space Communication) genoem word. 'n Sekere George van Tassel is beskou as die "Grand Master of OSC" en het sedert 1951 "telepaties kontak gehad met die ekstra-terrestriële "Counsel of Seven Lights" (Story 1980: 135). Story stel met reg "Very simply put, OSC is the contactee's version of prayer" (1980: 136).

'n "Kontakling" te wete Howard Menger het sedert 1932 "praktiese leerstellinge" van die "Space People" bekom. Dit sluit in: "...the knowledge of man's purpose on Earth and what would be expected of him" en "...a complete guide to good, clean living. Spiritual subjects were taught, such as the proper care of the soul, . the proper care of the body" (Story 1980: 136).

Een van die belangrikste kenmerke van 'n godsdiens is die verwagting van 'n "**wederkoms**", "**redding**" en/of "**ewige lewe**". Story noem as voorbeeld:

> ...how popular would Jesus Christ be in Christian religion without the belief in his eventual return to the Earth? If he were just an ancient teacher of wisdom, like Socrates or Plato... There is no apparent salvation in past generations of stone-carvers or clever city-builders who are dead and gone. But if ancient 'astronauts' were involved, perhaps many of us reason, they may come back some day to help us again.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


(Story 1980: 19).

T.P. Burke stel dat godsdiens sigself onderskei as 'n saak wat wesenlik te doen het met **toekomsvisie.** Talle godsdienste en ideologieë is gebou op 'n basiese stelling wat wil verklaar waarom die lewe nie in 'n ideaaltoestand verkeer nie. Dit stel meestal ook een of ander uitweg voor uit hierdie basiese menslike dilemma en handel oor die herstel van die toestand. Godsdienste is op een of ander wyse 'n "heilsweg". Die lewensvisie het te make met **'n einddoel** waarheen ons onderweg is. Daarom is 'n **eskatologiese element** meestal ook deel van godsdienstige verskynsels (Van der Merwe sa. b: 27-38).

By verskeie outeurs het 'n duidelike "**ekstra-terrestriële eskatologie**" en selfs 'n "**tegnologiese soteriologie**" (verlossingsleer) ontwikkel. Outeurs soos Tipler (1994) glo dat die mens met sy ruimte-tegnologie uiteindelik die kosmos sal beheer en homself onsterflik sal maak (vgl Barbour 1990: 152). Daar word in dié kringe veel gemaak van die uiteindelike "wederkoms" van die ekstra-terrestriële besoekers, soos dit "van ouds belowe is". William Bramley wys uit: "...an effort has been made through the New Age movement to re-establish the old religious beliefs that the E.T. race seen flying about our skies ... should be looked to as a source of salvation" (Bramley 1989: 428).

Dit is volgens Steyn (1994: 149) veral outeurs wat deur die Teosofiese tradisie en die Bybelse apokaliptiek beïnvloed is wat die "wederkoms" van Ruimtevaarders in New Age-gees beskou as wesenlik tot die totstandkoming van die komende "goue eeu". Met ons eie toekoms onder groot vraagtekens kan die mensdom weer hul hoop vestig op die "gode" van ouds.

Dat die Antieke ruimtevaarder-teorie vele kenmerke met gevestigde godsdienstige opvattinge toon, is dus duidelik. Ons ondersoek nou enkele godsdienswetenskaplike noemers aan die hand waarvan die teorie nouer getipeer en verstaan kan word:

### 2.4.1 Die Antieke ruimtevaarder-teorie as moderne kulte

Verskeie outeurs noem die Ruimtevaarderbeweging in hul evaluering daarvan 'n "kulte"

(cult) (kyk Story 1976 119 en Fagen sa www.discoveringarchaeology.com) Larson (1984 343) beskryf in sy boek oor die kulte die OVV-fenomeen as 'n "moderne kulte"

Larson sê "A cult is any religious group which differs significantly from those religious groups which are regarded as the normative expression of religion in our total culture" (1984 27) Le Bar (1989 7) beskou 'n kulte as 'n "nuwe godsdiens" of 'n "sekte"

'n "Kulte" het volgens die definisie van Larson 'n aantal duidelike kenmerke

- Dit is 'n geloofsisteem wat gebaseer is op 'n **vermenging van feit en fantasie** (1984: 16)

- Dit verteenwoordig 'n "onortodokse" en oordrewe **toewyding aan 'n "great person, idea, or thing"** (1984 26)

- Kultes is dikwels oenskynlik **"in ooreenstemming" met ortodokse Bybelse en evangeliese waarhede** en bekende clichés word aangewend, maar met totaal nuwe betekenisinhoude[114] (1984 32)

Volgens Larson (1984 16) is 20 miljoen Amerikaners op een of ander wyse betrokke by- of beïnvloed deur die kulte Daar is volgens Le Bar se navorsing heelwat meer as 2500 "nuwe religieuse kultes" aktief in die VSA (1989 36)

Die Westerse wêreldbeeld is lank reeds besonder vatbaar vir "... idealistic answers promising a simplistic and sacred explanation for life's purpose" (Larson 1984 16) Die aanhanger van 'n kulte word deur hierdie "mite" gelei met die versekering dat sy lewe iewers in 'n "goddelike orde" inpas Veral idealistiese jongmense wat soek na geestelike

---

[114] Ulrich Mann het aangetoon dat daar 'n noue verwantskap tussen kultes en ideologieë bestaan Beide probeer ook Christelike waarhede "naboots". Hy stel dat "kultiese ideologieë" dikwels teruggevoer kan word na 'n idee waarvan die wortel Christelik is en gegrond is in Bybelse beloftes (soos die saligheidsleer of die wederkomsgedagte) Hy noem ook dat kultiese ideologieë dikwels gebaseer is op 'n "ontaarde wêreldbeskouing" wat ontstaan wanneer 'n idee verabsoluteer word (Viljoen sa a. 3).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


identiteit, maar ook adolessente op soek na "maklike" maniere om die lewe se harde lesse te leer, is volgens Larson (1984: 18) die teiken vir uitbuiting deur kultes.

Larson bespreek die kultiese aspekte van 'n geloof in Ekstraterrestriële en die OVV-fenomeen. Hy meen dat deur die propaganda wat die media aan OVV's verleen "...modern man is being forced to take these strange events seriously..." (1984: 344). Hy haal die Franse wetenskaplike Jacques Vallee aan wat gesê het: "...such phenomena are creating a willingness to believe in extraterrestrial life..." en glo dat dit 'n verskuiwing in die Weste se "mitologiese struktuur" teweeggebring het: "...attitudes on the subject among scientists, the media, and the public have totally changed... We can rationalize this change or we can recognize it for what it is – the result of a shifting of our mythological structure" (Larson 1984: 348). Larson sê: "It may be that UFO's are re-educating mankind to accept a casual familiarity with paranormal activity." Dit is Larson (uit fundamentalistiese kringe) se aanvoeling dat OVV's van "demoniese oorsprong" is[115].

Hoewel dit grootliks net op negatiewe aspekte fokus, sou die oorweging van die Antieke ruimtevaarder-beweging as 'n "kulte" nie verkeerd wees nie. In die lig van Larson se wye definisie, moet toegegee word dat elemente van die Antieke ruimtevaarder- en OVV-bewegings met dié van kultes ooreenstem, maar (anders as die redes wat Larson aanvoer) omdat:

1) Dit gebaseer is op 'n "vermenging van feit en fantasie" en

2) onortodokse godsdienstige uitgangspunte met "hergedefinieerde betekenis-nuanses" verkondig.

---

[115] Larson tipeer OVV's as 'n "mistiese kulte" wat saamhang met die "okkulte". Hy beskryf sy standpunt dat OVV's demonies van oorsprong is, as "evangelies-Christelik" (1984: 18). Ironies genoeg tipeer Le Bar (1989: 47) fundamentalisme ook as 'n moderne kulte. Daar is ook gewys op die fundamentalistiese "Watcher groep" se ooreenstemmende opinie (vgl 2.1.2.3).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vanweë die minder-geformaliseerde aard daarvan, sou die Ruimtevaarder- en OVV-bewegings egter hoogstens as baie informele kultes bestempel moes word.

### 2.4.2 Die Antieke ruimtevaarder-teorie as nieu-mitologie

> The whole Von Däniken affair, it would seem, represents a modern mythology couched in space-technology symbols
>
> (Story 1976: 119).

'n Laaste (en moontlik ook die belangrikste) godsdienswetenskaplike noemer waarmee 'n greep op die religieuse aard en funksie van die Antieke ruimtevaarder-teorie verkry kan word, is dié van **'n moderne mite**.

Die algemene aanwending van die term "mite" is die van 'n fiktiewe storie - iets wat nie waar is nie. Kenners van mitologie definieer dit egter anders. R. Brockway bied 'n insiggewende "kollektiewe definisie" wat verskillende teorieë van kenners op die gebied saamvat. Die eerste deel van sy definisie handel oor die **aard van die mite**:

> Myths are stories, usually, about gods and other supernatural beings (Frye). They are often stories of origins, how the world and everything in it came to be *in illo tempore* (Eliade). They are usually strongly structured and their meaning is only discerned by linguistic analysis (Lévi-Strauss). Sometimes they are public dreams which, like private dreams, emerge from the unconscious mind (Freud). Indeed, they often reveal the archetypes of the collective unconscious (Jung). They are symbolic and metaphorical (Cassirer) ... Often, they are enacted in rituals (Hooke). Religious myths are sacred histories (Eliade), and distinguished from the profane (Durkheim). But, being semiotic expressions (Saussure), they are a "disease of language" (Müller). They are both individual and social in scope, but they are first and foremost stories (Kirk).

Die tweede deel van sy definisie handel oor die **funksie van die mite**:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> They orient people to the metaphysical dimension, explain the origins and nature of the cosmos, validate social issues, and, on the psychological plane, address themselves to the innermost depths of the psyche (Campbell). Some of them are explanatory, being prescientific attempts to interpret the natural world (Frazer). As such, they are usually functional and are the science of primitive peoples (Malinowski).
>
> (http://members.tripod.com/meandhim/mythtext.htm).

Aanvanklik is mites beskou as **antieke verhale** wat handel oor oorspronge - weergawes van skeppingsgebeurtenisse in die "fabelagtige tye van die begin" en oor die godewêreld en/of bonatuurlike gebeurtenisse. Die funksie van mitologiese vertellinge was beskou as om kosmogoniese verklarings te bied -- meestal vir natuurverskynsels (Tigue 1994 14). Thrower (1980: 23) verstaan mites byvoorbeeld as sodanig:

> They tell how, through the deeds of supernatural beings, a reality came into existence, whether this be the whole of reality (the Cosmos) or only a fragment (an institution etc.)... The actors in myths are Supernatural Beings. They are known primarily by what they did in the transcendent times of the 'beginnings'. ... In short, myths describe the various and sometimes dramatic breakthroughs of the sacred (or 'supernatural') into this World.

Later het geleerdes tot die insig gekom dat mites ook **op ander vlakke van betekenis** funksioneer as om bloot oorspronge te verklaar. Donna Rosenberg se definisie van 'n mite bou hierdie insig in, maar werk steeds vanuit die persepsie dat mites verhale uit die **verre verlede** is:

> A myth is a *sacred* story from the past. It may explain the origin of the universe and of life, or it may express its culture's moral values in human terms. Myths concern the powers who control the human world and the relationship between those powers and human beings. Although myths are religious in their origin and function, they may also be the earliest form of

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



history, science, or philosophy...

(http://members.tripod.com/meandhim/mythtext.htm).

Verskeie geleerdes het ook raakgesien dat ons nie alleen na mites in die antieke wêreld moet soek nie, maar dat "**moderne mites**" (wat aan al die kenmerke van antieke mites voldoen), steeds gebore word en in ons moderne wêreld floreer. Van die eerste mitoloë wat hierdie uitgangspunt begin verdedig het was die filosoof en godsdienswetenskaplike M. Eliade (1907 - 1986).

Eliade (1960: 23-32) het aangevoer dat die kritiese rede van die moderne samelewing die mite uit die verlede (as vals) verwerp het. Dit is egter te betwyfel of 'n samelewing sonder mites (of minstens die funksie wat dit vervul het) kan bestaan. Iets moet die plek van die "heilige ruimte" vul wat deur die "verbanning" van die mite teweeg gebring is. Die mite kom daarom "vermom" terug in kollektiewe simbole wat grootliks dieselfde rol vervul as wat dit in argaïese samelewings gespeel het (kortliks as voorbeelde en opvoedingsmodelle vir menslike aksie om die orde in die samelewing in stand te hou). Volgens Eliade is dit maklik om raak te sien hoe die argaïese funksie van die mite in ons samelewing "herontdek" is in "all that modern people call instruction, education and didactic culture" (1960: 32).

Die mitoloog Joseph Campbell (op die voetspoor van Eliade) en die sielkundige Carl Jung het verder gegaan en in verskillende hedendaagse parallelle die herverskyning van die mite waargeneem. So het Jung die OVV-fenomeen as 'n "moderne mitologie" bestudeer (kyk 2.3.2.1) en het Campbell selfs resente filmreekse soos *Star Wars* as "moderne mites" waardeer (kyk Tigue 1994: 109).

Campbell is baie bekend vir sy werk op moderne mites[116] (hy noem dit "**lewende**

[116] **Vergelyk Segal (1987: 220).**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**mites**") Hy sê: "...they... are alive because they still affect the hearers or viewers of them, today. They stimulate emotional and cognitive changes in the participants..." (aangehaal deur Tigue 1994: 17).

Die Antieke ruimtevaarder-teorie blyk nie alleen per die ouer definisie sigself te verraai as 'n nieu-mitologie in pogings om kosmogoniese verklarings te bied vir hoe die kosmos "deur die dade van bonatuurlike (ruimte) wesens tot stand gekom het in die oertye van die begin nie" (kyk Thrower 1980: 23). Dit voldoen binne die definisie van godsdiensgeleerdes soos Eliade en Campbell ook aan die nodige kwalifikasies om as "moderne" en "lewende mite" beskou te word:

Outeurs soos Story (1976: 118) en Spencer (1997: 176) glo dat die ware en dieper betekenis van die belangstelling in OVV's en ekstra-terrestriële (waaronder antieke ruimtevaarders) gevind kan word in die oorweging daarvan as moderne mitologieë. Jung (in Story 1980: 128) skryf oor OVV's as moderne mite: "...there would be nothing against the interpretation of the UFOs as... an involuntary archetypal or mythological conception...". Spencer (1997: 176) meen: "It is in considering UFOs as a modern myth that we find, more than anywhere, the rejection of the phenomenon by science... Because even if aliens do exist, ...we now live in a world in which their acceptance is widespread."

Campbell het beklemtoon dat mites nie verstaan moet word as "onwaarhede" of as "fabels" nie. Mites mag miskien nie handel oor ware persone, plekke of gebeurtenisse nie, maar: "Myths often reveal truths without being "true stories" (aangehaal deur Tigue 1994: 13). Campbell het oor die funksie en betekenis van mitologieë geglo "..that myths... are attempts to express insights about human nature..." en "Myths are metaphors of symbolic and spiritual powers within... they reveal psychological patterns and themes .. the ideas, passions, conflicts, hopes, and emotional life of people living today" (Tigue 1994: 15, 109-110). Campbell het op die voetspoor van Eliade ook beklemtoon dat mites geen onbelangrike funksie in 'n moderne samelewing verrig nie (kyk Campbell 1973; Eliade 1960).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Richard Cavendish het geglo dat mites daardie aspekte van die wêreld reflekteer wat mense as baie belangrik ag maar nie veel van verstaan nie. Die funksie van mite is om die mens toe te laat om uitdrukking te gee aan 'n innerlike behoefte om te verklaar en om dinge rondom hom te verstaan - dikwels op 'n wyse wat dit ook moontlik maak om dit kleurryk en sintuiglik te visualiseer. 'n Belangrike insig van Cavendish is dat mites aan die mens se lewe 'n groter "kosmiese" betekenis gee (Spencer 1997: 177). Volgens hom voldoen godsdiens en godsdienstige mites aan 'n baie diep eg-menslike behoefte na iets om in te glo. Dit gee aan die mens se lewe 'n bepaalde "groter betekenis". Mites het vir eeue vir die mens verklaar waarom hy hier is, waar hy vandaan kom en waarheen hy op pad is. Hierdie vraagstukke en daarmeesaam die mens se totale bestaan, is so in 'n "kosmiese raamwerk" gepas. Hierdie insig werp heelwat lig op die verstaan van die Antieke ruimtevaarder-teorie en word later weer bespreek.

Eliade, Campbell en Jung het aangedui dat- en hoe dat moderne mites steeds dieselfde funksie as antieke mitologieë in ons samelewing volvoer (Tigue 1994: 109). Campbell het die funksies van 'n "**lewende mite**" soos volg saamgevat (1973: 221):

- Die eerste is die "**mistiese funksie**" – om by die mens 'n ervaring van verwondering te kweek vir die misterie van die heelal en dankbaarheid vir sy deelname daaraan. Mite is 'n manier om hierdie ervarings weer in mense se lewens terug te plaas. Dit skep die "droomwêreld" – die ideologie wat mense motiveer om vir iets te leef en te werk in 'n harde en koue werklikheid wat geen inherente motiveringswaarde inhou nie.

- Die tweede is om 'n beeld van die kosmos te bied wat **in lyn is met kontemporêre opvattinge van die tyd** (die moderne natuurwetenskaplike wêreldbeeld).

- Die derde is om 'n spesifieke stel **morele waardes** waarvolgens die samelewing kan leef, te motiveer en te ondersteun.

- Die vierde is om die individu te begelei om met 'n **gesonde gees** die lewe op sinvolle wyse te leef en te beleef.

Die Antieke ruimtevaarder-teorie voldoen goed aan die vereistes wat Campbell vir 'n moderne mite stel, soos dit veral ook uit die eerste twee funksies blyk: Dit skep ongetwyfeld 'n **ervaring van verwondering** vir die misterie van die heelal synde dit ook veel maak van die moderne verstaan van die kosmos, fisika en astronomie. Dit bied wel ook 'n "**moderne beeld van die heelal**" wat in lyn is met die tydsgees en verwagtinge van eietydse wetenskap en mense wat glo dat hulle hulself in die ruimte-eeu bevind. Dit bied mense weer iets om in te glo en oor opgewonde te raak.

Die rasionele (wetenskaplike) benadering in die Weste het die beginsels van geloof in God onder die voete van die Westerse mens weggeneem. God kon nie "wetenskaplik" bewys word nie. Sy bestaan was oënskynlik alleen gebaseer op geloof en intuïsie. As mites sterf, roep dit om vervanging deur nuwe mites (Eliade 1960: 24). Spencer (1997: 177) toon aan hoe moderne mites dikwels oues vervang en ook die funksie van die ouer mitologieë oorneem[117]: Die skeppingsmitologie van Genesis is byvoorbeeld vervang deur die Darwinisme. Die doel van die oorspronklike mite is nagekom deur die nuwe een toe die oorspronklike een nie meer kon bly voortbestaan nie.

Ou mites word nie alleen deur nuwes vervang nie, maar dikwels net deur nuwe gestaltes van die oue en deur mitologiese "hibriede" wat die oue kombineer met nuwe vorme soos wat kulture ook vermengd raak. Die mite van Antieke ruimtevaarders is 'n treffende voorbeeld van so 'n "mitologiese hibried". Story sê:

> Here are reconciled elements of ancient and modern mythology and a literal interpretation of the Bible. Those who want to accept the literal truth

---

[117] Hierdie feit blyk 'n geldige argument te wees teenoor dié van persone soos Marx en Hume wat aangevoer het dat godsdiens eventueel sal uitsterf (kyk 1.3.2.3).

> of the Bible but would like to dispense with its moral teachings ... can have a natural basis for their beliefs instead of the traditional supernatural one And those who miss the sense of awe and mystery their abandoned religions provided can find it again
>
> (Story 1976 119)

In die sleur van die verwoesting van mense se geloof in die "bo-natuurlike" in ons rasionalistiese samelewing, kom die moderne mite van die buite-aardse wese na vore Hierdie mite vervang die ou mitologieë van engele en gode in die vorm van 'n moderne hibried Deurdat dit 'n vorm van versoening bied tussen die oue en die nuwe, kon mitologieë soos die Ruimtevaarderteorie dit weer vir mense moontlik maak om te glo (Spencer 1997. 177)

Tipler stem ook met hierdie konklusie saam (1994 310) Hy sê "The modern world does not believe in messengers from God - angels - but it does believe in extraterrestrial intelligent life, imaginary superbeings from other stars play the same psychological role in modern society as angels did in the past"

Steyn (1994 189) wys daarop dat die New Age-denkwêreld 'n hernude belangstelling in engelemites koester Du Toit (2000 12) skryf oor die wydlopende nuwe belangstelling in engele en ruimtewesens (*aliens*) Hy wys op die wyse waarop talle films (veral uit Hollywood) in die resente verlede die tema gehanteer het 'n Soortgelyke tendens het hom kort na die Tweede Wêreldoorlog (1946-1954) afgespeel So 'n mode in die filmbedryf met 'n tema wat slaag, sluit altyd op een of ander wyse aan by 'n lewensgevoel wat in 'n sekere tyd oorheersend is. In die na-oorlogse jare het die mensdom 'n behoefte gehad aan ontvlugting uit die ongenaakbare werklikheid en 'n begeerte gekoester na iets esoteries, sagter en vriendeliker Du Toit meen dat die herontdekking van pseudo-religieuse idees en mites soos die engele en ruimtewesens dieselfde funksie volvoer (Du Toit 2000 12)

Spencer is ook positief oor die funksie van moderne mites Hy meen dat waardes

van die Weste sedert die sestigerjare van die vorige eeu dramaties verander is: "Churches were emptying, and Western religions were finding it hard to relate to people". OVV's (wat andersins saam met die einde van die Koue oorlog 'n stille dood sou sterf), het nou 'n nuwe antwoord gebied op 'n geestelike nood en het uit hierdie behoefte ook nuwe lewe gekry. Hy stel: "Today, an accelerating technology threatens our mental equilibrium. Myths have served man well in helping him adapt to a sometimes confusing and mystifying world" (Spencer 1997: 176).

Spencer sê ook:

> UFO myths reflect the fact that people intuitively know that science, rationalism and analysis have failed to reach the soul of mankind...these new myths, the myths of the New age and it's more recent successors, are trying to re-establish the fundamental values we as a society so desperately need.
>
> (Spencer 1997: 178).

# SAMEVATTING EN KONKLUSIE: AFDELING B

> It can be concluded that the new consciousness is here to stay... The key notions of the movement have struck a receptive chord in many hearts. Ultimately the influence of any religious movement does not depend on its numbers or visibility, but on its ability to address the suffering, longing and aspirations of human beings.
>
> (Steyn 1994: 314).

Die studieresultate, soos wat dit in hierdie afdeling uitgekristaliseer het, kan nou saamgevat word:

Vanuit godsdiensfenomenologiese perspektief is die vermoede bevestig dat ons in die Antieke ruimtevaarder-teorie met heelwat meer as teoretisering te make het. 'n Godsdienswetenskaplike invalshoek lig nuanses uit wat tot dusver in kritiese studies van die teorie óf misgekyk óf geïgnoreer is[118]. 'n Naspeuring van die herkoms en ontwikkeling van die Antieke ruimtevaarder-teorie het duidelik laat blyk dat daar sprake is van 'n nieu-religieuse beweging met besliste funksies op hierdie vlak. Daar is geargumenteer dat die Antieke ruimtevaarder-beweging veral as **'n nieu-mitologie** bestempel kan word en dat dit fundamenteel 'n religieuse uitdrukkingsvorm verteenwoordig.

'n Kombinasie van verskeie faktore in die Westerse samelewing het daartoe meegewerk dat moderne mense soekend geraak het na die betekenis van hul menswees en na alternatiewe maniere om dit te beantwoord. Die impak van die **Sekularisme** met die opkoms van 'n **rasionalisties-natuurwetenskaplike wêreldbeeld** was die stimulant vir die inisiële postulering van die teorie:

---

[118] Kyk Kruger (1982: 11) en Barbour (1990: 33v, 36v).

- Enersyds het die natuurwetenskaplike wêreldbeeld die wêreld geontmitologiseer en van 'n metafisiese God ontdaan. Die resultaat was dat die Westerling by die dag meer vervreemd van sy tradisionele godsdienstige fondamente geraak het:

'n Godsdienstige tradisie is meer as 'n stel intellektuele en abstrakte idees. Dit is 'n saak van totale lewensoriëntasie. Waar die geloofwaardigheid van godsdienstige beginsels onder verdenking kom, kom mense se totale lewenssekuriteit ook in gedrang. Vir baie eeue het die Joods-Christelike beskouing van die skepping en doel van die menslike bestaan, asook die Christendom se verkondiging van die redding en toekoms van die mens, die lewe in 'n groter "kosmiese" raamwerk geplaas. Binne hierdie raamwerk het die lewe van die individu 'n "groter" betekenis gehad. Dit het die mens gehelp om sy herkoms, sy plek en doel in die wêreld en uiteindelik ook sy eindigheid in die konteks van 'n ewige toekoms te verstaan en sin daaraan te gee[119].

Sedert die Verligting was die Christelike wêreldbeeld afnemend effektief om vir mense hierdie "groter" lewensoriëntasie te bied. Die verhaal van die Bybel het al hoe meer inkonsistent gelyk met die wetenskaplike verstaan van die wêreld. Die wêreld en die mens se plek daarin is onbenullig gemaak. Daar is oënskynlik ook geen sinvolle of groter doel vir sy bestaan nie[120].

Sy nuut verworwe wêreldbeeld het die Westerse mens gedompel in 'n eksistensiële identiteitskrisis en het hy weer begin worstel met fundamenteel menslike vraagstukke. Terwyl tradisionele geestelike huisvestings rondom hom verkrummel het, het hy ook naarstigtelik begin soek na alternatiewe sekuriteite

---

[119] Vergelyk Barbour (1990: 134) en Cavendish in Spencer (1997: 177).

[120] Kyk Barbour (1990: 151).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


vir sy bestaan[121].

- **Andersyds** het die suksesse van die wetenskap en veral die ruimte-tegnologie in die twintigste eeu, 'n bykans messiaanse verwagting laat ontketen in die vermoëns van die wetenskap en tegnologie. Die resultate van die wetenskap het hulself gedemonstreer om betroubaar en geloofwaardig te wees. Die ruimteprogramme van die vyftigs en sestigs het 'n ongekende belangstelling in ruimte-eksplorasie aangevuur en die Weste se oë romanties op die sterre gevestig. Denke wat die Ruimtevaarderteorie onderlê is gevoed deur hierdie situasie.

  Binne hierdie raamwerk word dit duidelik waarom die Ruimtevaarderteorie in die eerste plek geopper is - as 'n soeke na nuwe antwoorde op ou (godsdienstige) vraagstukke: Waarom is ons hier, waar kom ons vandaan en waar is ons heen op pad?

In die **moderne paradigma** het die optimistiese verwagting van die wetenskap en die gepaardgaande wantroue in godsdiens en die abstrakte antwoorde daarvan, aanleiding gegee tot 'n konflik tussen hierdie twee oënskynlik botsende paradigmas. Dit blyk dat die Antieke ruimtevaarder-teorie uit die staanspoor gefunksioneer het as wesenlik 'n poging te wees tot **sintese tussen godsdiens en wetenskap**[122]. Ter wille van geloofwaardigheid, is dit aangebied as "wetenskap" maar omdat die wetenskap so vasgevang was in 'n gees van positivisme, het die teorie se pogings binne hierdie konteks geblyk oorbodig te wees.

Met die oorbeweeg na 'n **postmoderne paradigma**, het die optimistiese verwagting van die wetenskap begin taan en het 'n herwaardering vir ou godsdienstige waardes

---

[121] Larson (1984: 52) sê: "...our society has a desperate need to explain the nature of its existence. Generally, man seeks for something that will satisfy the spiritual vacuum left by the denial of God as a guiding force in his life".

[122] Ons sien dit in die ou ideaal van die Teosofiese vereniging nl. 'n "unity between science and religion" (kyk Steyn 1994: 97 en Jessup 1956: 9, 11).

begin opvlam. Dit het die Antieke ruimtevaarder-beweging nuwe stukrag verleen wat nou as deel van 'n golf nieu-religieuse "herlewingsbewegings" sy opwagting maak. Hierdie reaksie-bewegings wil kompenseer vir die leemte wat in die Weste ontstaan het deur 'n algemene terleurgesteldheid met en verval in die godsdiens[123]. Die Antieke ruimtevaarder-beweging se ambisie tot sintese manifesteer in hierdie konteks homself opnuut in New Age-voorstellinge van die teorie: Binne 'n postmoderne paradigma en die New Age-denkwêreld leef die teorie (nou meer openlik as religieuse beweging) daarom ook suksesvol voort.

Uit funksionele perspektief het die Ruimtevaarderbeweging geblyk van heelwat (religieuse) betekenis te wees:

- Die teorie is 'n poging om ou godsdienstige waardes te herinterpreteer en nuwe betekenis daaraan te gee[124]. Die suksesvolle hermeneutiese sleutel wat hiervoor gebruik word, naamlik die ekstra-terrestriëel, is al getipeer as die "perfekte algemene aanduider" (Story 1980: 151). Die teorie propageer dat die Bybel tog betroubaar was. Oeroue mites en legendes praat oor dinge wat regtig plaasgevind het. Die Bybel bied dus, soos die wetenskap, eintlik ook "feite". Dit maak die Bybel weer geloofwaardig en bied nuwe redes om aan ou waardes vas te hou.

- Met 'n "**ekstra-terrestriële** geloof" kon aanhangers van die teorie die betekenis vir die menslike bestaan weer herontdek. Die Ruimtevaarder-mitologie plaas die bestaan van die mens terug in 'n groter "kosmiese raamwerk" waarbinne die lewe van die individu 'n nuwe doel en groter betekenis verkry. Dit is op hierdie vlak wat geleerdes soos Eliade en Campbell se waardering van moderne mites verstaanbaar word.

---

[123] Kyk Coleman & Baum (1983: 2).

[124] Kyk Spencer (1997: 176). Dit is in 1.1.1.5 uitgewys hoe die teorie dogmatiese konsepte met nuwe betekenis-nuanses vul.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die behoefte na die "misterie" in geloof (wat digby die essensie van godsdiens ressorteer) is deur Westerse hoofstroom kerke afgewater in hul poging om die rasionele wêreldbeeld van die moderniteit te absorbeer. Die Ruimtevaarder-geloof is suksesvol daarin dat dit die mens in sy soeke na betekenis weer iets "misterieus" kom bied het om aan vas te hou - 'n moderne "**numineuse ervaring**".

Dit kan gekonkludeer word dat die Antieke ruimtevaarder-teorie uit 'n godsdiensfenomenologiese perspektief, beskou kan word as 'n suksesvolle poging om vir mense 'n sintese tussen godsdiens en wetenskap te bewerkstellig. Dit bied 'n nuwe raamwerk waarbinne aan ou godsdienstige opvattinge vasgehou kan word sonder om 'n wetenskaplik-tegnologiese wêreldbeeld te ontken. Die Antieke ruimtevaarder-teorie bied ook vir talle aanhangers daarvan, 'n stel antwoorde wat die geestelike behoeftes en vraagstukke van mense in 'n verwarrende en verwarde wêreld oënskynlik sinvol aanspreek. Ons sou ter afsluiting met Ellwood (in Story 1976: 125) se treffende indrukke van die Antieke ruimtevaarder-teorie, kon saamstem:

> These books may be pitiful stumbling efforts in the morasses of technical and historical scholarship... But as religion they are worthy of respect as picture-language wrestlings with the deep matters all persons face-or evade-in the stillness of heart. On this level their scientific and historical failings may not matter so much.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


# AFDELING C

## TEOLOGIESE REFLEKSIE

> Die godsdienswetenskap help die teologie en die kerk om die verskynsels van die wêreld wat die bestaan en werk van die kerk ten nouste raak, te verstaan.
>
> (Van der Merwe 1985: 115).

Sonder om die kenteoretiese beginsels van die godsdiensfenomenologie te weerspreek, kan dit na afloop van 'n studie soos hierdie geregverdig word dat die resultate daarvan ook vir ons eie geloofstradisie nuttig gemaak word. Die Christelike godsdienswetenskap is trouens tradisioneel beoefen vir die daarstel van "'n Teologie van die godsdienste" (*theologica religionum*) waarin die teologie en die kerk (alternatiewe) godsdienste van aktuele belang, ondersoek het. Die veronderstelling is dat die kerk nie werklik sy verhouding met enige van hierdie godsdienste kan uitmaak voordat daar nie bevind is wat die aard daarvan is nie. Die motief van 'n "Teologie van die godsdienste" was dus missionêr en bedoel om oor te loop in gesprek met die aanhangers van die betrokke godsdienste.

In hierdie slotafdeling van die studie sal ons dan in dieselfde gees poog om die verkreë insigte en gevolgtrekkings slegs baie bondig vir die teologie te verdiskonteer. Opmerkings word ook gemaak oor wat die Christelike tradisie uit die Ruimtevaarderteorie self- en die aanhang daarvan kan leer:

## HOOFSTUK 3.1

## DIE BETEKENIS VAN DIE ANTIEKE RUIMTEVAARDER-TEORIE CHRISTELIK-TEOLOGIES BEOORDEEL

> The great religious traditions of mankind are facing up to challenges... religions in their pure, pre-modern forms seem to be doomed... Each of them has to avoid the extremes of petrifaction in a dead world of the past on the one hand, and on the other of fading away in the new world. Some are more successful than others in tapping the resources of their respective traditions in order to revitalise themselves and to assert their religious significance to their own adherents and to modern man on a global scale.
>
> (Kruger 1982: 2).

In die verlede het verskeie sterrekykers, met hul teleskope op verafgeleë planete gefokus, tekens van intelligente lewe waargeneem. Dié intelligente lewe het egter telkens geblyk aan die verkeerde kant van die teleskoop te wees! Dit blyk dat die wetenskaplike wêreld tot dusver nie veel meer te wete kon kom van ekstra-terrestriële wesens of ekstra-terrestriële besoeke aan ons planeet nie. Waaroor die soektog na buite-aardse rasionaliteit ons egter wel veel leer, is van die soekende "intelligente wesens" aan hierdie kant van die teleskoop:

Wat aan die begin van hierdie studie kon gelyk het na 'n irrelevante onderwerp, het uiteindelik egte worstelinge met baie wesenlike en komplekse vraagstukke blootgelê – vraagstukke wat ook kerklike en geloofsdenke ten nouste raak. Daar is vir die Christelike geloofstradisie miskien iets te leer uit hoe die Ruimtevaarderteorie hierdie vraagstukke hanteer het, maar nog meer belangrik is die feit dat hierdie vraagstukke weer op die tafel geplaas is:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 3.1.1 KREATIEWE HERINTERPRETASIE

Die Christendom is vanweë verskeie sosio-kulturele en psigologiese omstandighede besig om wêreldwyd aanhang en aansien as godsdiens te verloor. Volgens Rajashekar (in Brockway & Rajashekar 1987: xii) is dit enersyds simptomaties van die uitbreiding van die sekularisasieproses en andersyds van 'n "betekeniskrisis" wat stam uit die mislukking van tradisionele kulturele en godsdienstige waardes om 'n "betekenisvolle raamwerk" te bied vir moderne mense se persoonlike en sosiale bestaan. Die Christelike kerk slaag nie meer daarin om moderne mense se diepste lewensvrae te beantwoord nie.

Daar is al dikwels aangevoer dat die Christelike kerk verouderde hermeneutiese sleutels aanwend vir die "vertaling" van die Bybelboodskap na die ruimte-eeu konteks, of dat daar minstens nie baie kreatief te werk gegaan word met die ontginning van hermeneutiese moontlikhede in sy eie bronne nie[125]. Westerse hoofstroom kerke konsentreer dikwels op vraagstukke wat vir moderne mense lank reeds nie meer relevant is nie en selfs as te abstrak en niksseggend voorkom. Bybelse begrippe soos "sonde" en "skuld" het byvoorbeeld in die konteks van die Reformasie wesenlike komplekse van die tyd effektief aangespreek. Sedertdien het etlike groot paradigmatiese verskuiwings plaasgevind met die gevolg dat hierdie begrippe vandag net nie meer die hermeneutiese impak het wat dit in daardie konteks gehad het nie[126]. In ons paradigma worstel die mensdom met ander en selfs heeltemal nuwe vraagstukke. Hy is besig om planete te verken, sterrestelsels op die grens van die waarneembare heelal te inspekteer en oorweging te skenk aan die moontlike hervestiging op ander planete. Die antwoorde waarna hy soek sal noodwendig anders geformuleer moet word as wat dit in die verlede gedoen is. Die kerk in Westerse lande sal ook moet besef dat antwoorde wat in en vir 'n spesifieke generasie gelowiges ontdek en ontwikkel is, nie vir altyd geldig bly nie. Die

---

[125] Kyk Kruger (1982: 2).

[126] Vergelyk Hans Küng in Barbour (1990: 56).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


kerk sal daarom moet woeker met nuwe moontlikhede in sy bronne en bereid moet wees om bepaalde hermeneutiese aanpassings te maak.

Hoewel die Antieke ruimtevaarder-teorie uiteraard as 'n ekstreme voorbeeld van **kreatiewe herinterpretasie** en die "ontginning van hermeneutiese moontlikhede" beskou sou moes word, is dit nogtans 'n baie interessante voorbeeld. Die teorie se poging om die Bybelboodskap in taal en begrippe te formuleer wat vir mense in 'n natuurwetenskaplik-tegnologiese wêreld bepaalde sin maak, is in hierdie lig verstaanbaar.

Die hermeneutiese pogings van die Ruimtevaarderteorie is in die (postmoderne) wetenskaplike konteks ook nie heeltemal buite orde nie. In die resente literatuurwetenskap het 'n aantal literêre teorieë na vore gekom wat die klem laat val op die rol van **die ontvanger** in die kommunikasieproses van tekste. Vir die sogenaamde **"resepsie-benadering"** (wat vanuit die wysgerige "nuwe hermeneutiek" ontwikkel het), is die leesproses 'n dialektiese interpretasiegebeurtenis. Betekenis word nie meer beskou as 'n objektiewe idee wat vasgevang is in die teks nie, maar as iets wat in die verhouding tussen teks en leser **ontstaan**. Die post-kritiese wetenskapsparadigma het tot gevolg gehad dat die epistemiese status van die konsep "teks" verander het. Die veronderstelling dat 'n teks 'n objek is wat kenbaar is en waarin die betekenis vasstaan om deur 'n geskoolde leser "ontdek" te word, is nie meer aanvaarbaar nie. Die literêre werk bied die leser **ruimte** en vryheid tot interpretasie – 'n proses wat "betekenis-invulling" genoem word. Die leser word as't ware "medeskepper" van betekenis tydens die leesproses. Hy moet kreatief betrokke wees by die proses van betekenis-konstruksie om die teks te laat slaag in sy doel – naamlik om met hom te kommunikeer. 'n Subjek-objek ommeswaai moet plaasvind – die leser moet self die "objek" word wanneer die teks met hom begin "werk". Dan het die tekstuele kommunikasieproses eers werklik geslaag (vgl De Bruin 1989: 8v).

Die Resepsie-benadering beklemtoon dat hierdie proses van kreatiewe betekenis-invulling nie totaal ongekontroleerd geskied nie. Die teks self bied objektiewe leser-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


instruksies wat as "sinjale" en "grense" die perke stel aan 'n leser se kreatiewe betrokkenheid. Tekste bevat egter ook vele natuurlike en ook doelbewuste "oop plekke" wat as "leser-uitnodigings" die leser kreatief betrek. Talle Bybelse tekste kan as "oop tekste" beskou word wat nie alleen 'n groot mate van leser-invulling toelaat nie, maar dit selfs vereis.

Vanuit hierdie benadering is die "kreatiewe" pogings van die Antieke ruimtevaarder-teorie om Bybelse tekste met 'n moderne gehoor te laat kommunikeer, teoreties aanvaarbaar. Dat daar wel kreatief met Bybeltekste te werk gegaan kan (en moet) word en dat hierdie tekste in die proses geaktualiseer en met interessante betekenis-inhoude gevul kan word, is 'n moderne epistemiese gegewenheid.

Van Aarde (1999: 11, 27) behandel die postmoderne opvatting van die begrip "waarheid" en die insig dat *waarheid* ook deur beeldspraak of **metaforisiteit** betuig kan word. Hierdie insig is na die filosoof Immanuel Kant terug te voer. Kant het daarop gewys dat omrede ons min van iets weet ons daaroor meer sinvol kan praat as ons dit doen na aanleiding van iets waarvan ons 'n bietjie meer weet – dus 'n metafoor. Die postmoderne waarheidsbegrip is 'n positiewe ontwikkeling daarin dat dit 'n nuwe verstaan van godsdienstige taal akkommodeer. "God-spreke" kan nie anders nie as om te geskied deur middel van metaforiese spreke (wat altyd menslike konsepte behels) – ook in tradisionele godsdienstige taal was dit die geval. Dit het net in die postmoderne denkwêreld al meer aanvaarbaar en selfs noodsaaklik geword om nuwe metafore aan te wend in godsdienstige uitdrukkingsvorme.

Die Antieke ruimtevaarder-teorie gebruik verskeie interessante metafore. Story (1980: 19) wys daarop dat die konsep van God as "buite aardse rasionaliteit" 'n prentjie is wat baie naby aan die Christendom se tradisionele verstaan van God lê: "The very concept of God that most of us have been taught consists of this familiar mental image: God is a superbeing from a super-world from somewhere 'out there' (i.e. among the stars)". Jessup (1956: 54) vra: "When and how did it become unrespectable to accept life and intelligence in the celestial vault around us? ...The Bible so clearly intended that

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


we should be aware of it." Die tradisionele godsbeeld aanvaar as uitgangspunt die bestaan van 'n Werklikheid wat as superieure intelligensie nie deel van ons fisiese aardse werklikheid uitmaak nie. Dit is in godsdienstige terme of dan "voorwetenskaplike taal" die "geestelike werklikheid" genoem.

Die natuurwetenskap en meer spesifiek die resente Fisika, het verskeie moderne begrippe opgelewer wat baie suksesvol as metafore binne die Ruimtevaarderteorie aangewend word om in moderne taal oor dieselfde werklikheid te praat[127]. In die Kwantum-Fisika word gepraat van alternatiewe "fisiese dimensies"[128]. Wat tradisioneel die "bonatuurlike" genoem is, word in moderne terme 'n "ekstra-dimensionele werklikheid" genoem. "Bo-natuurlike" verskynsels word verklaar en beskryf as "alternatief-fisiese verskynsels" wat bloot volgens "onbekende fisiese wetmatighede" funksioneer (kyk Jessup 1956: 10, 30, 45). Die meeste moderne teoloë sou vandag nie meer beswaar hê om hierdie begrippe en metafore in godsdienstige taal aan te wend nie.

Die basiese punt behoort hiermee geïllustreer te wees. Daar mag heelwat "teologiese" moontlikhede in die verstaan van tradisionele dogmatiese konsepte in moderne wetenskaplike taal wees. Nog voorbeelde is Bybelse konsepte soos "ewigheid" wat in die lig van Einstein se Relatiwiteitsteorie en moderne opvattinge oor ruimte en tyd baie verstaanbaar gemaak kan word[129]. Daar is ook gewys op Tipler se interessante interpretasie van die konsep "ewige lewe" en die "opstanding van die vlees" in die lig van die moderne fisika. Barbour (1990) en Heeren (1995) wys ook in hul boeke hoe moderne wetenskaplike modelle soos die Oerknal en die wette van termodinamika Bybelse leerstukke ondersteun en selfs sinvol aanvul. Die herinterpretasie van ou teologiese en dogmatiese begrippe lewer baie moontlikhede op om geloof vir moderne mense weer "denkbaar" te maak.

---

[127] Vergelyk bv. Steyn (1994: 204) asook Basson & Koekemoer (1997: 278v).

[128] Vergelyk Joubert (1997: 198v, 294) asook Tipler (1994).

[129] Vergelyk Barbour (1990: 95, 96, 108).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


### 3.1.2 'N "TEOLOGIE VAN DIE NATUUR"

Watter plek het godsdiens in die era van die wetenskap? Hoe kan mense vandag nog in God glo? Watter opvatting van God en van die menslike natuur is in ooreenstemming met die wetenskaplike verstaan van die wêreld? Hoe word die menslike soeke na betekenis in die lewe aangespreek in 'n wêreld soos wat dit blootgelê word deur die wetenskap? Watter uitkoms bied die tegnologie uit die dilemmas van die menslike bestaan? Hierdie is die vraagstukke waarmee talle moderne mense worstel en waarop die Antieke ruimtevaarder-teorie wesenlik ook antwoorde wou bied:

Die Sekularisme het 'n verskuiwing teweeg gebring vanaf 'n mitologiese wêreldbeeld na 'n natuurwetenskaplike een. Hierdie verskuiwing het aanleiding gegee het tot 'n paradigmatiese **konfrontasie tussen godsdiens en wetenskap.** Die volle omvang en impak van hierdie konfrontasie het hom in kerklike en teologiese denke nog nie uitgewoed nie. Dit was dan ook hierdie konfrontasie wat homself regdeur die studie gemanifesteer het as aanduider van die "hartklop" van die Antieke ruimtevaarder-teorie: **die versoenbaarheid van godsdiens en wetenskap**. Hierdie saak verdien daarom teologiese refleksie:

Die sukses van die metodes van die natuurwetenskap asook die indrukwekkende resultate van die tegnologie (veral dan die ruimte-tegnologie in die twintigste eeu), het ook 'n nuwe konteks vir die teologie te weeg gebring. Volgens Barbour (1990: xiv) het veral twee fundamentele aangeleenthede onder die spervuur gekom in die konfrontasie tussen teologie en wetenskap: Die **tradisionele skeppingsleer** en die **leer oor die menslike natuur** (die oorsprong, plek en doel van die menslike bestaan). Hierdie is ook nie verniet van die vraagstukke wat primêr deur die Antieke ruimtevaarder-teorie aangeroer word nie.

Die groot uitdaging vir godsdiens en teologie in die eeu van die wetenskap was die suksesse van die metodes en resultate van die wetenskap. Dit het daartoe gelei dat "die wetenskap" in die oë van talle moderne mense die enigste betroubare weg na

"objektiewe" kennis geword het. Godsdiens daarteenoor, het in die lig van die wetenskap se metodes geblyk te subjektief en as sodanig onbetroubaar te wees. Barbour (1990: 3-30) sistematiseer eietydse beskouinge van sowel die wetenskap, teologie en filosofie **oor die verband tussen kontemporêre wetenskap en klassieke godsdienstige uitgangspunte**. Sy insigte is insiggewend om die Antieke ruimtevaarder-teorie se onderneming binne die debat te posisioneer:

- Aan die een kant is daar diegene wat glo dat daar **geen versoening** tussen wetenskap en godsdiens/teologie moontlik is nie - dit verteenwoordig twee totaal teenstrydige pole. Hoewel beide na kennis en na sekerheid soek, en beide ook stellings maak en opinies handhaaf oor dieselfde domein van vraagstukke[130], sal 'n mens òf vir die godsdiens, òf vir die wetenskap moet kies. Voorbeelde van hierdie denkrigting is die "Wetenskaplike materialisme" aan die een kant en die "Bybelse literalisme" aan die ander. Beide denkrigtings gaan van die "geen-versoening" standpunt af uit. Wetenskaplike materialisme begin by die wetenskap en eindig deur daarvan 'n geloofsisteem te maak. Bybelse literalisme gebruik weer die Bybel en die teologie as hul "wetenskap" en vertrekpunt om standpunte oor wetenskaplike aangeleenthede in te neem.

- Die tweede benadering om die konflik wetenskap/godsdiens op te los, is om die **twee as totaal onafhanklike ondernemings** te beskou wat eintlik niks met mekaar in gemeen het nie. Elk het sy eie domein van vraagstukke en elk het ook sy eie metodes ontwikkel wat geskik is om daardie vraagstukke aan te spreek. Dit is ook tot beide se beswil as die twee van mekaar se terreine af wegbly. Voorbeelde van aanhangers van hierdie denkrigting was die Protestantse nieu-ortodoksie (verteenwoordig deur 'n teoloog soos Karl Barth) en die filosofie van

---

[130] Vergelyk die vraagstukke wat in 1.1.1 van die studie behandel is.

die Eksistensialisme (verteenwoordig deur 'n teoloog soos Rudolf Bultmann)[131].

- 'n Derde benadering probeer **dialoog** bewerkstellig tussen die wetenskap en die teologie. Die aanname word gemaak dat daar vraagstukke is waarin beide wetenskap en godsdiens geïnterreseerd is en waaroor elk ook iets wil en kan sê. Daar word byvoorbeeld aangevoer dat dit juis die Joods-Christelike tradisie is wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van die wetenskap en dat wetenskap en godsdiens van meet af baie met mekaar in gemeen het[132]. Bekende aanhangers van hierdie denkrigting is teoloë soos Wolfhart Pannenberg, Karl Rahner en Thomas Kuhn.

- Die laaste groep is van mening dat daar 'n vorm van **integrasie** nodig (en moontlik) is tussen die inhoude en uitgangspunte van teologie en wetenskap in 'n poging om **'n koherente wêreldbeeld vir die moderne mens** daar te stel. Die basiese struktuur van beide godsdiens en wetenskap is in baie opsigte dieselfde en versoenbaarheid is in beginsel moontlik[133]. Dit is dan ook hier waar die Antieke ruimtevaarder-teorie teologies geposisioneer moet word. Daar is twee voorbeelde van hierdie denkrigting: Die "Natuurteologie" aan die een kant en 'n "Teologie van die Natuur" aan die ander:

  'n **Natuurteologie** begin by die natuur en die natuurwetenskap en probeer daaruit meer te wete kom oor godsdienstige vraagstukke. Hierdie uitgangspunt (wat reeds deur 'n teoloog soos Thomas Aquinas daargestel is) het moderne

---

[131] Volgens Barth kan God alleen geken word soos Hy Hom geopenbaar het in Jesus Christus. God is die transendente, die "Gans-andere". God werk in die geskiedenis en nie in die natuur nie. Dus kan die natuurwetenskap niks oor Hom sê nie. Die religieuse eksistensialiste waaronder Bultmann voer weer aan dat God alleen ontmoet kan word in 'n persoonlike "ek-U"-verhouding. Die natuurwetenskap werk met 'n "ek-dit"-verhouding wat ook niks van God te wete kan kom nie (kyk Barbour 1990: 11-12).

[132] Antonites (1996: 41) en Alberts (1996: 17) wys hoe die strewe na wetenskaplike denke deur die Bybel self aangemoedig is. Boeke soos Genesis het dit begin deur die natuur te ontmitologiseer (vgl Von Rad 1965: 342, Heyns & Jonker 1977: 14).

[133] Vergelyk Barbour (1990: 31v, 36v.).

eksponente gevind in teoloë soos Frank Tipler en Fred Heeren en in wetenskaplikes soos Albert Einstein en Stephan Hawking[134].

'n "**Teologie van die Natuur**", daarteenoor, begin by die godsdiens en die bronne daarvan (die Bybel) en gaan dan daarmee na die wetenskap. Dit handhaaf die uitgangspunt dat (minstens sommige) **tradisionele godsdienstige leerstellinge geherformuleer behoort te word in die lig van ontdekkings van die moderne natuurwetenskap**.

Sonder om te betwyfel dat daar by Ruimtevaarderteorie-eksponente ook sprake van 'n Natuurteologie is, blyk dit uit die woorde van 'n eksponent soos M.K. Jessup, dat die teorie uit teologiese perspektief beskou, primer 'n **Teologie van die natuur** is. Jessup sê dat die Antieke ruimtevaarder-teorie poog "... to rationalize and substantiate the Bible in the light of modern science..." (Jessup 1956: 9). Daar is dan ook aangetoon dat Ruimtevaarder-advokate meestal by die godsdienstige tradisie en die Bybel begin en dit dan herinterpreteer in die lig van moderne-tegnologiese denke.

Barbour (1990: 26) beskryf die kenmerke van 'n Teologie van die natuur. Dié uitgangspunt is dat wetenskap en godsdiens twee relatief-onafhanklike bronne van idees verteenwoordig met areas of "grensvraagstukke" wat oorvleuel. Dié areas is meer spesifiek die gemelde **skeppingsleer** en die **leer oor die menslike natuur**. Godsdienstige leerstellinge behoort, om steeds vir moderne mense sinvol te wees, in ooreenstemming gebring te word met wetenskaplike kennis en denke. Dit is daarom ook belangrik **om tradisionele geloof te herformuleer en te herinterpreteer in respons op die vordering van resente wetenskap**. Ons verstaan van algemene kenmerke van die natuur sal noodwendig ook ons

[134] Vergelyk Heeren (1995: xviii).

denkmodelle van God en sy verhouding met die natuur modifiseer[135].

Barbour (1990: 30, 267) betoog met reg dat die basiese uitgangspunte van 'n Teologie van die natuur ("versigtig aangewend") die mees verantwoordbare en aanvaarbare teologiese weg is om in te slaan om die probleem wetenskap/godsdiens sinvol aan te spreek. Die teologie kan nooit los van die wêreldbeeld van sy tyd funksioneer nie, en die teologiese onderneming kan ook nie werklik anders as om by die godsdiens en die Bybel te begin en vanuit hierdie verwysingsraamwerk na die wetenskap te werk en uiteindelik by die wetenskap kers op te steek nie. Terwyl teologie by die historiese openbaring moet begin, kan dit nooit die orde in die natuur (die bron van die natuurwetenskap) uit die oog verloor nie (Barbour 1990: 267).

Die metodologies-teologiese aanvaarbaarheid van die werkswyse van die Antieke ruimtevaarder-teorie impliseer natuurlik nie dat die postulate daarvan hoegenaamd aanvaar hoef te word nie. Dit is nogtans insiggewend dat die ambisie onderliggend teologies in die regte rigting beweeg het. Dit is moontlik ook die rede waarom die teorie vir talle aanhangers daarvan so aanvaarbaar voorkom. Daar is dan ook baie te leer uit die Ruimtevaarderteorie se werkswyse. Binne die raamwerk van **integrasie** bied dit, teologies gesproke, heelwat moontlikhede om die problematiek godsdiens/wetenskap aan te spreek.

### 3.1.3 DIE HERLEWING VAN DIE MITE

In hierdie studie is aangetoon dat die Antieke ruimtevaarder-teorie as 'n nieu-mitologie funksioneer. Op 'n stadium is in teologiese en godsdienswetenskaplike kringe beweer dat mites in 'n wetenskaplike era nie meer moontlik is nie. Die era was per definisie krities en ontmitologiserend van aard. Gebore uit die konflik wetenskap/godsdiens het

---

[135] Barbour (1990: 73) toon aan hoe paradigmas nie alleen wetenskaplike teorieë raak nie, maar ook die interpretasie van godsdienstige ervaring deur die eeue grondiglik beïnvloed het.

verskeie modernistiese teoloë probeer om hierdie spanning op te los deur 'n "ontmitologiseringsproses" van die godsdiens en sy bronne van stapel te stuur. Daar is geoordeel dat wetenskaplik-ingestelde mense 'n probleem het om vas te hou aan "mitologiese" opvattinge uit die konteks van 'n pre-wetenskaplike wêreldbeeld. Voorbeelde hiervan is sogenaamde engele-besoeke en wonderwerke uit Bybelse oorlewering. Teoloë soos Rudolph Bultmann en die "God-is-dood"-skool het met goeie bedoelinge probeer om met hul "ontmitologiseringsprosesse" alles wat in die Bybel (en die teologie) "ongeloofwaardig" geklink het, "eenkant te plaas" en te soek na die "kern van geloofwaardigheid" in die Bybelboodskap[136]. Die newe-effek van die proses was ongelukkig dat die geloof heeltemal gestroop is van alle transendensie en uiteindelik ook van die misterie en wonder daarvan[137].

Dit blyk egter dat die postmoderne mens in sy soeke na nuwe betekenis en ontsnapping uit 'n koue rasionalistiese wêreld, weer die mite "herontdek" het. Die mite hou transendentale betekenis in vir die mens se soeke na spirituele en estetiese ervaring. Idees wat Eliade[138] en Campbell lank gepropageer het, naamlik dat mense nie sonder mites kan leef nie, het nou skielik weer op die voorgrond gekom. Mites het belangrike funksies – ook in 'n moderne samelewing: Dit leer mense om dieper as die voor-die-hand-liggende werklikheid te kyk en om betekenis te vind in spirituele waarhede. Dit wys die mens op sy plek in die "kosmiese orde". Dit gee sy lewe betekenis binne 'n groter plan en 'n wyse om homself in sy wêreld te verstaan. Dit skerp waardes op verbeeldingryke en estetiese wyse by mense in en bied leiding om in harmonie met die orde in alles te leef.

Die teologie soos wat dit veral in Protestantse hoofstroom-kerke beoefen word, moet

---

[136] Vergelyk Barbour (1990: 254).

[137] Vergelyk Ellwood in Story (1976: 125).

[138] M Eliade het juis in kritiek op Bultmann heelwat oor die mite geskryf, maar ongelukkig het min Nuwe-Testamentici en teoloë ooit daarvan kennis geneem.

van hierdie belangrike klemverskuiwing en die implikasies daarvan kennis neem. Die Protestantisme veral, moet oppas om nie in 'n modernistiese gees vasgevang, so besig te bly met 'n poging om geloof te rasionaliseer[139], dat ons die moontlikhede miskyk wat die postmoderne tydsgees ons bied nie. Die postmoderne mens vind juis weer aanklank by mitifikasie. Hy het nie noodwendig meer 'n behoefte aan ontmitologisering en aan rasionalisering nie. Die mite is as't ware weer "in"[140]. Dit leer ons uit die aanklank wat nieu-mitologieë soos die Ruimtevaarderteorie wêreldwyd vind. Vele nuwere godsdienstige strome en Christelike sektes gryp die geleenthede aan wat hierdie klemverskuiwing oplewer en kan ook suksesvol vir die Christelike tradisie ontgin word.

### 3.1.4 DIE ANTIEKE RUIMTEVAARDER-TEORIE EN DIE CHRISTELIKE KERK

Die laaste aantal dekades het samelewings regoor die wêreld 'n geestelike oplewing soos selde in die geskiedenis beleef. Hierdie oplewing het gemanifesteer in die vorm van tallose "nuwe religieuse bewegings"[141]. Dié bewegings is nie alleen werksaam in die Westerse samelewing nie, maar is 'n wêreldwye verskynsel. Die vraag na die betekenis, impak, en implikasies van hierdie vlaag strominge, sektes, kultes, godsdienste, kwasi-godsdienste en nieu-mitologieë is nie alleen 'n saak wat heelwat akademiese belangstelling wek nie, maar is ook vir die Christelike kerk 'n bron van bekommernis. Veral in lande waar die Christendom vir eeue die dominante godsdiens verteenwoordig het, voel gevestigde kerke daardeur bedreig. Die vraag is wat kan die Christelike tradisie uit die opkoms van hierdie bewegings (waaronder die Antieke ruimtevaarder-teorie) en die aanhang daarvan leer? En nog meer belangrik: Hoe moet ons daarop reageer?

---

[139] Kyk Steyn (1994: 311).

[140] Dit sou interessant wees om na te vors hoe hierdie bevinding die relevansie van die eietydse Historiese Jesus-navorsing sou raak.

[141] Volgens Coleman (in Coleman & Baum 1983: 9) is hierdie bewegings gebore uit "...a wider secularisation and privatisation of religion, following a market model of alternative consumer religions".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die godsdienswetenskap is tradisioneel aan Suid-Afrikaanse universiteite saam met die sendingwetenskap gedoseer. Die rasioneel hieragter was dat die godsdienswetenskap die sendingwetenskap moes bedien met die nodige kennis van sy sendingterrein[142] Dit sou met reg gevra kon word of die postmoderne mens en sy "nuwe religieuse bewussyn" nie nou die nuwe sendingterrein van die kerk geword het nie. Die moderne Woordverkondiger kan nie anders as om kennis te neem van die verskuiwing in die denkwyse van die subjek van sy verkondiging nie. Wat moet die respons van hoofstroom Christelike kerke op "alternatiewe" en "nuwe" godsdienstige bewegings wees?

Navorsingsresultate wat in die publikasie van Brockway & Rajashekar (1987) gepubliseer is, dui daarop dat verskeie Christelike kerke, veral fundamentalistiese groepe, 'n polemiese benadering volg tot hierdie bewegings. Die oorgrote meerderheid gevestigde kerke het óf nog nie werklik hierdie bewegings ernstig opgeneem nie, óf geen koherente opinie of strategie ontwikkel oor hoe om daaroor te oordeel en daarop te reageer nie. Dieselfde geld vir regerings van Westerse lande: Die Britse en Amerikaanse regerings het min beperkinge op die uitbreidingsaksies van nuwe religieuse aksies. Die Duitse en Franse regerings is twee van min Westerse lande wat daadwerklike sisteme in plek het om "skadelike invloede van jeug-godsdienste" te beheer (kyk Rajashekar in Brockway & Rajashekar 1987: xix).

Rajashekar (in Brockway & Rajashekar 1987: xiii) wys op die "grootskaalse geestelike ongeletterdheid" by lede van Westerse kerke. Die uitdaging van nuwe religieuse bewegings sal eerstens aangespreek moet word deur 'n nuwe erns met daadwerklike opvoeding in die Christelike geloof. Dit sal nie help om veral jong lidmate kwalik te neem as hulle gevestigde kerke verlaat omdat dié kerke nie aan hul geestelike behoeftes voldoen nie. Dit sal ook nie help om hierdie bewegings en wat hulle bied enersyds te probeer wegwens of andersyds te probeer naboots nie. Die kerk sal as

---

[142] Vergelyk Geyser en Van der Merwe (1997: 372)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teenvoeter eerder sy lidmate weer en meer bekend moet maak met hul eie geloofstradisie sodat hulle toegerus in hul teenstand teen werwingsaksies van nuwe religieuse bewegings sal wees. Daarvoor sal hierdie bewegings natuurlik ook geken en verstaan moet word. Die enigste wyse om dit te bewerk is om in dialoog te tree met hierdie groepe: Coleman (in Coleman & Baum 1983: 15) sê: "As in so many areas of change... the Church's attitude towards the new religious movements should shift from anathema to dialogue". Rajashekar sê: "Without such dialogues there will be little opportunity to understand the alien and, without understanding, little opportunity to influence the beliefs, values and practices that trouble Christians" (Rajashekar in Brockway & Rajashekar 1987: xix).

As die New Age-konteks die uitdaging van gesprek met veral Oosterse godsdienstige invloede oplewer, is die Antieke ruimtevaarder-teorie nie werklik 'n vreemde godsdienstige beweging nie. Dit is 'n beweging gebore uit ons eie Westerse-tegnologiese samelewing en is in kenteorie en aanwending steeds grootliks gebaseer op die Joods-Christelike tradisie en sy bronne. As sodanig kan dit deur die kerk as hoogstens 'n Christelike "sekte" beskou word[143]. Dit beteken ook dat die moderne Woordverkondiger steeds die Bybel as verwysingsraamwerk kan gebruik in sy gesprek met aanhangers van die teorie. Die saak word vergemaklik deurdat die Ruimtevaarderteorie die meer rasionele uitloper van New Age-denkwyses verteenwoordig. Aanhangers van die teorie is ook baie trots op hul "wetenskaplike" aanvoeling en aanslag. Dit is miskien juis die klankbord waarteen die Woordverkondiger die wetenskaplik-korrekte verstaan van die Bybel met groot vrug kan verduidelik.

Sonder 'n groot mate van simpatie en deernis met die beskouinge van aanhangers van 'n religieuse beweging soos die Ruimtevaarderteorie, sal die moderne

---

[143] 'n Christelike sekte is volgens die onderskeid van Bergeron (in Coleman & Baum 1983: 74) 'n groep wat die Bybel beskou as: "...their ultimate source of reference, but they interpret it in the light of a subsequent "revelation" or by particular principles...".

Woordverkondiger nie ver kom nie. 'n Mens moet dalk onthou dat die Christendom iewers in sy geskiedenis ook 'n nuwe godsdienstige beweging was en as 'n "sekte" geëtiketeer is. Gesprek met aanhangers van die teorie vra empatie en respek vir die worsteling wat hulle met fundamentele vraagstukke het wat uiteindelik maar die bepaalde beskouing onderlê. Daar moet dalk ook eerder gefokus word op hierdie onderliggende vraagstukke, as op die beskouinge as sodanig.

Die Christendom verkondig dat dit 'n geloof is wat "werk". Dit verkondig dat mense deur die bloed van Jesus Christus nuutgemaak word soos alles ook eendag deur Hom nuutgemaak sal word. Dit verteenwoordig 'n nuwe manier van hoop hê en hoop leef in 'n verwarde en verwarrende wêreld. In hierdie leefwyse lê die kragtigste verkondiging van die Christelike kerk. Miskien het die Christendom, soos enkele geleerdes meen, self baie skuld aan die vervreemding van talle moderne mense daarin dat ons nie werklik kon demonstreer dat ons geloof "werk" nie!

Aanhangers van die Ruimtevaarderteorie verdien nie om uitgelag of op neergekyk te word nie. Ook hulle is op soek na iets singewend om in te glo en in 'n onstuimige wêreld aan vas te hou. Die kerk is geroepe om alle mense, in al hul eg-menslike vraagstukke, te verstaan en in liefde en nederigheid met hulle gesprek te voer. Dit sal in die toekoms die enigste basis wees waarop gelowiges kontak kan opneem met mense oor die twyfel in hulle geloof, en hulle geloof in die twyfel.

### 3.1.5 SLOTGEDAGTES

> The more the universe seems comprehensible, the more it also seems pointless. (Scientific activity itself) ...is the only source of consolation in a meaningless world... one of the few things that lifts human life above the level of farce, and gives it some of the grace of tragedy.
>
> (Die astrofisikus Steven Weinberg soos aangehaal deur Barbour 1990: 151).

Op 'n rots langs 'n snelweg het iemand met 'n kannetjie spuitverf geskryf: "Jesus is the

answer". Daarnaas het iemand anders geverf: "What is the question?"

Hierdie persoon het dit nogal reg gehad: Dit maak nie saak hoe goed ons die antwoorde ken as ons dit nie kan aanbied vir die regte vrae nie. As die Christelike kerk, die teologie en die geloof enigsins vir moderne mense relevant wil wees, sal dit wel deeglik op hoogte moet wees met wat die vraagstukke is wat leef in die harte van die mensdom in hierdie verwarrende tye. Dit is wat hierdie studie ook probeer doen het: om nie alleen kennis te neem van **dit waarin** moderne mense glo nie, maar uiteindelik ook **die redes waarom** hulle dit glo.

Die mensdom is deur sy rasionele denke gestroop van die verwagting van 'n ander werklikheid waarin God die groter betekenis is. Die mens het sy verwagting vir lank in sy eie wetenskap en tegnologie gestel. En hier aan die einde van die twintigste eeu sit hy soos Weinberg dit treffend verwoord, ontnugter oor die resultate van sy wetenskap en tegnologie. Die afgelope honderd jaar se wêreldoorloë, menseslagtings, omgewingsbesoedeling, uitputting van natuurlike energiebronne, armoede en magsmisbruik is maar enkele voorbeelde van 'n inherente menslike onvermoë om van die wêreld 'n beter plek te maak en om deur sy eie kreatiwiteit sin te skep in hierdie wêreld[144].

Die mens wil graag glo dat daar tog iets sinvols is om voor te leef, dat sy lewe 'n groter betekenis gehad het - daarom soek hy byna desperaat voort. En in al sy mislukte verwagtinge, gryp hy na elke grashalm. Een daarvan is maar die Antieke ruimtevaarder-teorie en die "wetenskaplike" versoening wat dit probeer bewerkstellig tussen die oue en die nuwe - in die hoop en wonder dat daar miskien tog waarheid gesteek het in die ou mites, legendes en waardes van vergange eras.

En hierdie bykans naïewe en selfs desperate pogings het ons deurgaans gewys op die

---

[144] Vergelyk Dreyer (2000: 1).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


kern van sy vrae[145]. Die mens is steeds vasgevang in die kortstondigheid en oenskynlik-sinloosheid van sy bestaan in hierdie wêreld. En vir hierdie diepste van sy diepe vrae, kon die wetenskap en tegnologie nog nooit 'n antwoord bied nie en bly hierdie ondernemings ook wesenlik sonder heilswaarde[146]. Vir hierdie vrae bly die enigste antwoord steeds opgesluit in die eeuoue evangelieboodskap: "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here" (Rom 7: 24-25)

---

[145] Die moderne Westerling het oënskynlik 'n preokkupasie met die futiliteitsvraag (kyk Kruger 1982: 2).

[146] Vergelyk Van Wyk (1999: 83).

## BIBLIOGRAFIE

Adamski, G 1958. *Inside the Space Ships*. London: Arco publications Ltd.

Alberts, L 1996. *Geloof versus Wetenskap? Perspektiewe op die versoenbaarheid van die Bybel en die bevindings van die natuurwetenskap*. Pretoria: CUM.

Alford, AF 1997. *The Gods of the New millennium*. London: Eridu books.

Annable, M (ed) 1997. *The X Factor*. London: Marshall Cavendish Ltd.

Annable, M 1996. NANO Revolution. *The X Factor* 5, 113-117. London: Marshall Cavendish Ltd.

Antonites, AJ 1996. Buite-aardse rasionaliteit: Uitvlug in fantasie of grootste uitdaging ooit aan filosofie en teologie. *Hervormde Teologiese Studies 52*, 5-19.

Antonites, AJ 1996. Genoegsame voorwaardes vir buite-aardse rasionaliteit: filosofiese en teologiese oorwegings. *Hervormde Teologiese Studies 52*, 20-47.

Barbour, IG 1990. *Religion in an Age of Science*. San Francisco: Harper.

Bauval R & A Gilbert 1994. *The Orion Mystery*. London: Mandarin.

Bauval, R 1997. *The Pyramids: Star Chambers*. London: Weidenfeld & Nicolson.

Berger, PL (ed) 1974. *The homeless mind: modernisation and consciousness*. Middlesex: Penguin.

Beukes, CJ 1996. Anderbereddering: Met Adorno by die hartslag van die postmoderne

intelek. *Hervormde Teologiese Studies* 52, 68-87.

Beukes, CJ 1998. Eindigheid, eie opstanding en die politiek van différance. *Hervormde Teologiese Studies* 54, 1075-1084.

Beukes, CJ 2000. *'n Postmoderne redekritiek vir kerk en teologie*. Universiteit van Pretoria: Ongepubliseerde PhD. proefskrif, Fakulteit Teologie.

Birdsall, G 1997. Incident at Varginha, in Annable, M (ed), *The X Factor 13*. 337-342. London: Marshall Cavendish Ltd.

Boshoff, PB 1999. Nadenke oor geloof en tydsgees, in Van Wyk, DJC (red), *20 ste eeu Hervormde Teologie*, 162-170. Pretoria: SENTIK

Bramley, W 1989. *The Gods of Eden*. New York: Avon Books.

Breytenbach, APB 1984. Eksegese in die Praktyk. *Hervormde Teologiese Studies* 40/1, 36-51.

Brockway AR & JP Rajashekar *New Religious Movements and the Churches*. Geneva: WCC Publications.

Brookesmith, P 1997. Grudge 13: Missing government UFO papers. *The X Factor 19*, 523-527. London: Marshall Cavendish Ltd.

Bullard, TE 1987. *UFO abductions: the measure of a mystery*. Vols 1 & 2. Mount Rainier, Md: Fund for UFO Research.

Bullard, TE 1996. Ancient Astronauts. *The Encyclopedia of the Paranormal*, 25-32. New York.: Prometheus Books.

Campbell, J 1973. *Myths to Live By*. New York: Bantam Books.

Campbell, BF 1980. *Ancient wisdom revived: a history of the Theosophical movement*. Berkely: University of California Press.

Campbell, J 1988. *The Power of Myth*. New York: Doubleday.

Cannon, D 1993. *Keepers of the Garden: an Extra-Terrestrial document*. Bath: Gateway books.

Cannon, D 1998. *Legacy of the Stars*. Bath: Gateway books.

Capra, F 1990. *The turning point: science, society and the rising culture*. London: Flamingo.

Coleman J & G Baum 1983. *New Religious Movements*. New York: The Seabury Press Inc.

Cooper, C 1992. Ancient Technology: A catalogue of curious finds. *Mysteries of Mind, Space & Time*, Vol. 2: 153-167. Westport: H.S. Struttman Inc.

Cooper, C 1992. Life in the balance: The Anthropic principle, *Mysteries of Mind, Space & Time*, Vol. 2: 201-206. Westport: H.S. Struttman Inc.

Cotterell, MM 1997. *The Supergods: They came on a mission to save mankind*. London: Thorsons.

Day, J 1997. Messages from Above. *The X Factor 19*, 505-509. London: Marshall Cavendish Ltd.

De Bruin, GS 1988. *Resepsieteorie en Hooglied*. Universiteit van Pretoria: Ongepubliseerde BD skripsie, Fakulteit Teologie (Afd. A).

De Bruin, GS 1989. *Prediker 1:12-2:26 aan die hand van 'n multidissiplinêre*

*leesmetode*. Universiteit van Pretoria: Ongepubliseerde MA verhandeling, Fakulteit Teologie (Afd. A).

Deist FE & JJ Burden 1980. *'n ABC van Bybeluitleg*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Deist FE & I du Plessis 1981. *God en sy Ryk*. Pretoria: J.L. van Schaik.

De Camp, L 1977. *The Ancient Engineers*. New York: Ballantine Books.

Drosnin, M 1997. *The Bible code*. London: Orion Books Ltd.

Dreyer, TFJ 2000. Die nuwe millennium. *Die Hervormer* Januarie, p1

Dundes, A 1988. *The Flood Myth*. London. University of California Press.

Du Toit, CW 1998. The end of Truth? *Hervormde Teologiese Studies 54*, 939-955.

Du Toit, D 2000. En al die engele dan? *Algemene Kerkbode* 164/11, 12.

Eliade, M 1960. *Myths, Dreams, and Mysteries*. New York: Harper.

Eliade, M 1987. *The Sacred and the Profane*. San Diego. Harcourt, Brace & Co

Ellwood, RS 1971. UFOs and the Bible: A review of the Literature, in Story, R 1976, *The Space-gods Revealed*, 121-125. New York: St. Martin's Press.

Feder, KL 1990. *Frauds, Myths and Mysteries: science and pseudoscience in archaeology*. Mountain View, Ca: Mayfield Publishing Co.

Ferguson, K 1991. *Stephan Hawking: Quest for a Theory of Everything*. New York: Bantam books.

Filotto, G 1995. *The Face on Mars*. Gardenview: Exact Print.

Flindt MH & O Binder, 1974. *Mankind – Child of the Stars*. Greenwich: Fawcett Forbes.

Fuller, JG 1966. *The interrupted journey*. New York: Dial.

Gaverluk E & J Hamm 1974. *Did Genesis Man conquer Space?* New York: Thomas Nelson Inc.

Geyser A & PJ Van der Merwe 1997. Van der Leeuw en Noordmans oor Teologie: Godsdienswetenskaplike agtergronde van die gesprek. *Hervormde Teologiese Studies 53*, 372-392.

Goodman, R 1999. India's Flying Machines: Recent interpretations of ancient Indian manuscripts confirm space flights in antiquity. *Legendary Times* Jan.-Feb., 5-8.

Greenwell, JR 1980. Tiptoeing beyond Darwin: An examination of some unconventional theories on the origin of man in Story, R, *Guardians of the Universe*, 153-166. New York: St. Martin's Press.

Griffen, DR (red) 1988. *Spirituality and society: postmodern visions*. Albany: State University of New York Press.

Griffen DR & H Smith 1989. *Primordial truth and postmodern theology*. New York: State University of New York Press.

Guieu, J 1956. *Flying Saucers from Another World*. London: Hutchinson & Co.

Hancock GR Bauval & J Grigsby 1998. *The Mars mystery*. London: Penguin.

Harman, W 1988. *Global mind change: the promise of the last years of the twentieth century*. Indianapolis: Knowledge Systems.

Harris, M 1992. Where Angels fear...: The psychological origins of 'angels' *Mysteries of Mind, Space & Time*, Vol. 2: 176-183. Westport: H.S. Struttman Inc.

Hawking, S 1988. *A Brief history of Time*. New York: Bantam books.

Heeren, F 1995. *Show me God: What the message from Space is telling us about God* Wheeling IL: Searchlight Publications.

Heyns JA & Jonker WD 1977. *Op weg met die Teologie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Hoyle F & C Wickramasinghe 1981. *Evolution from Space*. London: JM Dent and Sons.

James, P 1992a. Ancient Astronauts: Gods from the stars? *Mysteries of Mind, Space & Time*, Vol. 2: 130-141.Westport: H.S. Struttman Inc.

James, P 1992b. Ancient Gods: Birth of the gods. *Mysteries of Mind, Space & Time*, Vol. 2: 144-152. Westport. H.S. Struttman Inc.

Jessup, MK 1955. *The Case for the UFO*. New York: The Citadel Press.

Jessup, MK 1956. *UFO and the Bible*. New York. The Citadel Press.

Joubert, G. 1997. *Die Groot Gedagte: abstrakte weefsel van die kosmos*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers Beperk.

Juriaanse, A 1974. *Of life and other worlds*. Randburg: World Unity & Service.

Juriaanse, A 1985. *Bridges*. Somerset West: Sun Centre.

Klarer, E 1980. *Beyond the light barrier*. Cape Town: Howard Timmins.

Kottak, CP 1978. *Anthropology. The Exploration of Human Diversity*. New York: Random House.

Kramer, SN 1971. *The Sumerians: their History Culture and Character.* Chicago: University of Chicago Press.

Kruger, JS 1981. The concept religion – a dimensional clarification, in Vorster, WS (ed) *Christianity among the Religions,* 1-31. Pretoria: University of South-Africa.

Kruger, JS 1982. *Studying Religion: A methodological introduction to science of religion.* Pretoria: University of South-Africa.

Larson, B 1984. *Larson's book of Cults.* Illinois: Tyndale House Publishers, Inc.

Laszlo, E 1972a. *Introduction to systems philosophy: toward a new paradigm of contemporary thought.* London: Gordon & Breach.

Laszlo, E 1972b. *The systems view of the world: the natural philosophy of the new developments in the sciences.* New York: Braziller.

Leakey R & R Lewin, 1992. *Origins Reconsidered.* New York: Doubleday.

LeBar, JJ 1989. *Cults, Sects and the New Age.* Huntington: Our Sunday Visitor Publishing Division.

LePage, A 1998a. SETI Searches Today. *Sky & Telescope.* Dec., 44-48.

LePage, A 1998b. Habitable Moons: What does it take for a moon to support life? *Sky & Telescope* Dec., 50-56.

Loader, JA 1979. Gedagtes oor gekontroleerde eksegese. *Hervormde Teologiese Studies* 34 1/2, 1-40.

Locher, A 1997. In search of Life. *The Philadelphia Trumpet.* Sept/Oct., 7-11.

MacLaine, S 1983. *Out on a limb*. New York: Bantam.

Mooney, RE 1974. *Colony: Earth*. New York: Stein & Day.

Monastersky, R 1998. The rise of life on Earth. *National Geographic*. March, 54-81.

Neil, S 1984. *Crises of Belief*. London: Hodder and Stoughton.

Oosthuizen, GC 1977. *Godsdienste van die wêreld*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Palmer, RE 1969. *Hermeneutics*. Evanston: Northwestern University Press.

Perkens, DJ 1982. *A critical examination of selected methods currently employed in the study of religion*. PhD dissertation, Temple University, Michigan.

Phillips, E (ed) 1987. The UFO Phenomenon. *Mysteries of the Unknown*. Amsterdam: Time-Life Books.

Phillips, E (ed) 1989. Time and Space. *Mysteries of the Unknown*. Amsterdam: Time-Life Books.

Prabhupada, A.C 1972. *Beyond Birth and Death*. Botany, Australia: The Bhaktivedanta Book Trust.

Randles, J 1997. Alien Implants. *The X Factor 14*, 365-369. London: Marshall Cavendish Ltd.

Robinson HS & K. Wilson 1976. *Myths and Legends of All Nations*. Littlefield Copeland & Lamm, Inc.

Robinson, LJ (red) 1998. Cydonia Defaced. *Sky & Telescope* July, 20.

Rood RT & JS Trefil 1981. *Are we Alone? The Possibility of Extraterrestrial*

*Civilizations*. New York: Charles Scribner's Sons.

Schilling, G 1998. The Chance of Finding Aliens: Re-evaluating the Drake Equation. *Sky & Telescope* Dec., 36-42.

Scientology 1998. *Theology & Practice of a Contemporary Religion*. Los Angeles: Church of Scientology International.

Schaefer, BE 1998. Meteors that Changed the World. *Sky & Telescope* Dec., 68-75.

Scott-Elliot, W 1896. *The story of Atlantis*. London: The Theosophical Publishing House.

Segal, RA 1987. *Joseph Campbell: An Introduction*. New York: The Penguin Group.

Sim, DC 1999. Angels of eschatological punishment in Jewish and Christian apocalyptic traditions. *Hervormde Teologiese Studies 55*, 693-718.

Sitchin, Z 1976. *The 12th Planet*. New York: Avon Books.

Sitchin, Z 1980. *The Stairway to Heaven*. New York: Avon Books.

Sitchin, Z 1990. *The Lost Realms*. New York: Avon Books.

Sitchin, Z 1993. *When time began: The first new age*. New York: Avon Books.

Sitchin, Z 1995. *Divine Encounters*. New York: Avon Books.

Smart, N 1989. *Reflections on the future of religion*, in Pillay, G (ed). *The future of religion*. Pretoria: Serva.

Smith, WC 1991. *The Meaning and End of Religion*. Minneapolis: First Fortress Press.

Spangler, D 1977. *Towards a planetary vision*. Forres, Scotland: Findhorn.

Spencer J & A 1997. *Fifty Years of UFO's*. London: Macmillan Publishers Ltd.

Story, R 1976. *The Space-gods Revealed: a Close Look at the Theories of Erich von Däniken*. New York: Barnes & Noble.

Story, R 1980. *Guardians of the Universe*. New York: St. Martin's Press.

Stanton, P 1997. *The Bible Code: Fact or Fake*? Eastbourne: Kingsway Publications.

Steyn, C 1994. *Worldviews in Transition: An Investigation into the New Age Movement in South Africa*. Pretoria: University of South Africa.

Temple, R 1999. *The Sirius Mystery: New Scientific Evidence for Alien Contact 5,000 Years Ago*. London: Century Random House Ltd.

Tipler, J 1994. *The Physics of Immortality: Modern cosmology, God and the resurrection of the dead*. New York. Doubleday.

Tigue, JW 1994. *The Transformation of Consciousness in Myth: Integrating the Thought of Jung And Campbell*. New York: Peter Lang Publishing.

Thomas, F 1955. *We Come in Peace*. Los Angeles: New Age Publishing Co.

Thrower, J 1980. *The Alternative Tradition: Religion and the Rejection of Religion in the Ancient World*. New York: Mouton Publishers.

Toffler, A 1970. *Future shock*. London: Pan Books Ltd.

Trench, B 1960. *The Sky People*. London. Neville Spearman.

Tsoukalos, G 1999. What is Paleo-SETI? *Legendary Times* Jan.-Feb., 4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Aarde, AG 1999. Wat is waarheid? 'n Teologiese antwoord van 'n Bybelwetenskaplike, in Van Wyk, DJC (red), *20 ste eeu Hervormde Teologie*, 11-27. Pretoria: SENTIK.

Van Huyssteen, JW 1996. The shaping of rationality in science and religion. *Hervormde Teologiese Studies 52*, 105-129.

Van der Merwe, PJ 1985. Teologie, Godsdienswetenskap en Godsdiensfilosofie. *Hervormde Teologiese Studies* 41/4, 511-518.

Van der Merwe PJ sa. a. *Godsdiensfenomenologie*. Ongepubliseerde studiegids, Dept. Godsdiens en Sendingwetenskap. Universiteit van Pretoria.

Van der Merwe PJ sa. b. *Godsdiensfilosofie*. Ongepubliseerde studiegids, Dept. Godsdiens en Sendingwetenskap. Universiteit van Pretoria.

Van der Merwe PJ sa. c. *Inleiding in die Godsdiens- en sendingwetenskap*. Ongepubliseerde studiegids, Dept. Godsdiens en Sendingwetenskap. Universiteit van Pretoria.

Van Tulleken, K (red) 1987. Mystic Places. *Mysteries of the Unknown*. Amsterdam: Time-Life Books.

Van Wyk, GMJ 1999. Geloof en wetenskap, in Van Wyk, DJC (red), *20 ste eeu Hervormde Teologie*, 75-87. Pretoria: SENTIK.

Van Wyk, IWC 2000. Ons glo in één God… *Die Hervormer* 15 Augustus, p 5.

Viljoen CJ sa. a. *Ideologie*. Ongepubliseerde studiegids, Dept. Godsdiens en Sendingwetenskap. Universiteit van Pretoria.

Viljoen CJ sa. b. *Inleiding in die Godsdiensfenomenologie*. Ongepubliseerde studiegids,

Dept. Godsdiens en Sendingwetenskap. Universiteit van Pretoria.

Viljoen CJ sa. c. *'n Oorsig van aktualiteite in en om die kerk*. Ongepubliseerde studiegids, Dept. Godsdiens en Sendingwetenskap. Universiteit van Pretoria.

Von Däniken, E 1968. *Chariots of the Gods*. London: Souvenir Press.

Von Däniken, E 1977. *According to the Evidence*. London: Souvenir Press

Von Däniken, E 1997. *The Return of the Gods*. Victoria: Element Books Ltd

Von Bertalanffy, L 1968. *General systems theory*. New York: Braziller.

Von Rad, G 1961. *Genesis. A Commentary*. London: SCM Press Ltd. (Old Testament Library).

Vorster, WS (ed) 1981. *Christianity among the Religions*. Pretoria: University of South-Africa.

Waardenburg, J 1973. *Classical Approaches to the Study of Religion*. The Hague: Mouton.

Waardenburg, J 1978. *Reflections on the Study of Religion*. The Hague: Mouton

White, M 1997. Ancient Astronauts?. *The X Factor 12*, 319-323. London: Marshall Cavendish Ltd.

Wilkens, HT 1954. *Flying Saucers*. London: Peter Owen Ltd.

Wilson, BR 1995. *Religious Toleration and Religious Diversity*. Oxford: Oxford University Press.

Wilson, C. 1972. *Crash Go The Chariots*. New York: Lancer Books.

Woolley CL, 1929. *The Sumerians.* New York: AMS Press.

**BRONNE OP DIE INTERNET**

Ancient Astronaut society, the. www.access.ch/aas/welcome.html

Ancient Astronauts Hypothesis, the. www.proxima.astro.virginia.edu

Archaeology, Astronautics & SETI Research Association (AAS RA). www.aas-ra.org

Carroll, RT (sa). Ancient astronauts and Erich von Däniken's Chariots of the Gods. www.skepdic.com/vandanik.html *The Sceptics Dictionary.*

Fagen, B (sa). *Ancient Astronauts.* www.discoveringarchaeology.com

Hafernik, R 1996. *Sitchin's Twelfth Planet.* www.geocities.com/area51/corridor/8148/hafer

*Myth and Legend from Ancient Times to the Space Age.* http members tripod com /meandhim/mythtext.html

*NAZCA...an alien airfield?* (sa). www.nazca3b.html. Nova - *Hot Science:* www.hotsciencehomespace.html

Raelian homepage, the www.real.org/graphic.html

Sheaffer, R 1974. Erich von Daniken's "Chariots of the Gods?": *Science or Charlatanism?* www.hugin.imat.com

Spiritweb. www.spiritweb.org/Spirit/ufo-and-bible.html

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Stetson, E 1995. *Aliens: Angels or Demons?* www.spiritweb.org/Spirit/ufo-and-bible.html

Watcher homepage, the. www.mt.net/~watcher

Willis, P 1997. Chariots of Lies. www.abc.net.au/science/correx/archives/lies.html *The CorreX Archives*.

## BYBELAANHALINGS

Alle aanhaling uit. *Die Bybel: Nuwe Vertaling*. Kaapstad. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1983.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## OPSOMMING

# DIE ANTIEKE RUIMTEVAARDER-TEORIE

**- 'n Godsdienswetenskaplike studie -**

DEUR

**GERHARDUS STEFANUS DE BRUIN**

GRAAD. PHILOSOPHIAE DOCTOR (PhD)

**Die Antieke ruimtevaarder-teorie** stel voor dat wesens uit die ruimte die Aarde in die antieke verlede besoek het. Hierdie wesens was betrokke by die vroeë geskiedenis van die planeet. Hulle het bewoonbare toestande geskep asook menslike intelligensie deur 'n proses van genetiese ingenieurswese. Hul besoeke is opgeteken en deur mense oorgelewer in godsdienste, mitologieë en antieke legendes. Hul teenwoordigheid is ook nog waarneembaar in antieke fisiese oorblyfsels. Voorstanders van die Ruimtevaarderteorie bied dit aan as 'n wetenskaplike hipotese en as die "mees perfekte algemene noemer van alle tye" wat 'n moderne verklaring vir die oer-godsdiens bied.

**Afdeling A** van die studie bied 'n oorsig oor die teorie en die bewyse wat daarvoor aangebied word. Daar word aangetoon dat, hoewel die meeste van die postulate nie deur die moderne wetenskap as "onsinnig" beskou word nie, dit nie oortuig as 'n werkbare wetenskaplike teorie nie. Omdat daar weinig verskil tussen die basiese onderneming van die wetenskap en die godsdiens bestaan (beide vertrek vanaf onbewysbare aannames om waargenome data te verklaar) word daar vermoed dat die Antieke ruimtevaarder-teorie eerder funksioneer op die vlak van religieusiteit. Hierdie tese word ondersoek in **Afdeling B** van die studie. Daar word voorgestel dat die Fenomenologiese metode van godsdienswetenskaplike ondersoek, wat poog om 'n fenomeen te verstaan nie soos dit

manifesteer nie, maar op die dieper vlak van die funksie en betekenis daarvan, die mees paslike metode vir dié ondersoek is.

Met gebruikmaking van die insigte van 'n Fenomenologiese benadering, word aangedui dat die Antieke ruimtevaarder-teorie funksioneer as 'n **godsdienstige beweging** met eienskappe van 'n **kulte** en 'n **nieu-mitologie**. Die aanvaarbaarheid van die teorie vir die vele volgelinge daarvan, en die gepaardgaande groei van die beweging wat dit propageer, word verklaar uit 'n kombinasie van sosiologiese en psigologiese faktore wat aan die werk is in die moderne Westerse beskawing. Vanuit 'n fenomenologiese gesigspunt word gekonkludeer dat die Ruimtevaarderteorie baie suksesvol op religieuse vlak is. Dit slaag daarin om die Bybel weer "geloofwaardig" te maak en skep weer 'n "kosmiese raamwerk" vir die betekenis van die menslike bestaan. Die teorie kan ook beskou word as 'n prysenswaardige poging tot die sintetisering van godsdiens en die moderne wetenskap vir die aanhangers daarvan, en om die geestelike behoeftes van mense in 'n verwarrende en verwarde wêreld aan te spreek.

In 'n slotafdeling word die bevindinge van die studie teologies oorweeg en word die waarde daarvan vir die Christelike godsdiens aangetoon.

## CURRICULUM VITAE

**Gerhardus Stefanus De Bruin** is op 21 September 1963 in Adelaide in die Oos-Kaap gebore. Hy groei op in Bloemfontein en matrikuleer in 1981 aan die Hoër Volkskool te Heidelberg. Hy verwerf hierna die grade BA (1984) en BA (Honneurs) (met lof) (1985) asook BD (met lof) (1988) en MA (Bybelkunde) (1989) - algar aan die Universiteit van Pretoria. In 1988 ontvang hy Akademiese Erekleure van die Universiteit van Pretoria asook die Nico Prinsloo prys vir die beste student in Ou-Testamentiese Wetenskap aan die Fakulteit Teologie (Afd A). Hy is in 1989 georden as evangeliedienaar in die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika en nadat hy as hospitaalkapelaan by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Dienste werksaam was, bedien hy sedert 1990 voltyds die gemeentes Barberton en Secunda.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# SUMMARY

## THE ANCIENT ASTRONAUT THEORY

**- A study in the Science of Religion -**

BY

**GERHARDUS STEFANUS DE BRUIN**

DEGREE: PHILOSOPHIAE DOCTOR (PhD)

The **Ancient astronaut theory** proposes that beings from outer space came to Earth in the distant past. These beings were involved in the early history of the planet: They created habitable conditions and human intelligence by genetic engineering. Their visits were recorded and handed down by humans in their religions, mythologies and ancient legends. Their presence is also visible in ancient physical remains. Proponents present the Astronaut theory as a scientific hypothesis and as "the most perfect common denominator of all time", allowing a modern explanation for old-time religion:

**Section A of the study** provides an overview of the theory and the evidence presented in support of it. It is shown that, although many of the postulates are being accepted by modern science as "not unreasonable", it is not convincing as a workable scientific theory. Since there is little difference between the basic enterprises of science and religion (both departing from unproven suppositions to explain perceived data) it is suspected that the Astronaut theory rather functions on a level of religiosity. This thesis is investigated in **Section B of the study:** It is proposed that the Phenomenological method of studying religion, which attempts to understand a phenomenon not in the way it manifests itself, but on the deeper level of its function and meaning, is the most appropriate for this investigation.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Using the insights of a Phenomenological approach, it is shown that the Ancient astronaut theory functions as a **religious movement** with attributes of a **cult** and a **neo-mythology**. The acceptability of the theory for its many followers and the resulting growth of the movement that proposes it, is explained from a combination of social and psychological factors at work in Western society. From a phenomenological point of view it is concluded that the Astronaut theory may be considered very successful on a religious level: It succeeds in making the Bible "respectable" again and it recreates a "cosmic framework" for the meaning of human existence. The theory may also be considered a praiseworthy attempt to synthesise religion and modern science for its supporters and to address the spiritual needs of man in a confusing and confused world.

In a final section of the study, the results are being considered theologically and their value being shown for Christianity.

## CURRICULUM VITAE

**Gerhardus Stefanus De Bruin** was born in Adelaide in die Eastern Cape (South Africa) on September 21'st, 1963. He grew up in Bloemfontein and matriculated at the *Hoër Volkskool* in 1981. He received the degrees BA (1984), BA (Honours) (Cum laude) (1985), BD (Cum laude) (1988) and MA (Biblical studies) (1989) - all from the University of Pretoria. He also received Honorary Colours for Academic Achievement from the University of Pretoria and the Nico Prinsloo Price as best student in Old Testament Studies from the Faculty of Theology (Section A) in 1988. He was ordained as a Minister of Religion in the *Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika* in 1989 and after serving as Hospital Chaplain at the South African Medical Services, he served the congregations of Barberton and Secunda as full time pastor since 1990.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## SLEUTELTERME

- Antieke Ruimtevaarder-teorie
- Paleo-SETI navorsing
- Godsdiensfenomenologie
- Godsdienssosiologie
- Godsdienspsigologie
- Godsdiensfilosofie
- Nieu-mitologie
- Kulte
- Nuwe godsdienstige bewegings
- New Age-beweging
- Kosmologie
- Godsdiens-ontologie
- Tegnologiese interpretasies van die Bybel
- Exo-teologie
- Ongeïdentifiseerde Vlieënde Voorwerpe (UFO's)
- Teologie van die natuur
- Konflik: Wetenskap/godsdiens

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## KEY-TERMS

- Ancient Astronaut theory
- Paleo-SETI research
- Phenomenology of religion
- Sociology of religion
- Psychology of religion
- Philosophy of religion
- Neo-mythology
- Cult
- New religious movements
- New Age movement
- Cosmology
- Ontology of religion
- Technological interpretations of Biblical texts
- Exo-theology
- Unidentified Flying Objects (UFO's)
- Theology of nature
- Conflict: Science/religion

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**CURRICULUM VITAE**

Gerhardus Stefanus De Bruin

**Gerhard (Nols) De Bruin** is op 21 September 1963 in Adelaide in die Oos-Kaap gebore. Hy groei op in Bloemfontein en matrikuleer in 1981 aan die Hoer Volkskool te Heidelberg. Hy verwerf hierna die grade BA (1984) en BA (Honneurs) (met lof) (1985) asook BD (met lof) (1988) en MA (Bybelkunde) (1989) - algar aan die Universiteit van Pretoria. Die titel van sy MA Verhandeling was "*Prediker 1:12-2:26 aan die hand van 'n multidissiplinêre leesmetode*". Hy ontvang die graad onder studieleiding van prof P.M. Venter van die Universiteit van Pretoria. In 1988 ontvang hy beide Akademiese Erekleure van die Universiteit van Pretoria asook die Nico Prinsloo prys vir die beste student in Ou-Testamentiese Wetenskap aan die Fakulteit Teologie (Afd A). Hy is in 1989 georden as evangeliedienaar in die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika en nadat hy as hospitaalkapelaan by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Dienste werksaam was, bedien hy sedert 1990 voltyds die gemeentes Barberton en Secunda.

Prof P.J. van der Merwe